



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE INVLOED VAN
RELIGIEUSE EN KULTURELE DIVERSITEIT
OP MORELE ORIËNTASIE IN DIE
HUIDIGE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING -
‘N UITDAGING VIR DIE KERK

deur

CHRISTIAAN FREDERIK VAN ZYL

BA (Pret) BD (Pret) MA Teol (Pret)
Nagr Dipl Teol (Pret)

Voorgelê luidens die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die vak

DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK

aan die

FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR - PROF DR D E DE VILLIERS

2010



INHOUD

HOOFSTUK I

AGTERGROND EN OORSIG

1. INLEIDING	13
2. INTERPRETASIE	15
3. DIE VRAAG NA DIE ETIESE	16
3.1 DIE WESE EN BETEKENIS VAN DIE ETIESE	16
3.2 DIE HERKOMS VAN DIE ETIESE	19
3.3 DIE DOEL VAN DIE ETIESE	21
3.4 DIE AFWYSING VAN DIE ETIESE	24
3.5 DIE NOODSAAK VAN DIE ETIESE	25
4. MORALITEIT WÊRELDWYD VANDAG	27
4.1 DIE HUIDIGE MORELE KRISIS	27
4.2 OORHEERSING, ONDERDRUKKING EN MAGSMISBRUIK	30
4.3 KONTEMPORÊRE TENDENSE	32
4.4 MORELE STANDAARDE	33
5. SUID-AFRIKA SE MORALITEITSKRISIS	35
5.1 DIE INVLOED VAN APARTHEID	36
5.2 MATERIALISME, INDIVIDUALISME EN DIE INVLOED VAN DIE VERBRUIKERSKULTUUR	37
5.3 MAGSMISBRUIK	37
5.4 GEWELD EN MISDADIGHEID	37
5.5 DIE HUIDIGE TYDSGEES	38
6. PROBLEEMSTELLING	38



6.1 ENKELE ONDERLIGGENDE OPMERKINGS	38
6.2 PROBLEEMAREAS	41
6.3 UITGANGSPUNT VAN DIE ONDERSOEK	42
7. HIPOTESES	42
8. DOEL VAN DIE STUDIE	44
9. TERREINAFBAKENING	45
10. METODOLOGIE	46

HOOFTUK 2

DIE VERSKYNSEL VAN DIVERSITEIT IS HISTORIES 'N UNIVERSELE EN PLAASLIKE WERKLIKHEID

1. INLEIDING	50
2. DIVERSITEIT IS 'N GEGEWE GLOBALE WERKLIKHEID	56
2.1 GEOGRAFIESE VERSKEIDENHEID	56
2.2 MENSLIKE LEWE, ONTWIKKELING EN UITBREIDING	56
2.3 STAATKUNDIGE VERDELING	58
2.4 BEVOLKINGSGROEI EN ETNIESE DIVERSITEIT	59
2.5 EKONOMIESE KRAGTE	61
2.6 DIE TOTSTANDKOMING VAN DIVERSE VOLKE EN GROEPE	62
3. DIE UNIEKE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING	64
3.1 HISTORIESE VERLOOP	64
3.2 APARTHEID	72
3.3 DIE BEVRYDINGSTRYD	72
3.4 DIE NUWE DEMOKRASIE	75
3.5 DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE	76



3.6	DIE NUWE GRONDWET	77
3.7	KOMMISSIE VIR MENSEREGTE	79
3.8	BEVOLKINGSAMESTELLING	79
3.9	DIE SUID-AFRIKAANSE BEWUSSYN EN ERVARING	80
4.	VERSKILLENDE GODSDIENSTE EN HUL VERHOUDING MET MEKAAR	82
4.1	BOEDDHISME	83
4.2	CHRISTENDOM	86
4.3	HINDOEÏSME	90
4.4	ISLAM	92
4.5	JUDAÏSME	95
4.6	TRADISIONELE AFRIKA GODSDIENS	96
5.	INVLOED OP DIE TRADISIONELE AFRIKA GODSDIENS	104
6.	VERSKILLENDE KULTUURGROEPE	106
7.	DIE ERVARING VAN GODSDIENSTIGE EN KULTURELE DIVERSITEIT	107
8.	SAMEVATTING	109

HOOFSUK 3

DIE SAMEHANG VAN KULTUUR EN RELIGIE

1.	INLEIDING	110
2.	VERHOUDING : KULTUUR EN RELIGIE	112
2.1	'N UNIEKE MENSLIKE FENOMEEN	112
2.2	'N KOMPLEKSE VERHOUDING	113
2.3	INSLUITING EN UITSLUITING	114
3.	KULTUUR EN RELIGIE IN TRADISIONELE SIN	116



4. KULTUUR EN RELIGIE : 'N STATIESE TOESTAND ÉN DINAMIESE PROSES	117
5. DIE VORMING EN HANDHAWING VAN IDENTITEIT	118
5.1 DIE GROOT BELANG VAN IDENTITEIT	118
5.2 FAKTORE WAT LEI TOT DIE VORMING VAN IDENTITEIT	119
5.3 TAAL AS EKSPONENT VAN IDENTITEIT EN DIVERSITEIT	121
5.4 IDENTITEITSKRISIS	122
5.5 DIE INVLOED VAN RELIGIE EN KULTUUR	122
5.6 IDENTITEIT EN MORALITEIT	123
5.7 'NUWE' IDENTITEIT	124
6. MULTIKULTURALITEIT EN MULTIRELIGIEUSITEIT	125
6.1 DIE SOM IS MEER AS DIE DELE	125
6.2 MULTI- VERSUS MOMO- : PROBLEEM OF VOORDEEL	127
7. NUWE KULTUURORDES	127
7.1 DIE WÊRELD LYK NOU ANDERS	127
7.2 VORME VAN KULTUUR	128
7.3 KULTURELE HERONTWAKING	129
7.4 'N NUWE SUID-AFRIKAANSE KULTUUR?	130
8. RELIGIEUSE HERPOSITIONERING	130
8.1 DIE TRADISIONELE ROL EN INVLOED VAN RELIGIE	130
8.2 RELIGIE EN SPIRITUALITEIT	131
8.3 SINKRETISME	131
8.4 DIE VRAAG NA 'N POST-RELIGIEUSE SAMELEWING	132
9. SAMEVATTING	132



HOOFSTUK 4

DIE DINAMIKA WAT DEUR DIVERSITEIT TEWEEG GEBRING WORD

1. INLEIDING	134
2. DIE ERKENNING, HANDHAWING EN BESTUUR VAN VERSKILLE IN 'N DIVERSE SAMELEWING	136
3. VERSKILLENDE BENADERINGS TEN OPSIGTE VAN DIVERSITEIT	138
3.1 DIVERSITEIT VERSUS HOMOGENITEIT	138
3.2 HOMOGENITEIT TE MIDDE VAN DIVERSITEIT	139
3.3 DIVERSITEIT EN KONFLIK	141
3.4 DIVERSITEIT EN INSLUITING	142
4. RAS, RASSIGHEID EN RASSISME	143
5. EKSKLUSIWITEIT EN INKLUSIWITEIT	146
6. VRYE ASSOSIASIE	147
7. RESPEK EN ERKENNING	147
8. TOLERANSIE EN INTOLERANSIE	148
9. SAMELEWINGSKONSEPTE EN KONTEMPORÊRE LEEFSTYLE	149
10. DIE IMPAK VAN GODSDIENSTIGE DIVERSITEIT OP DIE SAMELEWING	150
10.1 UITEENLOPENDE OOGMERKE	150
10.2 PROGRESSIEWE ONTWIKKELING EN VESTIGING	151
10.3 TOENEMENDE ONSEKERHEID	152
11. SAMEVATTING	153



HOOFTUK 5

EMPIRIESE NAVORSING

1. INLEIDING	154
2. DIE DOEL VAN EMPIRIESE NAVORSING	154
3. NAVORSINGSMETODOLOGIE	155
4. NAVORSINGRESULTATE	157
5. INTERPRETASIE EN SAMEVATTING	167

HOOFTUK 6

DIE ONTWIKKELING VAN 'N NUWE MORELE BEWUSSYN

1. INLEIDING	170
2. DIE NOODSAAK VAN 'N NUWE MORELE BEWUSSYN	173
2.1 MORALITEIT EN IMMORALITEIT	173
2.2 MORALITEITSKRISIS	174
2.3 MEER AS MISDADIGHEID	180
2.4 VERANDERDE SAMELEWINGSOPSET	182
2.5 OPROEP UIT TALLE OORDE	184
2.6 AKSIESTAPPE GENEEM TEN EINDE DIE MORALITETSKRISIS AAN TE SPREEK	186
2.7 DINAMIKA IN MORALITEIT	189
2.8 'N GELUKKIGE EN SUKSESVOLLE GEMEENSKAPSLWE	190
3. TEKENS VAN 'N NUWE MORELE BEWUSSYN	192
3.1 'N MEER 'OOP' GEMEENSKAP	192



3.2	DIE ERKENNING VAN DIVERSITEIT	193
3.3	HERWAARDERING VAN MENSWEES	193
4.	DIE WAARDE VAN 'N ETIESE NALATENSKAP	195
4.1	GEEN MORELE VAKUUM	195
4.2	MORELE VERLEENTHEID	196
4.3	NUWE GELEENTHEDE BIED NUWE UITDAGINGS	197
5.	LEIERSKAP EN DIE ROL VAN LEIERS	199
5.1	POLITIEKE LEIERSKAP	199
5.2	STAATKUNDIGE LEIERSKAP	201
5.3	GEESTELIKE LEIERSKAP	202
5.4	KULTURELE LEIERSKAP	205
5.5	LEIERSKAPSKRISIS	206
6.	MENINGSVORMERS	207
6.1	RELIGIE AS RUGSTEUN VAN MORALITEIT	208
6.2	INLIGTINGSTEGNOLOGIE	209
6.3	DIE MEDIA	209
6.4	DIE VERMAAKLIKHEIDSBEDRYF	210
6.5	OPVOEDING EN ONDERWYS	211
6.6	INDIVIDUE	212
7.	DIE INVLOED VAN WÊRELDETIEK OP DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING	212
7.1	BYDRAE DEUR DIE <i>PARLIAMENT OF WORLD RELIGIONS</i>	212
8.	DIE ETIESE WAARDE VAN 'N SIN VAN VERANTWOORDELIKHEID	214
8.1	INDIVIDUELE VERANTWOORDELIKHEID	214
8.2	SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID	214



8.3 'N GEES VAN VERANTWOORDELIKHEID	216
9.. SAMEVATTING	216

HOOFSTUK 7

DIE INVLOED VAN KULTURELE EN RELIGIEUSE DIVERSITEIT IN BEPAALDE SAMELEWINGSVERBANDE

1. INLEIDING	218
2. VERSKILLENDE GRONDLIGGENDE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUINGS	219
2.1 AFROSENTRIESE PARADIGMA	220
2.2 WESTERSE PARADIGMA	224
2.3 AFRO-ARABIESE PARADIGMA	227
2.4 DIVERSE MARGINALE PARADIGMAS	229
3. INTERAKTIEWE SOSIALE DINAMIKA	230
3.1 TOENEMENDE BLOOTSTELLING	230
3.2 SEKULARISASIE	231
3.3 SINKRETISME	234
3.4 ATEÏSME EN AGNOSTISISME	234
4. DESTRUKTIEWE INTERNE PROSESSE	237
5. ETIESE WAARDE KONSEPTE IN BEPAALDE SAMELEWINGSVERBANDE IN DIE DIVERSE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING EN HUL INVLOED OP MORALITEIT	238
5.1 GEMEENSKAPSLEWE	238
5.1.1 DIE WAARDE VAN LEWE	238
5.1.2 SOSIALE SISTEME	239
5.1.3 STAATKUNDE	240
5.1.4 LEIERSKAP	240



5.1.5	DIENSLEWERING	241
5.1.6	GESLAGTELIKHEID EN SEKSUALITEIT	243
5.1.7	REGSPLEGING EN MISDAAD	244
5.1.8	OPVOEDING EN ONDERWYS	245
5.2	SOSIALE VERHOUDINGS	246
5.2.1	ETNIESE EN RASSEVERHOUDINGS	246
5.2.2	HUWELIK, GESIN EN FAMILIE	248
5.2.3	VRIENDSKAP	249
5.2.4	VREEMDELINGE	249
5.2.5	GEWELD EN MISDAAD	250
5.3	GODSDIENS	253
5.3.1	DIE GODHEID	253
5.3.2	SPIRITUALITEIT	254
5.3.3	ESKATOLOGIESE VERWAGTING	255
5.4	KULTUUR	256
5.4.1	BEELDENDE KUNS	256
5.4.2	UITVOERENDE KUNS	256
5.4.3	RITUEEL EN SIMBOLIEK	257
5.5	LEWENSWAARDES	258
5.6	EKONOMIESE AANGELEENTHEDE	259
5.6.1	ARBEID EN ARBEIDSETIEK	259
5.6.2	EIENDOMSREG	260
5.6.3	TYD	260
5.7	VERANTWOORDELIKHEID	261
5.7.1	PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID	261
5.7.2	KOLLEKTIEWE VERANTWOORDELIKHEID	262



6. ETIESE GEVOLGTREKKING	264
6.1 BEGRIP VAN DIE SITUASIE	265
6.2 RESPEK VIR MEKAAR	265
6.3 TOLERANSIE TEN OPSIGTE VAN ANDER	265
6.4 GEDEELDE WAARDES	266
6.5 DOELGERIGTE DEELNAME	266
6.6 HOOPVOLLE VOORUITSIGTE	266
7. SAMEVATTING	267

HOOFSTUK 8

‘N UITDAGING VIR DIE KERK

1. INLEIDING	268
2. DIE CHRISTENDOM EN DIE KERK	269
3. DIE KERK IN VERHOUDINGS	271
3.1 IN VERHOUDING MET GOD	271
3.2 IN VERHOUDING MET HOMSELF	272
3.3 IN VERHOUDING MET DIE WÊRELD	272
4. DIE ROEPING EN TAAK VAN DIE KERK	273
5. DIE EENHEID VAN DIE KERK	274
6. DIE KERK EN MORALITEIT	275
6.1 HISTORIESE AGTERGROND	275
6.2 MORELE INTEGRITEIT	275
6.3 DIE MORELE STEM VAN DIE KERK	276



7. BESONDERE EIETYDSE UITDAGINGS	277
7.1 HOOPLOSE KRISIS?	277
7.2 HERWAARDERING VAN DIE KERK SE IDENTITEIT, ROEPING EN TAAK	279
7.3 DIE BEHOUD VAN WESENLIKE OORTUIGINGS	281
7.4 AANVAARDING VAN 'N NUWE SPEELVELD	282
7.5 BEREIDHEID TOT VERNUWING EN AANPASBAARHEID	283
7.6 NOODSAAK EN DRINGENDHEID	284
8. TOEKOMSPERSPEKTIEF	285
8.1 INNOVERENDE UITSIG	286
8.2 ONTDEKKING EN ONTGINNING VAN GELEENTHEDE	286
8.3 SKEPPING VAN GELEENTHEDE	287
8.4 HOOPVOLLE VERWAGTING	288
8.5 'N NUWE NUWE SUID-AFRIKA	288
9. ALTERNATIEWE BENADERINGS TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE KERK	288
9.1 PUBLIEKE TEOLOGIE	288
9.2 POST-RELIGIEUSE SEKULÊRE SPIRITUALITEIT	289
10. DAADWERKLIKE BYDRAE VAN DIE KERK TOT DIE MORELE GENESING VAN DIE SAMELEWING	290
10.1 DIE KERK SE GERIGTHEID NA BINNE	291
10.2 DIE KERK SE GERIGTHEID NA BUITE	294
10.3 DIVERSE BEDIENINGSMODELLE	296
11. SAMEVATTING	297



LITERATUUR		299
ABSTRACT		307
SLEUTELTERME		310
ADDENDUM	NAVORSINGSRESPONSE	314



HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN OORSIG

1. INLEIDING

Die president van Suid-Afrika, mnr. Jacob Zuma het tydens sy eerste ontmoeting met die Nasionale Vergadering van Tradisionele Leiers in sy hoedanigheid as staatshoof op 22 Februarie 2010 die saak van moraliteit aangespreek. Hy het die belofte gemaak dat hy 'n landswye en omvattende gesprek oor etiese kwessies van stapel gaan stuur. Met verwysing na die verskynsel van kulturele diversiteit in die land het hy daarop gesinspeel dat daar in die verlede (die era van apartheid) vanuit een bepaalde hoek na etiese waardes gekyk is en dat die neiging toe bestaan het dat almal in die land oor dieselfde kam geskeer is. Die mening is verder uitgespreek dat daar op bepaalde kulturele groepe neergesien is en dat hul morele kodes en gebruike nie na wense in ag geneem is nie. Volgens mnr. Zuma het die tyd aangebreek dat 'n nuwe morele raamwerk nagestreef moet word waar alle verteenwoordigende godsdienste en kulturele tradisies hul insette en bydraes kan lewer (Mail & Guardian, Online, 23/02/2010).

Dit word duidelik dat die algemene moreel in Suid-Afrika voortaan waarskynlik anders daar gaan uitsien as op ander vastelande van die wêreld.

Mnr. Zuma se voorganger, mnr. Thabo Mbeki het tydens sy presidensiële dienstermyn as gasspreker opgetree by die vierde jaarlikse Nelson Mandela-gedenklesing wat op 29 Julie 2006 op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand gehou is. Oud-president Mandela, wat teenwoordig was, het by dié geleentheid sy opvolger geloof deur hom uit te sonder as dié staatshoof van Suid-Afrika wat tot op daardie stadium die grootste positiewe impak gehad het op die lewens van die burgers van sy land.



Mnr. Mbeki het sy toespraak afgeskop met die opmerking dat hy daarvan oortuig is dat die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners bid vir 'n goeie, morele en menslike samelewing waar mense vir mekaar omgee met die belofte van vreugde en geluk vir almal. Hy het die moed aan die dag gelê om na twaalf jaar se nuwe demokrasie deeglik bestekopname te maak van die pad wat tot op daardie stadium geloop is. Hy het nie geskroom om die nagelate groot belang van 'n behoorlike algemene morele verantwoordelikheid uit te wys nie. Sy hele betoog was ernstige en onverbloemde kritiek op die oordrewe kapitalistiese materialisme wat ons samelewing kenmerk. Tog is ekonomiese welvaart van die uiterste belang vir die land en sy mense. Verder is daar enorme suksesse behaal wat betref die opheffing van mense en die verbetering van hul daaglikse omstandighede. Basiese dienste soos die voorsiening van water en elektrisiteit en gesondheidsdienste asook verbeterde onderrigstelsels is duur. 'n Sterk ekonomie is daarvoor nodig. Die gevaar van 'n kapitalistiese stelsel was egter nog altyd, en is steeds die onversadigbare drang na rykdom. Soveel Suid-Afrikaners het sedert die begin van die nuwe demokrasie voor dié versoeking geswig. Selfs goed bedoelde regeringsbeleid en ander meganismes wat in werking gestel is om van die land se ekonomie 'n sukses te maak, het die fundamentele belang van goeie medemenslike moraliteit in 'n te groot mate geïgnoreer. Hoewel mnr. Mbeki die RDP (*Reconstruction and Development Programme*) geloof het vir wat dit oor die afgelope dekade of meer bereik het, het hy ernstig gepleit vir wat hy in navolging van sy voorganger noem: '*RDP of the soul*'; met die bedoeling dat die mens nie net uit 'n liggaam bestaan nie maar ook uit 'n siel wat van hom 'n spirituele wese met geestelike behoeftes maak. Dit sluit in: integriteit, eerlikheid, medemenslikheid en omgee vir mekaar. Sy hele argument het hy uit die Bybel geput en ook aan die hand van aangehaalde skrifgedeeltes uit onder andere Genesis, Spreuke en die Evangelie van Johannes gestaaf. Die Bybelse eis dat jy nie aan ander moet doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie en dat jy nie jou buurman met leë hande moet wegstuur wanneer hy jou nodig het nie, is deur hom beklemtoon. Hy het egter nie nagelaat nie om te verwys na gedeeltes



waardes met ander godsdienste. Eerbied en respek vir alle mense en sosiale betrokkenheid by en sorg vir mekaar is die sake wat ons dringende aandag vra. Hoewel dit nêrens eksplisiet gesê is nie, kan daar aanvaar word dat die eertydse president bekommerd is oor die hoë vlak van misdaad, korrupsie en wanorde in die land. Dit is duidelik tot 'n groot mate toe te skryf aan 'n algemene gees van eiebelang, gierigheid, losbandigheid, onverantwoordelikheid en vergryp. Op sy uitgelese gehoor wat ooglopend uit bevoorregtes in die nuwe Suid-Afrika bestaan het, het hy 'n dringende beroep gedoen tot verwesenliking van die groot droom van *ubuntu*. Dít is vir hom die aangewese weg tot suksesvolle en standhoudende nasiebou in die uiters diverse en komplekse samelewing van Suid-Afrika en verwarrende tye waarin ons leef. Begrippe soos '*social cohesion*', '*human solidarity*' en '*national reconciliation*' is deurgaans deur hom beklemtoon (www.gov.co.za).

Op sy beurt was mnr. Nelson Mandela, die eerste president van die nuwe demokratiese Suid-Afrika 'n toonbeeld van integriteit. Een van sy primêre fokusareas was die saamsnoering van 'n nuwe diverse gemeenskap, by name die '*rainbow nation*'. Dit sou 'n nuwe morele bewussyn impliseer.

2. INTERPRETASIE

Vir soekers na 'n sinvolle en billike samelewing is dit verblydend om te verneem dat staatshoofde van ons land besorg is oor die algemene moraliteit van die dag. Verslaggewing in die dagpers en ander mediabronne wys gedurig onbehoorlike gedrag uit, hetsy strafregtelik of gemeenregtelik of sommer net onbehoorlik. Twyfelagtige praktyke deur mense en instansies is aan die orde van die dag. Dit is van die uiterste noodsaak dat die gedagte van "RDP of the soul" nou dringend aandag verg. Die toespraak van die oud-president was treffend en tydig hoewel die eksklusiwiteit van die geleentheid 'n beperkende invloed op die boodskap daarvan gehad het. Die mediadekking was swak en ontoereikend. Vanaf die



kantoor van die president is die gedagte van '*RDP of the soul*' ook nie verder gepropageer nie. Hoewel een enkele toespraak, hoe treffend dit ook al mag wees, nie op sigself 'n noemenswaardige verskil kan maak in die warboel van morele verwarring nie, sou dit tog op 'n manier die wiel aan die rol kon sit om uiteindelik 'n dramatiese transformasie op die morele front te bewerkstellig. Hierdie studie wil 'n beskeie bydrae tot dié debat lewer.

3. DIE VRAAG NA DIE ETIESE

Alvorens daar in die onderwerp van die studie ingegrawe word, is dit gepas om enkele opmerkings te maak ten opsigte van die verskynsel van die etiese.

3.1 DIE WESE EN BETEKENIS VAN DIE ETIESE

Etiek is 'n mens-aangeleentheid. In soverre die mens 'n besluitnemende wese is wat op grond van inligting en ervaring 'n keuse kan uitoefen wat grootliks op die moontlikhede van reg, meer reg, verkeerd en minder verkeerd berus, kom die etiese ter sprake. Die proses van die etiek word dus in verhoudings uitgespeel, hetsy dit die verhouding tot die bo-natuur, natuur, kultuur, struktuur, medemens, die self of 'n kombinasie hiervan is.

Dit veronderstel die wyses waarop mense oor hulleself, mekaar en al bogenoemde lewensverbande dink en daarmee handel. Medebepalend is mense se herkoms, verbintenisse en betrokkenheid (*commitments*). Elke mens leef aan die hand van 'n bepaalde etiese raamwerk wat deur waardes en norme bepaal word. Dit is individueel sowel as kommunaal van aard.

Verder is die etiese ook nie staties nie, maar dinamies aangesien die lewe dinamies is. Nuwe gebeure en omstandighede vra nuwe denke en handeling wat op hul beurt nuwe etiese oortuigings en gevolglike reaksies eis.

Die betekenis of waarde van die etiese word gevind in die beoordeling van die werklikheid sowel as die spontane óf doelbewuste bestuur daarvan.



PS Dreyer kies vir die term *sedelikheid* terwyl daar ruimte gelaat word vir al die ander sinonieme begrippe:

Sedelikheid is die geheel van reëls, gebooe en verbiedinge, norme en wette wat vir mense geldig is en wat hulle gedrag ten opsigte van goed en kwaad reël. Dit sluit egter ook mense se gesindhede, beskouings, oortuigings, vooroordele en beginsels ten opsigte van goed en kwaad, behoorlik en onbehoorlik, betaamlik en onbetaamlik, fatsoenlik en onfatsoenlik in. Verder sluit dit ook mense se handeling in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan norme, beskouinge en so meer in. Sedelikheid is dus 'n baie wye begrip. Die hoofsaak is:

- Dit het wesenlik en altyd te doen met goed en kwaad;
- Dit spreek ons aan in die vorm van norme wat vir ons geldig is en ons opeis, van ons gehoorsaamheid eis;
- Die norme bestaan op talle maniere (godsdiensdig en landswette, sedes en gewoontes, beginsels ensovoorts.), maar die spesifieke sedelike norm spreek ons aan in die vorm van 'n gebod : *jy moet* of *jy behoort* of dit *is jou plig* om ... Ons gebruik die woorde moreel en moraliteit as sinonieme van sedelik en sedelikheid.

(Dreyer, 1978:1, 2)

Dreyer tref 'n onderskeid tussen *sedeleer* en *sedekunde*:

Elke *sedeleer* veronderstel 'n bepaalde *lewensopvatting* en gaan daarvan uit. Elke individu en elke samelewing lei sy lewe ooreenkomstig 'n bepaalde lewensopvatting, wat vanselfsprekend en meesal onbewus of halfbewus geldig is. Die fundamentele kenmerke van 'n lewensopvatting is dat dit die diepste oortuigings (in 'n breë sin kan ons ook sê geloof) van 'n persoon aangaande

homself, sy wêreld, sy medemens en God beliggaam, veral in soverre hierdie oortuigings te doen het met goed en kwaad, behoorlik en onbehoorlik, goed- en afkeurenswaardig, waarvolgens die persoon sy lewe van handeling inrig.

So gaan 'n Christelike sedeleer byvoorbeeld uit van die fundamentele geloof in God, die sonde van die mens en die verlossing van die mens deur die kruisdood van Christus. Hieruit vloei dan die eis van die Christelike lewenswandel, naamlik dat die mens 'n lewe van dankbaarheid moet lei deur te handel in gehoorsaamheid aan die wet van God ter wille van die liefde van Christus.

Daarteenoor is die sedekunde 'n *wetenskap*. Die eise van wetenskaplikheid is gegrondheid (uitsprake en resultate moet op voldoende grond berus), verifieerbaarheid (die uitsprake en resultate moet deur 'n bevoegde persoon aan die gegewens en ten opsigte van metode getoets kan word), sistematiese samehang (die stof moet op 'n logiese samehangende wyse aangebied word) en intersubjektiviteit (wetenskaplike arbeid is altyd die werk van meerdere persone: die een gebruik die werk van die ander, werk korrigerend en kritiserend, en die een kan die plek van die ander inneem). Dit bring mee dat die sedekunde nie van 'n lewensopvatting af kan vertrek wat as oortuiging of geloof aanvaar word nie, maar dat hy 'n objektiewe studie van die verskynsels van die sedelikheid moet maak. Die sedekunde moet dus begin by die gegewens tot sy beskikking; dit is die verskynsels wat ons by onself en ander opmerk, naamlik dat waardes en norme vir mense geldig is, dat hulle gehoorsaam of ongehoorsaam aan die waardes en norme handel, dat hulle bepaalde sedelere aanhang, dat hulle sedelike oordele uitspreek en so meer. Hierdie gegewens moet volgens wetenskaplike metodes versamel en verwerk word.

(Dreyer, 1978:2, 3)



Etiek as *wetenskap* hou hom dus besig met die besinning van menslike denke en gedrag vanuit 'n verskeidenheid lewensbeskouings sonder om daarvoor oordele uit te spreek of standpunt in te neem.

Wanneer daar van *die etiese* gepraat word, gaan dit egter om veel meer. Dit sluit die etiek as wetenskap in, maar hanteer die hele gedagte van sinvolle en behoorlike menslike bestaan.

Dit is in laasgenoemde verband dat daar vervolgens na die besondere omstandighede in Suid-Afrika gekyk gaan word. Hoewel daar nie enige kritiek ten opsigte van bepaalde morele oortuigings van besondere groepe uitgespreek sal word nie, word die moontlike positiewe invloede van die Christelike kerk nagespeur.

3.2 DIE HERKOMS VAN DIE ETIESE

Die etiese is 'n menslike aangeleentheid en dus so oud soos die mens self. Ongeag watter siening oor die ontstaan van die mensdom gehuldig word, is die antropologie dit eens dat die mens van die begin af 'n etiese wese is.

Die woord *etiek* is afgelei van die Griekse woord *ἔθος* (ethos) wat volgens die Greek-English Lexicon van Arndt en Gingrich die volgende betekenismoontlikhede het:

- *habit; usage; as the habit of some people is; be accustomed; as they are accustomed to*
- *custom; law; the customs of the fathers; live according to the laws; the customs of the country*



Die etiese het dus te doen met die gewoontes, gebruike en tradisionele waardes van die groep waaraan jy behoort. Sodanige groepe het geografiese, etniese, taalkundige, geskiedkundige, tradisionele, kulturele en godsdienstige wortels. Selfs by die mees primitiewe groepe ontwikkel etiese kwessies in die mees ingewikkelde aangeleenthede en gebruike.

Godsdienwetenskaplike ondersoek toon dat die verskillende godsdienste vanuit 'n teologiese uitgangspunt oor hierdie aangeleentheid nadink:

Geloofsoortuigings soos die Christendom, Judaïsme én Islam bely byvoorbeeld dat die mens 'n skepsel van God is en dat hy as sodanig en na sy besondere aard bedoel is om 'n denkende en verantwoordelike wese te wees. Die mens leef onder God se gesag en in gehoorsaamheid aan Hom.

By Hindoeïsme is die leer van karma en dharma betekenisvol waar dit kom by die etiese aspek van menswees. Eersgenoemde plaas klem op die interafhanklikheid van alle dinge en laasgenoemde op die harmonieuse funksionering van alles. Dit verlang verantwoordelike optrede van almal ten einde die sinvolle en bevredigende voortbestaan van die werklikheid te verseker.

Vir die Boeddhisme bestaan etiek uit die fundamentele deugde van medelye, welwillendheid, blydskap en gelatenheid. Liefde word nie hoog aangeslaan nie, want dit bring komplekse verhoudings mee. Morele reiniging en verlossing kan net in jouself volvoer word. Meditasie is die weg tot selfontwikkeling en -realisering. Hoewel Boeddhisme in 'n groot mate alities en op die innerlike self gerig is, streef dit die welsyn van, en respek vir almal na.

By die Afrika Tradisionele Godsdienste sowel as Afro-Christelike geloofsgroepe word die opperwese ook as skepper erken, maar die rol wat afgestorwe voorouers

speel, is steeds van die grootste belang. Dit is veral op die etiek van die samelewing gerig.

Daar is ook filosofiese uitgangspunte:

Gestruktureerde Westerse etiese denke het waarskynlik reeds by die sogenaamde pre-sokratici begin. Die wysgere, Sokrates en Plato se filosofieë was op die sedelike verskynsels van hul tyd, maar ook universele morele sake afgestem. Aristoteles was die eerste persoon wat van 'n *ethike theoria* gepraat het en daarmee vir homself die eer laat toekom het dat hy ook die eerste persoon was wat die etiek tot 'n afsonderlike wysgerige dissipline verhef het. Hy was só meegevoer en opgeneem deur die erns van die etiese dat hy die uitlating gemaak het dat niemand voor die ouderdom van vyftig jaar genoegsame lewenservaring en wysheid het om homself aan denke of menings oor die etiese te waag nie!

Etiese nadenke vind 'n belangrike plek in dissiplines soos die filosofie, psigologie, sosiologie, godsdienswetenskap en teologie. In die industrie en sakewêreld sowel as die staatkunde en politiek kry die etiek 'n al hoe belangriker funksie. Bykans alle sakeondernemings het byvoorbeeld een of ander vorm van etiese kode waaraan voldoen moet word.

3.3 DIE DOEL VAN DIE ETIESE

Die feit dat die mens 'n etiese wese is, is reeds breedvoerig genoeg aangespreek. Tog is dit belangrik om te onthou dat dít die vertrekpunt moet wees waar dit kom by enige nadenke oor die etiese en dit sluit alle mense in ongeag die aard van hul morele oriëntasie.

Daar is reeds gewys op die onderskeid tussen etiek as wetenskap en die etiese as lewensopvatting. Eersgenoemde wil die verskynsel van die etiese ontologies



benader en beskryf terwyl laasgenoemde meer praktykgerig met waardes en norme deel. Omdat die mens 'n etiese wese is, moet hy dit ook wees. Die etiese het dus te doen met die feit dat die mens op grond van sy besondere lewensopvatting optree. Wat hierdie studie betref, is die term 'etiese' sinoniem met die term 'moraliteit'. Dit kan aanvaarbare of onaanvaarbare gedrag tot gevolg hê. Hieroor het Carmody die volgende bydrae om te lewer:

People who discourse on ethics today introduce several distinctions that we should acknowledge and explain. First there is a difference between *prescriptive ethics*, which deals with what ought to be done, and *descriptive ethics*, which deals with what in fact is done. At the historical root of ethical theory, where small-scale societies sought to order themselves in the world successfully, these two aspects overlapped. Usually a tribe lacked a detached, analytical treatment of human nature by which it could judge whether prospective actions fit the needs for human beings had been made, and so the tribe's ethics blended what traditionally had been done with what the tribe sensed to be fitting. Thus, we might say that before the rise of modern *critical intelligence*, prescription and description were not adequately distinguished.

One may also speak of *metaethics*, meaning by this the world view that grounds an ethical system. Even though small-scale societies frequently have not articulated their view of reality clearly and systematically, they usually have finally appealed to their sense of how the gods made the world and where human beings fitted in. The societies informed by the great world religions have had available quite full metaethical visions, since Hinduism, Buddhism, Christianity, and Islam have all articulated their beliefs regarding human origin and human destiny in considerable detail. For such societies, both what one ought to do and what one's society in fact was doing could be set in the bigger framework of how



nature, society, and the self were thought to have been structured by greater powers.

A brief article by David Little, who with Summer Twiss wrote one of the first American studies of comparative religious ethics, distinguishes three main types of ethical systems.

The first is structured by a concern for the *ends* for which proposed actions are undertaken. Here the critical question is why one is attempting the given action, what good one hopes to achieve. An example would be President Harry Truman's decision that dropping atomic bombs on Japan would shorten the war and in the end save human lives. Frequently, therefore, an ethics focused on ends becomes *utilitarian*. The means that one is taking can be justified by the usefulness, the end result, that they intend.

A second type of ethical system that Little describes is structured by a sense of duty or obligation. In such a system certain principles always obtain and so block the sort of *relativism* and utilitarianism to which a system structured by ends is liable.

A third type of ethical system, often associated with H. Richard Niebuhr, a very influential American Protestant theologian of the past generation, stresses neither ends nor duty, but responsibility. For Niebuhr, responsibility involves a sense of what is most fitting or appropriate – what best responds to the situation (including the people involved) with which one is concretely confronted. This third type places great weight on the character of the person making the ethical decision, since that person must both discern what is going on in the given situation and sense what response would be most fitting.

(Carmody & Carmody, 1988:2, 3)



Ongeag watter etiese model of riglyn nageleef word, die etiese het 'n sinvolle en suksesvolle samelewing in die oog. Die basiese uitgangspunt is dié van rigtinggewendheid waar algemeen aanvaarbare waardes en norme geld. Die etiese is dinamies van aard aangesien tye en omstandighede heeltyd aan die verander is. Steeds bring etiese handeling stabiliteit en sekuriteit. Dit alles veronderstel die bestaan van die verskil tussen moreel goed en kwaad; die bestaan van moraliteit as iets *sui generis* en die geldigheid van morele norme.

3.4 DIE AFWYSING VAN DIE ETIESE

Al word aanvaar dat die mens inherent 'n etiese wese is, wil dit voorkom asof daar oor die etiese op 'n afwysende manier gedink kan word en dit in sommige gevalle selfs verwerp kan word. Dit word *amoralisme* genoem. Hoe en in watter opsigte die morele ontken word, kan baie varieer. Kortliks impliseer dit 'n traak-my-nieagtige, ontkennende houding jeens dit wat goed en reg is.

'n *Antimoralisme* gaan selfs verder as amoralisme in dié opsig dat dit nie net die moraliteit ontken nie, maar ook 'n vyandige gesindheid daarteen openbaar.

I have for some time now entertained opinions I have been reluctant to make public. But I have, at length, concluded that the time has come to air my views, clearly and without apology, and to suffer whatever consequences come my way. I am against ethics. Here I stand. I cannot do otherwise.

(Caputo, 1993:1)

John Caputo is 'n moraliteitsfilosoof wat so sterk oor sy afkeur van die etiese voel dat hy die bekende uitspraak van Martin Luther eggo om sy punt te maak.



'n *Etiese skeptisisme* gaan nie sover om die moraliteit te ontken nie, maar betwyfel dit op allerlei wyses.

In the current post-modern time period knowledge and "truth" are not seen as phenomena that are revealed either through religious scriptures or discovered via reason, science and scientific methods, but rather as being constructed – socially constructed – between people. Knowledge or "truth" can therefore be described as constructed between people. It is no longer possible to "tell the truth" in isolation, instead, "telling the truth" has become a dialogical process involving history, culture, humans, God and others.

(Human & Liebenberg *in* Swanepoel, et al 2001:17, 18)

Bogenoemde aanhaling veronderstel nie die krasse afwysing van die etiese nie. Maar wanneer etiese kwessies nie meer duidelik omskryfbaar is nie en al hoe meer relatief raak na gelang die subjektiewe en soms verwarrende invloede van verskeie rolspelers soos hierbo vermeld, ontstaan groter onsekerheid en selfs skeptisisme.

3.5 DIE NOODSAAK VAN DIE ETIESE

Ten spyte van verskynsels soos amoralisme, antimoralisme en morele skeptisisme is dit eenvoudig waar dat geen samelewing sonder etiese orde suksesvol kan funksioneer nie. Talle voorbeelde van chaos kan uit die geskiedenis van die wêreld opgediep word waar die oorsaak daarvan uit eties onaanvaarbare gedrag spruit. So ook in elke mens se persoonlike lewe en die saambestaan van mense.

Hans Küng, die direkteur van die Instituut vir Ekumeniese Navorsing in Tübingen Duitsland is die grondlegger van wat hy noem: *global ethics*. Hy pleit vir 'n

wêreldwye etiese bewussyn wat tot bevrediging van almal, ongeag hul kulturele, etniese of religieuse oriëntasie 'n beter lewe vir almal sal skep.

As religious and spiritual persons we base our lives on an Ultimate Reality, and draw spiritual power and hope therefrom, in trust, in prayer or meditation, in word or silence. We have a special responsibility for the welfare of all humanity and care for planet Earth. We do not consider ourselves better than other women and men, but we trust that the ancient wisdom of our religions can point the way for the future.

After two world wars and the end of the cold war, the collapse of Fascism and Naziism, the shaking of the foundations of communism and colonialism, humanity has entered a new phase of its history. Today we possess sufficient economic, cultural, and spiritual resources to introduce a better global order but old and new *ethnic, national, social, economic, and religious tensions* threaten the peaceful building of a better world. We have experienced greater technological progress than ever before, yet we see that world-wide poverty, hunger, death of children, unemployment, misery, and the destruction of nature have not deminished but rather increased. Many people are threatened with economic ruin, social disarray, political marginalization, ecological catastrophe, and moral collapse.

In such a dramatic global situation humanity needs a *vision of peoples living peacefully together*, of ethnic and ethical groupings and religions sharing responsibility for the care of Earth. A vision rests on hopes, goals, ideals and standards. But all over the world these have slipped from our hands. Yet we are convinced that, despite their frequent abuses and failures, it is the communities of faith who bear a responsibility to demonstrate that such hopes, ideals and standards can be guarded, grounded and lived. This is especially true in the modern state. Guarantees of freedom of conscience and religion are necessary,



but they do not substitute for binding values, convictions, and norms which are valid for all humans regardless of their social origin, sex, skin colour, language or religion.

(Küng, 1993:13, 14)

Die noodsaak vir die etiese word gebore uit 'n gebroke en onvolmaakte werklikheid. Dit word intens gevoel in samelewings en verhoudings waar mense nie net op mekaar gerig en van mekaar afhanklik is nie, maar veral waar mense mekaar geweld aandoen. Hierdie geweld hoef nie noodwendig misdadig van aard te wees nie. Dit neem verskillende vorms aan, kan uit amper nietighede bestaan, maar kan ook astronomiese afmetings aanneem. Dit kan oor kontinentale grense heen strek, maar kom ook voor in die mees intieme interpersoonlike verhoudings.

Die etiese dilemma waarin die hele wêreld verkeer was die rede vir die vergadering van die *Parliament of World Religions* in Chicago in September 1993. Verskeie internasionale aksies en liggame het daaruit voortgevloei. Dit is maar één praktiese voorbeeld van die dringende noodsaak van die etiese.

4. MORALITEIT WÊRELDWYD VANDAG

4.1 DIE HUIDIGE MORELE KRISIS

Waarom is dit so dat sommige mense op 'n manier optree wat ander seermaak en leed aandoen terwyl ander uit hul pad gaan om mense te help en goed te behandel? Wat sou die oorsprong wees van dit wat ons as moreel goeie gedrag beleef en wat kan gedoen word om dit te bevorder en vestig? (Gous *in* Swanepoel, 2001:59)

Volgens Genesis 2 is dit duidelik dat die mens van die begin af 'n etiese wese is. Hy word vertrou om die regte keuse uit te oefen. Van die begin af was daar dus sprake van goed en kwaad oftewel die moontlikheid tot goed of kwaad. So vroeg as Genesis 3 bevind die mens hom in die dilemma van die verkeerde keuse. By Genesis 4 word die uiterstes van goed en kwaad nóg duideliker wanneer die eerste mense se nasate simbole word van goed en kwaad. Oënskynlik oorwin die kwaad die goeie wanneer Kain sy broer, Abel doodsla, maar hy word gestraf én begenadig.

Stanley Grenz begin sy boek, *The Moral Quest*, met die volgende opmerking:

We are all ethicists. Each day of our lives we face decisions about how we should live. As we do so, we realize that many of the choices we make are not devoid of significance. Rather we know that somehow and in some way what we do matters. In short we make decisions that are ethical in nature.

Not only do we sense that we are ethicists, we often feel as if we are being swamped with ethical questions coming at us from every direction. We can't look at the 'news' without being bombarded with stories of situations that are ultimately ethical.

Often more excruciating than the 'big' issues of the day, however, are the multitudes of ethical questions we must personally process. We are inundated with situations that raise questions about our own lives and our own selves. We continually ask, What should I do in this situation? How should I act? How will this affect who I am? Am I pleased with who I am becoming?

(Grenz, 1997:13)

Etiese kwessies en besluite is egter nie net persoonlik nie. Dit het ook nie net betrekking op die oomblik nie.



In some respects, the challenge we face is not new. Throughout history people have struggled with ethical questions. In fact, certain ethical issues are perennial. Some of these arise out of social life itself. Humans have always asked, How can we get along with each other? How should we conduct ourselves as we live together? What constitutes proper behaviour in social groupings and societies? Other issues are connected with the purpose of life. Since ancient times humans have wondered, What is the 'good life'? and How do we pursue it?

In this sense, then, we are no different from people in other times and other places. To be humans means to be confronted by the ethical challenge. Yet, in another sense, we do face a unique challenge. We live at a time in which the ethical life is especially difficult to determine, let alone follow. There is something urgent about our situation.

Our difficulty arises in part from the nature of our contemporary situation. Under the banner of the Enlightenment project, modern science has placed in our hands capabilities that have aggravated long-standing ethical problems as well as introduced new quandaries.

One additional factor contributes to the uniqueness of the situation. We are living in the midst of a crisis in morality. These grave ethical questions challenge us at a time when our society seems to have lost its ethical moorings. Since the Enlightenment, Western society has never been able to boast ethical unanimity. Nevertheless, in the past – until a generation or so ago – some semblance of agreement over certain guiding principles reigned, at least in the wider population. And this 'agreement' was based, however loosely, on the ethical traditions of the Bible. That moral consensus, however, has been thoroughly eroded.

In short, we are confronted by the greatest issues humankind has ever faced at a time when the moral fibre of our society appears at its weakest. Ethical questions are assaulting us at breakneck speed at a time

when people have lost their sense of mooring, their sense of stability and their sense of possessing some platform on which to stand as they make moral decisions.

Yet even when the sky is the darkest a ray of light emerges. Although clouds threaten the moral stability of our society, there are signs that people are beginning to yearn for an ethical foundation for life. For many the quest for an ethic amidst the moral morass has gained a new sense of urgency.

(Grenz, 1997:16-17)

Die *Council of Civil Society* is 'n gekombineerde projekgroep van die *Institute for American Values* en die *University of Chicago* wat hulle besig hou met die morele krisis in die VSA. In hulle verslag van 1998 word die kommer sterk uitgespreek dat die samelewing aldaar besig is om morele bronne uit te put sonder om iets terug te ploeg. Die mening word gehuldig dat nóg die regering, nóg die ekonomie in staat is om die demokratiese droom waarvolgens 'n samelewing sinvol behoort te bestaan, te waarborg. Dit moet in 'n behoorlike morele waardesisteem gesoek word. Die opstellers is dit eens dat dit slegs bereik kan word in 'n gemeenskap waar daar met integriteit doelgerig op 'n behoorlike morele oriëntasie gefokus word. Hulle noem dit die *Civil Society*.

Beide Grenz en die *Council of Civil Society* beklemtoon die feit dat elke gemeenskap in elke land regoor die wêreld gebuk gaan onder morele krisis. Enersyds mag die aard en intensiteit daarvan verskil, maar andersyds word daar sterk ooreenkomste vertoon.

4.2 OORHEERSING, ONDERDRUKKING EN MAGSMISBRUIK

Dit is klaarblyklik 'n algemeen menslike eienskap dat mense hulleself doelbewus of spontaan op grond van 'n wye verskeidenheid redes groepeer. Op sigself is hierdie



tendens nie negatief of destruktief nie. Talle goeie groeperinge bestaan. Die gevaar bestaan egter dat die nastreef van die groep se voordeel, ander persone of groepe kan benadeel en marginaliseer. Dit het gewoonlik polarisering en selfs vyandskap tot gevolg.

Dit is veral op politieke gebied dat sodanige polarisering voor die hand liggend is. Voorbeelde hiervan vind ons in die kolonialisering van sommige Europese lande in Afrika tydens die vorige twee eeue, uitbreidingsideale van die destydse Amerikaanse bewussyn teenoor plaaslike bevolkings in min of meer dieselfde tyd en die huidige nimmereindigende stryd in die Midde-Ooste. Politieke sisteme wat op ideologieë soos die kapitalisme en kommunisme gebou is, beskik inherent oor die moontlikheid tot vergryp en uitbuiting. Faktore soos die strewe na mag, grondbesit en rykdom kan maklik 'n andersins goeie stelsel verwring tot 'n bose monster wat op die onderdrukking en uitbuiting van minderheidsgroepe floreer.

Dit is egter nie net politieke sisteme en aspirasies wat oorheers, onderdruk en lyding veroorsaak nie. Die industrie, sakesektor, staatsbestel en persoonlike ideale van mense het dikwels verskeie vorme van uitbuiting tot gevolg. In sy grofste formaat kan gedink word aan die handhawing van slawerny oor lang tye. Hoewel hierdie praktyk in bykans alle lande formeel reeds afgeskaf is, kom dit in 'n ander gewaad steeds voor. Voorbeelde hiervan is die ingewikkelde euwel van dwelmhandel, kinderarbeid en die kontroversiële seksbedryf. Hoewel sodanige praktyke in talle lande wetlik verbode is, neem die voorkoms daarvan hand oor hand toe ten koste van die welsyn van talle mense.

Die werklikheid van diversiteit in die samelewing is waarskynlik bevorderlik vir die voorkoms van vergrype. So ook die uiteenlopende morele waardes van diverse groepe waaruit die samelewing bestaan. Groter duidelikheid ten opsigte van sodanige invloede sal in die volgende hoofstukke gesoek word wanneer daar onder andere erns gemaak word met stellings soos die volgende opmerking: "Diversity issues are not new. They are instead historically situated. It falls on each generation to debate and wrestle with solutions to promote, or erode, the

rights of populist expression – including dissent – as well as the rights of societal and political inclusion.” (April & Shockley, 2007:1)

4.3 KONTEMPORÊRE TENDENSE

Elke mens is immers kind van sy tyd. En elke nuwe tyd bring tesame met ou morele argumente, nuwe kwessies na vore. Dit hou verband met die betrokke wêreldbeeld wat in 'n bepaalde tyd gehuldig word. Thomas Friedman onderskei drie sodanige wêreldbeelde. Hy praat eerstens van die *groot wêreld* waarvan die mense bewus geword het tydens Columbus se ontdekkingsreise. Tweedens onderskei hy 'n *medium wêreld* toe mense as gevolg van die industriële ontwaking oor landsgrense heen blootstelling aan ander lande se mense gekry het. Laastens praat hy van die *klein wêreld* waar interaksie vinnig en onmiddellik geword het as gevolg van effektiewe kommunikasie-middels soos optiese kables en die wêreldwye internet. (Friedman, 2005:9)

Elkeen van hierdie “wêrelde” (daar mag ook ander onderskeidingsvorme wees) het hul eie morele problematiek na vore gebring. In ons eie nuwe “wêreld” bestaan die reste van ou kulture en godsdienste steeds hoewel die besondere karaktertrekke van ons tyd wat deur die proses van globalisering en die invloede van ander kragte gekenmerk word, unieke en eietydse sake op die tafel plaas.

Die verstaan van die verskynsel van tydsgees is ook hier van belang. Naas Friedman se bogenoemde en sinvolle wêreldbeeldindeling in “drie wêrelde”, ken ons die meer algemene tydsgeesonderskeiding tussen die pre-modernisme, modernisme en post-modernisme. Waar dit kom by reg en verkeerd, verteenwoordig eersgenoemde 'n voor-wetenskaplike, naïewe verstaan van die werklikheid wat natuurlik sodanige moraliteitsbeskouings insluit. Die modernisme vra kritiese vrae en soek oorsake, antwoorde en voorspelbare, logiese gevolge. Reg en verkeerd is duidelik afgegrens, beredeneerd, gemotiveerd en gedefinieerd. By die post-modernistiese waarheidsbeskouing lê die klem op subjektiwiteit en



relatiwiteit sonder sekerhede of waarheidsaansprake. Laasgenoemde kategorie verteenwoordig klaarblyklik al hoe meer die tydsgees van ons dag en van die onmiddellike toekoms. Dit het dus fundamentele en verreikende implikasies vir die morele verstaan en denke van ons tyd. Beide religie en kultuur is blootgestel aan 'n al groter wordende relativisme wat die verstaan van konsepte betref. Dogmas maak plek vir momentele ervaring. Dit wat reg of verkeerd is, en aanvaarbaar of onaanvaarbaar is, is nie meer so duidelik afgegrens nie en het dus 'n toenemende gevoel van verwarring en onsekerheid tot gevolg. Die hele samelewing beleef reeds die invloed van dié tendense.

Samehangend hiermee is die proses van globalisasie wat tradisionele kulture en religieë al hoe nader aan mekaar bring. Grense en taboes vervaag en vermenging vind plaas. Nuwe kulture ontwikkel rondom nuwe lewenstyle. Materialisme en alisme kenmerk waardes eerder as religieuse norme en vaste kulturele style.

In die hoofstukke wat volg, sal daar aan die invloed hiervan aandag gegee word ten einde by 'n beter begrip van ons hedendaagse morele werklikheid uit te kom. Indien die Christelike kerk 'n noemenswaardige verskil wil maak, moet daar met die kontemporêre tendense van ons tyd rekening gehou word.

4.4 MORELE STANDAARDE

Om suksesvol te funksioneer, het 'n gemeenskap tog minimum morele standarde nodig. Dit word op waardes en norme gebou. In gevalle van meer homogene gemeenskappe is dit uiteraard makliker en meer eenvoudig. Daar bestaan egter bykans nêrens in die wêreld meer 'n gemeenskap wat ons as homogeen kan tipeer nie. Omdat diverse groepe binne gemeenskappe wat hul waardes en norme betref in 'n mindere of meerdere mate van mekaar verskil, verskil hul morele oriëntasie dienooreenkomstig. Sylvia Vriesendorp, 'n Nederlandse

bedryfsielkundige wat in die VSA woon en internasionaal, maar veral in Afrika werk, kom tot dié gevolgtrekking:

When people from one culture get suddenly thrown together with people from another culture, misunderstandings are inevitable as people misread cue cards. The most obvious confusion arises from not understanding each other's language. But culture goes deeper than language. If we look carefully, we will find deeply embedded cultural values that have become such an integral part of the national psyche that we can no longer separate the people from the beliefs. This is where many of the national or ethnic stereotypes have their roots; the serious and disciplined Germans, the industrious Dutch, the entrepreneurial American, Lebanese or Indians, the laid-back Mexicans, the hedonistic Italians, the aggressive Wolof from Senegal, the business sense of the Kikuyu in Kenya etcetera. The stereotypes, whether we like them or not – and they are often not politically correct! – are connected in more or less direct ways to some deeply held beliefs about what is important in life (tasks or people), how predictable things can be (personal choice versus fatalism), how much difference and distance there is between people (egalitarian versus stratified societies), how we work (individual versus collective), and what our horizon is (near future versus long-term view).

(April & Shockley, 2007:32)

Die naasbestaan van diverse groepe hou dus potensiële spanning wat betref morele kwessies en standarde in.

Globalisering wat 'n ewe groot werklikheid as diversiteit in gemeenskappe is, het aan die ander kant 'n groter gemeenskapheid en meer gedeelde belange tot gevolg.



.... the idea that connectivity is globally encompassing and thus implies a certain 'unicity'; a sense that the world is becoming, for the first time in history, a single social and cultural setting. Whereas it was in the past possible to understand social and cultural processes and practices as a set of local, relatively 'independent' phenomena, globalisation makes the world a 'single place'. Obvious examples of this are the way in which the economic affairs of nation-states are locked into a global capitalist economy, or how the environmental effects of local industrial processes can rapidly become global problems.

In a strict sense, however, the idea of the world becoming one place is only contingently related to the idea of increasing connectivity.

(Tomlinson, 1999:10)

Of die wêreld ooit 'n homogene, sogenaamde *global village* met een eenvoudige waardesisteem gaan word, is onwaarskynlik. Daarvoor lê die werklikheid van diversiteit op talle terreine veels te diep en maak die multidimensionaliteit van globalisering genoeg ruimte. Morele waardes sal dus nooit op dieselfde basis gebou kan word nie, hoewel 'n groter mate van onderlinge verbintnisse (*inter-connectedness*) raakvlakke van morele oriëntasie groter behoort te maak. Dít is die rigting wat in hierdie studie in die vooruitsig gestel word.

5. SUID-AFRIKA SE MORALITEITSKRISIS

Vervolgens word daar 'n kursoriese oorsig van die moraliteitskrisis in die land aangebied. Dit is geskoei op die persepsies en opinies van die gemiddelde man op straat en is nie bedoel om 'n wetenskaplike ontleding te wees nie. Dit wil bloot as stimulus tot verdere besinning en nadenke dien. Slegs enkele sake word hanteer.

Suid-Afrika is 'n uiterste toonbeeld van diversiteit. Bykans op alle lewensterreine is dit waar, selfs wat die geografie en ekologie betref. Die verskeidenheid op die gebiede van etnisiteit, taal, kultuur en godsdiens word in die probleemstelling teruggevind en in hoofstuk 2 nader ontleed. Aandag word ook gegee aan die historiese agtergrond en verloop in die land.

5.1 DIE INVLOED VAN APARTHEID

Die staatsbestel genaamd 'apartheid' wat in 1994 in 'n demokrasie oorgegaan het, het verreikende invloede op talle gebiede van die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen. Die impak en gevolge daarvan is so groot dat die land dit steeds moeilik vind om daaruit los te kom. Dit gaan egter nie hier oor die reg of verkeerd van apartheid as politieke model nie, maar oor die invloed daarvan op die gees van die samelewing. Die grootste oorhoofse negatiewe effek wat dit gehad het, is waarskynlik die polariserende invloed op al die mense van die land.

Die ryke diversiteit soos reeds hierbo omskryf is, het nie verander nie en so ook nie die verskillende waardestelsels en morele oriëntasie van die verskillende groepe nie. Die poging om die speelveld polities, staatkundig, ekonomies en sosiaal gelyk te maak het nie in alle opsigte geslaag nie. In sommige kringe word daar selfs van neo-apartheid gepraat. Hoewel dié kragte en tendense verstaanbaar is, dra dit nie by tot 'n nuwe eenheidsgevoel en vestiging van 'n nuwe, gedeelde nasionalisme nie. Dit bring dus steeds eties-morele kwessies (soos rassisme, seksisme, bemagtiging, regstellende aksie en so meer) na vore en daar moet opnuut gekyk word na die morele bewussyn van die samelewing en die daarstel en vestiging van 'n nuwe en aanvaarbare morele oriëntasie.



5.2 MATERIALISME, INDIVIDUALISME EN DIE INVLOED VAN DIE VERBRUIKERSKULTUUR

Gedurende die laaste vyf tot tien jaar het die Suid-Afrikaanse ekonomie ver bo verwagting gegroei. Dit is in 'n groot mate toe te skryf aan groei in die ekonomie wêreldwyd, die nuwe politieke bestel, beter tegnologie en benutting van hulpbronne. Verbruikersbesteding het tot nuwe rekordvlakke gestyg. Dit is natuurlik tot groot voordeel vir die land en sy mense.

Die negatiewe sy daarvan is egter die erosie van morele waardes. Persoonlike en sosiale doelwitte is oppervlakkig en na binne gerig. Hedonisme as lewenstyl neem toe. Die gevolg is ongedisiplineerdheid, gebrekkige verhoudings, vergryp aan hulpmiddels en misplaaste waardesisteme.

5.3 MAGSMISBRUIK

Dit is sekerlik 'n algemene tendens dat mense wat in magposisies is in versoeking kom om hul mag te misbruik. Dit kan die gevolg van onvermoë, onbevoegdheid, persoonlike en sosiale problematiek, misplaaste doelstellings en vele ander omstandighede wees. Dit is egter geen geheim nie dat magsmisbruik oor die afgelope paar jaar in Suid-Afrika onstellend toegeneem het. Oral word afwysend daarvoor gepraat en verskeie eerbare leiers van wie baie godsdienstige leiers is, veroordeel dit kras.

5.4 GEWELD EN MISDADIGHEID

'n Gebrek aan duidelike etiese norme het noodwendig misdaad tot gevolg. Dit hang saam met die verkeerde ingesteldheid jeens wetgewing en die regspleging. Misdadigheid is nie net kommerwekkend weens die feit dat dit toenemend voorkom nie, maar ook vanweë die blatante en geweldadige aard daarvan. Daar is



min Suid-Afrikaanse gesinne wat nog nie slagoffers van die een of ander vorm daarvan was nie, dikwels met traumatiese gevolge.

5.5 DIE HUIDIGE TYDSGEES

Suid-Afrika is deel van 'n groter wêreld wat vanweë beter kommunikasiemiddels al hoe meer toeganklik word. Thomas Friedman se drie wêreldes werp betekenisvolle lig hierop. (Friedman, 2005:9) Dus is dié besondere samelewing aan die suidpunt van Afrika nie gespaar van die post-moderne tydsges as waar moraliteit nie noodwendig hoog op die agenda staan nie. Dit word in die probleemstelling en die res van die studie verder belig.

6. PROBLEEMSTELLING

6.1 ENKELE ONDERLIGGENDE OPMERKINGS

Vir 'n samelewing om effektief en suksesvol te funksioneer, is daar 'n hele stelsel gedragskodes nodig. Dit is geskrewe én ongeskrewe reëls en sluit wetgewing in. Die doel van die wetboek van die land is immers daarop ingestel om die samelewing aan die hand van bepaalde afdwingbare ordereëlings te laat slaag. Moraliteit gaan egter om veel meer as dit. Moraliteit in samelewingsverband gaan oor die onderliggende waardesisteme/-sisteme waaruit 'n gemeenskap funksioneer. Dít is die onderbou wat die gedrag van die lede van 'n gemeenskap bepaal. Moraliteit is dus 'n heel persoonlike sowel as 'n sosiaal-kollektiewe aangeleentheid. Uit die aard van die saak het dit kulturele en godsdienstige wortels. Daar mag ook talle ander wees. Op sigself is genoemde twee wortels uiters kompleks. Wat die omstandighede in Suid-Afrika nog meer ingewikkeld maak wat morele waardes betref, is die enorme veranderinge op politieke en sosiale gebied die afgelope twee dekades. Die regeringstelsel het vanaf 'n sogenaamde Christelike staat oorgegaan in 'n sekulêre staat. Christelike waardes



en norme was in 'n beduidende mate in die wetboek verskans. Dit is nie meer die geval nie. Uit die aard van die saak is daar wat nie net die regspleging betref nie, maar ook die lewe van elke dag, 'n nuwe basis waarop morele waardes gebou moet word. Dit wil egter nie sê dat alles voor 1994 gewoon Christelik was nie. Tog het Christelike of oënskynlik Christelike waardes ten regte of ten onregte die alledaagse handel en wandel van die breë Suid-Afrikaanse samelewing in 'n groot mate gereguleer.

Die samelewing in Suid-Afrika bestaan uit talle bevolkingsgroepe wat ook in verskeie rasse setel. Die elf amptelike landstale is 'n praktiese weerspieëling daarvan. Hieronder vind ons volke uit Afrika soos die Khoi en die San en die verskillende Negroïede groepe sowel as groepe komende uit Europa en die Ooste. Oor die laaste drie-honderd-en-vyftig jaar was daar uit die aard van die saak interaksie wat dikwels konflikterend was tussen hierdie groepe. Vermenging het ook plaasgevind. Niks hiervan het in 'n vakuumsituasie plaasgevind nie. Kultuur en godsdiens asook ander werklikhede het bepaalde invloede in hierdie mosaïek van naasbestaan. Dit is dus duidelik dat die verskynsel van diversiteit bydra tot die komplekse problematiek van morele oriëntasie van die samelewing.

Sedert die ontstaan van die nuwe demokrasie het mense wat hul woon-, werk- en leefplekke betref, fisies nader aan mekaar beweeg. Hulle het al hoe meer bewus begin raak van mekaar. Die oor-en-weer-beïnvloeding van mekaar wat leefstyl, gewoontes en waardes betref, het 'n groter werklikheid geword. Dit sluit kulturele en godsdienstige elemente in. Sodanige blootstelling aan en bewuswording van mekaar het die potensiaal tot konflikterende en/of versoenende gevolge. Die regulering van die regstellende proses deur byvoorbeeld die Waarheid-en-Versoeningskommissie word in sommige kringe positief en in ander negatief ervaar. Dieselfde geld vir kwessies soos werkreservering, toekennings van studiebeurse en grondhervorming. Hierdie en ander aangeleenthede het uiteraard morele implikasies.



Met beter kommunikasiemiddele het Suid-Afrika intens deel van die sogenaamde 'global village' geword. Die invloed van wêreldtendense druk dus 'n direkte en duidelike moreel-etiese stempel op ons samelewing af. Kan ons al praat van 'n nuwe wêreldkultuur met 'n eie wêreldmoraliteit of wêreldgodsdienst? Dit is 'n geldige vraag wat nie maklik beantwoord kan word nie.

Aansluitend by bogenoemde is die sogenaamde post-modernistiese denksisteem wat 'n degeneratiewe greep op menslike kosbaarhede soos tradisionele godsdienst en kultuur het. Maniere van dink en doen is nie meer wat dit vroeër was nie. Strukture soos deur godsdienst en kultuur en ander instellings neergelê, gaan nie meer op nie. 'n Oper en vryer soort van lewe wat meer alities en ongebonde is, is die nuwe neiging. Om van 'n norm hier te praat, sou nie deug nie. Bepaald het die post-modernisme 'n invloed op kultuur en godsdienst asook op die algemene lewenstyl en morele waardes. Kan ons sê dat dit 'n nuwe kultuur of godsdienst geword het wat 'n invloed op die samelewing het?

Van die heel grootste bron van kommer is die hoë vlak van misdaad en twyfelagtige gedrag van talle mense. Die buitengewone hoë ekonomiese groei oor die afgelope paar jaar het talle persone materieel bevoordeel. Dit wil voorkom asof baie van hulle dit nie kan hanteer nie en dat die nuwe sogenaamde beter omstandighede 'n invloed het op die wyse van sake doen. Selfs diegene wat nie in die voorspoed deel nie, word maklik die prooi van die materialistiese tydsgees. Die drang na 'n beter lewe kan veroorsaak dat norme van eerbaarheid en integriteit oorboord gegooi word. Reklameveldtogte wat voortvarendheid as tekens van sukses voorhou, speel negatief in op verantwoordelike selfdissipline. Korrupsie en ander vorme van ekonomiese en sosiale vergryp hou ongetwyfeld verband met 'n gebrek aan gesonde morele waardes. Om te hoor dat Suid-Afrika in 'n moraliteitskrisis verkeer, is lank reeds nie meer vreemd nie.

As gevolg van bogenoemde en ander oorsake verlaat baie mense die land om elders 'n heenkome te vind. Dikwels gaan dit gepaard met geweldige verliese aan

kundigheid wat 'n groot prys vir die industrie en ekonomie van die land – asook geloofsgemeenskappe en kultuurorganisasies – teweeg bring.

Die toestroming van onwettige immigrante uit omliggende buurlande is 'n verdere sosiale werklikheid wat bydra tot die reeds komplekse diversiteit in die land.

Uit bogenoemde kort scenario is dit reeds glashelder dat daar enorme probleme op die morele front is. Dit is 'n hoogs komplekse aangeleentheid en raak beslis alle samelewingsverbande. Ek is van mening dat die religieuse en kulture sfere van menswees dié twee is wat in die sentrum lê waar dit by die komplekse saak van moraliteit in die samelewing kom. Daarom wil hierdie studie juis dáárop fokus sonder om ander tersaaklike areas te negeer of as onbelangrik af te maak.

6.2 PROBLEEMAREAS

Bogenoemde morele problematiek loop op die volgende twee probleemareas uit waarin daar in die proefskrif indringende aandag gegee word:

- Die ryke diversiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing en die invloed daarvan op morele denke en handeling. Die studie wil enersyds oor die multikulturele en multireligieuse werklikheid in die land nadink en die invloed daarvan op die moraliteit in die samelewing probeer bepaal en omskryf. Andersyds wil dit ook ontwikkelinge wat op kulturele en religieuse gebied lê en 'n transformerende invloed op die samelewing het, identifiseer en bespreek.
- Die rol wat die Christelike kerk kan speel om te midde van die verwarrende diversiteit 'n positiewe bydrae te lewer betreffende morele vorming wat vir die hele samelewing aanvaarbaar en tot voordeel kan wees. Vrae soos of die kerk tans en in die toekoms 'n rol het om te speel en hoedanig dit moet wees, kry aandag.



6.3 UITGANGSPUNT VAN DIE ONDERSOEK

Die tweeledige navorsingsvraag wat in behandeling geneem sal word, kan soos volg geformuleer word :

- Hoedanig is die aard en omvang van die invloed wat religieuse en kulturele diversiteit uitoefen op morele oriëntasie in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing?

In opvolg hierby :

- Het die Christelike kerk tans 'n positiewe bydrae om ten aansien van morele oriëntasie in Suid-Afrika te lewer en so te help om die huidige morele krisis in die samelewing effektief te bestry?

7. HIPOTEESES

- Meer as in die verlede is daar invloede vanuit die verskillende verteenwoordigende godsdienste en kulture op die algemene morele oriëntasie in Suid-Afrika.
- Tradisionele godsdienste en kulture beleef intense spanning van binne sowel as buite wat hul voortbestaan, posisie en rol in die samelewing betref.
- Invloede van kulturele en godsdienstige aard kan positief of negatief wees wat betref die moraliteit in die land.
- Daar bestaan 'n groot gebrek aan morele leiding wat die breë gemeenskap in Suid-Afrika betref.



- Dit is nie slegs tradisionele kulture en godsdienste wat die samelewing beïnvloed nie, maar ook moderne, post-moderne en dergelike hedendaagse denkwyses.
- Die mees grondliggende problematiek in die Suid-Afrikaanse samelewing is nie histories, polities, rassig, klassig, demografies, tegnies, juridies, ekonomies, biologies, godsdienstig, kultureel of watter aard ook al nie, maar grootliks moreel-eties. Dit is egter ook nie enkelvoudig nie, maar word beïnvloed deur al bogenoemde en talle ander faktore.
- Die versoeningsproses wat sedert 1994 aan die gang gesit is, het nog nie ten volle in sy doel geslaag nie.
- Daar bestaan talle wanpersepsies en vooroordele ten opsigte van die verskillende bevolkings- en ander groepe in die land.
- Die vraag na identiteit en wedersydse respek moet hoog op die agenda van die totale gemeenskap in die land wees.
- Uit talle oorde gaan daar stemme op ten gunste van 'n fundamentele transformasieproses wat die moraliteit in die land betref en daar bestaan reeds 'n gees van welwillendheid.
- Die grootste uitdaging tans is om 'n werkbare strategie te ontwikkel en in werking te stel wat die proses van 'n sinvolle en algemeen aanvaarbare morele oriëntasie in beweging te bring.
- Godsdienste in die algemeen en die Christelike kerk in die besonder geniet die nodige respek en vertroue van die breë gemeenskap om rigtinggewend te kan optree.

- Ekumeniese betrekkinge en doelgerigte samewerking is van die uiterste noodsaak om die gedeelde uitdaging van 'n relevante morele oriëntasie aan te pak.

Bogenoemde hipotetiese stellings dien as uitdagende stimuli ten opsigte van nadenke in hierdie studie en behoort nie net telkens aan die orde te kom nie, maar ook algaande ontleed en omskryf te word.

8. DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie wil erkenning gee aan en erns maak met die ingewikkelde diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Dit wil poog om die volgende te doen:

- 8.1 Die invloede van die ryke verskeidenheid kulture en godsdienste op die moraliteit in die samelewing probeer bepaal en omskryf. Nie net tradisionele kulture en godsdienste word in ag geneem nie, maar ook nuwe groeperinge en moderne denksisteme. Enersyds wil dit erkenning gee aan die verrykende invloede van diversiteit, maar andersyds wil dit die negatiewe en afbrekende gevolge daarvan identifiseer.
- 8.2 Die verskynsel van die diversiteit wat religie en kultuur betref, word as uitgangspunt geneem. Dit word nie net omskryf nie, maar die impak daarvan, hetsy positief of negatief op die moraliteit van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap, word verreken en sover moontlik bepaal. Op geen wyse mag teen bepaalde godsdienste en kulture gediskrimineer of op afbrekende manier gereageer word nie. Daar word eerder gesoek na die winspunte en opbouende invloed wat in die verskynsel van diversiteit gevind kan word. Hoewel 'n



kennisname van tradisionele godsdienste en kulture belangrik is, word die meer resente invloede en ontwikkelinge in die morele denke en handeling van mense en groepe deeglik in ag geneem. Dié studie poog om 'n bydrae te maak nie net in die verstaan van die morele problematiek nie, maar ook wat die ontwikkeling van 'n gedeelde eenheidsdroom en vorming van 'n nuwe morele raamwerk betref. Die unieke bydrae van die Christelike kerk in 'n nuwe kontemporêre multikulturele en multigodsdienstige gemeenskap word gesoek. Daar word deeglik rekening gehou met drastiese veranderings wat in die samelewing plaasvind soos politieke en sosiale verandering, verskuiwing van denke uit 'n moderne na 'n post-moderne lewensfilosofie met universele en selfs pre-moderne inhoude steeds teenwoordig.

Aanvaarbare oplossings en positiewe uitkomstes sowel as 'n werkbare strategie word gesoek waar dit kom by die bydrae wat die Christendom en in die besonder die kerk kan bewerkstellig met betrekking tot 'n beter morele oriëntasie wat 'n daadwerklike verskil kan maak en waarby almal kan baat.

Dié studie wil dus teen die agtergrond van die unieke en realistiese Suid-Afrikaanse werklikhede van verskeidenheid visioenêr en progressief nadink. Ter wille van behoorlike substansie sal daar van meet af vanuit die etiek en Christelike etiek as sodanig gedink word. Die praktyk mag egter nie uitbly nie en uiteindelik sal daar gepoog word om by een of meer wyses van vestiging van 'n aanvaarbare etiese bewussyn onder die totale Suid-Afrikaanse bevolking uit te kom. Sonder om kontroversieel te wees, wil die studie as stimulus dien om 'n gesprek te ontketen en aan bestaande gesprekke deel te neem waar dit kom by die groot saak van moraliteit.



9. TERREINAFBAKENING

Hierdie is 'n studie oor moraliteit vanuit 'n Christelik-etiese perspektief. Tog deel dit met ander perspektiewe vanweë die werklikheid dat daar ook ander godsdienste in Suid-Afrika funksioneer. Hoewel dit ook sosiale en ander aangeleenthede hanteer, is dit teologies van aard. Daarmee word bedoel dat dit vanuit 'n Christelik-gereformeerde teologiese raamwerk in die Suid-Afrikaanse samelewing dink en wel oor moraliteit.

Wat kulture betref, word al die geïdentifiseerde kultuurgroepe in die land in oënskou geneem sonder om in detail verstrengel te raak. Die klem val op diversiteit wat sowel godsdienste én kulture betref en die invloed daarvan.

Kultuur word in 'n wyer sin beskou, aangesien die begrip kulture nie net fokus op tradisionele groepe nie, maar ook op moderne tendense, nuwe ontwikkelinge en eietydse leefstyle en waardesisteme. 'n Soortgelyke benadering word ten opsigte van godsdienste gehandhaaf.

10. METODOLOGIE

Die werkswyse is tweeledig van aard.

Eensyds is dit 'n literatuurstudie wat put uit die ryk bron van denke, navorsing en studie oor algemene etiek, Christelike etiek, godsdienstwetenskap, kultuurstudies en so meer. Geselekteerde inligting uit hierdie bronne word benut en toegepas om die studie-onderwerp te dien en tot 'n sinvolle eenheid te vorm.

Andersyds is dit ook 'n empiriese navorsingstudie. Daar word van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak. Gevolglik word onderhoude met bepaalde kenners vanuit verskillende dissiplines gevoer. Dit word aan die hand van 'n standaard gespreksriglyn gedoen met uitbreidings op bepaalde onderwerpe na gelang van die betrokke respondent se eie bepaalde kundigheidsveld.



As gevolg van die reikwydte van die studie-onderwerp word voorsien dat die diepte van die ondersoek beperk kan wees. Die aard van die ondersoek leen hom, naas beskrywing, ook tot 'n preskriptiewe wyse van hantering van die stof. Waar religie ter sprake kom, word gevolglik sowel godsdienswetenskaplik as teologies besin.

Die hoofstukindelings sien soos volg daar uit:

Hoofstuk 1 skets die agtergrond en bied 'n oorsig oor die onderwerp multikulturaliteit en multireligieusiteit in Suid-Afrika. Dit stel die probleem wat in die studie aan die orde kom asook die werkswyse wat volg. Verder gee dit aandag aan die verskynsel van moraliteit in wyer verband en raak dit die krisis daaromtrent aan in die globale asook Suid-Afrikaanse konteks.

Hoofstuk 2 fokus op die verskynsel van diversiteit as universele gegewens sowel as die praktyk in Suid-Afrika. Verskille tussen mense kan enersyds konflikterend van aard wees, maar andersyds verrykend. Geen samelewing is meer homogeen van aard nie en daarom is dit belangrik om die verskeidenheid te erken, te verstaan en te bestuur. Hier gaan dit egter oor die invloede, hetsy positief of negatief, daarvan op die moraliteit van die samelewing.

Hoofstuk 3 hanteer die verhouding tussen religie en kultuur in tradisionele sowel as kontemporêre sin, multikulturaliteit asook die belang van identiteit. Daar word ook aandag gegee aan die verstaan van spiritualiteit en verskynsels soos sekularisasie en sinkretisme en die invloed daarvan naas dié van religie. Alles word gedoen teen die agtergrond van die besondere voorkoms van diversiteit in die samelewing.

Hoofstuk 4 bou voort op Hoofstuk 3 in dié sin dat dit die insigte ten opsigte van diversiteit as 'n gegewe verder ontleed ten einde by die dinamika daarvan uit te kom. Transformasieprosesse wat hulleself die afgelope twee dekades in Suid-Afrika afgespeel het, het fundamentele veranderinge in die morele denke van die samelewing tot gevolg. Die werklikheid asook die droom van eenheid te midde van diversiteit kom hier aan die orde.

Hoofstuk 5 wil die waarnemings wat tot dusver gemaak is teen dié van kundiges toets. Dit wil die denke en insigte van prominente kenners op die gebied van etiek uit verskillende verwante dissiplines betrek en hul menings in ag neem. Daarom word gekies vir 'n empiriese navorsingsproses. Dit neem die vorm van 'n kwalitatiewe werkswyse aan waar daar aan die hand van bepaalde riglyne gesprekke gevoer word wat dan geïnterpreteer sal word.

Hoofstuk 6 soek na die moontlikheid van 'n nuwe en relevante morele bewussyn. Dit neem so veel as moontlik van die faktore in ag wat tot die waardesisteme van mense en groepe bydra. Die plek en rol hiervan sowel as dié van leiers en meningvormers kry aandag. Morele identiteitsvorming en die invloed van globalisering daarop, word in ag geneem.

Hoofstuk 7 gee beslag aan die eerste van die twee doelstellings van die studie, naamlik die belangrike saak van invloed te midde van diversiteit. Daar word gehandel met die interaktiewe rol van verskillende kulture en godsdienste sowel as nuwe neigings soos sekularisasie, post-moderne strominge en so meer. Dié hoofstuk wil die kuns van saamleef in 'n nuwe era en met nuwe omstandighede ontdek en wel op die etiese vlak van menswees. Dit speel af in die huidige Suid-Afrikaanse konteks.

Hoofstuk 8 handel oor die tweede doelstelling van die studie, naamlik die invloed van die Christelike kerk op die morele oriëntasie van die samelewing. Die huidige



rol van die kerk ten opsigte van morele oriëntasie word omskryf asook die doel en noodsaak daarvan. Verder word daar na die bronne van die geloofsleer gekyk asook die Christelike siening van die mens, die samelewing en die diversiteit van laasgenoemde. Verder wil die hoofstuk afstuur op die hoogtepunt, naamlik die besondere funksie en rol van die kerk ten aansien van die morele oriëntasie van die huidige samelewing.



HOOFSTUK 2

DIE VERSKYNSEL VAN DIVERSITEIT IS HISTORIES 'N UNIVERSELE EN PLAASLIKE WERKLIKHEID

1. INLEIDING

Biodiversiteit word toenemend as 'n uitdagende sowel as verrykende natuurwetenskaplike verskynsel aanvaar en beleef. Meer kennis oor byvoorbeeld unieke spesies en ingewikkelde ekosisteme maak geweldig baie energie los rondom die waardering, bestudering en bestuur van die voortbestaan van sodanige natuurverskynsels. Simbiose waarin diversiteit nie net erken word nie maar ook tot sy reg kom, open verrassende moontlikhede vir die oorlewing en florerings van die aarde. Ten spyte van 'n sogenaamde ontploffing in die benutting van natuurlike hulpbronne en die groter wordende druk daarop, is regerings- en private inisiatiewe by wyse van verskillende programme toenemend betrokke by die herwaardering en bevordering van multidimensionele vorme van lewe. Hiervan is die stigting en instandhouding van organisasies soos Saites en talle ander 'n sprekende bewys. Daar bestaan waarskynlik geen dissipline waar daar nie van verskeidenheid en selfs teenoorstaande uiterstes sprake is nie. Menslike lewe is daarom nie hiervan uitgesluit nie.

Benewens hul fisiese voorkoms verskil mense wat hul persoonlikheid, temperament, aanleg en voor- en afkeure in mindere of meerdere mate van mekaar. Geen twee mense is dieselfde nie en tree ook nie eenders op nie. Dit laat die vraag na psigologiese diversiteit ontstaan. Ten spyte van onderlinge verskille is sielkundiges dit oor die algemeen eens dat persoonlikheidsvorming die produk is van die invloed van oorerwings- en omgewingsfaktore. Alle mense is dus daaraan gebind om daaglik die werklikheid van verskeidenheid ten opsigte van hulleself en ander te hanteer.



Sosiale diversiteit is 'n ewe groot werklikheid en loop dikwels op ongemaklike kwessies uit. Vandaar sporadiese weerstandsbewegings en selfs betogings vir aangeleenthede soos menseregte en sosiale geregtigheid. 'n Mens kan vra: Waarom?

Dit is nie vergesog om die volgende afleidings ten opsigte van die verskynsel van diversiteit te waag nie:

Te oordeel aan talle etniese en politieke konflikte wêreldwyd, blyk dit asof daar wat sosiale diversiteit betref, 'n wesenlike gevaar van verwydering en selfs grootskaalse polarisasie kan bestaan. Verskil van identiteit, denke en waardes het klaarblyklik 'n verdelende invloed op sosiale groepe en stelsels ten opsigte van mekaar én onderling. Dit is baie moeilik om uiteenlopende lewenswyses en diepliggende verskille by mekaar uit te bring en simbiose te bewerkstellig.

Dit is ook duidelik dat diversiteit 'n positiewe en verrykende invloed op samelewings kan uitoefen. Mense wat nader aan mekaar beweeg, begin al hoe meer beseft dat niemand die volle waarheid weet, nie al die antwoorde het nie en dus ook nie aanspraak daarop kan maak nie. Dikwels word die verrassende ontdekking gemaak dat mense, ongeag hul herkoms, omgewing, sosiale oriëntasie of identiteit tot 'n groot mate dieselfde behoeftes het en gelyksoortige ideale koester. 'n Eerlike soeke na gedeelde belange waar mense doelbewus daarop uit is om in interaksie met mekaar te tree, bring dikwels opwindende resultate en uitkomst te weeg. Te midde van verskeidenheid sit daar in baie gevalle onberekenbare ryk bronne van potensiaal en kundigheid wat aan die deur klop om ontgin en verder uitgebou te word.

Positiewe beleving van sosiale diversiteit vind egter moeilik vanself plaas. Dit wil voorkom asof daar doelbewuste regulerende prosesse in plek moet wees. In baie gevalle word die effektiewe bestuur van diversiteit as die belangrikste vereiste vir

sukses beskou. Akademici sowel as studies deur die sakesektor het egter uitgewys dat bestuur dikwels nie die gewenste uitwerking op die saamvloei van verskeidenheid het nie. Die volgende aanhaling wys dit uit:

“Managing diversity meant “integration” – truly valuing different perspectives, and establishing environments where diverse employees could contribute authentically and holistically without leaving “part of themselves” at home. However, not everyone “buys into” these concepts of diversity.’ (April & Shockley, 2007:3)

Kritici van die sogenaamde bestuursfilosofie oordeel dat diversiteit in ’n te groot mate die objek van industriële konsultante geword het wat gepreokkupeer geraak het met die problematiek van diversiteit by die werkplek.

’n Klemverskuiwing van “bestuur” na “leierskap” het egter in die laaste tyd begin posvat:

“Leadership” rather than “management” defines the future of diversity. First, it takes leadership to integrate diversity into the workplace. Valuing diversity can make it from the mission statement on the wall to the daily practice in meetings and human resource development processes, if senior leaders are willing to invest their time to encourage, champion and reward the participation of employees whose backgrounds are “non-traditional” in terms of prevailing cultural norm, or dominant consciousness, in their organisations. It also means coming to terms with the complexities that follow in the wake of diversity.

In addition, in a pluralistic world, a “one model fits all” approach to leadership is not viable. Cultural diversity, especially at the international level, forcefully nudges us to consider other models to enrich our thinking about leadership.

(April & Shockley, 2007:3)



Die paradigmas waarin mense funksioneer, is naas ander faktore sterk kultureel-religieus gevorm. Dit is op dié twee faktore, kultuur en religie waarop dié studie fokus. Daarom behoort leierskap dit na behore te hanteer. Om dit effektief te kan doen, moet daar begin word deur diversiteit te erken en te verstaan. Leiers wat hul organisasies suksesvol in die ontluikende globale omgewing wil inlei, moet deeglik moeite doen met sosiale leerprosesse ten einde die nodige uitdagende vaardighede te ontwikkel. Dit geld beslis nie net vir die industrie nie, maar veral vir breë gemeenskappe wat in 'n nuwe samelewingsomgewing bevredigend wil funksioneer. Uiteraard plaas dit enorme druk op geëkte morele sisteme wat in baie gevalle nie meer behoorlik kan stand hou teen nuwe lewenstyle en diverse oortuigings nie. Diversiteit en eenheid staan dus nie teenoor mekaar nie, maar is inderwaarheid interafhanklik.

Op 2 November 2001 tydens die Algemene Konferensie van UNESCO in Parys, Frankryk is die *Universal Declaration on Cultural Diversity* as hul beleidstuk aanvaar. Die volgende uittreksel word volledigheidshalwe aangehaal en werp besondere lig op die verskynsel ter sprake:

IDENTITY, DIVERSITY AND PLURALISM

ARTICLE 1 : CULTURAL DIVERSITY

Culture takes diverse forms across time and space. This diversity is embodied in the uniqueness and plurality of the identities of the groups and societies making up humankind. As a source of exchange, innovation and creativity, cultural diversity is as necessary for humankind as biodiversity is for nature. In this sense, it is the common heritage of humanity and should be recognized and affirmed for the benefit of present and future generations.



ARTICLE 2 : FROM CULTURAL DIVERSITY TO CULTURAL PLURALISM

In our increasingly diverse societies, it is essential to ensure harmonious interaction among people and groups with plural, varied and dynamic cultural identities as well as their willingness to live together. Policies for the inclusion and participation of all citizens are guarantees of social cohesion, the vitality of civil society and peace. Thus defined, cultural pluralism gives policy expression to the reality of cultural diversity. Indissociable from a democratic framework, cultural pluralism is conducive to cultural exchange and to the flourishing of creative capacities that sustain public life.

ARTICLE 3 : CULTURAL DIVERSITY AS A FACTOR IN DEVELOPMENT

Cultural diversity widens the range of options open to everyone; it is one of the roots of development, understood not simply in terms of economic growth, but also as a means to achieve a more satisfactory intellectual, emotional, moral and spiritual existence.

CULTURAL DIVERSITY AND HUMAN RIGHTS

ARTICLE 4 : HUMAN RIGHTS AS GUARANTEES OF CULTURAL DIVERSITY

The defence of cultural diversity is an ethical imperative, inseparable from respect for human dignity. It implies a commitment to human rights and fundamental freedoms, in particular the rights of persons belonging to minorities and those of indigenous peoples. No one may invoke

cultural diversity to infringe upon human rights guaranteed by international law, or to limit their scope.

ARTICLE 5 : CULTURAL RIGHTS AS AN ENABLING ENVIRONMENT FOR CULTURAL DIVERSITY

Cultural rights are an integral part of human rights, which are universal, indivisible and interdependent. The flourishing of creative diversity requires the full implementation of cultural rights as defined in Article 27 of the Universal Declaration of Human Rights and in Articles 13 and 15 of the International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights. All persons have therefore the right to express themselves and to create and disseminate their work in the language of their choice, and particularly in their mother tongue; all persons are entitled to quality education and training that fully respect their cultural identity; and all persons have the right to participate in the cultural life of their choice and conduct their own cultural practices, subject to respect for human rights and fundamental freedoms.

ARTICLE 6 : TOWARDS ACCESS FOR ALL TO CULTURAL DIVERSITY

While ensuring the free flow of ideas by word and image care should be exercised that all cultures can express themselves and make themselves known. Freedom of expression, media pluralism, multilingualism, equal access to art and scientific and technological knowledge, including in digital form, and the possibility for all cultures to have access to the means of expression and dissemination.



Diversiteit word by alle lewensvorme en op elke terrein van menslike bestaan en funksionering aangetref. Dié verskynsel word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

2. DIVERSITEIT IS 'N GEGEWE GLOBALE WERKLIKHEID

2.1 GEOGRAFIESE VERSKEIDENHEID

Die planeet aarde is sedert die vroegste tye voortdurend aan die verander. Oor verskeie millenia is kontinente stadig aan die beweeg, bergreekse, riviere en valleie aan die ontwikkel en die aardkors en oseane in 'n dinamiese proses van transformasie. Aardbewings, vulkane, winde en water is saam met ander elemente en kragte besig om hieraan mee te werk. Die invloed van die son as primêre energiebron ontketen termiese invloede. Die gevolg van bogenoemde en talle ander faktore is diverse vorme van geografiese omgewings. Wisselende weersomstandighede dra by tot die vestiging van 'n komplekse verskeidenheid lewensvorme. Benewens die ses kontinente (Noord-Amerika, Suid-Amerika, Antarktika, Eurasië, Afrika en Australië) wat altesaam een miljoen vierkante kilometer beslaan, is daar drie-en-veertig groter bewoonde eilande met 'n oppervlak van ongeveer tienduisend vierkante kilometer. Hierdie onderskeiding dui op die wydste verstaan van die geografiese verskeidenheid op aarde.

(Owen, 2004 : 26)

2.2 MENSLIKE LEWE, ONTWIKKELING EN UITBREIDING

Met die koeler word van die aarde se klimaat ongeveer twee tot drie miljoen jaar gelede, het tropiese woude plek gemaak vir groot savannegebiede in sub-Sahara Afrika. Volgens argeoloë, paleontoloë en antropoloë het dit 'n gunstige omgewing geskep vir die ontwikkeling van die vroeë mensdom tussen ses en agt miljoen jaar gelede. Namate menslike vaardighede toegeneem het, het dit vir die primitiewe



mense moontlik geword om uit Afrika te beweeg (ongeveer 1,8 miljoen jaar gelede). Geleerdes is dit egter eens dat dit eers so onlangs as 100,000 tot 200,000 jaar gelede was dat mense as gevolg van hul tegniese vaardighede hulleself in ander wêrelddele gevestig het. Benewens hul tegnologiese vermoëns was dit ook hul sosiale aanpasbaarheid wat daartoe meegewerk het dat hulle in diverse habitatte kon floreer. Wat ons ontwikkelde lewenstyle sou noem, het met die totstandkoming van kuns, ritueel en simboliek ongeveer 40,000 jaar gelede ontstaan. Ná die einde van die Ystydperk omtrent 13,000 jaar gelede is die bestaan van die mens verryk met die vestiging van landboupraktyke. Hierdie ontwikkelinge het daartoe bygedra dat samelewings kon groei, verdeel, hulleself van mekaar kon onderskei en gemeenskappe, state en stede kon vorm.

Gemotiveer deur die begeerte om te ontdek, te oorwin, uit te brei en handel te dryf, het ontdekkingsreisigers nuwe wêreld betree en plekke gekarteer. Die eerste gedokumenteerde ontdekkingsekspedisie was dié van die Egiptenaar, Hannu na Arabië in 2750 v.C. Phoenesiese, Griekse, Romeinse, Chinese en Arabiese handelaars het gevolglik 'n uitgebreide netwerk tussen Oos en Wes gevestig. Aan die begin van die vyftiende eeu was talle bevolkings- en kultuurgroepe reeds gevestig, maar daar was toe nog geen konsep van 'n groter en geïntegreerde wêreld nie. Kort daarna het vaardighede ten opsigte van navigasie en skeepsbou sowel as 'n groter handelsbewussyn bygedra tot die sogenaamde Ontdekkingsseeu (Age of Discovery). Teen 1600 n.C. is die Amerikas tot die wêreldkaart toegevoeg en kolonialisering van Afrika en Asië het floreer. Australië en die eilande van die Stille Oseaan het spoedig bygekom en met die ontdekking van die Suidpool in 1911 was daar geen land meer op aarde oor waar die mens se voete nog nie getrap het nie. 'n Skamele agt-en-vyftig jaar later is die eerste tree die ruimte in gegee toe menslike voetspore in 1969 in die stof van die maan geplant is.

2.3 STAATKUNDIGE VERDELING

Van die meer as honderd-en-negentig onafhanklike state wat tans die wêreldkaart staatkundig kleur, het slegs sestig aan die begin van die twintigste eeu bestaan. So onlangs as 1950 was daar maar twee-en-tagtig. Sedertdien het die groot aandrang op selfbeskikking en die geweldige klem op demokratisering die ontstaan en ontwikkeling van nuwe state en grense bewerkstellig. Sommige gerespekteerde toekomskundiges voorspel dat dié tendens in so 'n mate gaan voortduur dat die aantal onafhanklike state binne die volgende paar dekades tot soveel as drie honderd kan groei. Die bewering word egter gemaak dat die toenemende effek van globalisasie op die ekonomieë en beter kommunikasie tussen al dié state sowel as alliansies soos die Europese Unie, beperkend op hul eiesoortige invloede inwerk.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het talle Europese kolonies in Asië onafhanklikheid bekom. Dié proses is gedurende die 1960's in Afrika voortgesit en kring sedertdien uit na die lande in en rondom die Stille Oseaan.

Die ineenstorting van kommunisme in Oos-Europa het met die val van die Berlynse Muur in 1989 begin en so gou as 1991 met die ontbinding van die Sowjet Unie uitgewoed. In sommige gevalle was dié transformasieproses vredig, maar in ander gekenmerk deur gewapende stryd en etniese en religieuse konflik. Die Verenigde State van Amerika is tans die sogenaamde '*superpower*'. Drastiese gebeure soos die katastrofiese aanval op die Wêreld Handelsentrum in New York op 11 September 2001 en konflikte daar rondom, het oorloë en politieke herposisionering tot gevolg wat die staatkundige wêreldkaart toenemend kan beïnvloed. (Owen, 2004:42). Kort op die hakke van die VSA volg China as die grootste opkomende moondheid.

2.4 BEVOLKINGSGROEI EN ETNIESE DIVERSITEIT

Die wêreldbevolking het oor die laaste vierhonderd jaar tienvoudig toegeneem. Die vermenigvuldigingseffek bepaal egter dat die grootste groei oor die laaste paar dekades moes plaasvind. Tog het faktore soos die vestiging van suksesvolle landboupraktyke sedert 8000 v.C. en beter mediese sorg wat die 18de eeuse tegnologiese ontwaking en industrialisasie meegebring het, 'n beduidende positiewe invloed op getallegroei gehad. Die wêreldbevolking word tans op meer as ses biljoen individue geraam. Druk op die natuurlike hulpbronne het dus teen 'n enorme pas toegeneem en grootskaalse verstedeliking is 'n direkte uitvloeisel daarvan. Daar is tans twintig wêreldstede met meer as tien miljoen inwoners elk waarvan vyftien in ontwikkelende lande is. Sosiale sisteme moes nie net noodgedwonge by dié nuwe omstandighede aanpas nie, maar verkeer as gevolg daarvan onder geweldige spanning. Dit het noodwendig bepaalde invloede op menslike gedragpatrone en waardesisteme tot gevolg.

Etnisiteit dui op 'n bepaalde vorm van menslike diversiteit en die gedeelde faktor van 'n etniese eenheid is die lede daarvan se gemeenskaplike herkoms. (Waar die saak van kultuur en religie aan die orde gaan kom, sal die verskynsel van etnisiteit in meer detail hanteer word.) Herkoms het te doen met die geografiese sowel as die genealogiese erfenis van 'n betrokke individu sowel as etniese eenhede. Geskiedkundige navorsing en biologiese data soos DNA-toetsing kan relatief maklik iemand se herkoms vasstel. Dit is egter die kulturele inhoud van etniese eenhede wat vir dié studie van groter belang is. Tans sal daar slegs kennis geneem word van die ryke verskeidenheid ten opsigte van etnisiteit. Die verskynsel van inheemse volke of groepe werp betekenisvolle lig op dié onderskeiding.



Die *Illustrated World Atlas* wat in 2004 gepubliseer is, maak die volgende geselekteerde indeling om 'n idee te gee van die verspreiding van inheemse bevolkingsgroepe:

Arkties	Alaska, Kanada, Groenland, Rusland	
	Finland, Swede, Noorweë	230 000
Noord-Amerikaans	VSA, Kanada	2,5 miljoen
Sentraal-Amerikaans	Mexiko, Sentraal-Amerika	13 miljoen
Suid-Amerikaans	Bolivia, Chili, Peru, Amasone	17 miljoen
Europees	Oos-Europese lande	12 miljoen
Asiaties	Saoedi-Arabië, Turkye, Irak, Iran, Sirië, Rusland, China, Indië, Suidoos Asië	174 miljoen
Afrika	Die hele vasteland	14 350 000
Eilandies	Suidsee Eilande, Australië, Nieu-Seeland	2 140 000

Gemelde areas huisves tans nog identifiseerbare etniese eenhede wat hul geskiedkundige agtergronde kan terugvoer na die tyd voordat moderne staatkundige kragte die huidige staatsbestel kon vestig. Hierdie etniese eenhede behou en koester steeds unieke kulturele en godsdienstige waardes en leefstyle. Die getalle wat aangegee word, is bloot 'n aanduiding van die hoeveelheid individue wat nog baie sterk etniese bande handhaaf.

Met moderne ontwikkeling op staatkundige, politieke, ekonomiese en tegnologiese gebied, het die leefstyle, tale en kulturele inhoude van baie van dié groepe in alle waarskynlikheid in die slag gebly. Baie is gemarginaliseer en onder druk. Nogtans slaag etlike van hulle in die handhawing en voortsetting van hul eie besondere manier van leef.



Die oorlewing en in sommige gevalle die florering van inheemse volke word hier slegs as illustrasie gebruik om aan te toon dat diverse etniese eenhede bestaan. Daar is naas inheemse volke ook talle ander etniese eenhede wat op grond van ander beginsels bestaan en funksioneer. Die Afrikanervolk wat oor 'n tydperk van ongeveer twee honderd jaar uit Nederlanders (34%), Duitsers (29%), Franse (25%) en nie-Europeërs (5%) ontwikkel het en gevolglik bepaalde kulturele goedere deel, is 'n voorbeeld daarvan. (Giliomee & Mbenga, 2007:70)

2.5 EKONOMIESE KRAGTE

Benewens geografiese, staatkundige en etniese diversiteit speel ekonomiese vermoëns en wanbalanse wat daar rondom bestaan ook 'n beduidende rol in mense se belewenisse van hul werklikheid. Die internasionale industriële uitset het gedurende die twintigste eeu vyftigvoudig toegeneem. Rykdom wat hierdeur gegenerer is, is deur 'n relatief klein gedeelte van die populasie gedeel en lei steeds na 'n al groter wordende gaping tussen ryk en arm. Die een persent rykstes in die wêreld ontvang 'n inkomste gelykstaande aan dié van sewe-en- vyftig persent armes aan die onderpunt van die welvaartsleer. Meer as 1,2 biljoen mense leef tans met minder as een Amerikaanse dollar per dag en 2,8 biljoen mense leef met tussen een en twee dollar. Ontwikkelende lande in Asië, Afrika en Suid-Amerika verteenwoordig vyf-en-sewentig persent van die wêreldbevolking, maar deel in slegs twintig persent van die inkomste. Die verdelende effek van ryk teenoor arm was nog altyd een van die mees sigbare polariserende faktore wat samelewings moes hanteer. In stede daarvan dat nuwe demokrasieë in ontwikkelende lande daarop uit is om welvaart vir almal te skep, is die kloof steeds besig om te verwyd. Selfs die sogenaamde ekonomiese middelklas kan in talle kategorieë volgens verskeidenheid van vermoëns verdeel word.



2.6 DIE TOTSTANDKOMING VAN DIVERSE VOLKE EN GROEPE

Die totstandkoming van diverse volke en groepe is skeppings- sowel as prosesmatig.

Prof. Michelle Ramsay, verbonde aan die *Department of Human Genetics* van die Universiteit van die Witwatersrand benader die verskynsel van verskillende volke en groepe vanuit 'n natuurwetenskaplike en sosiale perspektief. (RSG Joernaalprogram: *Praatsaam* 4/9/2009) Sy tref die volgende onderskeid ten opsigte van die oorsaaklikheid van dié verskeidenheid:

1. OMGEWING

Die geografiese omgewing waar mense woon, het 'n vormende invloed op hul fisiese voorkoms, lewensgewoontes, waardes en lewensfilosofie. Mense se liggame pas aan by klimaatsomstandighede. So ook hul kleredrag, taal, eetgewoontes, sosiale aktiwiteite en so meer.

2. TOEVALLIGE VERSKILLE

Afsonderlike groepe of volke beskik oor unieke genetiese materiaal waarvoor daar geen direkte verklaarbare oorsaak is nie, maar wat eie is aan daardie groep. Dit speel in op die voorkoms, lewenswyse, waardes en gebruike van 'n bepaalde groep en raak oor lang periodes gevestig. Daar kan van genotipiese verskille gepraat word.

3. STIGTERSEFFEK

Soms besluit 'n groep om op grond van bepaalde redes hulleself uit te sluit of af te sonder. Dié verwydering bring mee dat daar oor tyd sekere uniekhede binne



die groep ontwikkel.

4. GENEVLOEI

Geen groep kan in totale isolasie van 'n ander leef nie en daarom is dit onmoontlik om absolute skeidslyne te trek. Oor-en-weer trouery stel die lede van een groep bloot aan die genetiese beïnvloeding deur die ander. Op dié manier word nuwe genetiese materiaal benut ten einde nuwe eienskappe daar te stel.

Naas wetenskaplike oorsaaklikheidstudies is daar ook talle verhale oor die ontstaan van volke. Dié verhale is oorvertellings wat uiteindelik in antieke geskifte opgeteken is en wat elkeen 'n bietjie lig wil werp op die groot misterie van die ontstaan en bestaan van verskillende volke. Een so 'n verhaal is die Bybelse aartsvadergeskiedenis. Uit ander godsdienste en mitologieë is daar ook nog talle soortgelyke verhale. Die bekende Gilgamesh epos is 'n skeppingsverhaal naas dié van die Bybel. Vanweë die besondere aard van sodanige verhale kan daar nie veel relevante inligting uit geput word ten einde substansiële lig op die onderwerp van diversiteit te laat val nie. Daar kan slegs van kennis geneem word as interessante gegewens en menings.

Al dié verhale erken die feit dat daar 'n lang proses van vorming en posisionering was en dat daar bepaalde verskille én ooreenkomste tussen groepe bestaan. Die antropologie as wetenskap hou hom onder andere besig met die studie van die oergeskiedenis van die mensdom en die ingewikkelde prosesse van die ontstaan van verskillende etniese en ander groeperings.

3. DIE UNIEKE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING

Suid-Afrika is een van die min wêrelddele waar mense reeds byna twee miljoen jaar lank aaneenlopend woon, en waar die geologie en omgewingstoestande



boonop saamgespeel het om die bewyse hiervan te bewaar. In Noord-Europa en Asië het gletsers die verhaal van menslike verspreiding vir lang rukke onderbreek. In Australië het mense eers omstreeks 60 000 jaar gelede begin woon. In die Amerikas het mense maar sowat 14 000 jaar gelede hul intrek geneem. Moderne mense het geleidelik in die Middel-Steentyd tussen 200 000 en 100 000 jaar gelede ontwikkel, ook in Suid-Afrika. Vervolgens word die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse bevolking beskryf met die fokus op diversiteit.

3.1 HISTORIESE VERLOOP

Net meer as 2000 jaar gelede het jagter-versamelaars in Botswana mak skape en beeste by die Ystertydmense van Wes- en Sentraal-Afrika oorgeneem. Dié nuwe herders, die Khoi-Khoi, het op hul beurt self suidwaarts getrek, en het die Kaapse kus sowat 2000 jaar gelede bereik. In ongeveer dieselfde tyd het die eerste Bantoesprekende Ystertydmense suid van die Limpopo begin woon en vinnig tot in die oostelike helfte van die land beweeg. Teen 400 n.C. was hulle in Kwazulu-Natal, en teen 600 n.C. in die Oos-Kaap. Beide bogenoemde groepe het met inheemse San-jagter-versamelaars te doen gekry. Hierdie verskillende kulture is sodanig deur mekaar beïnvloed dat hul lewenswyses en -beskouings mettertyd verander is.

Toe 90 Europese werknemers van 'n Nederlandse maatskappy in 1652 'n verversingspos aan die Kaap kom stig, het sowat 75 000 Khoi-Khoi en San verspreid in die gebied gewoon.

Teen 1838 het die Britte, wat die Kaap aanvanklik in 1795 en weer permanent in 1806 beset het, rassediskriminasie en gedwonge arbeid – ook slawerny – afgeskaf. 'n Gemengde bevolking (sowat 70 000 van meestal Europese afkoms en 80 000 van meestal slawe-, vry swart en Khoisan-afstammeling) moes 'n werkbare en billike gemeenskap sonder slawerny begin bou. Op hierdie punt verlaat ongeveer 6000 Nederlands- en Afrikaanssprekende boere die kolonie en



trek die binneland in – 'n verwikkeling wat die geskiedenis van Suid-Afrika ingrypend sou verander.

Die inheemse stamme waarmee hulle in die binneland te doene sou kry, was almal deel van die Ngunisprekende Afrika mense. Suid-Nguni stamme het voor 1600 begin uitbrei en naburige stamme ingelyf. Die Thembu, Mpondo, Mpondomise, en Xhosa koninkryke is tot stand gebring en was teen die jaar 1660 goed gevestig. Die Noord-Nguni's het later as dié van die suide tot stand gekom en was deel van die Zulu koninkryk wat in die gebied tussen die Pongola- en die Tugelarivier woonagtig was. Hulle het bestaan uit die Mthetwa, Ndwandwe, Hlubi, Zulu, Khumalo, Bhele, Ngwane, Qwabe, Chunu en Thembu. Tussen Noord en Suid sowel as onderling was daar bepaalde verskille wat lewenstyl en -waardes betref, maar ook interaksie en gemene goed. Die Suid-Nguni's het byvoorbeeld die tradisionele besnydenis gehandhaaf terwyl dié van die noorde daarmee weggedoen het. Oor weidingsgebiede vir vee was daar dikwels konflik wat in stamgevegte uitgeloop het terwyl huwelike wat oor grense heen plaasgevind het, groepe nader aan mekaar gebring het. Ten spyte van interne segmentering en differensiering kan daar tog van 'n vroeë Afrika kultuur gepraat word wat fundamenteel verskil van dié van die Europeërs wat gedurende die sewentiende eeu en later as koloniste na Afrika gekom het.

Handel tussen veral Nederland en die Ooste tydens die sewentiende eeu het die suidpunt van Afrika op die wêreldkaart geplaas. Hoewel daar op daardie stadium geen gesogte grondstowwe of ander handelsware in Afrika beskikbaar was nie, was die ligging as ondersteuningspunt op die handelsroete van groot belang. Dié strategiese waarde was die rede waarom die Verenigde Oostindische Compagnie in 1652 'n verversingspos aan die Kaap gestig het. Immigrasie na die Kaap is uitgebrei toe 180 (en later nog 80) Franse Hugenote as gevolg van godsdienstige vervolging in Frankryk toegelaat is om in die omgewing van Franschhoek en Drakenstein te woon. In die agtiende eeu het die meeste immigrante uit Duitsland

gekom. Hulle was meestal oud-soldate en matrose en baie van hulle het saam met nie-Europese vroue gewoon. Die kinders wat uit dié verhoudings verwek is, is in die slawe- en Khoi-Khoi-gemeenskappe opgeneem. Ná die Napoleontiese Oorloë was daar 'n beweging in Brittanje om Britte in kolonies te vestig. Gedurende 1820 het 4000 Britte hulle in die Oos-Kaap gevestig. Omdat die meeste van hulle nie landbouers was nie, het hulle tot die handel en in beperkte mate tot industrieë toegetree wat hulle tot diep in die Afrika-binneland geneem het. Dit het 'n nuwe dinamiek aan koloniale uitbreiding ontketen.

Dit was veral dié vier immigrantegroepes, te wete Nederlanders, Franse, Duitsers en Britte wat die grondslag van die blanke bevolking in Suid-Afrika gevorm het. Dit is uit hulle dat die Afrikanervolk ontwikkel het.

Teen die einde van die 18de eeu het 'n nuwe gemeenskap bestaande uit Europese immigrante in die Wes-Kaap gestalte gekry. Daar was geen enkele vaderland waarmee almal hulle kon vereenselwig nie. 'n Onlangse studie het bereken dat die Afrikaners teen 1807 soos volg saamgestel was: Nederlands 34%, Duits 29%, Frans 25%, en nie-Europees 5%. Daar was gevoel dat dit 'n eie gemeenskap is – (Afrikaners en soms ook Christene), eerder as Nederlanders of Franse of Duitsers. In 1770 het adml. J.S. Stavorinus geskryf: "Hoewel die eerste koloniste hier uit verskeie nasies saamgestel is, het hulle mettertyd só volledig vermeng geraak dat hulle nie van mekaar onderskei kan word nie; selfs die meeste van hulle wat in Europa gebore is, en etlike jare al hier woon, het hul nasionale karakter vir dié van hierdie land verruil."

(Giliomee & Mbenga, 2007:70)

Hoewel godsdiens van meet af in die Kaap 'n belangrike rol gespeel het, was baie burgers nie kerklik betrokke nie. Dit was onder andere aan die geestelike



verwaarlosing van die Kompanjie te wyte. Daar is maar min Christelike gemeentes gestig. Sedert die 1790's het daar egter 'n geestelike ontwaking oor die kolonie gespoel. Dit het sodanige afmetings aangeneem dat 'n sekere reisiger tydens die 1830's die volgende uitlating gemaak het: "Die Afrikaners is beslis die Godvresendste mense op aarde." (Giliomee & Mbenga, 2007 : 94). Aanvanklik het dié toedrag van sake nie juis 'n sendingywer bewerkstellig nie, hoewel die *Zuid-Afrikaanse Zending Genootskap* in 1799 gestig is.

Oor verskillende tale en gelowe maak Giliomee en Mbenga die volgende opmerkings:

Die koms van die Britte in 1795 en toe weer in 1806 het groter pluralisme teweeg gebring. Die V.O.C. en die Gereformeerde Kerk het die Gereformeerde geloof en Nederlandse taal saam bevorder. Toe die Britte die Kaap in 1795 verower, het die Britse regering die Gereformeerde Kerk as staatskerk behou, en die Anglikane bygevoeg. Die Britte bewind het die Maleiergemeenskap ook die reg op openbare aanbidding gegee. In 1804 het die Bataviërs "die beskerming van die reg op 'n gelyke grondslag" gebied aan kerkverbande wat "'n Opperwese respekteer". Rooms-Katolieke en Jode het hulle nou ook aan die Kaap gevestig.

Britse oorheersing het 'n gees van Britse meerderwaardigheid op kulturele gebied teweeg gebring. Die Engelse taal het sterk opgang gemaak en so ook Engelse kulturele simbole soos klere, embleme, argitektuur en etiket. Toe die Britte teen 1814 formeel totale beheer oor die Kaap verkry het, was hulle vasbeslote om dit op Britse grondslag verder te ontwikkel. Dit was nie net die Engelse taal wat allerweë afgedwing is nie, maar ook die regstelsel, joernalistieke en onderrig-aangeleenthede. Die gevolg was natuurlik 'n sterk weerstand vanuit Nederlandse en Afrikaanse gelede. Teenoor die verengelsing wat deur Lord Charles Somerset, goewerneur aan die Kaap gedryf is, het die Afrikaanse koloniste 'n nuwe definisie van hul identiteit gesoek.



Benewens bogenoemde spanning het veral die grensboere in die Oos-Kaap nie veilig gevoel nie. Veediefstal deur Xhosas wat deur die Britse bewind aan die Kaap oor die Visrivier gedryf is, het telkens in gewelddadige skermutselings geëindig. Gebrekkige befondsing en min begrip aan owerheidskant om oplossings vir die probleme te vind, het polarisasie tussen die grensboere, Xhosas en owerhede tot gevolg gehad. Die verwydering wat dit teweeg gebring het, sou in tye wat kom steeds verhoudings vertroebel.

Twee strome Afrikanertrekkers het die Kaapkolonie in die tweede kwart van die negentiende eeu verlaat. Die eerste was die mense wat trekboere genoem is. Hulle het as individuele gesinne oor die grens getrek op soek na beter weiding. Die tweede stroom het saam in groepe vertrek en het politieke kwessies vir hul trek aangevoer. Hulle is later "Voortrekkers" genoem en hul trek staan vandag nog bekend as die Groot Trek. Dit was 'n dapper en dramatiese reaksie op 'n politieke krisis in die oostelike en noordoostelike distrikte van die Kaapkolonie van die middel 1820's tot die einde van die 1830's. Dit was 'n betreklik ordelike massarebellie teen die verbrokkeling van veiligheid en 'n situasie wat die trekkers as onhoudbaar beskou het. Teen 1845 het sowat 2300 gesinne of 15000 wit mense – bykans een vyfde van die kolonie se blanke bevolking – saam met sowat 5000 knegte vertrek. Die verskuiwing van blankes na die noorde het uitloop op die stigting van twee onafhanklike republieke te wete die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), ook bekend as die Transvaal (1852) en die Republiek van die Oranje Vrystaat (1854).

Die sogenaamde Groot Trek het nie die problematiek wat deur diversiteit aangevuur is vir wit oud-koloniste opgelos nie. Soos wat trekkergroepe die binneland ingetrek het, het hulle te doene gekry met swart volke uit Afrika. Die trekkers is as indringers beskou en die grondkwessie was dikwels die grootste bron van konflik. Hoewel daar eerlike pogings was om tot vergelyk te kom, was

die uitkomst van die konflikte soms katastrofies soos in die geval van Bloedrivier, die Retief-moorde en ander.

Vir die meeste Afrika gemeenskappe in Suider-Afrika het die negentiende eeu verwarring, konflik en ontwrigting ingehou. Ingrypende demografiese veranderinge was die grootste enkele oorsaak. Deur die Ngunisprekendes is hierdie transformasieproses die *Mfecane (Difacane)* genoem. Dit is veral deur ekonomiese kragte en gevolglike onderlinge wedywing gedryf en het uitgeloop op die volgende tradisionele groeperings in die binneland: Swazi's, Sotho's, Ndebeles, Pedi's, Taungs, Tlokwas en Suid-Tswanas. Die Zulu gemeenskap was grootliks in die huidige Kwazulu-Natal area gesetel.

Koloniale uitbreiding na die binneland onder Britse bewind het nie uitgebrei nie. In Mei 1844 is Natal by die Kaap as kolonie ingelyf. Dit het die suiker- en papierbedryf 'n hupstoot gegee, maar ook grondbesit gereguleer wat konflik met die plaaslike bevolking tot gevolg gehad het. Tot en met die middel van die negentiende eeu was die Suid-Afrikaanse samelewing deur en deur 'n landelike gemeenskap.

Die ontdekking van diamante in 1867 naby die huidige Hopetown het die Britte se aandag op die destydse Vrystaat gevestig. Die 1886-ontdekking van goud aan die Witwatersrand het dit verder noord geneem. Uit die aard van die saak het hierdie ingrypende toegevoegde waarde op die hulpbronne van die land nuwe energie op staatkundige, politieke en sosiale verbande losgemaak en die speelveld in 'n groot mate verander. Skielik was die suidpunt van Afrika veel meer aantreklik vir die wêreld en het Brittanje seker gemaak dat sy soewereiniteit aan die Kaap vir hom 'n geleentheid besorg het om die nuutgevonde rykdomme in die noorde ook vir haar majesteit te ontgin.

Dit is teen dié Britse imperialisme dat die twee Boererepublieke, die Vrystaat en Transvaal in opstand gekom het en wat uitgeloop het op die aanvanklike anneksasie van Transvaal en later die oorlogsverklaring teen Groot-Brittanje.

Die goudrif, waarvan George Harrison 'n deel op die plaas Langlaagte aan die Witwatersrand ontdek het, het Suid-Afrika in talle opsigte vir ewig verander. Die ontdekking van diamante en goud het die mynbedryf en 'n industriële revolusie van stapel gestuur. Diamante, steenkool, goud was alles dinge wat van groot ekonomiese belang vir die wêreldmag, Groot-Brittanje was. In Suid-Afrika het daar in die 50 jaar ná die vestiging van die goudmyne nuwe sosiaal-ekonomiese klasse ontstaan. In hierdie periode is daar magnate en swerwers, miljoenêrs en bankrotspelers, winkeliers en entrepreneurs gemaak. 'n Nuwe werkersklas het ook verskyn – een wat diep verdeeld was langs sowel kleur- as maatskaplike lyne. Dit is slegs in die werkplek waar swart en wit werkers sou ontmoet, en dan in voorafbepaalde en streng hiërargiese verhoudings.

(Giliomee & Mbenga, 2007:199)

Die ontplooiende mynbedryf waarbinne ekonomiese en politieke kragte die koers bepaal het, het teen die koloniale agtergrond polariserend op die gemeenskap ingewerk. Trekarbeid en goedkoop lone het die massas uit veral swart geledere in 'n ondergeskikte rol geplaas. So is 'n patroon vir die politieke ekonomie en die twintigste eeu geskep en is rassebewustheid en -diskriminasie verstewig.

Skerp reaksie teen verdere kolonialisasie het uitgeloop op die Suid-Afrikaanse Oorlog (Anglo-Boereoorlog) van 1899-1902. Dit was die mees vernietigende gewapende stryd wat Suid-Afrika ooit belewe het en selfs ná die vredesverdrag tot vandag, die mees betekenisvolle gebeurtenis wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis gevorm het.



Onder die leiding van president Paul Kruger was dit die strewe van die Zuid-Afrikaansche Republiek om die rykste goudbronne ter wêreld te gebruik tot die ontwikkeling van die Republiek. Groot Brittanje het egter aspirasies gehad om dié gesogte bronne by die magtige Britse koloniale ryk te skaar. Met die mislukte Jameson-inval het die slinkse plan van Cecil Rhodes, premier aan die Kaap om 'n houvas op die ZAR te kry, skipbreuk gely. Dit het tesame met botsende belange wat betref verskille in ideologieë en ander aspirasies die kloof tussen Boer en Brit nog meer vergroot. In 'n poging om die Britse magte op koloniale grondgebied te beveg en te keer, het die twee Boererepublieke tot oorlogverklaring oorgegaan. Eventueel het dié tragiese oorlog hom in die destydse Oranje Vrystaat, Transvaal sowel as dele van Natal die Kaapkolonie aangespeel. Die landelike bevolking het intens daaronder gely veral sedert vroue en kinders in konsentrasiekampe geplaas is en plaasopstalle en dorpe afgebrand is. Sommige groepe uit die swart bevolking het saam met boeremagte geveg, ander aan die kant van die Britse magte en ander het sonder om kant te kies, in opstand gekom teen die hele toedrag van sake. Die blanke bevolking was ook onderling verdeel. Hoewel die meeste bankvas agter die leiers van die twee republieke gestaan het, het ander gemeen dat Britse kolonies nie 'n slegte idee is nie. Sommige het nie kans gesien vir die oorlog nie en hulle agter Brittanje geskaar.

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die oorlog nie net vernietigend was nie, maar ook 'n drastiese polariserende uitwerking op die reeds verdeelde groepe in die land gehad het. Dit is die werklikheid waaruit Lord Milner as Britse goewerneur na die oorlog 'n werkbare kolonie moes probeer vestig.

Minderheidsregte en die strewe na groter selfbeskikking het gelei tot die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Dit het gepaard gegaan met talle konflikte veral waar dit kom by taal, grond, kultuur en sosiale posisionering. Ras en rasgelykheid was altyd 'n kwessie. Die Indiër-opstand, swart weestande en

die Afrikaner-rebellie sowel as verdelende sentimente ten opsigte van die Eerste Wêreldoorlog het spanning verder verhoog.

Sedert die einde van die Tweede Vryheidsoorlog was die Afrikaner begeester vir die opbou van die land en die vestiging van 'n nuwe volksbewussyn ondanks Britse oorheersing. Nuwe politieke en staatkundige aspirasies het meegewerk om te bou aan 'n nuwe bestel. Die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 was 'n sterk impuls vir die sogenaamde Afrikaner Nasionalisme wat deur politieke mag gedryf is.

Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n republiek geword. 'n Beleid wat toe *afsonderlike ontwikkeling* genoem is, was nie net op die wetboek nie maar in elke woon-, werk- en leefplek.

3.2 APARTHEID

Giliomee en Mbenga wys daarop dat die segregasiebeleid van Brittanje kort na die Anglo-Boereoorlog die weg gebaan het vir die apartheidsbeleid van die twintigste eeu. (Giliomee & Mbenga, 2007:227) Dit het egter eers behoorlik momentum gekry ná bogenoemde politieke veranderinge in die land.

Die beleid van *afsonderlike ontwikkeling* (apartheid) was op etnies-rassige beginsels geskoei. Die regering was uitsluitlik blank met geen stemreg vir persone van kleur nie. Staatkundig is afsonderlike tuislande vir die onderskeie swart bevolkingsgroepe geadministreer met aparte onderwys- en gesondheidsdienste in die res van die land vir nie-blanke inwoners. Vir swart mense was daar geen stemreg nie. Die afdwing van die paswette het die simbool van onderdrukking geword. Wat bedoel was om nasietrots en selfbeskikking te skep, het oor die algemeen eerder weersin en vyandigheidsgesindheid gewek.

Gedurende die middel sewentigerjare het die prys van apartheid te hoog begin word toe die ekonomie tekens van die onhoudbaarheid daarvan begin toon het. Suid-Afrika se diplomatieke posisie het ernstig begin skade ly en boikotte op verskillende terreine het die land begin lamlê.

In 1973 het die Verenigde Volke Organisasie se Algemene Vergadering apartheid as 'n misdaad teen die mensdom verklaar.

Intern het die weerstand teen apartheid ernstig begin toeneem, veral uit die geledere van swart bewussynsorganisasies op universiteitskampusse. Hierin het die *National Union of South African Students (Nusas)* 'n leidende rol gespeel. Ander soos die *South African Students Organisation* onder Steve Biko, die *Black People's Convention*, die *South African Students' Movement* en die *National Youth Organisation* sou spoedig volg. Dit sou egter 'n geruime tyd duur alvorens die bewustheid teen apartheid tot daadwerklike stryd sou oorgaan.

Die sewentigerjare is ingelui met talle stakings in die nywerheidssektor. Dit was veral op die swak vergoeding van laag geskoolde swart werkers gemik en het oorgegaan in die stigting van onafhanklike vakbonde.

Hoewel daar van wit kant al hoe meer 'toegewings' aan swart mense gemaak is, veral wat die opkomende swart professionele en arbeidsektor betref, moes hulle steeds sonder stemreg, politieke mag en bewegingsvryheid klaarkom. Die hele Suid-Afrikaanse ervaring van die jare sestigs en sewentigs was een van onervuldheid. In wit geledere was daar diegene wat die status quo wou handhaaf sowel as diegene wat ongemaklik was met die toedrag van sake. In swart (en gekleurde) geledere was daar diegene wat verlief geneem het met die situasie, maar ook hulle wat dit as uiters onhoudbaar beleef het.



3.3 DIE BEVRYDINGSTRYD

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die omstandighede in die land wat staatkundige en sosiale kwessies betref, ongunstig was. Die weerstand wat dit gewek het, was onhoudbaar en moes die een of ander tyd tot uitbarsting kom.

As weerstandsbeweging teen die onderdrukking van swart mense is die *South African Native National Congress* op 8 Januarie 1912 in Bloemfontein gestig. John Dube was die eerste president en die sentrale motief was die *uitbou van die regte van swart mense in die samelewing*. (www.anc.co.za). In 1923 is die naam verander na *African National Congress* en in 1961 is die militêre vleuel, *Umkhonto we Sizwe (Spies van die Nasie)* gestig. Laasgenoemde ontwikkeling is 'n aanduiding dat die modus operandi van 'n vreedsame aanslag verskuif het na 'n meer militante een.

Dit was teen hierdie agtergrond dat die latere president, Nelson Mandela en genote langtermyn gevangenisstraf uitgedien het op aanklagte van onder andere sabotasie en hoogverraad.

Weerstand uit die swart gemeenskap teen die regering en staatsdepartemente (veral die Suid-Afrikaanse Polisie) het ook weerstand teen Afrikaans laat ontstaan aangesien dit die taal van die onderdrukkende owerheid van die dag was. Verder is leerders in swart skole verplig om naas Engels ook in Afrikaans onderrig te word. Dít was die agtergrond waarteen die protesaksie in 1976 in Soweto plaasgevind het. Kinders het skoolbywoning gestaak en die strate ingevaar. 'n Dwase polisiekoëël het die dood van 'n swart seun, Hector Petersen, op 16 Junie veroorsaak en dit was die sneller wat grootskaalse onluste regdeur die land laat ontstaan het. Dié situasie het vir bykans twee dekades so aangegaan met toenemende druk op die owerhede. Die ANC in alliansie met *Cosatu (Congress of South African Trade Unions)* en die *SACP (South African Communist Party)* was

daarin onverbiddelik. Talle weerstandsorganisasies het ontstaan en die stryd het oorgegaan in 'n gewapende een. Al hoe meer druk het van die buiteland gekom en streng sanksies is ingestel wat die land op talle gebiede internasionaal geïsoleer het.

3.4 DIE NUWE DEMOKRASIE

Mnr. PW Botha het in 1978 die eerste minister van die land geword. Van sy kant het daar vir die eerste keer sedert die bewindoorname deur die eertydse Nasionale Party 'n redelike mate van welwillendheid en begrip jeens die gekleurde bevolking van die land gekom. Hy het die wiel aan die rol gesit vir die veranderinge wat sou kom. Dit was egter onder mnr. FW de Klerk as president dat die onderhandelinge wat alreeds 'n lang pad gekom het, vrugte afgewerp het. Die onderhandelingsforum, *Convention for a Democratic South Africa* (Codesa) wat geskep is, het benewens beplanning rondom 'n oorgangsproses reeds aan 'n nuwe grondwet begin werk. Vanaf 26 tot 28 April 1994 is die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou met die ANC as oorwinnaar. Mnr. Nelson Mandela is op 10 Mei 1994 as president ingehuldig met mnre. FW de Klerk en Thabo Mbeki as adjunkte.

Die sogenaamde Mandela-era het met 'n gees van versoening weggespring wat deur sy persoon versinnebeeld is. Hy was 'n charismatiese leier wat grense oorbrug en vooroordele uit die weg geruim het. Sy voorbeeld van vergifnis en versoening het 'n gees van vertroue en morele herstel in die land aangewakker.

Ná die 1999 verkiesing is mnr. Thabo Mbeki as president ingehuldig. Die euforie van die groot bevryding onder Mandela was verby en die nuwe president het homself onderskei met 'n beleid van gesonde ekonomiese groei en sterk leiding op die vasteland. Gedurende die byna twee termyne wat hy aan bewind was, was die land oor die algemeen stabiel met 'n groot mate van welvaart. Misdaad was

sekerlik die een groot krisis wat die hele samelewing benoud gelaat het en die werkloosheids- en armoedeprobleem het net groter geword.

Ten spyte van twyfelagtige gedrag en verskeie geregtelike aanklagte teen hom, het die deurwinterde ANC hoofleier, mnr. Jacob Zuma op die voorgrond begin tree. Sy goeie verhouding met die man op straat, sy besondere charisma en die lojale ondersteuning van veral die ANC jeugliga het van hom die volgende suksesvolle presidentskandidaat gemaak.

Interne politiek in ANC kringe het Mbeki genoop om as president uit te tree en mnr. Jacob Zuma is in 2009 tot derde swart president van die land verkies. 'n Verdere ontwikkeling was 'n radikale skeuring en die stigting van 'n nuwe party wat weer eens wys op verreikende verskille in denke en strewes.

3.5 DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE

Die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) is in 1995 geskep om menseregteskendings sedert 1960 te ondersoek. Aan persone wat bekentenisse maak ten opsigte van onregmatige optrede gedurende die jare van apartheid, kon amnestie verleen word. 'n Verdere taak van die kommissie was om versoening en eenheid onder Suid-Afrikaners te kweek. Aartsbiskop Desmond Tutu is as voorsitter aangewys. Volgens sy mandaat moes die WVK onpartydig wees, maar vanweë sy ongebalanseerde samestelling en die emosionaliteit van die onderwerp, het dit nie tot sy reg gekom nie. Getuienislewering was eensydig en die wyse waarop daarmee gehandel is, ook.

In stede daarvan dat die WVK versoenend moes optree, het dit eerder agterdog gewek en dus nie veel bygedra tot die morele herstel van die land nie. Kritiek het van beide kante van die spektrum gekom. Die grootste sukses van hierdie oefening was waarskynlik die geleentheid wat geskep is om ontlading van emosies

te bewerkstellig. Dit het tog 'n mate van genesing gebring wat 'n waardevolle moment vir die gees van die nasie was.

3.6 DIE NUWE GRONDWET

Gedurende die vroeë negentigerjare het die destydse regering en die ANC ooreengekom op 'n onderhandelde politieke skikking. Die proses van samewerking is egter deur talle verskille en ongelukkige insidente gestrem. Dit het 'n demper geplaas op die ideaal om 'n nuwe grondwet daar te stel.

Eers ná die demokratiese verkiesing van 1994, is die nuwe grondwet as Wet 108 van 1996 op 8 Mei 1996 goedgekeur. Gesien teen die agtergrond waaruit dit gebore is, is hierdie sekerlik een van die grootste hoogtepunte, indien nie die heel grootste nie, van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot op hede. Die aanhef tot die Grondwet adem die gees en die bedoeling daarvan:

Ons, die mense van Suid-Afrika,

Erken die ongeregtighede van ons verlede;

Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;

Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en

Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.

Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde –

Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;



Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;

Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en

'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Mag God ons mense beskerm.

Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.

God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.

Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.

(Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996:1)

Oor taal, kultuur en godsdiens bepaal die Grondwet soos volg:

Taal en kultuur

Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe

(1) Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap –

(a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en

(b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.

(2) Die regte in subartikel (1) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

(Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996:16)

3.7 KOMMISSIE VIR MENSEREGTE

'n Belangrike deel van die Grondwet is die Handves van Menseregte wat die hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika uitmaak waarvolgens die staat verantwoordelik gehou word om alle regte van mense volgens die Handves te respekteer, te beskerm en te bevorder. Hoofstuk 9 van die Grondwet bepaal egter dat die uitvoering van die wet nie net die taak van die staat en individue is nie, maar ook dié van onafhanklike organisasies. Die Kommissie vir Menseregte is in 1995 gestig om toe te sien dat die bepalings in die Grondwet rakende menseregte in die samelewing tot sy reg kom.

Dit is teen die agtergrond van menseregtevergrype in die verlede dat dié organisasie die volgende missiestelling nastreef:

The SAHRC is a national institution established to entrench constitutional democracy through the promotion and protection of human rights by:

- Addressing human rights violations and seeking effective redress for such violations*
- Monitoring and assessing the observance of human rights*
- Raising awareness of human rights issues*
- Educating and training on human rights*

(www.sahrc.co.za)



Die bestaan van dié kommissie wys daarop dat die werk van die WVK sowel as die aanvaarding van die nuwe grondwet nie die alfa en omega van die transformasie in die land is nie.

3.8 BEVOLKINGSAMESTELLING : STATISTIESE GEGEWENS

Die amptelike nasionale sensus van 2001 onderskei die volgende vier bevolkingsgroepe in die Suid-Afrikaanse konteks: blank, bruin, Indies/Asiaties en swart (Black, Coloured, Indian or Asian and White) in die huidige Suid-Afrikaanse gemeenskap. Hierdie onderskeid is nie rassisties-diskriminerend van aard nie, maar berus op die vrywillige klassifikasie van respondente self.

Volgens genoemde sensus sien die bevolkingsamestelling soos volg daar uit:

Blank	4 293 638
Bruin	3 994 511
Indies/Asiaties	1 115 467
Swart	35 416 164
Totaal	44 819 779

3.9 DIE SUID-AFRIKAANSE BEWUSSYN EN ERVARING

Vervolgens word 'n vlugtige oorsig oor 'n algemene Suid-Afrikaanse ervaring aangebied:

Dit sou onverantwoordelik en onvolledig wees om nie bogenoemde historiese, politieke en sosiale agtergrond in ag te neem by die besinning oor diversiteit nie. Diversiteit gaan nie oor 'n momentele oriëntasie ten opsigte van 'n bepaalde gegewenheid nie, maar veronderstel 'n dinamiese proses wat deur talle kragte veroorsaak, gedryf en beïnvloed word.



Om van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse bewussyn of ervaring ten opsigte van diversiteit te praat, is bykans 'n onmoontlike saak, juis vanweë die diversiteit. Die huidige situasie vra ons aandag terwyl daar deeglik met die geweldige dinamika van die verlede rekening gehou moet word.

Dat daar oor lang tye verwydering tussen groepe was wat op agterdog en selfs vyandigheid uitgeloop het, is duidelik. Daar was ook welwillendheid en samewerking. Tans is daar 'n veel groter mate van aanvaarding en respek. Hoewel minderheidsgroepe meer op die agtergrond verkeer en meerderheidsgroepe 'n geneigdheid het om met groter selfvertroue op te tree, is daar oor die algemeen rustigheid in die gemeenskap.

Tendense wat kommer wek is die groot voorkoms van korrupsie, misdadigheid van verskillende aard, samelewings- en gesinsgeweld, werkloosheid, armoede, siekte-epidemies en wetteloosheid. Selfs onder die hoë lui soos politici, amptenary, sakemense, sportpresteerders en ander openbare figure kom misdadigheid in 'n te groot mate voor. Die vertroue in die regstelsel het as gevolg van vergrype en korrupsie begin kwyn. Van integriteit en moraliteit is daar weinig sprake. Die welvaart van die afgelope paar jaar sowel as nuwe geleenthede het 'n materialistiese ingesteldheid by baie mense gewek. Dit het dikwels ontaard in wanpraktyke ten koste van ander en eie morele verantwoordelikhede.

Daar bestaan gegronde kritiek op die land se onderwyssisteem, landsadministrasie, plaaslike owerhede, gesondheidsdienste, veiligheidsdienste en die landbou. Die grondhervormingsproses is in chaos en plaasmoorde kom steeds voor. Baie kundigheid beweeg uit die land na groener wevelde weens wantroue in die plaaslike omstandighede en min hoop vir 'n beter toekoms.

Gesien teen die agtergrond van 'n moeisame pad van transformasie en talle suksesse wat behaal is, is bogenoemde ervaring van die werklikhede in Suid-Afrika



tragies. Alle ervarings is egter subjektief van aard. Afhangende van 'n mens se ingesteldheid, sal die huidige Suid-Afrika dus positief of negatief of as 'n mengsel van positief en negatief ervaar kan word.

4. VERSKILLENDE GODSDIENSTE EN HUL VERHOUDING MET MEKAAR

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika waarborg godsdienstvryheid met die volgende klousule:

Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdienst, denke, oortuiging en mening.

Ons kan dus praat van 'n sekulêre staat waar geen godsdienst bo 'n ander bevoorreg word nie.

Volgens die South African Christian Handbook lyk die godsdienstverspreiding soos volg:

Christene	35 760 358
Judaïste	75 555
Hindoes	551 669
Moslems	654 064
Oosterse godsdienste	7 395
Ander gelowe	417 864
Geen godsdienst/nie aangedui	7 352 875
Totaal	44 819 780

Elke godsdienst wat in Suid-Afrika nagevolg word, het sy eie unieke verhaal van herkoms en plaaslike vestiging. Getrou aan sy internasionale karakter en inherente aard het dit ook sy eie morele uitgangspunte en betekenis. Om die verskillende



religieuse groepe in die land te verstaan, is dit dus nodig om kortliks by elkeen stil te staan. Gevolglik word die belangrikste morele lyne van elke tradisionele godsdiens wat in die land verteenwoordig word vanuit 'n godsdienswetenskaplike benadering vermeld. Dit word in alfabetiese volgorde gedoen. Die gesaghebbende publikasies, *Suid-Afrika, land van baie godsdienste* onder redaksie van Prof Piet Meiring en *The World's Religions* deur R Pierce Beaver e.a word as primêre bronne gebruik.

4.1 BOEDDHISME

Volgens hierdie godsdiens neem elke persoon verantwoordelikheid vir sy of haar daade, woorde en gedagtes (*body, speech and mind*) en dit het goeie gedrag tot gevolg.

If a man speaks or acts with an evil thought, sorrow follows him even as a wheel follows the foot of a drawer ...

If a man speaks or acts with a pure thought, happiness follows him, like a shadow that never leaves him.

(Radhakrishnan)

Boeddhiste is van oortuiging dat geen intensie ooit onnodig of sinloos is nie ongeag of dit goed of kwaad, privaat of openbaar is nie. Alle mense bevind hulle in die een of ander fase van hul persoonlike ontwikkeling. Dít is 'n belangrike onderdeel van die leer van *karma* wat wil hê dat 'n mens maai wat jy saai, of dit nou tydens die aardse lewe is of daarná. Daar is ook aanvaarding van sosiale verantwoordelikhede. Vir die Boeddhis gaan dit oor 'n innerlike persoonlike oortuiging om in die gemeenskap betrokke te wees eerder as oor verwagtinge en druk van buite. Die stigter-leier van Boeddhisme, Gautama Boeddha het nooit wette of gebooie op sy volgelinge gelê nie soos 'jy mag nie steel nie'. Hy het wel



gesê: 'Dit is wys om nie te steel nie'. Nogtans is dit interessant dat hy tien huishoudelike voorskrifte neergelê het.

Boeddhiste is geneë om gretig na die raad van ander te luister, selfs dié van persone uit ander geloofstradisies. Solank die raadgewer as 'n wyse persoon beskou word.

Hierdie godsdienstig-filosofiese lewenstyl sluit nie net moraliteit (*sila*) in nie, maar ook die praktyk van meditasie (*samādi*) en die doelgerigte ontwikkeling van wysheidsdenke (*prajñā*). Laasgenoemde het 'n wêreldbeeld in die oog wat geskoei is op die vier 'noble truths' eie aan Boeddhisme waar die Boeddha gesien word as 'n dokter wat die menslike toestand beskryf, die oorsake daarvan identifiseer, die pasiënt gerusstel dat genesing in die vooruitsig is en die medikasie voorsien. Dit vind uitdrukking in die volgende vier fases:

1. Die lewe word gekenmerk deur lyding (*dukkha*)
2. Die oorsake van lyding is begeertes (*tanhā*)
3. Die lyding kan aangespreek en gestop word (*nirodha*)
4. Die wyse waarop dit gestop word, is die agtvoudige pad (*magga*)

Peggy Morgan beskryf laasgenoemde as volg:

Kennis en insig – Korrekte verstaan van die werklikheid.

Aspirasies – reiniging van die gees deur onselfsugtigheid en medelye.

Woord en spraak – napraat van die waarheid en nastreef van vrede.

Daad en gedrag – respek vir lewe, teen misdaad, rein seksuele gedrag, nie afhanklik van skadelike substansies.

Lewensonderhoud – respek vir ander, nie ander skade berokken.

Inspanning – Nastreef van alles wat goed is en verwerping van die kwaad.

Bedagsaamheid – Totale ingesteldheid op die aksies van liggaam, spraak en gees.

Konsentrasie/meditasie – Inoefening van die gees deur al die vlakke van meditasie.



Hoewel senioriteit in eie geleedere en demokrasie gerespekteer word, streef Boeddhiste na besluite wat op konsensus geskoei is. Daar bestaan geen outoritêre figuur nie en uitsprake van byvoorbeeld die Dalai Lama dra geen bindende gesag nie. Tog word diegene wat ver op die pad van verligting gevorder het, se opinies hoog aangeslaan.

Boeddhisme erken en respekteer diversiteit:

Buddhists believe that everyone has different potentialities, but that everyone is somewhere on the path of enlightenment. People have a great deal of control over their lives and can choose the direction in which they want to grow. For Buddhists, wisdom (*panna/prajñā*) is more important than cleverness, giving (*dāna*) more important than obtaining possessions, and loving kindness (*metta*) more important than hatred and aggression. Some people are thought to be at a higher spiritual stage than others, and these people are honoured. In human society the different kinds of people are like different limbs of the body or different members of a family, all dependent on each other. Even the separateness of complementary parts is, however, in the end an illusion. There is no eternal self or self-contained ego, and everyone is finally united in what Mahayana Buddhists call their Buddha Nature.

(Morgan & Lawton, 1996:82)

Om die werklikheid te verstaan soos wat dit is, is 'n fundamentele soeke en strewe. Dit word *dharma* genoem. Dié waarheid, word geglo, is nie eiendomlik slegs aan Boeddhiste nie. Ander mense kan dit ook bekom en ander godsdienste streef dit ook na. Daar bestaan nie 'n persoonlike godheid nie, maar eerder 'n groter werklikheid wat die *Ultimate Reality* genoem word. Ander godsdienste is

dus eintlik maar net besig om ook dieselfde werklikheid te hanteer, maar vanuit 'n ander hoek.

Geen onderskeid word tussen verskillende rasse getref nie. Dit is deur 'n verklaring van die *Green Buddhist Declaration* tydens die *World Fellowship of Buddhists* in Colombo gedurende 1984 beklemtoon. Hiervolgens word nasionalisme en rassisme as vorme van gierigheid, haat en misleiding beskou. 'n Bondgenootskap is by dié geleentheid met die Verenigde Nasies gesluit ten opsigte van die gedeelde strewe om nasionale grense oor te steek en die mensdom in 'n groter en vreedsame geheel te verenig.

Alle mense is gelykwaardig ten spyte van verskille soos nasionaliteit, kleur, godsdien, sosiale stand, intelligensie en fisiese voorkoms. Al hierdie dinge is uiteindelik tydelik en 'n blote illusie. Alle lewe is in beweging (*sansara*) tussen geboorte en dood en dus uitgelewer aan dieselfde tydelikheid (*anicca*) en lyding (*dukkha*) om uiteindelik by verligting (enlightenment) en geluksaligheid (*nirvana*) uit te kom. Mag, vaardighede, rykdom en die velerlei van vermoëns waarvoor mense mag beskik, is in die meeste gevalle eerder struikelblokke as voordele en moet van afstand gedoen word ten einde op koers te kan bly. Wat egter saak maak, is 'n persoon se toewyding (*commitment*) ten opsigte van goeie daede, woorde en gedagtes. Hoe meer iemand verlig (*enlightened*) raak, hoe meer geneig is hy om sy medemens as sy gelyke te beskou en te behandel. Respek en liefde is dan nie meer beperk tot persone wat na aan jou staan soos familie en vriende nie, maar word teenoor almal uitgeleef.

4.2 CHRISTENDOM

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die rede waarom Christene poog om moreel goed te leef (teologies begrond), nie 'n manier is om in God se guns te kom of selfs hul saligheid daardeur te wil verdien nie. 'n Lewe in gehoorsaamheid



en in toewyding aan God is hoogstens 'n poging om dankbaarheid te betoon. Christene glo dat God se liefde in die dood en opstanding van Jesus Christus gestalte vind. Hierdie heilsgebeure het die gevallenheid van die mens deur die sonde oorkom en reggestel. Wanneer mense besef dat God hulle liefhet ongeag en desnieteenstaande hul sondige aard en gedrag, reageer hulle met waardering en vreugde. Dit vorm dan die basis van hul morele gedrag. Kortliks kom dit daarop neer dat die Christen nie God se goeie guns en liefde kan verdien nie. 'n Heilige lewe wat uit goeie werke bestaan, is die gevolg van 'n besef van dankbaarheid. Dít is die rede waarom Christene die geboorte soos in die Bybel aan hulle voorgelê word, gehoorsaam en in navolging van Jesus Christus leef. 'n Verdere toetssteen of 'n Christen eties reg leef is die vraag of sy gedrag in ooreenstemming met die wet van liefde is. Die Christelike eis van liefde vir alle mense wat selfs jou vyande insluit, is die norm waarvolgens gedrag bepaal word. Die liefde sluit egter nie die geregtigheid uit nie. Dit is juis deur die liefde dat geregtigheid tot sy reg kom. Die onderrig van Paulus in 1 Korintiërs 13:4-7 vorm die sentrum vanwaar die Christen se gedrag kom, naamlik die liefde:

"Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boeke van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."

Dit is egter by al drie die sinoptiese Evangelies dat die liefdesgebod as kernwaarheid en -eis deur Jesus self gestel word:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en jou hele verstand en met al jou krag. En jou naaste soos jouself."

(Mat.12:29-31; Mark. 22:37-39; Luk. 10:27-28)



Die ander Evangelieskrywer, Johannes, beklemtoon die feit dat die liefde wat van 'n Christen verwag word, nie 'n menslike strewe is nie, maar 'n gawe wat van God ontvang word en met ander gedeel moet word:

"Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde." (1 Jon. 4:7, 8)

"Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het." (1 Joh. 4:19)

Die grondslag vir 'n morele lewe vind die Christen in die wet van God wat by Eksodus 20 en Deuteronomium 5 opgeteken is, maar ook in die Nuwe Testament tot sy reg kom. Die sogenaamde ou gebod verwys na die wet en die nuwe gebod na Jesus Christus in wie die wet sy volle betekenis kry. Die apostel Johannes bring die twee bymekaar:

"Geliefdes, dit is nie 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die boodskap wat julle gehoor het. Tog is dit ook 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle, want die duisternis is aan die verbygaan, en die ware lig skyn alreeds. As iemand beweert dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer, is hy nog steeds in die duisternis. Wie sy broer liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie. Maar wie sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis en weet nie waar hy gaan uitkom nie, omdat die duisternis hom blind gemaak het. (1 Joh. 2:7-11)

Paulus bou hierop voort:

"Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet." (Rom. 13:10).

Liefde is God-geïnspireerd en het die medemens sowel as die hele skepping in die oog. Die Christen kan dus sy morele besluite, keuses en dade kontroleer deur telkens die vraag te vra: Is dit ooreenkomstig die gebod van die liefde?

Dit is teen hierdie agtergrond dat die individu besluite neem en keuses uitoefen. Trevor Shannon gee toe dat dit selde gebeur dat 'n individu genoegsame tyd, helderheid van verstand en al die nodige bronne sal aanwend om 'n behoorlike etiese besluit te neem. Onder ideale omstandighede sal 'n Christen min of meer die volgende stappe neem om by 'n beslissende besluit uit te kom:

A Christian will pray for guidance. In doing this she or he is demonstrating a belief that God can guide the individual through the Holy Spirit, which Jesus promised the disciples would guide them into 'all the truth' (John 16:13). He or she also demonstrates the belief that God's Holy Spirit can speak to people through their consciences. No one, of course, can prove that they are right being guided by the Holy Spirit, nor that their conscience is properly informed. This qualification is an important part of Christian humility. Further, all Christians believe that the Bible is in some sense the Word of God, and that as such it is a proper source of guidance. Different Christians use and interpret the Bible in different ways. Some see it as an infallible guide. Others say that the moral teaching of the Bible must be studied in its context, and then applied to particular circumstances.

In making a decision the Christian may also look to traditional teaching on moral issues. Such teaching does not exist on all moral issues and often it is the traditional teaching of one part of the Church. For example, there is clear guidance for Roman Catholics on the question of contraception and abortion, whereas Christians of other traditions may have no precise teaching from their leaders. Once again Christians

believe that God's Holy Spirit guides them, in this case by working through the tradition of their Church as a body rather than through individuals.

(Morgan & Lawton, 1996:177)

Dit is dus duidelik dat die morele verstaan binne die Christendom, hoewel Bybels geïnspireerd, dikwels nie eenstemmig is nie. Verskille berus grootliks op bepaalde Skrifbeskouings en hermeneutiese uitgangspunte en uitkomste. Aan die een kant is daar die sogenaamde absolutiste, tradisionalistes, konserwatiewes, fundamentaliste en aan die ander kant die radikales, situasioniste, liberaliste. Die bestaan van verskillende kerke en ander Christelike organisasies is 'n bewys van diversiteit binne die Christelike geloofsomgewing. (Henrard, 2001:52-72)

4.3 HINDOEÏSME

Hindoes maak daarop aanspraak dat dit 'n lewenstyl is om 'n Hindoe te wees. 'n Mens word een gebore en daarom word daar bykans geen poging aangewend om buitestaanders in dié godsdien in te lyf nie. Tog is enigeen welkom. Daar word dus sterk gesteun op hul oorgeërfde geloofstradisie en die gewoonte dat 'n mens van kindsbeen af daarin groei. Siende dat dit 'n natuurlike proses is, is daar nie sprake van 'n geloofsverbintenis soos by die meeste ander godsdienste die geval is nie. 'n Hindoe hou ook nooit op om een te wees nie, selfs al sou hy ophou om tradisionele klere te dra, aan hul besondere eetgewoontes te voldoen en selfs hul godsdienstige rituele en gebruike te staak. Slegs wanneer daar daadwerklik na 'n ander godsdien soos die Christendom of Islam oorgegaan word, word jou verbintenis met die Hindoe religie opgehef.

Hierdie is na my mening 'n belangrike insig om van kennis te neem aangesien dié besondere religie baie diep gewortelde waardes het wat rigtinggewend is vir die morele oriëntasie en gevolglike praktiese lewenstyl van die deelnemers.



Anders as by ander godsdienste is daar by Hindoeïsme geen sprake van 'n sentrale gesag of dogma wat afkomstig is van 'n geestelike instansie, persoon of skriftuurlike bron nie. Die Vedas wat uit 1200 v.C. dateer is wel belangrike geskifte, maar dra min gewig aangesien verreweg die meeste Hindoes nie eens daarvan bewus is nie. Hindoes se godsbegrip is vaag en aanhangers van dié religie het ooreengekom om te verskil oor die grondbeginsels van hul geloof. Dus word hul etiese grondbeginsels gekenmerk deur oneindige pluraliteit.

Soos by alle ander religieë is Hindoeïsme gemoeid met die verhouding tussen die menslike en die geestelike. Geen onderskeid word gemaak tussen gelowiges en ongelowiges (of navolgers en nie-navolgers) nie hoewel daar groot respek bestaan vir diegene wat ver op die geestelike pad gevorder het.

Die kern uitgangspunt van dié godsdiens is dat dit hom besig hou met die wêreld as deel van die heelal en met die plek en rol van die individu in dié groter konteks. Menswees word verstaan as sigbare en onsigbare verbintenisse met die geskape werklikheid, of dit nou gode, mense, diere, plante of ander vorme van lewe of materie is. 'n Groter mag, die 'Skeppende Mag' (*Creative Force*) word deur die meeste aanhangers erken.

Vanuit 'n etiese oogpunt is hierdie verbintenisse (*interlinkedness*) waarin almal, bewustelik óf onbewustelik betrokke is, die dringende motief om 'n positiewe gees en gesindheid ten opsigte van die welwese van alles en almal te verseker. Dit versterk die konsep dat alle aktiwiteite konsekwensies het (*karma*) en dat alle materie, lewend en nie-lewend, deel van die werklikheid uitmaak. Dit vorm die onderbou van die konseptualisering van menswees en gevolglike verantwoordelike gedrag.

Antieke Hindoe denke sentreer rondom die idee van harmonie en orde (*rita*) waarin natuurlike ritmes soos die opkoms en ondergaan van die son, kom en gaan

van seisoene, die sikliese gedrag van die maan en so meer die persepsie van 'n onsigbare kreatiewe mag laat tuiskom. Die handhawing van kosmiese balans word as gevolg van dié harmonieuse gegewe, die belangrikste menslike doelwit. By wyse van talle rituele, word daar uiting aan hierdie lewenskonsepte gegee.

Dit is egter van wesenlike belang om kennis te neem van die mees sentrale Hindoe konsep, naamlik regverdigheid (*dharma*) wat die individu aanspoor om ook in alles regverdig te wees. Daar is verskillende maniere hoe 'n mens op dié pad kan loop: Jy kan besluit om 'n goeie lewe te ly, om voortdurend die regte besluite te neem en om teen die bose te stry. 'n Alternatiewe pad is dié van geestelike dissipline, die weg van kennis, of joga, of die verwerping van jou natuurlike begeertes en behoeftes.

Moksha is die hoogste gevolg van alle dinge, die leer van hoe alles uiteindelik bepaal moet word. Dit dui op die vrywording en verlossing waarin die mens dan een word met die goddelike wese.

'n Voormalige president van Indië, mnr. Radakrishnan het op 'n vraag oor wat Hindoeïsme behels, soos volg geantwoord:

"Dit is veel meer 'n uitdrukking van ons kultuur as van ons geloof, dit het veel meer te make met hoe ons leef as met wat ons glo."

4.4 ISLAM

Islam is al deur verskeie kundiges beskryf as 'n uitsonderlike lewenswyse (*way of life*). Ten grondslag van hul religieuse ervaring is God (*Allah*), die Skepper (*khaliq*), Onderhouer (*rassāq*), en Almagtige (*mālik*). Islam is dus 'n monoteïstiese godsdienst. 'n Lewe van toewyding aan Allah beteken om 'n getuie (*shahāda*) vir hom te wees, sy wil te aanvaar, sy dienskneg (*'abd*) en vertroueling (*khālifa*) te wees. Laasgenoemde impliseer 'n besondere verantwoordelikheid ten opsigte van die totale geskape werklikheid en dit vorm die prinsipe van die Moslem se lewens-



en wêreldbeskouing. Mashug ibn Ally vergelyk dit metafories met 'n heer wat sy landgoed aan die sorg van sy vertroueling oorlaat. Vier voorwaardes geld: die eiendom bly die besitting van die landheer; die landgoed word bestuur volgens die voorwaardes van die eienaar; die bestuurder voer sy gesag oor die landgoed uit volgens die magte aan hom toevertrou ; die bestuurder dwing die wil van die eienaar af en nie sy eie nie. Dit het tot gevolg dat die vertroueling enersyds die blaam sal dra wanneer daar nie aan die eienaar se verwagtinge voldoen word nie en andersyds beloning van hom sal ontvang indien hy suksesvol is in sy taak. (Morgan & Lawton, 1996:220)

Islam etiek is 'n saak is van verantwoordelikheid aan die een God, genaamd Allah. Dit geld vir die individu sowel as die groep.

Die bron waaruit Moslems kennis oor God en leiding ten opsigte van menslike gedrag put, is die Qur'ān. Dié boek dra goddelike gesag en is die direkte openbaring van sy wil oor alles op aarde asook vir die hiernamaals. Dit gee aandag aan al die geloofsaangeleenthede wat strek oor tyd en ewigheid; die enigheid van God (*tawīd*), apokaliptiek (*wahī*), profesie (*risāla*), geloof in lewensvorme buite ons begrip (*gayb*) en lewe na die dood (*'akhira*). Dit omvat ook die fundamentele etiese institusie van die religieuse lewe: aanbidding (*'ibāda*), die vas (*saum*), barmhartigheid (*zakat*), en die pelgrimstog (*hajj*). Verder bring dit universele religieuse norme en waardes aan die lig: geloof (*imān*), die bewussyn oor God (*taqwa*), geregtigheid (*'adl*), erns oor die lewe (*ikhlas*), vertrouwe in God (*tawakkul*), wysheid (*hikma*), genade en meegevoel (*rahma*), hoop (*shajā'a*), boetvaardigheid (*rahma*), moed (*rajā*), vrees (*khawf*) en geduld (*sabr*).

Die Qur'ān maak gebruik van literatuurvorme soos allegorie en geskiedskrywing om Moslems te inspireer en te motiveer tot 'n rein morele lewe. Wanneer ondeugde geduld word, gee dit aanleiding tot boosheid (*munkarāt*); wanneer waardes bevorder word, bring dit goedheid (*marúfāt*) mee. Die Qur'ān is nie beperk tot 'n stel reëls ten opsigte van goed en kwaad nie, maar lê eerder 'n



skema neer waarvolgens die goeie oorwin en die kwaad nie toegelaat word om menslike lewe te skaad nie.

Dit is hierdie morele verantwoordelikheid om te ywer vir die soewereiniteit van God, die nastreef van dit wat goed en reg is, die handhawing van balans en orde wat die etiese goddelike wil vir die mense impliseer. Die ganse mensdom is die objek van morele handeling en die heelal is die domein waar God se norme geld. Ewe belangrik is die toerekenbaarheid van die mens ten opsigte van God tydens die laaste oordeel waar die mens voor God verantwoording sal moet doen vir sy dade. Dít is die werklike motivering agter die morele oriëntasie van Islam.

Oor outoriteit verwoord Ibn Ally sy siening soos volg:

“Islam is not a faith of isolation or a faith which encourages monasticism. Its moral order demands an ethical system of the divine trust at the individual level; it also demands that this task be fulfilled with the assistance and co-operation of other human beings. This involvement with other human beings is what is meant by *ummatism* (community).” (Morgan & Lawton, 1996:222)

Moslem gemeenskappe is nie geslote vir die menings en insette van ander geloofsoortuigings of sekulêre instellings wanneer dit kom by gemeenskaplike etiese sake nie. Wat egter van belang is, is die feit dat geregtigheid en die welsyn van almal nagestreef moet word. Omdat dit ’n morele doel is, kan dit net op grond van morele vryheid bereik word. Islam skryf voor dat mense onderrig en ingeskakel word om saam met ander (*ummah*) God se wil te doen in ooreenstemming met die leringe van die Qur’ān. Die *ummah* is nie gelyk aan die plaaslike bevolking of eendersdenkendes nie, maar sluit die globale mensdom van die ganse skepping in. Tog is goeie en besliste leierskap (*‘imām*) van groot belang. Hierdie posisie kan deur enigiemand wat deur die *ummah* daartoe verkies word, beklee word. *Qadi* is persone uit die samelewing wat in die wet van Islam geskool is en verantwoordelik is vir die regspraak ten opsigte van sake wat hulle van

belang sou ag wat die welwese van die gemeenskap in die oog het. Dié liggaam is as't ware die toetssteen vir geregtigheid op grond van die leringe in die Qur'ān. Hoewel die Islam geloof op voorskrifte en wette gegrond is, sluit dit die algemene lewenswaarde van goeie gesindheid en gedrag in.

4.5 JUDAÏSME

Om 'n Jood te wees beteken om tot 'n bepaalde etniese groep te behoort, naamlik die Joodse volk.

Die Joodse religieuse tradisie vind sy oorsprong in die *Torah*, die eerste vyf boeke van die Ou Testament wat deurspek is met reëls en gebooe. Hierdie lewensordeninge lê ingebed in die geskiedenisvertellings van die ontstaan en vroeë bestaan van die Joodse volk. Die *Torah* dien as raamwerk van die hele Joodse morele oriëntasie wat in besonderhede deur die *Talmud* uitgewerk word. Laasgenoemde is 'n ensiklopedie in sestien volumes wat die denke en leringe van meer as duisend rabbi's oor duisend jaar bevat. Dié argumentasie hanteer die wyse waarop Joodse gemeenskappe en individue veronderstel is om aan die *mizvot* in die Torah te voldoen. (Die woord *mizvah* is moeilik om na sy eintlike bedoeling te vertaal, maar behels min of meer die Joodse integriteit ten opsigte van gesindheid, strewe en dade voor die aangesig van God.) Elke *mizvah* word beskou as 'n koersaanduiding of opdrag van God, dus is die wyse van die uitvoering daarvan van wesenlike belang. Die enigste normatiewe openbaring van God self en sy wil vir die mense is die *Torah*. Geen individu of liggaam hou enige outoritêre gesag nie. Die hoofrabbi, ander rabbi's en leiers uit die gemeenskap het wel magte ten opsigte van die bestuur en organisering van dag-vir-dag-aktiwiteite en dit vind uitvoering volgens demokratiese keuses en besluite. Figure uit die vroeë Bybelse verhale word as rolmodelle nagestreef, byvoorbeeld Abraham ten opsigte van gasvryheid en Moses ten opsigte van nederigheid en gehoorsaamheid.



Hierdie en ander Bybelse (Ou Testamentiese) tradisies lê diep in die hart van Judaïsme en vorm die basis van 'n unieke religieuse identiteit wat alle Jode regoor die wêreld met mekaar deel. Die eskatologiese droom van 'n terugkeer na die godstad is vir almal dié religieuse en politieke ideaal en strewe. Judaïsme aanvaar dat mense van mekaar verskil ten opsigte van etnisiteit, ras, voorkoms, geslagtelikheid, vermoëns, lewenservarings en so meer. Dit is elke individu se verantwoordelikheid om mensgemaakte verskille te oorkom en selfs daarmee weg te doen. Daar is egter ook begrip en erkenning vir die God-gewilde verskille en dit val saam met God se bedoeling vir die wêreld en menslike naasbestaan. Dit beteken nie dat een persoon of groep oor ander sal heers of ander as minderwaardig sal ag nie. Om simbolies daaraan uitdrukking te gee, glo die Jode dat God met die skepping van Adam, grond uit al vier windrigtings gebruik het om hom mee te vorm. Op grond van hierdie argument is daar respek vir ander, alhoewel Jode hulleself steeds as die uitverkore volk van God beleef.

Redding setel nie in die eerste plek in hul besondere posisie nie, maar in hul gehoorsaamheid aan God. Daarom word die ruimte gelaat dat nie-Jode ook daarin kan deel solank hulle aan die wettiese eise van gehoorsaamheid voldoen.

Goed en kwaad (eties reg en eties verkeerd) word met die koms van die dag van afrekening op die spits gedryf. Die basiese norm bly die Tien Gebooe wat God se eis vir sy volk impliseer. Dit spel nie net sy rol as Oppergesag uit nie maar ook sy regverdigheid, barmhartigheid en liefde sowel as sy reëling ten opsigte van menslike naasbestaan (Carmody & Carmody, 1988:39).

4.6 TRADISIONELE AFRIKA GODSDIENS

Daar bestaan nie baie gepubliseerde bronne oor die studie in die Tradisionele Afrika Godsdienste nie. Publikasies van dr. Nokuzola Mndende van die *Icamagu Institute* in Kaapstad werp egter genoegsame lig op hierdie unieke godsdienste wat in werklikheid as veel meer as 'n godsdienst beskou kan word. (Mndende, 2006:2)



Om religie in Afrika te verstaan, moet ons eerstens die mens van Afrika, sy denke, waardes en sisteme leer ken. Hy is 'n natuurmens wat naby die aarde en vanuit die aarde leef. Sosiale sisteme is ingewikkeld, maar heg en intiem. Die lewenspas is stadig omdat dit nie tegnologies gedrewe is nie. Mense is meer mens- as taakgeoriënteer. Herkoms en verlede is belangrik. Omdat Afrika mense uit die natuur leef, is hul fokus op 'vandag', want dit gaan grootliks om daaglikse oorlewing. Die toekoms is vreemd en daar kan in elk geval nie veel aan toekomstige omstandighede gedoen word nie. Mōre sal vir homself sorg, word geglo. Die kalender van dié mense word nie opgemaak uit datums nie, maar uit gebeure. Etniese verhale word van geslag tot geslag oorvertel en daar is duidelike rangordes.

Wat sy denkraamwerk betref, is die tradisionele Afrika mens rasioneel, maar onwetenskaplik (volgens Westerse denke) en onkrities. Sy voorstelling is misties. As hy byvoorbeeld sy skaduwee sien, is dit vir hom sy siel, want dit is sy medeganger. Die volgende vier verskille tussen Westerse en tradisionele Afrika-denke staan uit:

- Die tradisionele denke is holisties en beleef alle dinge as deel van mekaar en onder die invloed van mekaar. Westerse denke is analities en groepeer dinge in logiese kategorieë.
- Tradisionele volke het 'n kollektiewe mentaliteit en dink en besluit saam oor dinge. Sake soos eiendomsreg en verantwoordelikhede word hierdeur beïnvloed. Westerse mense is meer individualisties en stel persoonlike vryheid en denke hoog op prys.
- Tradisionele mense het 'n magies-mitiese ingesteldheid teenoor die meer logies-analitiese denkwyse van die Westerling.
- Afrika tradisionalistes dink meer konkreet teenoor die abstrakte begripwêreld van hul Westerse kollegas.

(Giddy, in Du Toit, 2006:85)

Afrika het ongetwyfeld 'n filosofie van sy eie.

Om die ontstaansgeskiedenis van hierdie godsdienstige beweging na te vors is uiters moeilik aangesien bykans geen skriftelike bronne daarvoor beskikbaar is nie. Dié groep godsdienste is verwant aan mekaar en het vanuit die Afrika bodem oor eeue ontwikkel. Omdat die Afrika bevolking tradisioneel 'n besondere aardse en relatief eenvoudige bestaanswyse voer, is hul gemeenskaplike waarde- en lewensisteme die bron waaruit hul religieuse denke en belewenisse spruit.

Hoewel bitter min van dié tale 'n woord vir *godsdienste* het, is dit 'n deurslaggewende faktor in hul daaglikse lewens.

Dat die mens deur God as *homo religionis* geskape is, word by die Afrika godsdienste duidelik gesien. Ten opsigte van Westerse denke is hierdie mense klaarblyklik baie primitief, maar tog geestelik-godsdienstig op 'n hoë vlak.

Omdat Afrika ten spyte van kolonialisasie 'n relatief ongestoorde geskiedenis het, is die godsdienstebeoefening nooit werklik bedreig nie. Veral omdat dit so vreemd is aan die Westerse denke, was dit 'n terrein wat deur min buitestaanders betree is en in elk geval is inmenging van buite nie deur die Afrika leiers toegelaat nie.

Daar bestaan ongeveer 1000 verskillende stamme of kleiner volkseenhede in Afrika. Daarom is dit vanselfsprekend dat hoewel daar van homogene wêreld- en geloofsdenke sprake is, daar ook bepaalde verskille bestaan. Dit is nou maar eie aan die mens om ongeag sy gemene goed, homself in kleiner groepe met eie inhoude te organiseer.

Afrika godsdienste se ontstaan spruit uit 'n spontane ontwikkelingsproses en daar staan niemand aan die begin daarvan nie. Geloofsinhoude word bykans almal



teruggevoer na die natuur waaruit die mense leef. Natuurverskynsels is belangrik en van daaruit het 'n godsdienst op evolusionistiese wyse ontwikkel. Bronne bestaan grootliks uit oorgelewerde mondelinge tradisies en vertellings. Geloofsinhoude leef in die harte en talle rituele van die mense. Taal, kultuur, tradisies en geloof vorm 'n eenheid en daarom bestaan dit op 'n natuurlike wyse voort.

Die gedagte aangaande 'n god is universeel onder Afrika se mense. Verder is daar duidelik sprake van 'n monoteïsme waarin dié god ewig, alwetend, weldoend, moreel, almagtig en kreatief is en ook in die mense se behoeftes voorsien.

In Afrika is God nie 'n saak van verbeelding nie; Hy is 'n werklikheid. Die name wat Hy genoem word, bewys dit: *Umvelingqangi* - die beginner, *nNkulunkulu* - die groot-groot een, *UmDali* - die skepper, *Simakade* - die een wat lankal staan, *Uyise* - beskermmer, *uBbaba* - ons vader. Gemeenskappe soos die Owambo en die suidelike Nuba sien God as *moeder*.

Byna alle Afrika volke assosieer God met *lug, hemelruim, krag en mag*. Toe die eerste Christen-sendelinge onder dié mense begin werk het, het hulle nie nodig gehad om 'n godsbesef te vestig nie, want dit was reeds daar en baie sterk.

Wat God se morele hoedanighede betref, is Hy *genadig*, vertroostend, reddend en goed. Sommige sien dit in sy afweer van rampe, droogtes en pessiëktes. Negatiewe ervarings word nie aan sy toedoen toegeskryf nie, maar aan die bose.

Wat die direkte toenadering tot God betref, bestaan daar ook nie by die mense van Afrika 'n probleem nie. Hy word deur gebede en liedere aanbid en daar word ook aan Hom offerandes gebring. Laasgenoemde praktyk is veral in tye van krisis van belang.



Die plek van aanbidding kan enige plek wees. God word met planttyd in die land aanbid. In Wes-Afrika tref ons egter sogenaamde heilige plekke aan. Dit is gewoonlik tempels, altare, grotte, berge, riviere, rotse, damme ensovoorts.

God het nie net geskape nie, maar voorsien ook. Hy seën, stuur reën, voorsien oeste, kinders, gesondheid en genees, red en help.

God word dikwels geassosieer met die hemelruim. In sommige gemeenskappe word Hy gesien as die son of die maan. Die sterre kan sy oë wees. Weerlig is sy vergeldingswapen. Soms word Hy ervaar in die wind en Hy is op 'n besondere wyse op hoë berge. Die heelal is vir die Afrika mens 'n godsdienstige plek met God en die bonatuurlike magte daarin teenwoordig.

Daar word min oor God se liefde en genade gepraat, maar meer oor sy krag en teenwoordigheid.

Wes-Afrika het anders as ander dele, 'n hele pantheon wat herinner aan die Griekse godedom. Daar is egter een hoofgod met die ander as ondergeskiktes. Onder die Yoruba word daar 1700 verskillende gode aangetref. Die god, *Orisnana* wat die seun van opperwese, *Olodumaré* is, word soms aan Jesus gelyk gestel. Die Zoeloes het 'n koningin van die hemel, genaamd *Nomkhumbulwana*, die godin van vrugbaarheid. Die bykomende gode het mindere outoriteit en is altyd ondergeskik aan die hoofgod.

Afgesien van die gode is daar miljarde geeste. Gode is die geestelike wesens met 'n hoë status terwyl die geeste van 'n laer rang is. Hulle manifesteer hul teenwoordigheid en handeling deur natuurverskynsels en moenie verwar word met voorouergeeste of beskermingsgeeste nie. Hulle is onbeliggaamde wesens wat klein of groot kan wees en wat die meeste van die tyd in bome, by rotse, riviere, woude of berge woon. Daarom word daar by hierdie plekke geoffer.



Die geeste is gewoonlik naamloos en kan in diere, voëls of slange ingaan om vernietiging te bewerk en mense te molesteer. Dit kan selfs gebeur, glo die mense, dat die bose geeste in die baarmoeder van 'n vrou kan ingaan en dan gebore kan word om leed te veroorsaak. Bose geeste is dwarsdeur Afrika 'n wesenlike probleem waarmee mense gedurigdeur worstel.

Towery en towenaars is nog 'n realiteit by die swartman. Bose geeste word ingespan om wraak te neem en mense geestelik, liggaamlik en verstandelik te benadeel. In die Zoeloe gemeenskap word *sangomas* teen towenaars ingespan om hulle kragteloos te maak. Hy moet vasstel waar die towenaar se gif gebêre is en hy verskaf medisyne tesame met sy eie rituele om die toordery teen te werk.

Daar moet tussen drie soorte geeste onderskei word:

Voorouergeeste;

Vreemde geeste' en

Wraaknemende geeste.

Vreemde geeste is dié wat van ver kom soos die geeste van die witman of ander volke en beskik oor sekere vermoëns. Die medisyneman moet die geeste gebruik tot voordeel van die mense. Hierdie geeste is altyd ondergeskik aan die voorvadergeeste.

Wraaknemende geeste is dié van persone wat tydens hul lewens leed aangedoen is en na hul dood terugkeer om wraak te neem.

Afgesien van die towenaars kan enige persoon soos 'n priester, sangoma of siener deur sterk wilskrag psigologiese mag op persone uitoefen en daardeur seën of vervloek.



In Afrika is daar geen einde aan geeste nie. 'n Mens kan met hulle onderhandel of hulle kan gekontroleer word deur magie. Maar hulle word nietemin gevrees. Geloof in geeste word *animisme* genoem.

Voorvadergeeste dien as skakel tussen die Opperwese en mense. Zoeloes glo dat die mens se skaduwee uiteindelik sy voorvadergees word. Hierdie geeste word met groot respek bejeën en word tot om en by die vyfde geslag erken en onthou, afhangende van die persoon se status tydens sy lewe.

Voorouergeeste verskyn in drome en visioene en gewoonlik aan die ouer lede van die familie. Hulle vra uit na familiesake en waarsku diegene wat afdwaal. Hulle is beskermhere van inisiasieseremonies, tradisies en kultuur.

'n Voorvadergees leef voort solank daar nog iemand leef wat hom ken. Daarna verdwyn hy in die groter geesteswêreld en in die vergetelheid. Hoe meer prominente persoon jy tydens jou lewe was, hoe langer gaan jy na jou dood onthou word en hoe langer gaan jy dus as voorvadergees 'leef'.

Al het voorvadergeeste volop om van te leef, verwag hulle offerandes van hul nasate.

Die hele psigiese wêreld van die swartman is gevul met geloof in mistieke krag. Dié mistieke krag setel in dokters, priesters en ander leiersfigure sowel as objekte, woorde, gebare en sosiale status soos ouderdom. Mistieke krag word aangewend om te seën of te vervloek. Dit kan dus positief of negatief aangewend word.

Magie is 'n werklikheid onder die mense van Afrika en boesem vrees in aan die een kant en bewerk heil aan die ander kant. Daar is 'goeie' magie wat gebruik word om siekes te genees, reën te maak, die bose af te weer en toordery teen te werk. Dit word in vele vorms aangetref soos deur gelukbringers, amulette, bande om die gewigte soos leeu- en tiervel, lappe, vere, figure, insnyding in die vel en so meer. Huise, families, landerye, vee en besittings word daardeur beskerm.



Ongeveer 85% inwoners in 'n stad soos Soweto glo daarin. Rituele is belangrik in die funksionering van magie.

'Slegte' magie is min of meer dieselfde as toordery en het te doen met afguns, jaloesie agterdog en haat. Deur die hare, naels en ander dele en produkte van die liggaam met naalde te steek, kan die persoon leed aangedoen word. Artikels wat by die hek of deur begrawe word, kan dieselfde gevolge teweeg bring.

Medisynemanne/-vroue of *sangomas* soos hulle ook bekend is, beklee 'n besondere plek in die samelewing. Oor die algemeen is hulle eerbare persone wat hul roeping van voorvadergeeste ontvang. Hulle is nie *toordokters* soos daar dikwels verkeerdelik na hulle verwys word nie. Hul opleiding ontvang hulle van leermeesters en sluit kennis in oor die mediese waarde van plante, vrugte, grassoorte, wortels, en ander objekte. Hulle leer ook van verskillende siektes, die oorsake daarvan en die behandelings daarvoor.

Sangomas het te doen met genesing van siektes, die versorging van mense en hantering van rampe en traumas. Benewens natuurmiddels vind die geesteswêreld en magie ook 'n plek in die praktyke van sangomas. Rituele en rites is belangrik in behandelingsprosesse.

Die medisyneman is dokter, pastor, psigiater, raadgewer en helper in een. Selfs hoogs opgeleide professionele persone staan en val by die behandeling en rol van die sangoma.

Mediums en waarsêers speel 'n belangrike rol. Eersgenoemde is meestal vroue en laasgenoemde meestal mans en val in die kategorie van sangomas. Hulle konsentreer op die skakeling met voorouergeeste en ander geeste. Tydens hul opleiding van 3 tot 7 jaar gaan hulle deur 'n proses van dood en opstanding. Hulle verloor hul persoonlikheid en kry 'n nuwe wat toegewy word aan bonatuurlike magte. Hulle dien die gemeenskap deur kontak met die bonatuurlike.



Reënmakers het ook bonatuurlike krag en is middelaars tussen God en mens. Omdat reën in Afrika so belangrik is, het hulle 'n besondere plek in die samelewing. Magie speel hier 'n belangrike rol.

Die priestertradisie is die sterkste in Wes-Afrika. Terwyl die koning die politieke simbool van God se teenwoordigheid is, is die priester die godsdienstige een. Hy figureer prominent in rituele soos by inisiasie en offerhandelinge.

Behalwe die huidige, speel gestorwe konings steeds 'n beduidende rol in die samelewing. Wanneer 'n Zoeloe koning sterf, sê hulle hy 'broei'. In sommige gevalle word vroue, slawe en besittings saam met die gestorwe koning begrawe.

Skriftelike bronne gaan egte mank aan inligting wat seremonies en feeste betref.

5. INVLOED OP DIE TRADISIONELE AFRIKA GODSDIENS

Godsdienste soos die *Islam*, *Christendom* en ander het Afrika binnegekom en uit die aard van die saak 'n invloed uitgeoefen. Omdat die Afrika mens 'n groot geestelike openbaar, het ander godsdienste 'n gunstige invalspoort gevind om eie geestelike waardes en inhoude te vestig.

Bogenoemde godsdienste het tot 'n groot mate in Afrika tuisgekom, maar eie tradisionele geloofsinhoude speel steeds 'n belangrike rol.

Die Christendom byvoorbeeld, vind aanklank by die monoteïstiese godsbeskouing, maar kan nie die rol van voorvadergeeste deurbreek of magie besweer nie.

Persoonlike verlossing deur Jesus Christus alleen is minder aanvaarbaar a.g.v. die offerkultus en sterk kommunale geloofsbeleving.

Omdat Afrika in 'n groot mate oorspoel is deur ander gelowe en ook die aggressiwiteit en effektiwiteit waarmee dit gedryf is, het verwarring laat ontstaan wat in sommige gevalle in sinkretisme ontaard het. Daarom word dit al hoe moeiliker om 'n tipies inheemse Afrika godsdiens of godsdienste te onderskei.



Die wyse waarop onafhanklike swart kerke poog om die Christendom met die tradisionele te versoen, illustreer vir ons die worsteling in Afrika om 'n Christendom met 'n eie Afrika identiteit te ontwikkel. Hier volg 'n paar voorbeelde: In die liturgie word ruimskoots gebruik gemaak van warmte, empatie en gevoelsbelewing. Danse en ritmiese bewegings speel 'n belangrike rol. Gebed word deur almal hardop en gesamentlik gedoen en die sang sluit aan by tradisionele melodieë.

Die regeringsvorm van die kerke is dikwels hiërargies van aard en sluit aan by die stamkultuur. Die kerkleier neem die rol van opperhoof oor en ampsdraers is onderhoofde.

Genesingspraktyke is tradisioneel en holisties met ingrypings deur genesers, voorvadergeeste en magie.

Die sosiale aspek van godsdienste word in kerke beklemtoon. Onderlinge sorg in tye van werkloosheid, armoede, siekte, dood en so meer staan voorop. Dit op sigself verklaar die snelle tempo waarteen huiskerkies in stedelike gebiede groei.

Onafhanklike kerke maak ook ruimskoots gebruik van *tradisionele simbole* waaraan daar soms nuwe inhoudes gegee word. Die sirkel word gebruik as simbool van heelheid; wapperende vlage van die beweging van geeste; kleure as dié van vrugbaarheid en reinheid en die staf is die simbool van mag.

Vandag is daar in Suidelike Afrika ongeveer 9000 onafhanklike Christelike bewegings en kerke waarvan ongeveer 3500 in Suid-Afrika. 26,3% (10 668 742) van die plaaslike bevolking behoort tot hierdie groep kerke. Onder hulle tref ons die volgende aan:

Zion Christian Church, St Engenes Zion Christian Church, Bandla Lama Nazaretha, African Apostolic Churches, African Independent Church en ander klein groepe.

6. VERSKILLENDE KULTUURGROEPE

Ten einde kulturele diversiteit te beskryf, word daar enkele algemene opmerkings gemaak:

Nasionaliteit, etnisiteit, demografie en taal vorm die belangrikste grondslag waarvolgens kultuurgroepe ontstaan en voortbestaan. Die Britse Eilande wat ook die Verenigde Koninkryk genoem word, bestaan byvoorbeeld uit Engeland, Skotland, Ierland en Wallis. Benewens hierdie diversiteit bestaan daar historiese en linguïstiese verskille tussen hierdie groepe. Elke groep beskik oor eie kulturele kosbaarhede wat van daardie groep 'n unieke sosiale sisteem maak. Vroeër, toe kommunikasiemiddele nog nie op die gevorderde vlak soos tans was nie, was hierdie groepe meer geïsoleerd en homogeen van aard.

Wat kulturele diversiteit betref, bestaan daar 'n ryke verskeidenheid binne elke afsonderlike bevolkingsgroep. Dit kan onder andere op grond van taalverskille benader word. Die Suid-Afrikaanse Grondwet onderskei elf amptelike landstale, teweete Sesotho sa Leboa, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, English, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad het ten doel om benewens bogenoemde tale ook nog ander soos die Khoi-, Nama- en Santale sowel as gebaretaal, Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe, Oerdoe, Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat vir godsdiensoeleindes gebruik word, te bevorder.

Almal wat dieselfde taal besig, beskou hulleself ook nie noodwendig as deel van 'n bepaalde kultuurgroep nie. Herkoms speel hierin 'n bepalende rol. In die Engelssprekende gemeenskap is daar byvoorbeeld individue van Skotse afkoms,

maar ook van so ver as die Verenigde State van Amerika. Uit die verkillende swart bevolkingsgroepe is daar individue wat Engels as huistaal besig. Politiek speel ook 'n beduidende rol. Nie alle Afrikaners is gemaklik met die aspirasies van die sogenaamde Boeremag nie. Nie alle Xhosas is lede van die regerende party, die ANC nie. In die swart gemeenskappe het die verskeidenheid van stamme sekere kulturele implikasies. Wat by een stam 'n belangrike gebruik is, is nie noodwendig by die ander stam so nie. Mense in die platteland leef anders as mense in die stad met waardes wat ten opsigte van sekere aangeleenthede van mekaar verskil en ten opsigte van ander weer nie verskil nie. Kulturele afbakening is dus allermens skerp.

7. DIE ERVARING VAN GODSDIENSTIGE EN KULTURELE DIVERSITEIT

Die benadering waarvoor gekies word ten opsigte van die ervaring van godsdienstige diversiteit is van die uiterste belang. Aan die een kant kan 'n mens opgaan in eksklusivisme. Dit beteken dat alle godsdienste wat anders as jou eie is, in alle opsigte taboe is. Dit vorm in die meeste gevalle die motief vir 'n bepaalde godsdienstige tradisie se missionêre gerigtheid of andersins weerstand teen uitsluiting van ander godsdienstige tradisies. Vir baie lank was dit die algemene siening vanuit die meeste godsdienstige tradisies.

Die een-en-twintigste eeu begin egter met 'n groter openheid. Die ingesteldheid is eerder dat die ander groot godsdienstige tradisies in hul pluraliteit en diversiteit nie noodwendig 'n bedreiging inhou nie. Dit is eerder 'n geleentheid om die realiteit daarvan te erken en die positiewe waarde daarvan te ontgin ter wille van die samelewing waarin hulle funksioneer. Ons is reeds daarvan bewus dat al die groot godsdienstige bewegings oor fasette van lewenswaardes en norme beskik wat tot voordeel van die breër gemeenskap aangewend kan word. Om hierdie gemeenskaplikhede te identifiseer en byeen te bring, is 'n enorme uitdaging. 'n Mens word tog binne 'n bepaalde religieuse tradisie gebore en het daarin

opgegroeï, hetsy Boeddhis, Christen, Hindoe, Judaïs, Moslem of een van talle ander. Enersyds is daar bepaalde ooreenkomste wat veral etiese waardes betref, maar andersyds ook verskille. Elke godsdiens het benewens gemeensaamhede met ander unieke oortuigings van sy eie. Selfs al is die grondliggende teologiese uitgangspunt 'n soteriologiese een, dié van redding, bevryding of transformasie, word dit in die meeste gevalle op totaal verskillende maniere bekom en beleef. Dit geld ook vir etiese aangeleenthede.

The religions each speak of their different ways of the wrong or distorted or deluded character of present human existence in its ordinary unchanged condition. It is a 'fallen' life, lived in disobedience to God, or it is caught in the illusion of maya, or it is pervaded throughout by dukkha. But they also proclaim, as the basis of their gospel, that the Divine, the Real, the Ultimate with which our present existence is out of joint, is good, or gracious, or otherwise to be sought or responded to: the ultimate real is also the ultimate valuable. It is a limitlessly loving or merciful God; or the infinite Being-Consciousness-Bliss of Brahman; or the ineffable 'further shore' or Nirvana; or Synyata, in whose emptiness of ego the world of time and change is found again as fullness of 'wondrous being.' And, completing the soteriological structure, they each offer their own way to the Real – through faith in response to divine grace, or through total submission to God; or through the spiritual discipline and maturing which leads to moksha or to Enlightenment. In each case, salvation/liberation consists in a new and limitless better quality of existence which comes about in the transition from self-centeredness to Reality-centeredness. This is an actual change, whether occurring instantaneously or gradually, and whether occurring within the period of a single human life-span or requiring many lives spread over immense periods of time.

(Hick & Askari, 1985:6)



Diverse samelewings huisves diverse kulture en godsdienste. Gevolglik kom handhawers en volgelinge van bepaalde godsdienstige en kulturele oortuigings met dié van ander in aanraking. In 'n Suid-Afrikaanse konteks het dit oor die afgelope vyftien jaar merkwaardig toegeneem aangesien woon- en werkplekke sedert die aftakeling van apartheid baie nader aan mekaar beweeg het en so ook die mense. Daar bestaan na my mening nou 'n groter bewussyn ten opsigte van diversiteit en 'n meer geredelike beleving van kulturele en godsdienstige pluraliteit. Tog is dit van groot noodsaak dat leiers en meningvormers die wins hiervan sal verstaan en vanuit hul bepaalde invloedsfere momentum hieraan sal verleen.

8. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk fokus op die interessante verskynsel van diversiteit wat in alle lewensvorme en menslike sosiale sisteme aangetref word. Alhoewel afsonderlike kategorieë aangedui kan word, is die verskynsel van diversiteit só kompleks en omvattend dat geen groepering of indeling omvattend genoeg is om dié verskynsel te kan omskryf nie. Tog is dit belangrik om deeglik daarvan kennis te neem en dit in die algemeen in ag te neem. Dit bring mens eventueel by 'n beter verstaan van die werklikheid uit.

Dit is as insiggewend beskou om 'n redelike oorsig oor die historiese verloop van die geskiedenis te gee. Dit is egter gedoen om die diversiteit van verskillende bevolkingsgroepe te verreken. Die verskillende godsdienste is ook kortliks bespreek met besondere verwysing na die morele inhoud van elkeen soos wat dit funksioneer. Sonder om in fynere detail verstrengel te raak, is daar aandag gegee aan die voorkoms van diverse kultuurgroepe. Laastens is opmerkings gemaak oor die beleving van diversiteit op godsdienstige en kulturele gebied. Die uitdaging vir die Suid-Afrikaanse sameleving is om diversiteit ten opsigte van godsdiens en



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kultuur sodanig te benut en te bestuur ten einde 'n ryker en ryper samelewing te laat ontwikkel.



HOOFSTUK 3

DIE SAMEHANG VAN KULTUUR EN RELIGIE

1. INLEIDING

Die woord *kultuur* is ongetwyfeld een van die moeilikste terme om te omskryf. Etimologies kom dit van die Latynse *colere* wat enigiets tussen *verbou* (landboukundig) *bewoon* (Engels : inhabit), *vereer* (godsdiensdig) of *bewaar* (moreel) kan beteken (Eagleton, 2000:2).

Kulturele diversiteit kan beskou word as die verskeidenheid menslike gemeenskappe of kulture in 'n besondere wêrelddeel of die wêreld as geheel. 'n Soortgelyke beskrywing is geldig ten opsigte van religie aangesien dit as 'n onderdeel van kultuur beskou kan word.

Die agtiende eeu word gekenmerk deur 'n opbloeï in kulturele bewussyn en die institusionalisasie van kultuur. Armand-Guy Kersaint, 'n Franse administrateur gee soos volg uitdrukking aan dié nuwe denke:

"A new religion that considers people in their relationships with one another". Hy noem dit die "cult of laws" en verwys daarna dat individue deur die handhawing van bepaalde wette gesag en waarborge vind. Dit bind hulle saam in kollektiewe sisteme waarin hulle hul identiteit vind en uitleef en kan beskryf word as "the public thing". Wat Kersaint die "new religion" noem, is inderwaarheid 'n dialektiese model van selfrealisering en institusionalisering wat eventueel in alle gemeenskappe funksioneer en wat "kultuur" genoem kan word.

(Ray, 2001:2)



Die idee van “kultuur” gee uitdrukking aan die kollektiewe gerigtheid van ‘n bepaalde groep om deur middel van reëls, waardes, gelowe en gebruike hul gemeenskaplikheid te beleef en ‘n onderlinge identiteit te vestig. Dié komplekse geheel is presies wat sosioloë as “kultuur” sal tipeer.

“Culture” thus articulates the tension between two antithetical concepts of identity: it tells us to think of ourselves as who we are because of what we have in common with all the other members of our society or community, but it also says we develop a distinctive particular identity by virtue of our efforts to know and fashion ourselves as individuals. In abstract terms, culture simultaneously connotes sameness and difference, shared habit and idiosyncratic style, collective reflex and particular endeavour, unconsciously won convictions, the effortless inherited residue of social existence, and the expression of a thriving for individuality.

(Ray, 2001:3)

Kultuur as gemeenskaplike identiteit lei ons om te word wat ons reeds is as gevolg van ‘n natuurlike proses van internalisasie van die gemeenskap waarvan ons deel uitmaak se waardes, gebruike, simbole en bepaalde vorme van gedrag. Prof. William Makgoba ondersteun bogenoemde mening:

Simply defined, culture is anything that humans make in contrast to that which they do not make – anything that is natural. The determining factors of any culture are a mixture of many things, but the environment, the instinct to survive and the curiosity to understand and exploit the natural phenomena are integral to it. *Homo sapiens* educates, socialises, speaks, sings and appreciates in ways that are distinct by virtue of exposure and socialisation. Africans, English and Chinese all speak, dance



and make music but all *do it differently* and in each case there is a consistency that can be attributed to the group.

(Du Toit, 1998:100)

Parekh beskryf op sy beurt die verskynsel van kultuur soos volg:

Culture is a historically created system of meaning and significance or, what comes to the same thing, a system of beliefs and practices in terms of which a group of human beings understand, regulate and structure their individual and collective lives. It is a way of both understanding and organizing human life.

(Parekh, 2006:143)

Reeds so vroeg soos 1871 beskryf Edward Taylor in sy *Primitive Culture* kultuur as "the knowledge, belief, art, morals, law, custom, and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society." (Ray, 2001:147)

Wanneer daar oor kultuur en religie besin word, word dit gou duidelik dat dié twee menslike fenomene in 'n komplekse verhouding tot mekaar staan. Hierdie hoofstuk is daarmee besig.

2. VERHOUDING : KULTUUR EN RELIGIE

2.1 'N UNIEK-MENSLIKE FENOMEEN

By die Bybelse en ander skeppingsverhale is kultuur en religie van die begin van menslike bestaan af reeds teenwoordig. Die meeste van hierdie verhale tref 'n onderskeid tussen mens en dier en sonder die mens uit as 'n unieke wese wat in 'n verhouding met 'n opperwese of hoër entiteit staan en op grond daarvan bepaalde inhoud aan sy lewensbestaan moet gee. Dit kan beskou word as die

basisgrond vir kulturele en religieuse lewe en geld vir alle primitiewe sowel as ontwikkelde samelewings.

Die wyse waarop verskillende samelewings uiting aan hierdie menslike fenomeen gee, hou verband met mekaar, maar verskil ook van mekaar. Alle mense se basiese behoeftes is immers min of meer dieselfde. Die bekende teorie van Maslow dien as 'n eenvoudige model ter verheldering hiervan. Tog is daar ook klein en groot verskille omdat die omgewings, omstandighede, geleenthede, bedreigings en die kragte waaraan mense blootgestel word, verskil. Uiteindelik kristalliseer kultuur en religie uit in 'n unieke lewenstyl gegrond op bepaalde denke, waardes, gebruike, aktiwiteite en gewoontes. Dit is gewoonlik groepsgebonde en ontwikkel oor tyd. Grondliggend daaraan is bepaalde bronne waaruit lewenswaardes en -reëls tot stand kom. Daarnaas ook 'n proses van ontwikkeling wat 'n samebindende krag op groepslede uitoefen en gedragsisteme vestig. (Eagleton 2000:98)

2.2 'N KOMPLEKSE VERHOUDING

Religie en kultuur kan nie van mekaar geskei word nie, maar staan ook nie in 'n sinonieme verhouding tot mekaar nie. Dit is eerder 'n aangeleentheid van interaksie tussen kulturele en religieuse inhoude wat op 'n kreatiewe manier verandering bewerkstellig en bestuur.

Religions are not just language, not just story, but complexes of different literary and symbolic forms, a dialectic of tradition and the challenge of otherness or – in Crossan's terms – of myth and parable. Is it correct then, to say, that religions are just, or even primarily, socializing processes, ways of initiating individuals into the shared myth of the community? Our cultural-linguistic model of religion develops the important insight that religion forms communities and, therefore, the



human subject. But this should not obscure another insight: the equally creative task that both community and individual exercise in reaching to the tradition. If our humanity is formed by culture then it is equally true that culture is formed by human beings. To live in a community which seeks to come to terms with the world of which it is part demands a constant dialogue between our free creativity as human persons and the cultural and social context of experience in which that creativity operates. It is one thing to accept that religion must always be expressed in cultural forms and quite another to reduce religion to culture. Our human creativity is always seeking to transcend the boundaries that culture puts on religion. However much is bound up with culture, religion always has a transcendent as well as an integrative function. To put it another way, religion seeks to understand God as well as to understand the world of women and men.

(Barnes, 1989:102)

Die skrywer wys egter daarop dat die funksie van integrasie soos uiteengesit darem nie die enigste oogmerk van religie is nie. Volgens hom is die kernwaarde van 'n persoon se godsdienstige oriëntasie die vermoë om verandering te hanteer. Die onderskeid tussen kultuur en godsdiens vind Barnes in die transendente dimensie, bedoelende dat religie nie slegs as geïnstitusioneerde grootheid binne 'n bepaalde kultuur funksioneer nie, maar ook as stimulus dien om dieperliggende wesenstwees aan te spreek. Die verhouding religie-kultuur behoort dus as 'n 'oop' verhouding beskou te word.

2.3 INSLUITING EN UITSLUITING

Tradisionele godsdienste en kulture is geneig om eksklusivisties te wees ten opsigte van toetrede deur ander. Hierin speel verskynsels soos taal, nasionaliteit, ras, geloofsoortuigings, demografie ensovoorts 'n rol. In sommige gevalle word



lidmaatskap of deelneming doelbewus gereguleer. In ander gevalle vind dit meer spontaan plaas. Om byvoorbeeld aan 'n bepaalde kerk te behoort, is een van die vereistes dat die belydenis van daardie kerk onderskryf moet word. Lidmaatskap word eers toegestaan wanneer 'n kandidaat die betrokke kerk se toelatingsprosedure deurloop het en met die belydenisgrondslag identifiseer. Kultureel is dit ook waar. 'n Gebore Zoeloe sal byvoorbeeld nie maklik in 'n Portugese gemeenskap tuiskom nie. Eiesoortige kulturele waardes en gebruike is eenvoudig te sterk.

Op grondvlak beweeg individue uit uiteenlopende godsdienstige tradisies al hoe nader aan mekaar en in sommige gevalle word grense al hoe meer vaag. Volgens 'n onlangse artikel in die tydskrif National Geographic (Junie 2009) word die situasie van die Arabiese Christene in die spanningsvolle Midde-Ooste geskets:

A few hours east of the battle lines between Muslim and Christian Beirut, communities in Syria offer a reminder, beneath the hostilities of today, of how closely related the two religions really are. There are cases of tolerance – once widespread, now less so – where Christians and Muslims attend one another's weddings and funerals and worship at one another's shrines. In some monasteries, Christians still prostrate themselves in prayer – a Byzantine-era practice that early Muslims may have admired and adopted. Some churches still conduct services in Aramiac or Syriac, languages that predated Islam.

Die vyandigheid van Israel jeens die Arabiese wêreld het waarskynlik tot gevolg dat godsdienstige en kulturele groepe in laasgenoemde geledere nader aan mekaar beweeg. Aan die een kant is daar dus groter kohesie, maar aan die ander kant meer verwydering. Tog blyk dit dat gemeenskaplikheid in krisistye mense oor kulturele (en ander) grense by mekaar uitbring. Dit is waarskynlik in ander wêrelddele soos Suid-Afrika ook waar.

3. KULTUUR EN RELIGIE IN TRADISIONELE SIN

Tradisionele bevolkingsgroepe soos die verskillende Negroïede volke van Afrika beskik onderling oor unieke en eiesoortige kulture wat vreemd is aan die Westerse wêreld. Hul godsdienste is ook meer primitief. Nie wat betref waarde nie, maar wat betref 'n meer aardse belewenis. Vanuit hierdie oogpunt gesien, is tradisionele kulture soos dié van die Britte of Duitsers of Russe duideliker te onderskei van mekaar. Dit hou streng verband met taal, gebruike en lewenstyle wat oor dekades en selfs eeue ontwikkel. Op die oog af verskil die tradisionele Moslem wêreld hemelsbreed van byvoorbeeld die Joodse wêreld in Israel hoewel beide uit dieselfde bronne en naby geleë wêrelddele kom. Godsdienstige verskille lê nie net op die teologies-dogmatiese terrein nie, maar ook op die simbolies-rituele en morele waarde-vlakke.

Terwyl ons tans in 'n toenemend globaliserende wêreld leef, is die tekens van tradisionele kulture en godsdienste steeds duidelik te bespeur, in sommige kringe meer as ander. Die negatiewe invloed daarvan loop uit op 'n verdeelde samelewing gelaai met verskille en konflik. Aan die positiewe kant staan egter duidelik gedefinieerde waardes, lewenstyle en ideale. Deelgenootskap aan sodanige groeperings bring sekuriteit en geborgenheid.

4. KULTUUR EN RELIGIE : 'N STATIESE TOESTAND ÉN DINAMIESE PROSES

Godsdienste en kulture soos in Hoofstuk 2 beskryf, neem oor die gang van tyd meer geykte vorme aan. Veral waar beide hierdie menslike funksies interaktief nader na mekaar gegroei het en as't ware ineengevleg en verstrengel geraak het. (Parekh, 2006:144)

Selfs in die volgende definisie van religie is die onlosmaaklike band met kultuur opmerklik:



A disposition built up through experience, to respond favourably, and in certain habitual ways, to conceptual object and principles that the individual regards as of ultimate importance in his own life, and as having to do with what he regards as permanent or central in the nature of things.

(Allport, 1950:64)

Die modernisme, verwestering, verstedeliking en globalisering bring egter ou wêreld by mekaar uit en vorm nuwe wêreld. Dit is prosesmatig, kreatief en dinamies. Daarom word elemente uit tradisionele godsdienste en kulture in nuwe vorme van godsdiens en kultuur teruggevind. Die oue maak plek vir die nuwe sonder dat die oue noodwendig negeer word.

Waar kulture en godsdienste in isolasie funksioneer, sal daar uit die aard van die saak minder openheid ten opsigte van invloede bestaan en gevolglik sal vorme meer eng en ge-yk wees en sodanig voortgaan. Hierdie geneigdheid is meer sigbaar onder minderheidsgroepe waar sekuriteit in die handhawing van die bekende gesoek word. In sommige sosiale sisteme is die teendeel egter waar. In so 'n geval heers daar geen vrees vir beïnvloeding nie en die uitgangspunt is een van openheid. Grense vervaag en mense en groepe beweeg nader aan mekaar ten opsigte van hul oortuigings, gewoontes en leefstyle. (Allport 1950:77)

5. DIE VORMING EN HANDHAWING VAN IDENTITEIT

5.1 DIE GROOT BELANG VAN IDENTITEIT

Niemand bestaan in 'n identiteitlose vakuum nie. Wanneer daar oor iemand se identiteit besin word, gaan dit nie net oor sy individuele psigologiese samestelling, persoonlike vermoëns, kwalifikasies, prestasies, beroep en posisie in die samelewing nie, maar ook oor sy herkoms, demografiese omgewing, sosiale



verhoudings, waardes, oortuigings, geloof, toekomsdrome en ideale. Daar kan gevolglik onderskeid gemaak word tussen persoonlike identiteit en groepsidentiteit. Die feit dat 'n persoon homself as byvoorbeeld 'n blanke manlike Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse Christen beskou het nie net op sy individuele menslikheid betrekking nie, maar ook op sy sosiale identiteit. Die tipiese Afrika filosofie genaamd *ubuntu* beteken juis dat jy is wie jy is op grond van jou deelwees van 'n bepaalde groep. (Hulley 1998:45)

Om in 'n diverse samelewing na behore te kan funksioneer en ook 'n bydrae ten opsigte van sinvolle naasbestaan te kan lewer, moet 'n individu sowel as 'n groep sekerheid van die eie identiteit ervaar. Michael Barnes wys daarop dat dit van die grootste noodsaak is om met sekerheid oor jouself in 'n dialogiese verhouding met ander te tree. Dan eers is dit moontlik om ruimte vir ander te maak en ook bereid te wees om van mekaar te leer. (Barnes, 1989:117)

5.2 FAKTORE WAT LEI TOT DIE VORMING VAN IDENTITEIT

Dit gaan hier oor religieuse en kulturele identiteit. Daar is reeds op gewys dat mense binne bepaalde kontekste gebore word en opgroei. 'n Groot deel van die groep se tradisionele waardes, oortuigings en gebruike is uit hoofde daarvan gevestig. 'n Persoon se waardestelsel word verder gevorm deur 'n stel godsdienstige oortuigings en praktyke. Dit verleen aan hom 'n sekere godsdienstige identiteit wat natuurlik ook verband hou met die kultuur waarin hy deel. Dié stel oortuigings en praktyke bied inspirasie en motivering vir 'n sekere aard van gedrag. Dus kan die persoon sy aard of identiteit hierdeur bepaal en beleef. Hy kan ook waarneem dat ander persone dit met hom deel wat beteken dat hulle met mekaar identifiseer. Daardeur word hyself tesame met sy geesgenote onderskei van ander wat op grond van hulle stel oortuigings en praktyke verskil.



The individual can reflect on what he observes about his behaviour (motivations and actions); the behaviour of his co-religionists and that of those who live by another religion (for that matter, by other identities in general). At a group or community level, there is, therefore, the task of challenge to live up to the identity, i.e. to witness to the beliefs and practices, to the ideals and understandings. Identity can be recognised only in the sphere of action or behaviour. Unless it is manifested, it cannot be recognised, and it can be manifested or lived if and only if it is consciously acknowledged as a constituent behaviour.

(Holley, Kromkowski & Magliola, 2004:109)

Vorming van identiteit is egter ook dinamies. Nuwe lewensomstandighede, kragte en invloede van komplekse aard, nuwe kennis en tegnologiese en ander ontwikkelings speel in om mense en sisteme te verander. Op religieuse vlak vind identiteitsvorming plaas op grond van dogmatiese vastighede, maar ook nuwe denke, oortuigings en die herkonseptualisering van die bestaande. Hermeneutiese insigte en nuwe metodiek speel hierin 'n bepalende rol. Prof Julian Müller het op 1 Februarie 1999 tydens die opening van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria 'n referaat met die titel : "n Nuwe millennium: Uitdagings vir die kerk" gelewer. Hy het gewys op die feit dat talle Christene hul geloof al hoe meer anders beleef as op die tradisionele vastighede en sekerhede. Daar word meer gesoek na die misterieuse waar God in verwondering en onsekerheid gesoek word. Geloof is dus eerder 'n ontdekkingsreis op die ervaringsvlak as die blote aanvaarding en bevestiging van vaste dogmas. Hierdie andersoortige godsdienservaring bring 'n nuwe dimensie aan geloofsidentiteit. Die gevolg daarvan is dat daar op die moreel-etiese terrein ook meer onsekerheid en onvastigheid bestaan en dat dit nuwe uitdagings stel ten opsigte van dit wat goed, reg en aanvaarbaar binne die Christelike geloofsgemeenskap asook daarbuite is. By Hoofstuk 8 sal dié aangeleentheid verdere aandag geniet.



5.3 TAAL AS EKSPONENT VAN IDENTITEIT EN DIVERSITEIT

Daar word algemeen aanvaar dat taal 'n aangeleerde gedragsvorm is wat sekerlik die belangrikste menslike kommunikasiemedium uitmaak. Die aanleer van taal vind normaalweg plaas in die intieme omgewing waarin 'n mens gebore word en opgroei en is vir die meeste mense 'n natuurlike proses.

Culture is articulated at several levels. At the most basic level it is reflected in the language, including the ways in which its syntax, grammar and vocabulary divide up and describe the world. Societies sharing a common language share at least some cultural features in common. And when a group of individuals acquires a wholly new language as many colonial subjects did, they also learn new ways of understanding the world. Culture of a society is also embodied in its proverbs, maxims, myths, rituals, symbols, collective memories, jokes, body language, modes of non-linguistic communication, customs, traditions, institutions and manners of greeting.

(Parekh, 2006:143)

Deur dieselfde taal te besig, identifiseer die gebruiker met die bepaalde kultuurgroep waarvan hy deel uitmaak. Dit is normaalweg nie 'n doelbewuste keuse nie, maar eerder 'n natuurlike gegewe. Beide Baldwin en Chomsky is selfs van mening dat taal in 'n beperkte mate oor tyd en geslagte heen geneties oordraagbare vaardighede word. (Devett & Sterelny, 1986:46) Benewens die feit dat taal primêr die medium van betekenisoordrag is, is dit ook 'n middel tot identifikasie en onderskeid. Enersyds bied mense se moedertaal vir hulle 'n veilige omgewing waar hulle hul identiteit maklik handhaaf en uitleef. Andersyds kom die tendens voor dat sommige mense juis 'n taalsprong maak ten einde in 'n nuwe en gekose omgewing tuis te kom. Laasgenoemde verskynsel is veral merkbaar in ontwikkelende lande waar daar na nuwe identiteit gesoek word.

Suid-Afrika se elf amptelike tale met verskillende dialekte asook anderstaliges soos Chinese, Serwiërs, Nigeriërs, Duitsers en so meer is 'n weerspieëling van 'n taalkundig kosmopolitaanse samelewing.

5.4 IDENTITEITSKRISIS

In Hoofstuk 2 is die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing in ten opsigte van bevolkingsgroepe en religieuse posisionering bespreek. Enersyds weerspieël dit 'n rykdom van verskeidenheid en andersyds dui dit op 'n verdeelde samelewing. Op sigself kan dié werklikheid soveel verwarring teweeg bring dat bevolkingsgroepe en kulturele eenhede nie 'n positiewe ervaring van hul identiteit beleef nie. Die interne fragmentasie van groter groepe laat hierdie belewenis nog verder toeneem. Baie Suid-Afrikaners vind dit moeilik om tuis te kom. Veranderinge in die land oor die laaste twee dekades het meegewerk om vaste fundamente onder duidelik gedefinieerde belangegroepe uit te kalwe. Dit laat mense haweloos. Bydraend hiertoe is die universele individualistiese leefstyl van mense. Vaste gebruike en oortuigings maak plek vir verwarring wat op sy beurt weer negatief inwerk op die identiteit van mense. 'n Vryer gees en die vermoë om self oor jou persoonlike wel en weë te beskik, maak dit nog moeiliker om jouself iewers te laat tuis voel. Verstedeliking speel ook hierin 'n noemenswaardige rol. Mense raak eenvoudig 'weg' in die groot stad waar hulle aan hulleself oorgelaat is om te oorleef. In kleiner gemeenskappe word individue erken en waardeer en na omgesien.

5.5 DIE INVLOED VAN RELIGIE EN KULTUUR

Beoordeel vanuit 'n godsdienstwetenskaplike oogpunt bely die Christelike geloof 'n persoonlike God na wie se beeld die mens geskape is. Verder openbaar die God van die Christendom homself as die verbondsgod wat met diegene wat in Hom glo, 'n besondere verhouding het. Beide hierdie geloofsoortuigings vervul 'n

vestigende rol waar dit kom by die identiteit van mense en geloofsgroepe. 'n Soortgelyke funksie word by sowel die Islam as die Judaïsme aangetref. Dit is veral by monoteïstiese gelowe waar dié betekenisvolle invloed ten opsigte van identiteit gevind word. Die Christelike geloof beskik oor 'n verdere voordeel waar dit kom by identiteit wanneer Jesus Christus as voorbeeld en rolmodel geag word. Hy is immers die Persoon in wie die Godheid Homself met die mens versoen.

By sommige ander godsdienste soos Hindoeïsme en Boeddhisme val die klem op selfrealisering wat ook 'n positiewe invloed op identiteitsvorming het. Die Tradisionele Afrika Godsdienste maak veel gewag van die rol van afgestorwe voorouers in wie volke, stamme en individue hul identiteit vind.

Onder die veelvuldige kultuurgroepe in Suid-Afrika word onder andere Zoeloes, Xhosas, Sotho's, Vendas, Afrikaners, Portugese, Grieke en 'n veelheid ander aangetref, elkeen met sy eie unieke waardes, feeste, gebruike en eienaardighede. Vir baie mense is dit die boustene waaruit hul identiteit as individu sowel as sosiale eenhede bestaan. Dit vind uitdrukking in 'n veeltal simbole en ander uitdrukkingsvorme.

5.6 IDENTITEIT EN MORALITEIT

Wanneer individue by mekaar tuiskom wat betref gedeelde godsdienstige oortuigings en tradisionele waardes en gewoontes, ontwikkel daar gedragskodes wat op beginsels geskoei is. Deur 'n proses van formele en informele kontrole word dit voortgesit en uitgebou. Uiteindelik bied dié stel morele kodes sekuriteit en gee dit verder uitdrukking aan 'n gedeelde identiteit.

Inisiasies in swart gemeenskappe is 'n voorbeeld hiervan sowel as die siening van die huwelik en die rol van die vrou in ander gemeenskappe. Verskillende groepe

het ook voor- en afkeure, taboes en toelaatbare gedrag waar dit kom by 'n sensitiewe aangeleentheid soos seksualiteit.

Sekere groepe in die Moslem gemeenskap laat byvoorbeeld nie toe dat 'n man en sy vriendin voor die huwelik saam uitgaan nie. Die *kosher* eetgewoontes by Judaïste en *halaal* eetgewoontes by Moslems is praktiese voorbeelde van morele oriëntasie by hierdie twee geloofsgroepe.

Die besondere groepe konformeer ten opsigte van hierdie morele gedragskodes en dit versterk en gee uitdrukking aan hul gedeelde identiteit.

5.7 'NUWE' IDENTITEIT

Namate die wêreld aan die verander is, is die belewenis van mense se identiteit ook aan die verander. Hierin het tendense soos post-moderne denke en verstedeliking 'n beduidende aandeel. Dit is veral die jonger mense wat hulleself gemaklik en tuis voel in die sogenaamde '*global village*' waar hulle deelneem aan die nuwe kultuur, genaamd '*urban culture*'. Beter kommunikasiemiddele, inligtingsbronne en vervoerstelsels maak dit moontlik om wêreld wat eers ver uitmekaar gelê het, maklik te oorbrug. Eertydse vaste kodes wat identiteit betref, vervaag al hoe meer om plek te maak vir nuwe vorme daarvan.

In Suid-Afrika waar die nuwe politieke bestel die inwoners van die land op 'n meer gelyke speelveld gebring het, is daar groter blootstelling aan tradisioneel diverse groepe. Nuwe gedeelde belange soos aangetref in die arbeidsmark, op die sportveld, in die akademiese wêreld, en so meer is geneig om ou grense te oorskry en nuwe inhoud te genereer. Mense vind mekaar op nuwe en verrassende terreine en 'n nuwe gedeelde identiteit ontwikkel en groei.

6. MULTIKULTURALITEIT EN MULTIRELIGIEUSITEIT

6.1 DIE SOM IS MEER AS DIE DELE

Multikulturaliteit omvat veel meer as die blote naasbestaan van verskillende groepe of kulture. Dit impliseer die besondere verhoudings en interaksie van groepe mense en die gevolge daarvan op elke betrokke kultuur sowel as op die geheel. Uit die aard van die saak het die ingewikkelde prosesse wat multikulturaliteit teweeg bring ook besondere impak op individue. Wanneer lede van een kultuur blootstelling het aan dié van 'n ander, vind daar 'n dinamiese proses van wedersydse beïnvloeding plaas. Kelly lig die sensitiwiteit van die verskynsel van multikulturaliteit treffend toe:

'Multiculturalism' is a recent phenomenon in political and social theory. Yet the issues that are loosely grouped together under the heading 'multiculturalism' – including group representation and rights, the rights and status of immigrants. The recognition of minority nations and the status of new social movements (with the possible exception of the latter) – are familiar long-standing problems of political theory and practice. Self-consciously multicultural societies may well be a recent addition to political experience but the phenomena of diversity and group difference are features of almost all but the most insulated political societies. All modern states face the *problems* of multiculturalism even if they are far from endorsing multiculturalism as a policy agenda or official ideology. They do so because they face the conflicting claims of groups of people who share identities and identity-conferring practices that differ from those of the majority in the states of which they are a part.

The cause of these differences are manifold and complex. All of human history has seen the movement of people across the face of the earth,



but only in relative recent times has this movement been characterised as 'border crossing', immigration, emigration, of even colonialization. In more recent human history we are able to trace that movement and its causes with greater precision and classify it with concepts that distinguish between types of, and reasons for, the movement of populations.

(Kelly, 2002:3)

Kelly wend 'n eerlike poging aan om multikulturaliteit te omskryf :

But what does multiculturalism mean? If we stick to the 'circumstances of multiculturalism', it seems to mean little more than the fact of societies with more than one culture in the public realm. The claims of these cultures may conflict and the holders of one may find themselves subordinated to another culture, but the point is merely that there is more than one. In this sense, multiculturalism is largely uncontroversial, as it is a fact: but clearly, that is not what is at stake. After all, one possible response to the fact of group difference is coerced uniformity – this is precisely the policy adopted within states during the process of state building, where a single national language is enforced at the deliberate expense of the local languages and dialects. Where the problem of multiculturalism arises is with the claim that the 'circumstances of multiculturalism' challenge the ability of traditional ideological forms of political theories to accommodate themselves to these circumstances. (Kelly, 2002:7)

Die naasbestaan van verskillende kultuurgroepe in een sosiale sisteem het dus meer om die lyf as wat op die oog af mag blyk. Dit is waarskynlik so dat dit nie net groot aanduiders soos taal, etnisiteit, ras, geografiese gebondenheid, sosio-ekonomiese omstandighede en geykte lewenstyle is wat bepalend op kultuurgroepe inwerk nie. Daar is ook mindere kragte soos vrye assosiasie,



vooroordele, persepsies, demografiese veranderinge, verskille in waardesisteme en dergelike. Kulture skep verder ruimte vir 'n verskeidenheid van subkulture. Sommige is vakkundig of opvoedkundig gevormd. Ander weer, op persoonlike en onmiddellike omstandighede geskoei, of op die tydsgees, persepsies en modes van allerlei aard.

6.2 MULTI- VERSUS MONO- : PROBLEEM OF VOORDEEL

Die meeste sosioloë sal waarskynlik saamstem dat daar nêrens op aarde meer van 'n monokultuur sprake is nie. Grense tussen groepe mense het sodanig vervaag dat geen homogene groep teen beïnvloeding van 'n ander gevrywaar is nie. In ieder geval is dit eenvoudig waar dat 'n groep wat uit individue bestaan inherent reeds tekens van multikulturaliteit vertoon. Tog is daar kultuurgroepe wat meer geïsoleerd as ander funksioneer.

7. NUWE KULTUURORDES

7.1 DIE WÊRELD LYK NOU ANDERS

Die afgelope twee eeue is gekenmerk deur fundamentele veranderings wat betref denke, waardes en sisteme. Modernisme het kennis teen 'n fenomenale pas laat toeneem en nuwe ontwikkelings op tegnologiese gebied het mense se leefwêreld ingrypend verander. Oor die laaste vyf dekades het die tempo van verandering nog meer versnel. Beter kommunikasiemedie en rekenaartegnologie het 'n onbeperkte bron van inligting tot by die man op straat gebring. 'n Drastiese verskuiwing ten opsigte van die beroepswêreld en die woon- en leefwêreld van mense het ingetree. Verstedeliking het nie net betrekking op die praktiese lewensomstandighede van mense nie, maar ook op hul denke en manier van optrede. Aan die een kant was daar 'n prysgawe van ou en getoetste weë en aan die ander kant die wins van nuwe en innoverende denke. Die konsep van tyd het

’n nuwe betekenis gekry. Meer dinge moet in minder tyd gedoen word en daar is nie meer geleentheid vir foute maak nie. Sukses is belangrik. Onderskeid tussen die rolle van mans en vrouens in die samelewing het vervaag aangesien vrouens al hoe meer die professionele beroepswêreld begin betree het. Daar heers ’n sterk kompetisiegees wat die sake-omgewing al hoe meer ongenaakbaar begin maak het. Effektiewe opleiding is van groot belang. Mense se lewenspatroon word tot in die fynste besonderhede gereguleer.

7.2 VORME VAN KULTUUR

Die nuwe wêreld soos kortliks hierbo beskryf, moes in ’n groot mate afstand doen van tradisionele kulturele inhoude en verhoudings. Plek moes gemaak word vir iets nuuts. Eietydse lewenstyle ontwikkel gou in nuwe vorme en patrone. Kragte soos materiële welvaart en professionele posisionering bring nuwe waardes na vore. Interpersoonlike verhoudings is meer op die korter termyn gerig en dit bring familiebande en verbintenisse soos die huwelik onder druk. Mense beweeg makliker van een werkgewer of selfs beroep en woonplek na die ander. Mense is meer mobiel en aanpasbaar. Dit bring mee dat waardes en norme ook snel aan die kom en gaan is. Die sogenaamde post-moderne ingesteldheid laat mense op ’n nuwe manier oor hulleself en hul werklikheid dink. Die self raak meer belangriker as die groep en dit het ’n gees van individualisme tot gevolg. Markkragte wakker ’n verbruikersingesteldheid aan wat meebring dat druk op hulpbronne toeneem. Baie mense is meer op hul eie voordele ingestel as op dié van die groep en daarom bly waardes soos eerlikheid, opregtheid en lojaliteit dikwels in die slag.

Suid-Afrika word internasionaal beskou as ’n ontwikkelende land waar daar ’n oorgang van ’n tipies afhanklike gemeenskap oorbeweeg word na ’n selfstandige gemeenskap. Daar bestaan dus ’n ontvanklikheid vir die invloede van groot wêreldmoondhede na gelang ons land tuiskom in die sogenaamde '*global village*'. Gevolglik word tradisionele kulturele verhoudings en inhoude opgeoffer ter wille



van dit wat nuut en aanloklik is. Mense en instellings word opgeneem in 'n groter geheel waar geykte identiteit dikwels prysgegee word. Verstedeliking, nie net wat betref demografiese verspreiding nie maar ook wat betref denke en ervaring bevestig en bevorder die vorming van 'n nuwe kultuur.

Hierdie nuwe energie is egter nie net negatief van aard nie. Dit moet eerder beskou word in die lig van die kontemporêre omstandighede en tydsgees en bied nuwe geleenthede in 'n nuwe en opwindende era waar mense anders leef as voorheen. Op kreatiewe maniere word daaraan uitdrukking gegee in die kunste en gewysigde gedragspatrone. Wat die een persoon as kulturele fragmentasie en verval beskou, word vir die ander persoon 'n geleentheid van vernuwing. Wanneer uitgediende kulturele elemente verdwyn en met nuwes vervang word, beweeg mense nader aan mekaar en dien dit tot groter gemeensaamheid en beter onderlinge begrip. Mense aanvaar mekaar makliker as gelykes. Sterk kompetisie maak nuwe energie los wat op sy beurt kreatiwiteit en ondernemingsgees aanwakker. Dit versnel die lewenspas wat meebring dat mense meer gefokus en doelgerig leef. Die gevolg daarvan is groter effektiwiteit, innovasie en prestasie.

7.3 KULTURELE HERONTWAKING

Te midde van die beweging weg van tradisionele leefstyle en denke, is daar 'n herlewing van ou kulturele gebruike en rituele. Dit kom veral in die kunste, volksfeeste en gebruike uit vervloë tye tot uitdrukking. In Suid-Afrika was daar gedurende die laaste twee dekades 'n oplewing van die eie en die oue in die geledere van veral minderheidsgroepe te bespeur. Mense wat vanweë veranderinge van hul sekerhede ontnem is, vind hierin die herontdekking van hul identiteit en lewensin. Dit kan stellig 'n poging wees om vanuit die bedreiging van nuwe en onbekende omstandighede sekerhede in die bekende en beproefde te soek.

Kulturele herontwaking het egter nie slegs betrekking op tradisionele kultuur nie, maar reik ook uit na dit wat nuut en opwindend is in nuwe tye.

7.4 'N NUWE SUID-AFRIKAANSE KULTUUR?

Hoofstuk 2 bespreek die unieke Suid-Afrikaanse omgewing. Daarin is aandag gegee aan die transformasie proses sedert die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Op alle terreine van die samelewing het dié wending ingrypende invloed en verandering bewerkstellig. Om 'n gevoel van eenheid en samewerking te bevorder, het die eerste demokraties verkose president, mnr. Nelson Mandela die ideaal van die sogenaamde reënboognasie gepromoveer. Sy bedoeling was om al die groepe in die land te akkommodeer en saam te bind ten spyte van verskille. Te midde van die euforie wat aan die begin van die nuwe demokratiese proses geheers het, was dié benadering besonder geslaagd. Tog het dit later begin uitrafel. Wat waarskynlik van groter waarde is, is die bereidheid tot welwillendheid tussen talle individue en groepe in die land. Mense reik uit na mekaar, respekteer mekaar en aanvaar mekaar al hoe meer. Dit is 'n dinamiese proses wat heilsaam op die gees van die land inwerk. Ten spyte van al die positiewe en prysenswaardige veranderinge kan daar waarskynlik nog nie van 'n tipies Suid-Afrikaanse kultuur gepraat word nie. Verskille wat op grond van diversiteit bestaan, is moontlik nog te groot. (Mangaliso, 1994 : 83)

8. RELIGIEUSE HERPOSITIONERING

8.1 DIE TRADISIONELE ROL EN INVLOED VAN RELIGIE

Godsdiens gee sin en betekenis aan die mens se bestaan. John Hick beweer dat individue moreel gevorm word deur die religie waarin hulle gebore word en opgroei. Dit maak die godsdienstige "lug wat hulle inasem, voorsien die geestelike voedsel wat hulle voed en bring die venster waardeur hulle na die wêreld kyk".

Daarom is dit vanselfsprekend dat iemand sy godsdienstige tradisie sonder voorbehoud as die 'weg en die waarheid en die lewe' sal beleef. (Hick & Askari, 1985:30)

Monoteïstiese openbaringsgodsdienste soos Judaïsme en Islam stel duidelike gedragsreëls voor wat wetties afgedwing word. Dit bied duidelike grense en bewerk sekerhede al sit daar 'n groot mate van dwang in. Hoewel die Christelike geloof bevrydend is, word dit soms ook as institusioneel beleef. Oosterse godsdienste vind neerslag in die onmiddelike, daaglikse bestaan en ken bepaalde waardes daaraan toe. Tradisioneel funksioneer godsdiens as regulerend en selfs inhiberend. Aan die ander kant verskaf dit 'n gunstige, bekende omgewing waar sekuriteit ervaar word.

8.2 RELIGIE EN SPIRITUALITEIT

Die wyse waarop godsdiens ervaar word en die manier waarop daar uitdrukking aan geloofsinhoude gegee word, ken ons as spiritualiteit. Laasgenoemde kan dus gesien word as vorme van religie. Dit staan egter nie los van kulturele gebruike en ervarings nie en is veral by godsdienste soos Hindoeïsme en Boeddhisme uniek. Geen godsdienstige handeling word sonder vorme van spiritualiteit beoefen nie. Dit is dikwels bepaalde spiritualiteit wat afstand tussen verskillende godsdienste skep en ook tussen groepe van dieselfde geloofsoortuiging. Spiritualiteit en moraliteit gaan hand aan hand daar beide uiting gee aan geloofsinhoud en die subjektiewe belewenis en uitlewing daarvan. Benewens die religieuse waarde daarvan, is dit ook 'n platform waarop mense met ander deel en sosialiseer.

8.3 SINKRETISME

Hieronder word die vermenging van geloofsinhoude van verskillende godsdienste verstaan. Wanneer daar nie aan die religieuse identiteit vasgehou word nie en

wedersydse blootstelling en beïnvloeding vind plaas, word daar gevaar van sinkretisme geloop. Dus is die geloofsbron steeds belangrik indien 'n bepaalde godsdienste te midde van ander sy eie uniekheid wil behou. Interaksie en godsdienstige pluraliteit is moontlik sonder dat vermenging noodwendig plaasvind. In 'n omgewing met ryke godsdienstige diversiteit is hierdie insig belangrik.

8.4 DIE VRAAG NA 'N POST-RELIGIEUSE SAMELEWING

In sommige kringe word gemeen dat die tyd van godsdienste verby is en dat 'n nuwe era aangebreek het waar godsdienste as niks meer as fundamentalisme beskou word. Ou literêre bronne word nie meer as normatief geag nie. Die bewysbare wetenskaplikheid het die bepalende norm geword. Erkenning word oor die algemeen steeds verleen aan vergange waarhede, maar dit is nie meer regtig vir die daaglikse lewe ter sake nie. Wêreldse beginsels soos deur ekonomiese en tegnologiese wetenskappe aangebied, geld. Dít is die nuwe riglyne waarvolgens geleef word. Hierdie lewensingesteldheid kan absoluut wees waar daar min ruimte vir religieuse aanvoeling of inhoud gelaat word, of dit kom as elemente binne bestaande religieuse tradisies voor. Dit moet egter nie verwar word met ontwikkelings wat betref hermeneutiese insigte binne bepaalde godsdienste waar daar anders oor bepaalde sake as voorheen gedink word, maar steeds by kernwaarhede gebly word nie. Die uiterste van dié oortuiging is sekuralisme waar daar geen ruimte vir geestelikheid gelaat word nie. Ook dit is 'n werklikheid in die komplekse diversiteit van godsdienstige denke in Suid-Afrika.

(Du Toit et al, 2006 :18)

9. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk hanteer religie en kultuur as onlosmaakbare menslike verskynsels wat in alle gemeenskappe voorkom waar religie as 'n onderdeel van kultuur beskou kan word. Dit beskryf die kompleksiteit daarvan en wys uit dat dié



fenomene inhoud en betekenis aan menslike lewe gee. Dit speel op die individuele, maar veral die sosiale terrein van die lewe af. Mense dink en doen vanuit hul religieuse en kulturele belewenis. Daar is ook aandag gegee aan die identiteitsvorming vanuit kulturele en religieuse belewenis. Wanneer mense nie hierin veranker is nie, ondervind hulle moeite om na behore in die gemeenskap te funksioneer. 'n Duidelik gedefinieerde identiteitsbelewenis bied sekuriteit wat mense help in hul manier van leef en die rol wat hulle in hul gemeenskap speel. Vanweë interaksie en globalisering bly identiteitsvorming maklik in die slag. Verskuiwings in die samelewing bring egter nie net negatiewe invloede mee nie. Daar ontstaan gedurig nuwe geleenthede wat deur mense benut word om in nuwe omstandighede en verhoudings tuis te kom. Dit ontketen nuwe lewenservarings en lewenstyle wat uiteindelik in nuwe kulture vestig. Kulture én godsdienste is dus dinamies van aard. Wat die situasie in Suid-Afrika betref, is daar aan die hand van dramatiese politieke en sosiale ontwikkelinge oor die afgelope twee dekades enorme veranderings op die terrein van kulture. Vanweë die geweldige diversiteit kan daar egter nog nie van 'n tipies Suid-Afrikaanse kulture gepraat word nie. Die herontwaking van eertydse kulturele goedere dra klaarblyklik daartoe by dat tradisionele groepe hul afsonderlike kulturele identiteit vir lank sal behou. Verskillende geestelike spiritualiteit vervul op sigself 'n samebindende funksie waardeur mense sosialiseer en 'n besondere identiteit met ander deel. Religieuse diversiteit is 'n werklikheid. Hoewel interaksie op hierdie terrein en sekulêre invloede van buite druk op die uniekheid van godsdienste plaas, is 'n sogenaamde post-religieuse geestelike ervaring nie in die vooruitsig nie.



HOOFSUK 4

DIE DINAMIKA WAT DEUR DIVERSITEIT TEWEEG GEBRING WORD

1. INLEIDING

Om te wees wie jy is en te glo wat jy glo, is volgens basiese menseregte vir elke mens beskore. Dit sluit vrye assosiasie en vryheid van beweging deur almal in. Bogenoemde is immers die bedoeling van die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet en bevrydend vir almal wat hier leef. Vir 'n land met talle bevolkingsgroepe, godsdienstige variasies en kulturele verskeidenheid is die gelykmaak van die speelveld van die uiterste belang. Die demokratiese waardes van alle mense se *menswaardigheid, gelykheid* en *vryheid* word hierdeur bevestig. (Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika: 6). Dit gee erkenning aan individue sowel as groepe.

Oor gelykheid, menswaardigheid en lewe laat dié wet hom soos volg uit:

GELYKHEID

Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in.

Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.

Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale



herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel 3 diskrimineer nie.

Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

MENSWAARDIGHEID

Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

LEWE

Elkeen het die reg op lewe.

(Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996:7)

Vir baie mense in die land het die ervaring van erkenning nuwe lewensmoontlikhede geopen. Niemand het werklik meer rede om minderwaardig of uitgesluit te voel nie en die Suid-Afrikaanse gemeenskap het oor die afgelope vyftien jaar met groot inspanning en baie opofferings moeite gedoen om almal te akkommodeer. Natuurlik is dit 'n omvattende en ingewikkelde proses, veral teen die agtergrond van die geskiedkundige verloop en gegewe diversiteit soos dit in die vorige hoofstuk aan die orde gekom het. Die verhaal van Suid-Afrika waar dit by die transformasieproses kom, is tot 'n groot mate 'n suksesverhaal. Dit word wêreldwyd erken. Tog is daar ook baie mislukkings en die Grondwet, hoe goed en demokraties dit ook al saamgestel en uiteengesit is, word allermens oral slaafs nagevolg. Diversiteit in 'n samelewing leen hom nou eenmaal tot meningsverskil, misverstand, onmin, konflik en vergryp. Hierdie tendens speel homself nie net op



politieke en staatkundige terreine af nie, maar op bykans elke terrein van die lewe. Diverse samelewings bevind hulle dus op 'n speelveld vol risiko's waar waagmoed en innoverende denke en optrede vereis word ten einde 'n harmonieuse omgewing te skep en te handhaaf.

Hierdie hoofstuk hanteer nie slegs die interessante verskynsel van diversiteit nie, maar poog om die energie wat die verskeidenheid in die samelewing losmaak, te verstaan ten opsigte van die interaksie tussen persone en groepe.

2. DIE ERKENNING, HANDHAWING EN BESTUUR VAN VERSKILLE IN 'N DIVERSE SAMELEWING

Sylvia Vriesendorp vergelyk diversiteit met die verskillende vlakke van 'n geslypte diamant:

Like a diamond, diversity has many facets, each one reflecting back to us a story: about social-political change, about cultural differences, about organizational attempts to comply with or profit from diversity, about communities separated and joined, and finally about powerful personal experiences. What all these stories have in common is the societal and personal struggle that inevitably accompanies the process of questioning, defending and eventually redefining traditional relationships. Treatment of one group by another that was considered normal not all that long ago is now outlawed (discrimination), while other practices considered illegal (marriage between different races) are now legal, and if not welcomed, at least tolerated. I believe there is reason for optimism. We may not be very close yet to a vision of equitable, fair and just treatment of all, but there is movement, culturally, organizationally, and hopefully personally as well.

(April & Shockley, 2007:15)

Hiermee dek sy die tafel vir 'n vars en opwindende uitkyk op die verskynsel van diversiteit en hoedat dit tot voordeel van die groter geheel kan funksioneer.

Daar is myns insiens drie uitgangspunte ter sake.

Eerstens is dit belangrik dat samelewings diversiteit sal erken. Dit gebeur nie vanself nie en vra 'n besondere ingesteldheid van openheid. Sonder om van meet af bedreig te wees of te voel, moet individue en groepe kennis neem dat daar naas hulleself ook persone en groepe is wat 'anders' is wat sekere aspekte betref. Dié andersheid kan voor die hand liggend wees soos wanneer daar groepe van verskeidenheid van kleur in een samelewing woon en werk. Dit kan egter ook baie meer subtiel wees soos wanneer families bepaalde bande het en unieke gebruike handhaaf waar geen ander persoon in kan deel of by kan inpas nie. Alvorens die werklikheidsverskynsel van diversiteit nie vierkant in die oë gekyk word nie en nie na behore in samelewings in ag geneem word nie, sal daar eenvoudig nie in geslaag kan word om die konflikte wat mag ontstaan, te hanteer nie.

Tweedens moet die mening dat diversiteit *per se* net negatief is, afgewys word. Indien dit as 'n vyand beskou word, is die risiko soveel hoër dat dit geminag of van minder belang geag word. Dan is die moontlikhede soveel groter dat meerderheidsgroepe oor minderhede kan heers en dat betekenisvolle rolspelers gemarginaliseer kan word. Die handhawing en uitbouing van kleiner eenhede bring mee dat identiteitsvorming makliker plaasvind en dat ruimtes geskep word waarin mense veilig voel en beter funksioneer. 'Variety' is immers 'the spice of life'.

Derdens is 'n doelbewuste bestuursprogram noodsaaklik. Verskil van menings en belange het ongelukkig dikwels verwydering tot gevolg wat tot spanning en konflik kan lei en op sy beurt weer tot aktivisme en geweld. Dit is destruktief. Indien verskille reg bestuur word, het dit egter nie net harmonie en samewerking tot gevolg nie, maar kan daar baie positiewe en opbouende waarde uit kom. Met swak



bestuur het die grondhervormingsprogram in Suid-Afrika byvoorbeeld die potensiaal tot rampspoedige gevolge. Daar is tog reeds enkele voorbeelde van hervormingsprosesse wat met die regte bestuurskundigheid hanteer word en uiters suksesvol is. Wat egter deurslaggewend is in enige bestuursprogram, is die wyse van bestuur en in die besonder die bestuurstyl van betrokkenes. In die jongste tyd is die bestuurswetenskappe meer geneig om van leierskap as van bestuur te praat. James Joseph tref byvoorbeeld 'n onderskeid tussen wat hy noem 'hard power' en 'soft power' leierskap. Eersgenoemde neem doelwitte en die bereiking daarvan ernstig op. Laasgenoemde deel meer met die menslike kant van deelnemers en rolspelers. Dus gaan dit veel meer oor verhoudings en die sinvolle belewenis en funksionering daarvan (April & Shockley, 2007:341). Volgens Joseph behoort dit 'n meer bevredigende wyse te wees waarvolgens daar met verskille en selfs konflikte in diverse gemeenskappe gedeel kan word. Die saak van bestuur en hoedanig dit behoort te funksioneer, is egter 'n onderwerp op sy eie.

3. VERSKILLENDE BENADERINGS TEN OPSIGTE VAN DIVERSITEIT

Nie almal dink eenders oor die verskynsel van diversiteit nie. Sommige voel negatief daarvoor en selfs bedreig. Ander beleef dit positief en uitdagend. Wat egter belangrik is, is die grondhouding wat daarop nagehou word. Vervolgens word enkele uitgangpunte kortliks in oënskou geneem:

3.1 DIVERSITEIT VERSUS HOMOGENITEIT

Homogeniteit dui op enkelvoudigheid en eendersheid. Die bespreking tot hiertoe maak dit duidelik dat diversiteit daarenteen 'n aardse werklikheid is wat nie opgehef of verander kan word nie. Nogtans vind groeperinge rondom bepaalde gedeelde elemente plaas. Mense is geneig om een of meer gemeenskaplike belang(e) te soek wat hulle tot eenheid kan saamsnoer. Dan is hulle 'n identifiseerbare geheel. Dié gemeenskaplike belange is in baie gevalle polities van



aard, maar dit kan ook op grond van belangstellings, aktiwiteite, waardes, oortuigings, vaardighede en so meer plaasvind. Gemeensamenheid word soms gebou op rassigheid of etnisiteit wat nie noodwendig polities gemotiveerd hoef te wees nie en ook nie noodwendig bepaalde drome of ideale nastreef nie. Homogeniteit maak mense ook nie almal heeltemal eenders nie, maar fokus op een of enkele gedeelde belang(e).

Daar bestaan egter 'n weselike gevaar dat homogeniteit só hoog aangeslaan word dat dit teenoor diversiteit te staan kom en dié twee verskynsels as uiterstes beskou kan word. Dis óf die een óf die ander. Homogene eenhede is geneig om hulle af te sonder en in isolasie te probeer bestaan. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is die eertydse Essene, 'n sektegroep van die Jodendom wat gedurende die eerste twee eeue n.C. in askese by Qumran naby die Dooie See gewoon het. Hulle was maar ongeveer 4,000 lede sterk en het streng volgens die Mosaïese wet geleef. Hier is homogeniteit op religieuse gronde gebou. Op Suid-Afrikaanse bodem is daar die voorbeeld van die sogenaamde Afrikaner Volkstaat by Orania in die Noord-Kaap wat op kultureel-rassige ideale berus

3.2 HOMOGENITEIT TE MIDDE VAN DIVERSITEIT

Dit is belangrik om altyd in ag te neem dat diversiteit nie homogeniteit ophef of uitsluit nie. Kortliks kom dit daarop neer dat 'n diverse samelewing juis divers genoem kan word omdat dit uit 'n verskeidenheid individue sowel as kleiner of groter unieke eenhede bestaan. Om suksesvol en in harmonie saam te bestaan, plaas 'n geweldige premie op die integriteit van die onderskeie individue en groepe. Dít is presies waarop die fokus van hierdie studie rig.

Een van die hoof oogmerke van Naziïsme in Duitsland in die eerste helfte van die vorige eeu was 'n proses van etniese suiwering. Die katastrofiese gevolg daarvan was die tragiek van die Tweede Wêreldoorlog en veral die wrede vervolging van



die Jode. Die weersin wat wêreldwyd daarop gevolg het, was so groot dat talle ooreenkomste aangegaan is en verdrae gesluit is om 'n herhaling van dié soort handeling vir eens en altyd te stuit. Die beskerming van minderheidsgroepe is ook hoog op die agenda en in baie lande reeds grondwetlik gereguleer. Die amptelike totstandkoming van die Verenigde Nasies Organisasie (voorheen: Verenigde Volke-organisasie) op 24 Oktober 1945 was die direkte gevolg van 'n voorafgaande proses en die aanvaarding van 'n deklarasie om die naasbestaan van onderskeie volke en groepe te reguleer. Sedertdien is die saak van menseregte en die vrye en vreedsame bestaan van volke steeds hoog op die agenda. Daarmee word diversiteit sowel as die eie aard van verskillende volke en groepe erken en beskerm.

'n Groep mense wat sekere belange deel, is egter nie in alle opsigte homogeen nie al word hulle as homogeen omskryf. Om weereens die voorbeeld van die Afrikaner Volkstaat te noem: Dit was nooit die bedoeling dat dié eenheid in isolasie van die buitewêreld sou bestaan nie. Hierdie klein gemeenskap poog om 'n noemenswaardige bydrae op ekonomiese en ander vlakke nie net nasionaal nie, maar ook internasionaal te lewer. 'n Verdere waarheid wat verdien om vermeld te word is dié dat 'n homogene groep op grond van een of enkele faktore as homogeen beskou kan word. Tog is daar ook talle ander terreine waarop die lede van die besondere groep radikaal van mekaar kan verskil en wat dít betref, hulle as heterogeen beskou kan word. Die mense van die Afrikaner Volkstaat kan byvoorbeeld wat hul herkoms, voorkoms, godsdiens, kultuur, taal en staatkundig-politieke aspirasies betref as homogeen beskou word. Maar wat hul opleiding, kwalifikasies, beroepe, lewenstyl, besondere waardes, toekomstdrome en so meer as baie verskillend beskou word. Verder bestaan daar tussen hierdie besondere en ander homogene groepe erkenning, respek, samewerking en gedeelde drome en waardes. Daar kan dus met vrymoedigheid gepraat word van homogeniteit te midde van diversiteit. (Watson, 2000: 139)



3.3 DIVERSITEIT EN KONFLIK

Diversiteit is 'n uiters vrugbare teelaarde vir konflik. Dis voor die hand liggend dat mense met verskillende belange ook verskillend oor sake sal dink en handel. Selfs by homogene groepe kom daar van tyd tot tyd meningsverskil onderling voor. Hoeveel te meer nie tussen diverse groepe wat dikwels nie dieselfde waardes, norme en ander belange deel nie.

Dit is ongelukkig ook op godsdienstige gebied dat verskille mense uit mekaar dryf. Daarvan is die kruistogte kort na die aanbreek van die eerste millennium waar die ridder-ordes teen almal wat nie die Christelike geloof wou aanvaar nie te staan gekom het, 'n tipiese én tragiese voorbeeld.

Selfs binne die Christendom lei leer- en ander verskille tot konflik. Watter beter voorbeeld is daar as die stormagtige tye van die kerkhervorming onder Martin Luther en Johannes Calvyn en ander gedurende die sestiende eeu. Ten spyte van goeie en edel bedoelings was daar gewelddadigheid wat selfs op vervolging, koelbloedige moorde en selfs oorlog uitgeloop het. Dis ironies dat die eerste godsdienstige oorlog op Duitse bodem, die sogenaamde Smalkaldiese oorlog gedurende Luther se sterfjaar in 1546 uitbreek. Hy wou dit inderdaad nie so hê nie. Sommiges meen egter dat dié oorlog eerder politieke oorsake gehad het en die saak van godsdiens inderwaarheid 'n dekmantel was om die magsug van sekere leiers te verdoesel. By die slag van Mühlberg op 24 April 1547 word die Smalkalders verslaan, hul leiers gevange geneem en die sogenaamde evangeliese vorste wat aan die kant van die keiser gestaan het, onregmatig beloon. (Wegener, 1965:192) Dít beklemtoon die ingewikkelde verweefdheid van diversiteit sowel as die ploffbaarheid wat dit teweeg kan bring selfs op lewensterreine waar dit die minste verwag word.

Polities-histories skuil daar in elke land se verhaal momente en tydperke van gruwelike vergryp, burgeroorloë, oorheersing deur een groep oor die ander en uitbuiting. In die meeste gevalle is die verskille wat denke en waardes betref sowel



as tradisionele vetes en magsug die onderliggende kragte. Daar is reeds gewys op die ideologiese draakgestalte wat die Naziïsme in Duitsland gedurende die eerste helfte van die vorige eeu aangeneem het. Dit het die ganse wêreld van daardie tyd meegesleur in die mees tragiese oorlog denkbaar. Daar is ook nog talle en talle ander voorbeelde van konflikte wat op katastrofes uitgeloop het.

Ten spyte van die hoë risiko vir konflik wat as gevolg van diversiteit kan ontstaan, is daar baie voorbeelde van gevalle waar die konflik sodanig bestuur is dat daar tot aanvaarbare vergelyk gekom is en die konflik ontlont is. Die mees voor die hand liggende voorbeeld is sekerlik die oorgang van die apartheidstelsel na 'n demokratiese bestel in die jare voor, tydens en na 1994 in Suid-Afrika. Dit word dikwels as model en ideaal vir ander lande se politieke konflik voorgehou. Tony Ehrenreich, huidige Wes-Kaapse Streeksekretaris van COSATU meen dat die onderhandelinge wat die proses van verandering voorafgegaan het, deurslaggewend was vir die suksesvolle verloop en bevredigende uitkomst. Bydraend hiertoe meen hy, is die feit dat die Sowjet Unie nie meer die bevrydingstryde in Afrika gefinansier het nie en die positiewe reaksie van die VSA en ander groot moondhede daarop. Dit het 'n nuwe gees van welwillendheid en toenadering geskep. (April & Shockley, 2007:66)

3.4 DIVERSITEIT EN INSLUITING

Pluralistiese samelewings hoef nie konflikterend te wees nie. Dit beteken egter nie dat daar geen insidente en situasies van konflik ooit mag voorkom nie. Dit is onafwendbaar as gevolg van verskille hetsy groot of klein en van verskillende aard.

Saambestaan kan enersyds teen wil en dank geskied. Dit speel dan in die gees van fatalisme af wat beteken dat die werklikheid bloot 'n gegewe is en dat daar eenvoudig verlief van geneem word. Dit werk gewoonlik polarisering in die hand sonder enige betekenisvolle interaksie. In uiterste gevalle gaan dit oor in



vyandigheid en selfs weerstand en vernietiging. Dan sou daar eerder van uitsluiting as van insluiting sprake wees.

Andersyds kan die insluiting van verskeidenheid beteken dat diverse groepe mekaar akkommodeer. In dié geval beweeg groepe nader aan mekaar sonder dat elkeen sy besondere identiteit hoof prys te gee. Uit die aard van die saak vind daar wedersydse beïnvloeding plaas. Die klem val dus op *verstaan* en *aanvaar*.

’n Verdere moontlikheid bestaan: dié van globalisasie. Dié term hoef nie noodwendig internasionale eenheid aan te dui nie, maar het betrekking op groter of minder groot eenhede waar diversiteit van minder belang geag word en waar groepe oor tyd in ’n groter geheel opgeneem word. Eventueel verdwyn oorspronklike identiteite en ’n nuwe identiteit ontwikkel. Hierdie is ’n drastiese ontwikkeling en kan slegs oor ’n lang tyd en onder doelgerigte leiding so ver groei. Dit sou die ideaal van voorstanders van die filosofie van globalisasie wees. Daarnaas bestaan ’n meer genuanseerde vorm van globalisasie wat ’n hibride sosiale sisteem genoem kan word waar kulturele- of ander groeperings interaktief aan ’n groter geheel deelneem, elkeen met sy eie rol en funksie tot voordeel van die ander sowel as die geheel. (Tomlinson, 1999:141)

Bogenoemde moontlikhede is suggesties om volgens verskillende uitgangspunte ’n werkbare model te identifiseer waarvolgens diverse groepe mekaar kan akkommodeer.

4. RAS, RASSIGHEID EN RASSISME

Wanneer die term *ras* gebruik word, wek dit normaalweg negatiewe gevoelens op. Die rede hiervoor sou sekerlik wees die feit dat verskillende rassegroepe hulleself in opposisie met mekaar beleef. Dié verskynsel is jammer omdat ras as sodanig nie die waarde van mense bepaal nie, maar eerder talle negatiewe persepsies daar

rondom. Dus sou dit raadsaam wees om 'n onderskeid te tref tussen *rassigheid* (ras) en *rassisme*. Eersgenoemde maak erns met die feit dat mense wat hul ras betref, van mekaar mag verskil. Dit is 'n meer omvattende begrip as etnisiteit omdat daar verskillende etniese groepe binne 'n bepaalde ras kan bestaan.

Maar wat is ras, oftewel rassigheid?

Die twee mees voor die hand liggende elemente wat bepalend is by rassigheid is waarskynlik herkoms en voorkoms. Daar is byvoorbeeld duidelik waarneembare verskille in die voorkoms van Indiane uit Noord-Amerika, Negroïede uit Afrika en Europeërs uit Europese lande. Velkleur, liggaamsbou en bepaalde gelaatstrekke is kenmerkend. Dit is oor eeue geneties vasgelê en word van geslag tot geslag oorgedra. In die meeste gevalle is verskille dieper liggend as bloot fisiese voorkoms. Taal en kulturele gebruike is dikwels rasgebonde. Dié komplekse menslike samestelling gee aan verskillende rassegroepe hul besondere identiteite. Dit is tans wetenskaplik aanvaarbaar om tussen drie hoofstroom rassegroepe te onderskei: Wittes, swartes en geles. (Back & Solomos, 2000:19, 81)

Rassigheid kan eksklusief wees, selfs binne stedelike gebiede waar daar 'n verskeidenheid rasse verteenwoordig word. Dit is veral in sodanige omstandighede waar fisiese voorkoms en kulturele samehorigheid polariserend kan funksioneer.

Maar dit is waar een rassegroep homself superieur tot 'n ander beleef dat oorheersing en marginalisering intree. Dit kan polities, sosiaal, kultureel en op talle ander lewensterreine voorkom. Dan is daar sprake van rassisme.

In England, perhaps more than in southern Europe, the concept of blackness was loaded with intense meaning. Long before they found that some men were black, Englishmen found in the idea of blackness a way of expressing some of their most ingrained values. No other colour



except white conveyed so much emotional impact. As described by the *Oxford English Dictionary*, the meaning of *black* before the sixteenth century included, "Deeply stained with dirt; soiled, dirty, foul Having dark or deadly purposes, malignant: pertaining to or involving death, deadly; baneful, disastrous, sinister Foul, iniquitous, atrocious, horrible, wicked Indicating disgrace, censure, liability to punishment etc." Black was an emotionally partisan colour, the handmaid and symbol of baseness and evil, a sign of danger and repulsion.

(Jordan *in* Back & Solomos, 2000:35)

Bogenoemde kru aanhaling is 'n aanduiding van die weersin wat op grond van bepaalde persepsies ten opsigte van die bepaalde voorkoms van mense kan bestaan. Wanneer rassevoorkeur tot 'n ideologie verhef word, ontaard dit in rassisme wat tot vooroordeel lei. Tog sou dit onbillik wees om stereotipes op grond van Jordan se aanhaling en ander se uitlatings af te lei. Hoewel rassisme wêreldwyd steeds lewendig is en in verskillende vorme voorkom, is dit genuanseerd in dié sin dat dit in sommige gemeenskappe steeds tot 'n mate geduld word en in ander nie. Dit word ook op verskillende wyses hanteer. Aan die een kant van die spektrum is daar voorvalle van brutale rassegeweld en aan die ander kant totale aversie en verwydering. Die aanspraak uit sommige geïsoleerde oorde dat selfs aangeleenthede soos moraliteit en karakter rassig (of selfs geneties) gedifferensieerd is, is myns insiens van alle waarheid ontbloot. Mense van alle nuanses van moraliteit en karakter kan in enige rassegroepe aangetref word, netsoos mense van alle vlakke van intellektuele vermoëns. (Angrosino, 2001:12)

Rassigheid is 'n waarneembare en voor-die-hand-liggende verskyningsvorm van die ryke diversiteit binne die mensdom en moet aldus verstaan, erken en gerespekteer word.

5. EKSKLUSIWITEIT EN INKLUSIWITEIT

Waar dit kom by die uitsluiting of insluiting van diverse groepe is die besondere benadering wat gevolg word van groot belang. Daar kan 'n gees van openheid bestaan of daarteenoor, 'n gees van geslotenheid. Rita Gross, 'n leier op die gebied van inter-kulturele en -godsdienstige dialoog tref 'n onderskeid tussen die benaderings van kulturele en godsdienstige diversiteitsdenke. Volgens haar is eersgenoemde meer geneë om mekaar te akkommodeer as laasgenoemde. Sy is verder van mening dat dit veral onder monoteïstiese godsdienste is waar daar 'n groter mate van eksklusivisme bestaan.

Because the tendency to be hostile to people who are different is so strong, it is an important religious problem. Religious diversity is an important component of cultural diversity, which educators are now taking seriously in their pedagogies. However, cultural diversity and religious diversity are often evaluated quite differently. In our society now, there is at least a polite and superficial consensus that cultural diversity is here to stay and may enrich life. Minimally, people realize that cultural, ethnic, and class chauvinism create problems and are inappropriate, though they may be difficult to overcome. Regarding religious diversity, quite a different evaluation is often employed. Many people value the feeling that their religion is indeed superior to others and regard such religious chauvinism as a necessary component of religious commitment, or even a virtue to be cultivated among the faithful. In their official theologies, most religions have dealt with religious diversity only in a cursory or inadequate fashion. Frequently, religions have encouraged mutual hostility by teaching that foreign religions are not only different, but also demonic, or at least inferior.

(Gross, 2009:1)



Suid-Afrika staan vanweë die omvattende diversiteit van die samelewing na my mening voor 'n uitsonderlike uitdaging om ter wille van eenheid en samewerking eerder op 'n houding van inklusiwiteit as eksklusiwiteit te fokus.

6. VRYE ASSOSIASIE

In aansluiting by die vorige paragraaf is dit van ewe groot belang dat gemeenskappe vry moet wees om te kan kies waar hulle aansluiting vind en tuis hoort. Die geskiedenis van Suid-Afrika wys uit dat wanneer vrye assosiasie nie plaasvind nie, spanning en verwydering tussen groepe ontstaan. Die eertydse groepgebiedewet wat op rasgronde gebaseer was en die gevolglike tuislandebeloid, alhoewel polities, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hierdie praktyk het verskillende groepe ook kultureel en andersinds van mekaar verwyder. Dit wil egter nie impliseer dat identiteit wat betref kultuur en godsdienste sonder meer prysgegee is nie, maar die feit dat dit nie meer op 'n gedwonge manier ten alle koste in stand gehou word nie, het tot gevolg dat mense en groepe nader aan mekaar beweeg.

7. RESPEK EN ERKENNING

Diverse kulture en godsdienste noodsaak erkenning en respek, maar vereis ook samewerking wat op gedeelde belange gegrond is. Waar dit nie moontlik is nie, plaas dit 'n premie op verdraagsaamheid. Vir 'n diverse samelewing wat op koers wil wees ten opsigte van morele genesing is die erkenning van diversiteit asook onderlinge respek onontbeerlik. Die nuwe demokrasie wat sedert 1994 in Suid-Afrika heers, plaas alle mense en kultuur- en godsdienstgroepe gelyk. Dié insig is na my mening besig om ook in die denke en ervarings van mense tuis te kom en behoort positief in te speel in 'n gemeenskap waar mense met 'n oop gemoed en groter toegeneentheid na mekaar se belange omsien.

8. TOLERANSIE EN INTOLERANSIE

Die volgende aanhaling plaas die uiterste houding van verdraagsaamheid teenoor onverdraagsaamheid in perspektief:

Religious intolerance, defined as the practice of keeping others from acting in accordance with their religious beliefs, is not new. However, there is concern world-wide over the increasing amount, and increasingly violent nature, of such behaviour. Accordingly, there is understandably a renewed interest in fostering religiously tolerant environments in which individuals with differing religious perspectives can practice their faiths unencumbered.

A number of philosophers have recently turned their attention to the relationship between religious diversity and religious tolerance, with the main focus on whether acknowledgement of, and subsequent reflection on, religious diversity might lead to greater religious tolerance. The main argument supporting the claim that acknowledged diversity can foster tolerance was proposed by the late Philip Quinn (Quinn, 2001:57-80; 2002:533-537; 2005a:136-139). He maintained that (1) serious reflection on the undeniable reality of religious diversity will necessarily weaken an individual's justification for believing that her religious perspective is superior to the perspectives of others and that (2) this weakened justification can, and hopefully will for some, lead to greater religious tolerance – for example, will lead to a more accepting, less confrontational attitude toward others.

(Stanford Encyclopedia of Philosophy, 2007)

Dit is veral monoteïstiese godsdienste wat geneig is om nie ander na behore te verdra nie. Verder word godsdienste met 'n soteriologiese inslag ook daarvan beskuldig. Wanneer godsdienste die ingesteldheid het om

raakvlakke en gedeelde belange, veral op moreel-etiese vlak te soek, is dit makliker om met mekaar saam te leef en te werk.

9. SAMELEWINGSKONSEPTE EN KONTEMPORÊRE LEEFSTYLE

Die omgewings waar mense hulle bevind, het 'n ingrypende invloed op die wyse waarop hulle leef. Die mees voor die hand liggende voorbeeld hiervan is die uiteenlopendheid tussen stad en platteland. Sonder om te veralgemeen is daar by plattelanders 'n merkbare groter rustigheid en lewendiger gemeenskapsbetrokkenheid as by stedelinge. Die pas in die stad is snel, verhoudings vlakker van korter duur en die belewenisse meer momenteel van aard. Tyd en ruimte is beperk.

Daar kan ook 'n onderskeid gemaak word tussen moderne en pre-moderne lewenstyle. Hier gaan dit eerder oor die tydsges as oor die omgewing. Tegnologiese ontwikkeling en 'n groter klem op wedywering het bepaalde invloede op die wyse waarop mense leef. Die neiging bestaan dat mense al hoe meer individualisties dink en optree. Norme en gewoontes is nie meer vas en rigied nie. Daar bestaan baie keuses en dis jou reg om jou eie mening te huldig en jou eie keuses uit te oefen. Verder het die verbruikersges sy voet behoorlik in die deur gedwing. Dit het 'n lewenstyl geword om gereeld uit te gaan, by kuierplekke te verkeer, maaltye saam met kollegas en vriende in straatkafes en restaurante te geniet en naweke uit die stad te beweeg. In die beroepswêreld is die suksesleer belangrik en alle energie word ingespan tot eie voordeel.

Bogenoemde leefgewoontes maak 'n nuwe kultuurmoontlikheid oop. Dit staan los van tradisionele kulture, etnisiteit, geslagtelikheid en herkoms. Dié nuwe leefstyl is eie aan die jong en opkomende geslag en is 'n dinamiese groeiproses wat nuwe horisonne ontgin. Geleenthede soos internasionale sportbyeenkomste en die gedeelde belangstelling wat dit wek, funksioneer as samebindende faktore wat



nuwe kulture tot gevolg het. Dieselfde geld vir sport deelname en ontspannings-ekskursies wat die plek inneem van tradisionele kulturele aktiwiteite. Die uitgebreide filmbedryf is veel meer as 'n vermaaklikheidsmedium. Dit kan beskou word as moderne kuns wat samelewingsaangeleenthede vertoon en interpreteer. Deur daaraan blootgestel te word, word die samelewing beïnvloed wat weer op sy beurt daarop reageer. Argitektuur en die uitleg van woon- en werkeenhede dra by tot nuwe maniere van leef. Kompleksbehuising dra nie werklik by tot groter gemeenskapsbetrokkenheid nie, maar eerder tot bekostigbaarheid, woongerief en minder verantwoordelikhede. Bejaardes wat in aftree-oorde tuiskom, is nie meer die verantwoordelikheid van die breë gemeenskap nie, maar bly langer onafhanklik en vrywaar daardeur hul families in 'n groot mate van praktiese verpligtinge. Dieselfde geld vir gespesialiseerde inrigtingsorg.

Bogenoemde voorbeelde dui op 'n groter fokus op individualisme. Dit vra op sy beurt weer na groter finansiële vermoëns wat 'n gees van materialisme aanwakker. 'n Oordrewe kompetisiegees dra verder daartoe by. Markkragte raak dus al hoe belangriker.

Al hierdie lewenswerklikhede vereis dat mense op besondere maniere daarop sal reageer en algaande vind dit neerslag in die vorming van wat genoem kan word: 'n nuwe kultuur, die sogenaamd '*urban culture*'. Dit is kultuur wat naas ander identifiseerbare kulture bestaan ten spyte en te midde van geykte kulturele grense.

10. DIE IMPAK VAN GODSDIENSTIGE DIVERSITEIT OP DIE SAMELEWING

10.1 UITEENLOPENDE OOGMERKE

In Hoofstuk 2 is kortliks gewys op verskille tussen die groot godsdienste van die wêreld vanuit 'n etiese benadering. Dié verskille lê nie net op die dogmatiese terrein nie, maar ook wat betref doelstellings, doelwitte en lewensinhoud. Elkeen

van hierdie religieuse bewegings maak daarop aanspraak dat die lewensdoel wat hy nastreef, die mees fundamentele en belangrikste saak vir elke individu behoort te wees. Gevolglik sal dit dan ook die rigting van argumentasie in 'n inter-religieuse dialoog uitmaak. (Dinoia, 1992:34) Dit verklaar die kritiek teen die Christendom dat hulle die soteriologie as hoeksteen van hul leerstellige beredenering oorbeklemtoon teenoor die Hindoeïsme wat *nirvana* as 'n algemene toestand van lewensvervulling nastreef. 'n Religieuse gemeenskap wat eksklusief opgaan in hul eie leerstellings en oortuigings sal dus nouliks daarin kan slaag om ander geloofsgemeenskappe se sienings na behore te respekteer. Die groot belang van byvoorbeeld voorvader verering onder die Afrika Onafhanklike Godsdienste blokkeer interaksie met die Christendom wat waarskynlik min begrip vir dié verskynsel eie aan Afrika het nie. Dit gaan dus nie net oor verskillende geloofsoortuigings en gewoontes nie, maar ook oor die wyse waarop dit funksioneer en die rol wat dit in 'n bepaalde religieuse opset vervul. Die houding van deelnemers is ook deurslaggewend.

10.2 PROGRESSIEWE ONTWIKKELING EN VESTIGING

Dinoia maak 'n saak uit vir insig en openheid na gelang een godsdienstige tradisie aan 'n ander blootgestel word.

In circumstances of interaction between the members of one religious community and the members of other religious communities, assessments of particular features of the discourse and practice of these other communities are likely to be required. Detailed appraisals of this kind would presumably need to move beyond considerations suggested by a religious community's central doctrines and its general doctrines about other religions in order to develop some specific doctrines about other religions. The situation of interreligious dialogue, for example, certainly appears to involve circumstances of interaction of this kind.



Thus, for a religious community to make progress in developing such doctrines, internal doctrinal considerations of its own would not be sufficient. It would presumably need to be informed about the doctrines of other communities and about the arguments advanced for these doctrines in these communities. Its governing doctrines would have to permit developments of this kind by allowing it to take notice (logically speaking) of claims to truth and rightness that arise outside its ambit and independently of its doctrines. In this way its members would be equipped to assess the valuations, precepts, and beliefs asserted or recommended in the bodies of doctrines of other individual communities.

(Dinoia, 1992:25)

Slegs blootstelling aan mekaar bring een groep nog nie werklik by 'n ander uit nie. 'n Onderlinge gesindheid van deelname en openheid is noodsaaklik. Dit is 'n groeiproses waar wedersydse vertroue met doelbewuste toegeneentheid oor verloop van tyd gebou word. Vooroordele moet plek maak vir erkenning en aanvaarding.

10.3 TOENEMENDE ONSEKERHEID

Tradisionele kulture en godsdienste bied vir mense vastigheid en sekerheid. Getoetste en aanvaarde norme, waardes, reëls en gedragspatrone maak dit maklik om in 'n gevestigde milieu te funksioneer. Mense weet wat van hulle verwag word en konformeer gewillig ten einde die erkenning en aanvaarding van die groter groep te geniet. Geykte en bekende leefstyle bied sekuriteit.

Die modernisme met sy onbeantwoorde vrae het meegebring dat sekerhede in duie begin stort het. Verder het die kleiner wêreld van globalisasie al hoe meer daartoe bygedra dat duidelike grense al hoe meer vaag begin raak het. 'n Groter

klem op individualisme en die vryheid van die individu het veroorsaak dat geïkete tradisies nie meer die regte ding is om te doen nie. Verstedeliking het 'n nuwe kultuur, die sogenaamde "*urban culture*" geskep waar sekerhede plek maak vir onsekerhede. Baie mense gee nie meer om oor waar hulle vandaan kom en waarheen hulle op pad is nie. Godsdienstige leerstellings en waardes word al hoe meer bevraagteken of eenvoudig geïgnoreer.

Hierdie tendense is deels die gevolg van die groot diversiteit van kulture en godsdienste waaraan mense blootgestel word. Wanneer iemand nie meer in sy eie leefwêreld tuis kom nie, maar aan 'n verskeidenheid uiteenlopende impulse van buite blootgestel word, kan dit verwarrend op hom inwerk. Dit plaas weereens die belangrike saak van identiteit wat in Hoofstuk 3 aan die orde gekom het, op die tafel.

11. SAMEVATTING

Daar is 'n Engelse spreekwoord wat sê: "Variety is the spice of life". Dit het betrekking op die voorkoms van diversiteit, sowel as mense se ervaring daarvan. Hierby is die ganse kosmiese werklikheid met menslikheid inbegrepe, betrokke. Die skepping is meervoudig en funksioneer ook so. Die natuurwetenskaplike, Albert Einstein het 'n teorie, die relativiteitsteorie, ontwerp om die interafhanklikheid van materiële objekte mee te omskryf. Tussen mense bestaan daar ook interafhanklikheid wat verhoudings genoem word. Hierdie hoofstuk het probeer om sodanige verhoudings te omskryf betreffend positiewe en negatiewe kragte wat deurentyd aan die werk is. Religie en kultuur wat beide menslike fenomene is, is as wentelpunt geneem. Dit sal verder in terme van die moraliteit in Suid-Afrika uitgebou word.



HOOFSTUK 5

EMPIRIESE NAVORSING

1. INLEIDING

Hoofstuk 5 beweeg nader aan die ervaringswerklikheid aangesien die empiriese navorsing hanteer word. Daar word eers lig gewerp op die doel van die navorsing asook op die metodologie. Dan word die bydraes van respondente uiteengesit en bepaalde verbande getrek nadat die resultate geïdentifiseer is. Uitkomst word bepaal en gevolgtrekkings gemaak.

2. DIE DOEL VAN EMPIRIESE NAVORSING

Die oogmerk van navorsing is om te meet, maar nie in alle gevalle ten opsigte van getalle of hoeveelhede nie. Soms wil dit menings beoordeel en tendense bepaal. In die geval van hierdie studie wil die menings van persone wat oor kundigheid wat betrekking het op die navorsingsprobleem beskik, verkry word en aangewend word ten einde die argument van die studie te dien.

Die empiriese navorsing hou die navorsingsprobleem wat as volg geformuleer is, in gedagte:

Suid-Afrika beleef 'n moraliteitskrisis. Dié aantyging kom uit verskeie oorde en word deur 'n hoë voorkoms van misdadigheid en korruptiewe gedrag bevestig. Die mening bestaan dat die diversiteit ten opsigte van godsdiens en kultuur 'n bydraende faktor ten opsigte van die morele problematiek in die land kan wees. Dié mening moet nie net getoets word nie, maar moet, indien daar substansie in is, sodanig hanteer word dat dit lig op die probleem werp sowel as oplossings bied. Die vraag word gevra of die Christelike kerk 'n invloed kan uitoefen ten



opsigte van 'n morele herstel in die land. Uiteindelik wil die studie die roeping en rol van die kerk ingevolge sodanige invloed definieer.

3. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Empiriese navorsing kan op verskillende maniere gedoen word. Die mees algemene twee metodes word beskryf as die kwalitatiewe metode en die kwantitatiewe metode. Laasgenoemde werk gewoonlik aan die hand van vraelyste en wil die insette van baie respondente inwin en verwerk. Eersgenoemde wyse werk meer indringend aan die hand van onderhoude of meer uitgebreide vraelyste wat met respondente in 'n gespreksituasie hanteer word. Dié studie kies vir die kwalitatiewe navorsingsmetode. Sewe respondente is na aanleiding van hul kundigheid op die terrein van die etiese sowel as hul posisies as akademies-intellektueles en/of betrokkenheid op terreine wat in hierdie studie aan die orde is geïdentifiseer. Dieselfde vraelys bestaande uit twaalf vrae is vooraf aan elkeen beskikbaar gestel en persoonlik of telefonies met elkeen bespreek hetsy tydens die onderhoud of daarna. In gevalle waar dit nie vir respondente moontlik was om persoonlike onderhoude te voer nie, is dit telefonies gedoen of daar is met die voltooi van die vraelys volstaan. Elkeen se respons is so getrou as moontlik skriftelik weergegee, maar nie-verbatim. Die volledige response word in 'n addendum aan die einde van die proefskrifdokument opgeneem.

Die volgende persone het as respondente opgetree:

PROF. LOUISE DU TOIT

Dosent in Filosofie aan die Universiteit van Johannesburg

Kenner en kampvegter op die gebied van geweld aan vroue en kinders

BR. PETER JUST

Temple Secretary of the Nan Hua Buddhist Temple at Bronkhorstspruit



Buddhist representative at NRLF, NRASD, SAFCEI, IFRB, Freedom Park Committees, SABC RBP

PROF. WILLEM LANDMAN

Hoof uitvoerende beampte: Etiek Instituut van Suid-Afrika

Buitengewone professor in Filosofie : Universiteit van Stellenbosch

REV. CEDRIC MAYSON

Coordinator of the Commission for Religious Affairs of the African National Congress and former minister of religion in the Methodist Church of South Africa

PROF. PIET STRAUSS

Voorsitter van die moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Hoogleraar in Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat

Hoofleier van die Voortrekkers

Erkende Afrikaner kultuurleier

ARCHBISHOP DESMOND TUTU

Leader of the Anglican Church in South Africa (emeritus)

Receiver of the Nobel Prize for Freedom

Chairperson of the Truth and Reconciliation Commission of South Africa

World renowned activist on apartheid and expert on ethics

PROF. MARINUS WIECHERS

Professor in die Regte en oud-rektor van die Universiteit van Suid-Afrika (emeritus)

Voorsitter van die Grondwetkomitee van Suid-Afrika

Bekende regs- en politieke raadgewer en kritikus



4. NAVORSINGSRESULTATE

1. Suid-Afrika is 'n land met komplekse diversiteit op talle gebiede.

Hoe dink u oor dié stelling ?

(Hierdie vraag wil die respondent se mening oor die diversiteit van ons samelewing ontlok.)

Sonder uitsondering word diversiteit as 'n gegewe Suid-Afrikaanse werklikheid erken met die mening dat dit veel meer intens as in enige ander land bestaan en beleef word. Baie gewag word gemaak van die onvermoë om diversiteit reg te interpreteer en te bestuur. Dit loop steeds maklik op konflik uit. In stede daarvan dat die rykdom van diversiteit ontgin word, word daar dikwels eerder op die problematiek wat dit bewerkstellig gefokus. Tog bestaan daar 'n gevoel van spirituele eenheid te midde van religieuse diversiteit. Diversiteit het nie net negatiewe implikasies nie. In Suid-Afrika weerspieël dit die rykdom van die bevolking.

2. Hoedanig meen u is die invloed van dié komplekse diversiteit op ons morele waardes?

(Onderliggend aan dié vraag is in watter mate diversiteit positief of negatief op moraliteit inspeel.)

'n Belangrike perspektief is dat dit nie noodwendig diversiteit op sigself is wat probleemsituasies tot gevolg het nie, maar die wyses waarop dit hanteer en bestuur word. 'n Verdere probleem in die Suid-Afrikaanse opset is die onvermoë om die transformasieproses waarop besluit is, suksesvol ten uitvoer te bring. Die swak morele leiding wat die staat en ander belangrike rolspelers openbaar, veroorsaak 'n gees van morele onsekerheid en traak-my-nieagtigheid by baie



mense. 'n Ander aspek wat hier ter sprake kom, is die feit dat daar nie noodwendig groot verskille in waardes voorkom nie, maar dat dit soms verskillend tot uitvoer kom afhangende van die betekenis wat verskillende kultuurgroepe daaraan gee. Verskille ten opsigte van die werklikheidsbelevens speel ook hierin 'n belangrike rol. Wanneer een groep se waardes ten koste van ander afgedwing word, skep dit probleme. Dan is bepaalde godsdienstige of kulturele groepslede ook nie konsekwent in die uitleef van dit wat volgens hulle oortuiging die regte dinge sou wees om te doen nie. In soverre as wat daar wesenlike verskille is, is die diverse aard van die invloed gewoonlik negatief. Tog is daar meer ooreenkomste as verskille. Dan dien die diversiteit tot verryking en versterking. Daar bestaan ook die mening dat interaksie oor eeue heen 'n groot mate van morele eenvormigheid bewerkstellig het ongeag die groot verskeidenheid in agtergrond.

3. Hoe sal u die huidige tydsges in ons land omskryf?

(Dié vraag wil erns maak met tendense en kragte in die breë gemeenskap.)

Die algemene indruk is dat die mense van ons land in 'n groot mate ontnugter en teleurgesteld is omdat drome en beloftes nie realiseer nie. Die transformasieproses is wat sekere sake betref geslaagd, maar ten opsigte van ander nie. Daar is steeds te veel onderlinge onreg en vergryp. Die speelveld het wel in 'n groot mate verander, maar in dié sin dat die bevoorregtes nou uit 'n ander kategorie van die samelewing kom en daar nog baie mense is wie se lewensomstandighede nie verbeter het nie. Dit het eintlik verswak. As gevolg van verskillende waardestelsels bestaan daar wrywing en agterdog wat dit vir mense moeilik maak om vertroue in die toekoms te hê. Prof. Wiechers vat respondente se sienings mooi saam: "Die huidige tydsges vertoon 'n oorgang van die tradisionalisme na 'n modernisme en post-modernisme. Dit realiseer in 'n

toenemende verbruikersgerigtheid, liberalisme, individualisme, materialisme, sekularisme, met nogtans sterk invloed van konserwatisme en behoudendheid.”

Verder het die afhanklikheid van snel ontwikkelende kommunikasiemiddels 'n sterk invloed op die omvangryke, maar ook oppervlakkige algemene kennis en morele waardes. Die tydsges word terselfdertyd gekenmerk deur opwinding en teleurstelling, hoop en wanhoop, positiwiteit en negatiwiteit. Dit is dus verwarrend.

4. Wat is na u mening die grootste morele probleem in ons land tans?

(Insig word bepaal in die huidige problematiek wat moraliteit betref.)

Vanweë die feit dat openbare en ander instellings in 'n beduidende mate hul geloofwaardigheid verloor het, word hul morele leiding nie nagevolg nie. Dit veroorsaak 'n vakuum waar dit kom by die waardes en norme waarvolgens die samelewing moet funksioneer. Individue tree gevolglik na eie goeddunke op en hul gedrag is dan grootliks ongekontroleer en moreel subjektief van aard. Mense tree dan maklik onnadenkend en slegs in eie belang op en omdat daar nie behoorlike normatiewe kontrole geld nie, gaan dit soms oor in gewelddadigheid, gierigheid, korrupsie en wetteloosheid. Die natuurlike omgewing en die logistiese infrastruktuur word ook nie gespaar nie. Sodanige morele destruktiwiteit het in 'n mate reeds die heersende norm geword en dit maak 'n ommekeer wat moraliteit betref, baie moeilik indien nie onmoontlik nie.

Rev. Cedric Mayson het dit teen die godsdienstige instellings wat na sy mening met 'n verkeerde agenda werk. Hy vra vir 'n sekulêre spiritueel-morele wending wat die morele oriëntasie in die land betref. Volgens hom berus die verantwoordelikheid tans in die hande van politieke, akademiese en ekonomiese leiers wat in die meeste gevalle nie daarvoor bekwaam of opgewasse is nie.



Aanspreeklikheid, hetsy individueel of in groepsverband, is 'n verdere probleem. Omdat daar nie duidelike gedragsgrense bestaan nie en omdat mense al hoe meer onbetrokke raak in hul gemeenskappe, aanvaar hulle nie maklik enige verantwoordelikheid nie. Hulle verander ook maklik van oortuigings en standpunte.

Die bekende aartsbiskop Desmond Tutu benader hierdie saak vanuit sy ervaring as eertydse apartheidsaktivis en voorsitter van die Waarheid-en-Versoeningskommissie. Hy meen dat die skade wat daardeur aangerig is, nog nie na wense herstel is nie. Dit is volgens hom beide kante van die spektrum wat mank gaan aan morele genesing wat die historiese skade van apartheid aanbetref.

Prof. Wiechers benader die saak vanuit 'n ander hoek. Vir hom gaan dit daaroor dat mense morele norme nie meer op religieuse oortuigings van sonde, skuld en 'n hoëre straf baseer nie, maar op gemeenskapsdienstighede (d.w.s. bangheid vir wat die gemeenskap sal dink) en vrees vir strafregtelike vervolging met die oortuiging dat solank jy die gereg kan ontsnap, kan jy maar morele norme oorskry.) Dit kom dus neer op die onwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar en 'n gesindheid van minimum waardes.

5. Is daar na u mening nuwe euwels wat ons samelewing bedreig?

Noem dit asseblief.

(Dié vraag is een na morele deformasie aan die hand van nuwe invloede wat nie voorheen bestaan het of in so 'n formaat as in die verlede bestaan het nie.)

Respondente het wisselend hierop gereageer en dit is eintlik kommerwekkend aangesien dit daarop dui dat morele verval van 'n groot omvang is. Nuwe gestaltes van fundamentalisme in verskillende religieuse sfere word genoem



sowel as die groter waarneembaarheid van ekstreme korrupsie. Vroeër was dit meer gelokaliseer en nie so blatant en groot in omvang as tans nie. Die toenemende verbruikersgees en die algemene gees van wetteloosheid, onbetrokkenheid en onverantwoordelikheid by baie mense is genoem. Die nuutheid van ewels lê nie net in hul voorkoms nie, maar in die mate en formaat waarin dit voorkom. Dinge wat vroeër nie in plek was nie, is nou nog meer uit plek uit. Prof. Landman wys daarop dat onkunde oor die gevolge van morele swak gedrag ook as 'n nuwe morele ewel beskou kan word. Die rede daarvoor is die feit dat dit mense se bewustheid van moreel verantwoordelike gedrag afstomp.

6. Hoe sien u die toekoms van ons land wat betref morele waardes?

(Hiermee word gepoog om 'n toekoms-scenario te bepaal wat waardes betref.)

Vanself gaan die morele verval nie 'n omkering beleef nie. Wat nodig is, is harde werk met toewyding. Daar moet eers 'n groot mate van welwillendheid bewerkstellig word en mense en instansies moet inkoop in die idee om ons land 'n beter plek te maak. Dit lê in die hande van gewone mense sowel as instansies soos die kerk. Die diversiteit in die verstaan van waardes moet sodanig bestuur word dat dit positief op die moreel van die gemeenskap inwerk. Daar moet gesoek word na 'n nuwe inklusiewe sosiale bestel wat nuwe inhoud aan die woord *transformasie* verleen. Tot op hede is daar baie in dié verband gedoen, daar die nader kontak met mense uit diverse agtergronde meer respek vir mekaar bewerkstellig. Diversiteit op alle vlakke is in die Handves van Menseregte in die grondwet verskans. Dit gee hoop. Tog moet dit eers op grondvlak gebeur alvorens dit waarde aan die samelewing kan toevoeg. Die verwagting bestaan dat goeie verhoudings nie net onderlinge respek impliseer nie, maar ook die ervaring van gemeenskaplike belang. Wanneer dit in die lewens van mense tuiskom, is daar hoop op 'n beter toekoms.



Prof. Strauss wys op die destruktiewe gevolg van gebrekkige morele waardes. Hy meen dat eenvoudige (nie-fundamentalistiese) morele waardes sekerheid by mense tuisbring en wys op die konstruktiewe invloed wat die kerke in dié verband kan lewer.

Prof. Wiechers voorsien dat daar in die toekoms 'n groter vervlakking in waardes gaan kom. Die positiewe daarin is die feit dat die geskiedenis uitwys dat daar eventueel na 'n korrektyf gesoek sal word. Daarom is dit nie 'n verlore stryd nie.

7. Wie is na u mening die belangrikste meningsvormers in ons land?

(Individue en instansies)

(Daar word op beïnvloeding van buite gelet en die invloed daarvan.)

Die volgende name van individue en instansies is genoem: Julius Malema, Jacob Zuma, Jonathan Jansen, Desmond Tutu, Nelson Mandela, dagblaaië, TV-sepieë, die kerke en die media. 'n Ander mening is dat religieuse leiers slegs as meningsvormers 'n verskil kan maak indien hulle van kolonialisme bevry word. Waar dit by kinders kom, is die belangrikste meningvormers ouers, onderwysers en predikante afhangende van gesinne se waardes en die rolle wat aan genoemde figure toegeken word. Dieselfde argument geld eintlik vir die hele gemeenskap. Elke persoon se eie ervaringswêreld bepaal wie hy toelaat om sy menings te beïnvloed.

8. Watter invloed meen u het tradisionele godsdienste en kulture op ons algemene waardesisteem?

(Hierdie vraag fokus in op godsdienste en kulture waaroor dit eintlik in dié studie gaan.)



Die invloede wat uit tradisionele godsdienste en kulture kom, kan ten goede of ten kwade op die moreel van die samelewing inwerk. Sommige invloede is konstruktief en ander destruktief. Dan gebeur dit ook dat sekere elemente buite verband gehaal word en willens en wetens ten koste van ander afgedwing word.

Rev. Cedric Mayson lewer 'n unieke bydrae in hierdie verband. Hy onderskei tussen sewe verskillende vorme van religieuse oriëntasies waarvan die eerste ses mank gaan as gevolg van bepaalde tekortkominge waar dit kom by hul invloed op morele vlak. Die sewende, genaamd '*post-religious secular spirituality*' is volgens hom die beste oplossing vir die moraliteitskrisis waar dit kom by religieuse inspraak. Hy hou egter nie rekening met die feit dat mens ook in alle opsigte eerlik moet wees met jou eie godsdienstige oortuigings en dié van ander nie.

Prof. Wiechers erken dat tradisionele godsdienste ongetwyfeld sterk invloed op waardes en lewenstyle uitoefen, maar wys daarop dat dié godsdienste almal in 'n evolusieproses is wat in samehang met nuwe tye en omstandighede afspeel. Dit is dus nie vas en onveranderlik nie.

Tog is die meeste respondente dit eens dat die invloed van godsdiens op die samelewing positief en ten goede inwerk in die morele ontwikkeling en funksionering nie net van die aanhangers van daardie besondere godsdienste nie, maar ook van die breë gemeenskap.

9. Globalisering is 'n werklikheid van die 21st eeu. Dink u dat dit 'n nuwe wêreldkultuur tot gevolg het en in watter mate beïnvloed dit reeds ons samelewing?

(Die bedoeling is om te bepaal of daar in 'n groter mate van 'n moderne algemene moraliteit gepraat kan word.)



Globalisering laat mense op sekere vlakke en in sekere opsigte uniform dink en optree, aldus prof. Landman. Hy noem voorbeelde van popmusiek en sekere universele waardes. Na gelang globalisering toeneem, behoort dít ook toe te neem. Aan die ander kant is dit ook waar dat unieke kulture so inherent aan mense is dat eiesoortige gebruike, gewoontes en optredes nie maklik verdwyn of deur iets anders vervang word nie. Prof. Strauss wys op navorsing wat bevind het dat jongmense graag aan hul tradisionele waardes en identiteit gebind wil bly.

10. Noem 'n paar lewenswaardes wat u graag in die Suid-Afrikaanse samelewing sal wil sien funksioneer.

('n Meer positiewe uitkyk word ontlok asook menings oor insette wat gemaak kan word.)

Prof. Louise du Toit vat die meeste response in haar weergawe saam:

“Ons moet 'n meer intellektuele en meer selfstandige Suid-Afrikaanse gemeenskap kultiveer waarbinne mense vir hulleself dink en vir hulleself verantwoordelikheid neem, en ook verantwoording eis van ander, veral in leierskapsposisies. Ons samelewing moet nog genees van die apartheidskade en daarvoor moet daadwerklike pogings aangewend word. Ons moet leer om kritiek te lewer en te kan hanteer op konstruktiewe maniere. Ons moet haatspraak openbaar straf. Ons moet baie meer daadwerklik die geweld teen vroue en kinders aanspreek, omdat ons nou besig is om toekomstige generasies en totale gemeenskappe te ondermyn deur die geweld. Die waarde van leef vir iets groters as jyself moet by mense gekweek word en eng materialisme moet afgewys word. Mense moet rykdom vind in lewenskwaliteit, verhoudings, liggaamlike gesondheid en in ervarings, eerder as net in materiële goed. 'n Sekulêre of net eg menslike spirituele belewenis kan gekultiveer word as teenvoeter vir dogmatiese godsdiensoorloë en konserwatiewe sosiale agendas, en 'n terugkeer



na die rykdom en diepgang van die godsdienstige tradisies kan 'n soortgelyke rol speel (dink outydse katkisasie!)."

Die volgende waardes word deur ander bygevoeg: respek vir ander en vir alle vorme van lewe en die omgewing, gelykheid in die potensiaal van die ontwikkeling van mense, vryheid van kwalitatiewe keuses, eerlikheid, integriteit, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, medemenslikheid, sedelike beskerming.

Prof. Wiechers vat goed saam : "n Bevestiging van al daardie morele waardes wat beskawings deur die eeue onderskraag en verstewig het."

11. Hoedanig beskou u die rol van godsdiens in die vorming van morele waardes in die breë samelewing?

(Dié vraag wil bepaal of godsdiens as wesenlik beskou word in morele waardevorming.)

In die verlede was die invloed van godsdienste nie baie positief of van soveel waarde as wat mens sou verwag nie. Die hoë misdaadsyfer en gebrek aan morele waardes is bewys daarvan ten spyte daarvan dat verreweg die grootste deel van die bevolking met een of ander godsdiens assosieer. Dikwels word morele verantwoordelikhede op dwang en vrees gebou en dit op sigself is destruktief. Tog is dit waar dat georganiseerde godsdiens 'n sterk vormende funksie ten opsigte van mense en veral jongmense se morele waardes het. Vir baie is dit die enigste rigtinggewende faktor in hul lewens. Hoewel georganiseerde godsdiens in die afgelope tyd onder groot druk gekom het, het dit steeds 'n noodsaaklike rol om te speel. Dit is egter nie 'n geval van die herinstel van ou gebruike nie, maar eerder 'n nuwe profetiese rigtingaanduiding met die oog op die toekoms.



12. Wat is na u mening die geheim van 'n suksesvolle samelewing in Suid-Afrika in die huidige tydsgewrig en konteks?

(Dit is 'n oop vraag wat vanuit die respondent se eie morele oriëntasie beantwoord kan word.)

Sterk en eerlike leierskap wat te midde van ander velde op die morele terrein met eie voorbeeld, maar ook doelgerigte beplanning die regte koers vooruit kan loop, is van wesenlike belang. Dit berus nie net by staatkundige, politieke, ekonomiese, industriële, kulturele of godsdienstige leierskap nie, maar in 'n kombinasie daarvan. Hoewel hierdie saak redelik vaag mag voorkom, het prof. Landman die moed om dit uit te spel:

Morele leiers moet onder andere die volgende doen:

- *Die "toon" aangee;*
- *Moet etiese rolmodelle wees;*
- *Moet etiek/morele waardes eksplisiet maak;*
- *Moet morele diskoers legitimeer;*
- *Moet etiek in ander aanmoedig;*
- *Moet ander aanspreeklik hou vir die etiek van hul gedrag.*

Rev. Cedric Mayson se droom is wat hy noem "*post-religious secular-spirituality*" waar morele leiding nie vanuit bepaalde religieuse instellings kom nie, maar 'n nuwe en omvattende oriëntasie los van bestaande dogmas. Hy dink profeties daaroor.

Prof. Piet Strauss vertrou die Christelike uitgangspunt waar die mens as beeld van God geskep is en as sodanig tot sy reg moet kom in alle verhoudings.



Aartsbiskop Desmond Tutu benader die oplossing vir die moraliteitskrisis vanuit die rol wat die bevrydingsteologie in die demokratisering van Suid-Afrika gespeel het:

I believe we should be a community that welcomes the contribution of all. There are very many people who have tended to be sidelined who made wonderful contributions in the struggle against apartheid – white people, people of different colour, people of different political affiliations. Unfortunately we tend to sideline people and do not say; do you have ability, but what is your political affiliation. Those who do not belong to the 'right' part, are usually excluded. Our country can become one of the most prosperous and most secure, happy places if we encourage everyone to realise that they have a stake in the future of the country.

Sonder om by die praktyk uit te kom, meld prof. Marinus Wiechers dié faktore wat vir hom noodsaaklik is vir morele genesing:

Natuurlik al daardie faktore wat fisiese welstand sal verseker, uitwissing van armoede, siekte, onkunde, geweld en misdadigheid ensovoorts. Ten diepste, egter, 'n herstel en onderhouding van 'n sisteem van morele waardes.

5. INTERPRETASIE EN SAMEVATTING

Die waarde van 'n ondersoek soos hierdie lê daarin dat deelnemers aan die navorsing vanuit verskillende benaderings, maar ook as kundiges reageer. Daar word met ander woorde na dieselfde problematiek gekyk, maar vanuit verskillende hoeke. Al die respondente wat deelgeneem het, is gerespekteerde professionele persone wat akademies goed onderlê is en wat bewese ervaring op hul onderskeie terreine het en ook daarvoor erkenning geniet. Hulle het egter ook wyer blootstelling as hul akademiese of professionele omgewing.



Oor die benarde omstandighede wat moraliteit in ons land betref, is daar nie by een van hulle die minste twyfel nie. Verder is almal dit eens dat die situasie net gaan aanhou versleg indien daar nie drasties ingegryp gaan word nie. Wat die oorsaaklikheid van dié onbenydenswaardige werklikheid betref, is daar eenstemmigheid, maar ook verskille. Vir sommige is dit die gevolg van die geweldige diversiteit in ons samelewing en dat waardes van uiteenlopende aard net nie versoenbaar is nie. Vir ander lê dit in die politieke en maatskaplike onreg van die verlede en dat dit so indringend in mense se lewens was dat dit as't ware blywende skade in die gees van die bevolking meegebring het. Sommiges maak 'n saak daarvoor uit dat dié tendense ook internasionaal van aard is en dat ons land vanweë beter kommunikasiemedia daarin meegevoer word. Kulturele diversiteit speel ook 'n deurslaggewende rol omdat daar verskillende waardesisteme en denkwyses oor sake bestaan wat uitloop op handeling wat nie vir ander aanvaarbaar is nie. Godsdienstige diversiteit vereis respek en toleransie en loop in 'n mate uit op sekularisasie en sinkretisme. Wanneer dit sover gaan, tree onsekerheid en koersloosheid in wat meebring dat daar nie meer duidelike morele rigting bestaan nie.

Wat die oplossing van die moraliteitskrisis betref, is die oorwoë mening dat 'n drastiese ommekeer gaan plaasvind en dinge gaan regkom, nie moontlik is nie. Dit wil egter nie sê dat dit 'n hopelose saak is nie. Daar kan steeds baie aan gedoen word ten einde ons land se moreel op 'n meer aanvaarbare vlak te bring.

Almal is dit eens dat leierskap moet herstel ten opsigte van die motiewe en optredes van leiers. Korrupsie wat as een van die heel grootste probleme beskou word, moet beëindig word. Materialisme en magsug moet aangespreek word. Onbekwame en oneffektiewe leiers moet vervang word. Leiers moet opregtheid, eerlikheid en integriteit openbaar. Dit het betrekking op alle leiers.

Kerke en ander godsdienstige instellings het 'n deurslaggewende invloed om uit te oefen. Al het die aansien en rol van godsdienste en godsdienstige leiers negatief verander, het hulle nog baie geleenthede om vanuit hul besondere godsdienstige agtergronde in te speel in die morele mondering van baie mense en van die land as sodanig.

Omdat Suid-Afrika vanweë diversiteit oor 'n komplekse samelewing beskik, sit daar baie waarde in die soeke en nastreef van 'n eenheidsideaal waar dit by morele waardes kom. Vir sommiges sal die idee van 'n sogenaamde 'post-religious secular spirituality' dalk vreemd klink, maar indien dié gedagte met die nodige religieuse insig en verantwoordelikheid tot 'n werkbare model ontwikkel kan word, mag dit moontlik 'n volhoubare oplossing vir die moraliteitsprobleem bied.



HOOFTUK 6

DIE ONTWIKKELING VAN 'N NUWE MORELE BEWUSSYN

1. INLEIDING

Dié hoofstuk wil by die moontlikheid van 'n nuwe morele bewussyn uitkom. Eerstens word gekyk na die noodsaak daarvan in die lig van huidige omstandighede. Onlangse misdaadstatistiek in Suid-Afrika help mee om die morele krisis in die land te interpreteer. Daar is ook ander faktore soos tradisionele persepsies, leierskapsinisiatiewe, die invloed van meningvormers, samelewingskonsepte en internasionale kragte. Ten slotte kom die saak van individuele en kommunale

verantwoordelikheid aan die orde. Hierdie hoofstuk bespreek die mening dat daar in Suid-Afrika die verwagting bestaan en ook steeds aan die ontwikkel is vir 'n nuwe gees van morele verantwoordelikheid en gedrag. Daar word van die insigte van respondente gebruik gemaak om by standpunte en idees uit te kom of dit te staaf. (Sien Hoofstuk 5 sowel as die addendum waar hul bydraes volledig weergegee word.)

Enkele opmerkings met betrekking tot die verskynsel van moraliteit verdien om hier gemaak te word.

Wanneer enige samelewing se moraliteit beoordeel word, moet daar vooraf besin word oor die invalshoek van die benadering. Paul Diener tref die onderskeid tussen religieuse en filosofiese uitgangspunte (Diener, 1997:20-43). In beide gevalle gaan moraliteit oor menslike gedrag. Om moreel te dink en op te tree, beteken om in die ware sin van die woord mens te wees. Alle mense is morele wesens. 'n Teologiese benadering veronderstel egter dat morele gedrag geskoei word op waardes en beginsels vanuit bepaalde bronne wat deur betrokke



religieuse tradisies as normatief beskou word. In ons huidige tydsgewrig speel die herinterpretasie van religie 'n groot rol. Dit beteken dat daar moreel nie noodwendig vanuit tradisionele godsdienstige gedragspatrone gedink word nie, maar dat daar kreatief vanuit nuwe insigte gedink word ten einde by 'n betekenisvolle en aanvaarbare godsdienstige lewenstyl uit te kom.

Die meeste godsdienswetenskaplike denkers oor moraliteit is dit egter eens dat daar oor 'n lang tyd sterk invloed vanuit die antieke Griekse en Romeinse beskawings sowel as die Judaïsme en die Christelike religie op die hele wêreldbevolking oorgegaan het. (Kekes, 1993:23) Histories het die Mosaïese etiek nie net die volk Israel betrek nie, maar ook omliggende volke én in 'n groot mate die hele destydse bewoonde Midde-Ooste. Dit geld ook vir die invloed wat van Joodse profete so vroeg as 8 eeu v.C. uitgegaan het. Die *Qur-an* wat volgens Islam oorlewering profesieë wat aan Mohammed geopenbaar is bevat, het 'n ingrypende morele greep op Moslem gemeenskappe regoor die wêreld. Binne die Moslem gemeenskap is daar dan weer kleiner groepe wat dié morele voorskrifte nie almal eenders interpreteer nie. Dieselfde geld vir volgelingen van die Hindoe geloof wat op grond van die *vedas* uit 2500 v.C. steeds hul morele denke en handeling oriënteer. Die strewe na verligting (*enlightenment*) deur Boeddhiste gaan hand aan hand met leringe van Siddhartha Gautama (563-483 v.C.). Al die ander kleiner godsdienste van die wêreld handhaaf morele kodes wat hul oorsprong ver in die verlede het. In hulle boek, *How to live well : Ethics in the World's Religions*, onderskei Denise en John Carmody vier belangrike areas waarmee al die bekende godsdienste van die wêreld saamstem dat dit wesenlik is vanuit hul onderskeie morele interpretasies: familielewe, arbeid, sosiale geregtigheid en die natuur.

Wanneer daar vanuit tradisionele wêreldgodsdienste se perspektiewe oor moraliteit gedink word, gaan dit oor bepaalde omskrewe vastighede wat *ideale*

genoem kan word. Oor die belangrikste aangeleenthede stem die verskillende godsdienste in breë trekke met mekaar saam.

Dit is egter nie net suiwer godsdienstige oortuigings wat morele gedragskodes vorm nie. Die volgende aanhaling wil lig op dié stelling werp:

Looking at the heart or essence of each particular religion prepares us for looking at religious ethics. In this attempt I am guided by John Hick's view of religion as "a cultural-conditioned response to an ultimate, transcendental reality". The question as to whether these religions are the fruit of a divine revelation is avoided here, for it seems clear that even if revelation is present within a religion, the responses to revelation are at least partially influenced by cultural factors.

(Diener, 1997:11)

Hierdie opmerking maak dit duidelik dat morele raamwerke nie slegs op godsdienstige openbarings of oortuigings gegrond word nie, maar dat onderskeie kulturele elemente ook invloede uitoefen ten einde moreel aanvaarbare gedrag te help vorm. Diener hanteer juis die komplekse verhouding tussen godsdiens en kultuur en is van mening dat dit nie losstaande aangeleenthede is nie, maar ook nie in alle opsigte ineengestremel nie. Wat sekere sake betref, is 'n onderskeid duidelik, maar by ander nié. Verder onderskei hy tussen ideale en praktyke.

Baie konflikte is eerder die uitvloeisel van verskille ten opsigte van *praktyke* (practices) as dié van *ideale* (ideals). (Diener, 1997:20-43)



2. DIE NOODSAAK VAN 'N NUWE MORELE BEWUSSYN

2.1 MORALITEIT EN IMMORALITEIT

Daar is reeds verskeie kere daarop gewys dat moraliteit oor die gedrag van mense gaan. Gemeenskappe funksioneer aan die hand van waardes wat vir almal wat daaraan deel het, aanvaarbaar moet wees. Waardes gee inhoud aan die wyses waarop mense met mekaar omgaan en saamleef. Dit het betrekking op die breë gemeenskap sowel as kleiner gemeenskappe waar elke individu op grond van gedeelde waardesisteme 'n morele bewussyn en verantwoordelikhede behoort te hê. Dit is die raamwerk waaruit hy moet dink en optree. Sodanig gee hy betekenis aan die groter geheel waaraan hy deel het.

Daar kan ook gepraat word van 'n 'minimum etiese kode' waaroor alle mense en gemeenskappe beskik en wat deur almal aanvaar word as die basiese morele standaard waarvolgens mense leef. Ten opsigte daarvan kan 'n mens dus eties korrek of eties nie-korrek optree. Dit is byvoorbeeld ondenkbaar dat daar 'n gemeenskap bestaan waar iemand wederregtelik 'n ander mag doodmaak. Tog gebeur dit dat sommige mense ander doodmaak. Hierdie verskynsel van basiese onaanvaarbare gedrag bevestig die voorkoms van immoraliteit in alle samelewings. Dit dui daarop dat daar nie so iets soos absolute moraliteit bestaan nie. Morele gedrag staan relatief ten opsigte van aanvaarbare norme. Bujo stem saam met Rainer Frost wanneer hy die algemene menslike belewenis sien as die bron van morele denke ongeag kulturele of godsdienstige verskille. Volgens hom kom moraliteit nooit in 'n enkelvoudige suiwer vorm voor nie. Dit is hierdie eienskap van menswees wat die verskynsel van moraliteit so uiters relatief laat voorkom. (Bujo, 2001: 9)



2.2 MORALITEITSKRISIS

In 'n artikel in die teologiese tydskrif *Skrif en Kerk* (Jaargang 20/1) van 1999 skryf professor Etienne de Villiers van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek aan die Universiteit van Pretoria die volgende oor moraliteit in Suid-Afrika:

Dat ons samelewing hom in 'n ernstige morele krisis bevind, het oor die afgelope jare steeds duideliker geword. Witboordjiemisdade soos bedrog en korrupsie kom steeds meer voor. Opvallend was ook die toename in geweldsmisdade: moord, aanranding, skaking, gewapende roof en verkragting. Hierdie misdade het wye nuusdekking geniet en het ongetwyfeld 'n negatiewe uitwerking op die gewone burger se veiligheidsgevoel gehad. Dit het egter ook die toerismebedryf ernstig gestrem.

Die morele krisis kan waarskynlik aan 'n samespel van faktore uit die verlede en in die hede toegeskryf word. Die ontwrigting van die gesinslewe deur die trekarbeidstelsel, die kultuur van geweld wat in swart woonbuurtes ontwikkel het in die stryd teen die vorige regering, die morele afstomping by deelnemers aan die stryd wat ter wille van 'n "groter saak" bereid was om morele grense te oorskry deur te moor en te martel, is almal faktore uit die verlede wat tot die krisis bydra. Die algemene onsekerheid wat gepaard gaan met 'n oorgangstyd, die feit dat werkloosheid sedert 1994 eerder toe- as afgeneem het, 'n mentaliteit van vat wat jy kan, terwyl daar nog iets is om te vat, die vrye beskikbaarheid van wapens en die groeiende invloed van misdaadsindikate is weer faktore in die huidige samelewing wat tot die morele krisis bydra.

Prof. De Villiers tipeer die morele toestand in die land as kritiek. Die kommerwekkend hoë insidensie van kriminaliteit word deur hom as motivering



gebruik wanneer hy op die morele verval gedurende die einde van die vorige eeu wys.

Tien jaar later lyk die misdaadtoneel in Suid-Afrika só:

**CRIME INFORMATION MANAGEMENT
SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE**

CRIME IN THE RSA FROM APRIL TO MARCH: 2003/2004 - 2008/2009

CRIME CATEGORY	April 2003 to March 2004.	April 2004 to March 2005.	April 2005 to March 2006.	April 2006 to March 2007.	April 2007 to March 2008.	April 2008 to March 2009.
CONTACT CRIME (CRIME AGAINST THE PERSON)						
Murder	19,824	18,793	18,545	19,202	18,487	18,148
Attempted murder	30,076	24,516	20,553	20,142	18,795	18,298
Total sexual crimes	66,079	69,117	68,076	65,201	63,818	70,514
Assault with the intent to inflict grievous bodily harm	260,082	249,369	226,942	218,030	210,104	203,777
Common assault	280,942	267,857	227,553	210,057	198,049	192,838
Robbery with aggravating circumstances	133,658	126,789	119,726	126,558	118,312	121,392
Common robbery	95,551	90,825	74,723	71,156	64,985	59,232
CONTACT RELATED CRIME						
Arson	8,806	8,184	7,622	7,858	7,396	6,846
Malicious damage to premises	158,247	150,785	144,265	143,336	136,968	134,261
PROPERTY RELATED CRIME						
Burglary at business premises	64,629	56,048	54,367	58,438	62,995	70,009
Burglary at residential premises	299,290	276,164	262,535	249,665	237,853	246,616
Theft of motor vehicle and motorcycle	88,144	83,857	85,964	86,298	80,226	75,968
Theft out of or from motor vehicle	171,982	148,512	139,090	124,029	111,661	109,548
CRIME HEAVELY DEPENDENT ON POLICE ACTION FOR DETECTION						
Stock-theft	41,273	32,675	28,742	28,828	28,778	30,043
Illegal possession of firearms and ammunition	16,839	15,497	13,453	14,354	13,476	14,045
Drug-related crime	62,689	84,001	95,690	104,689	109,134	117,172
Driving under the influence of alcohol or drugs	24,886	29,927	33,116	38,261	48,405	56,165
OTHER SERIOUS CRIME						



All theft not mentioned elsewhere	606,460	536,281	432,629	415,163	395,296	394,124
Commercial crime	55,869	53,931	54,214	61,690	65,286	77,474
Shoplifting	71,888	66,525	64,491	65,489	66,992	80,773
SUBCATEGORIES OF AGGRAVATED ROBBERY FORMING PART OF AGGRAVATED ROBBERY ABOVE						
Carjacking	13,793	12,434	12,825	13,599	14,201	14,915
Truck hijacking	901	930	829	892	1,245	1,437
Robbery at business premises	3,677	3,320	4,387	6,689	9,862	13,920
Robbery at residential premises	9351	9,391	10,173	12,761	14,481	18,438
OTHER CRIME CATEGORIES						
Culpable homicide	11,096	11,995	12,415	12,871	13,184	12,571
Public violence	979	974	1,044	1,023	895	1500
Crimes in injuria	59,908	55,929	44,512	36,747	33,064	30,355
Neglected and ill-treatment of children	6,504	5,568	4,828	4,258	4,106	4,034
Kidnapping	3,004	2,618	2,320	2,345	2,323	2,535

Bogenoemde amptelike statistiek is op 24 September 2009 deur die Minister van Veiligheid en Sekuriteit, mnr. Charles Nqakula bekend gemaak. Hoewel misdaad in sommige kategorieë gedaal het, is dit kommerwekkend dat geweldsmisdade oor die algemeen drasties toegeneem het. Die grootste styging was dié ten opsigte van gewelddadige roof in residensiële gebiede.

Die volgende kommentaar som die mening van baie Suid-Afrikaners sowel as kenners op die gebied van misdaad goed op:

South Africa's efforts to fight its high crime rate are "not working", says one of the country's leading experts, Dr. Johan Burger, a senior researcher at the Institute for Strategic Studies. He said the high crime statistics released by the government this week bore testament to the fact.

"The main message from the crime statistics is that whatever we are



doing is definitely not working," he said. "In fact, in most of the crime areas - especially the violent crime areas - the situation looks worse. We are extremely happy that the murder rate, the attempted murder rate and so on continues its downward trend, but even the downward trend is not something to be absolutely content with."

Burger said South Africa's murder rate of 37 per 100 000 people could not compare to that in most developed countries, where it was less than two per 100 000.

(Independent Online: 24 September 2009)

In 'n persverklaring op die nuusbuletin van 26 September 2009 op nasionale televisie het president Jacob Zuma erken dat misdaad in Suid-Afrika hand uitgeruk het ten spyte van pogings van die regering om dit hok te slaan. Hy het 'n beroep op die publiek gedoen om met die Suid-Afrikaanse Polisie saam te werk ten einde misdaad meer effektief te bestry. Hyself was van beweerde korruptiewe gedrag strafregtelik aangekla, maar die aanklagte is kort voor die 2009 verkiesing teruggetrek. Die voormalige kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie staan tans tereg op soortgelyke aanklagte teen hom. Dié omstandighede is vir baie landsburgers ontstellend en skaad ook die beeld van die land na buite.

Die hoë voorkoms van misdaad word as 'n substansiële motivering aangebied deur persone wat reeds uit Suid-Afrika geëmigreer het of beoog om dit te doen:

According to a recent survey by global market research company, Synovate, 20% of South Africans are definitely planning on emigrating or seriously considering it.

"This is not really a surprise," states Jake Orpen, Group Client Services Director at Synovate. "South Africans are not in the best frame of mind lately, due to the obvious political uncertainty, economic instability and



electricity problems ! Synovate's aim was to quantify the current threat of emigration.”

The option to emigrate is most popular amongst young and middle-aged South Africans (18-44 years), which is concerning because this age group represents South Africa's current and future skills set.

When looking at the motivations for considering emigration, the overriding pull is business and employment opportunities (88%); while violence, crime and corruption is the key push factor (55%). Itchy feet and the desire to explore a new country and experience different cultures were also cited by more than a third of those considering emigration. Other push factors mentioned were South Africa's volatile economy and the cost of living (19%), government problems (13%) and infrastructural concerns (6%). Family reasons (14%) such as joining extended family abroad and better education for children were also mentioned.

(Synovative News: May 2008)

Wanneer die hoë insidensie van geweld, misdaad en korrupsie as hoogste motivering aangegee word waarom baie mense nie meer in Suid-Afrika wil woon nie, kan dit tereg as betekenisvolle aanduiding van die moraliteitskrisis in die land beskou word.

Dit is reeds algemene kennis dat niemand, ongeag ras, sosio-ekonomiese groep, woonplek of watter ander omstandighede ook al van misdaad gevrywaar is nie. Dit kom oral voor. Die sekuriteitsindustrie is tans een van die sterkstes en ook van die grootste werkgewers in die land te danke aan die enorme omvang van misdaad. Hoewel Suid-Afrika uit 'n ekonomiese oogpunt en vanweë 'n groot verskeidenheid van besondere besienswaardighede 'n aanloklike toerismebestemming is, het die groot voorkoms van misdaad 'n verlamme



uitwerking op dié bedryf. Kaapstad is onlangs as een van die tien beste toerismebestemmings ter wêreld uitgewys, maar ook as een van die stede met die meeste misdaad. Vanweë sy strategiese ligging sowel as die groot voorkoms van korrupsie en gewetenloosheid is Suid-Afrika die grootste deurgangstroete vir wêreldwye dwelmhandel.

Die internasionaal gerespekteerde kriminoloog Janine Rauch, tans projekteur in navorsing by die *Commonwealth Human Rights Initiative* in New Delhi, spreek haar soos volg uit oor die situasie in Suid-Afrika:

There appears to be some consensus that there is a moral crisis in South Africa. Politicians, religious leaders and social commentators have all spoken about the breakdown in morality. The most commonly cited evidence of the crisis is crime – specially crimes involving violence or those which involve citizens avoiding their basic duties and obligations to the state or to each other. The link between crime and moral breakdown is a very old one in social theory, pre-dating modern Western sociology, but most famously espoused by the French sociologist Emile Durkheim at the turn of the 19th century, and then by 1930's American sociologist Merton, in their theories of *anomie* or 'normlessness'. Durkheim described social systems of moral regulation as being in a critical or chronic state, near collapse, with severe consequences for individuals.

(Rauch, 2005:9)

Sy haal Durkheim aan wat daarop wys dat mense en groepe mense se morele oriëntasie deur hul eie aspirasies, ander se opinies en 'n kollektiewe bewussyn gevorm word. Wanneer gemeenskappe deur drastiese veranderinge of traumas gaan, mag dit gebeur dat hulle nie meer hul ambisies deur 'n effektiewe sosiale orde kan laat realiseer nie. Dit is dan wanneer *anomie* volgens hom intree.



2.3 MEER AS MISDADIGHEID

Moraliteit as sodanig is moeilik meetbaar. Eintlik is dit net in omstandighede waar moreel onaanvaarbare gedrag aan die hand van regspleging omskryf kan word waar daar van die graad van intensiteit daarvan kennis geneem kan word. Die hoë voorkoms van misdaad is wel 'n aanduiding van 'n samelewing se morele toestand, maar is geen definisie of wetenskaplike meetinstrument daarvan nie. Daarbenewens dui misdaadstatistiek slegs op aangemelde gevalle. Hoeveel voorvalle van gruwelike misdaad vind nie plaas, maar word nooit aangemeld nie? Morele gedrag, aanvaarbaar óf onaanvaarbaar, begin myns insiens egter in die hart van die mens. Dit is 'n bewuste óf onbewuste keuse wat gemaak word en hou verband met talle faktore wat op individue en groepe inwerk en wat uiteindelik hul gedrag bepaal. Die volgende aanhaling van Van Niekerk bevestig dié mening:

Statistics concerning violent crimes such as murder, rape and housebreaking may cause us to forget that the crime problem is part of a larger moral problem within our country. The spiralling crime rate must also be viewed in relation to the wider issue of morality and corruption. Corruption takes many forms. These include so-called white collar crime (e.g. theft within government departments or private business) as well as the involvement of the police in crime and corruption. Corruption also includes all forms of fraud, the failure to do one's work properly, greed, inefficiency and indifference on the part of the public at large.

(Kretzschmar & Hulley, 1998:2)

Waar dit kom by die hoë insidensie van korruptheid in die Suid-Afrikaanse samelewing, skryf emeritus aartsbiskop Desmond Tutu die tendens grootliks toe



aan die nalatenskap van apartheid. Hy verwys na die onderdrukkers en die onderdruktes. Laasgenoemde is sodanig in hul menswaardigheid gekrenk dat hulle ter wille van oorlewing en as teenreaksie teen die sisteem, moreel onaanvaarbaar optree. Eersgenoemde is ewenwel in hul menswaardigheid aangetas deur die skuldgevoelens wat hulle saamdra. Aartsbiskop Tutu gebruik in sy respons die term "*burden of guilt*". Dit kom daarop neer dat selfs diegene wat aan die uitdeeltant van sosiale ongeregtheid staan, vanweë hulle skuldgevoelens, op hulle beurt die grense van behoorlike morele gedrag oorskry. Vandaar die algemene gees van korrupsie en vergrype in die land, volgens die aartsbiskop. Dié mening sluit aan by die teorie van Durkheim dat sosiale ontwrigting maklik tot morele verval kan lei.

Verskeidenheid ten opsigte van die belewenis van waardes lei soms ook tot verwarring. Een van die navorsingsrespondente, prof. Willem Landman, merk in sy reaksie op 'n vraag oor die verskynsel van diversiteit en moraliteit soos volg op:

Dis nie soseer dat ons verskillende waardes het nie, maar ons kleur hulle verskillend in, gee aan hulle verskillende interpretasies en aksente. Een voorbeeld. Aanspreeklikheid is 'n waarde wat waarskynlik universeel, en ook onder alle groepe in ons land, erken word. In die meer Westerse of individualistiese gemeenskap is die neiging om aanspreeklikheid meer direk toe te pas of af te dwing. In die meer tradisionele of "communitarian" gemeenskap is die neiging om gebrek aan aanspreeklikheid meer te vergewe, om meer kanse op verbetering te gee, om nie solidariteit te skaad deur individue af te sny van die gemeenskap nie.

Hier gaan dit nie oor misdadigheid nie, maar verskille in morele denksisteme wat spanning en konflik kan skep en selfs bydraend tot die moraliteitskrisis kan inwerk.

Mense doen eenvoudig nie almal dinge op dieselfde wyse nie. Wat vir die een reg is, is nie noodwendig vir die ander reg nie.

2.4 VERANDERDE SAMELEWINGSOPSET

Koloniasie gedurende die 17de, 18de en 19de eeue het die Westerse beskawing na Afrika gebring. Van meet af het die koloniste in Suid-Afrika politieke oorheers en is die inheemse bevolkingsgroepe aan Westerse denke uitgelewer. Een van die kritiese areas was dié van grondbesit. Botsende konsepte ten opsigte hiervan het noodwendig tot konflik gelei. Ander belange wat moeilik versoenbaar was tussen Westerse en Afrika denke was godsdiens, regspleging, huwelike, arbeidsetiek, onderrig, tegnologie, sosiale aangeleenthede, en so meer. Tog het die Europese model al hoe meer veld gewen aangesien die politieke, strategiese en militêre mag in die koloniste se hande was hetsy Nederlands, Brits en later ook dié van die twee Boererepublieke in die Noorde. Uniewording in 1910 en Republiekwording in 1961 met die gepaardgaande ontwikkeling van apartheid sedert 1948 het die skaal nog steeds in Westerse guns laat swaai. Morele besinning was op die Christelik-Westerse lees geskoei wat beteken dat tipiese Afrika moraliteit nie wat die breë gemeenskap betref, tuisgekome het nie. Dit het voortgeduur tot 1994 toe demokrasie in Suid-Afrika 'n realiteit geword het. Die voorafgaande 'struggle' wat onder andere op militêre vlak bedryf is, het 'n gees van opstand, weerstand en geweld ontketen. Die nuutgevonde vryheid het op sy beurt 'n tydperk van euforie ingelui. 'n Algemene ingesteldheid op materialisme het gevolg wat korrupsie, nepotisme, bandeloosheid en geweld in die hand gewerk het. Mense is meer individualisties, selfgesentreerd en egoïsties. Selfs die tipiese Afrika lewensbeskouing van *ubuntu* wat op die welwese van die gemeenskap fokus, kon dié tendens nie verhinder nie. Die kloof tussen ryk en arm het, anders as verwag, al hoe groter geword en meer klem op die verskille tussen sosio-ekonomiese klasse laat val.



Ná 1994 was daar nie meer gedwonge groepsgebiede nie. Skole, hospitale en openbare plekke en geriewe is vir almal oopgestel en werkreservering op grond van ras en geslag is afgeskaf. Die buiteland het positief daarop gereageer en sanksies met betrekking tot handel, sportdeelname en oor-en-weer-beweging van mense is gedereguleer. Mense uit die onderskeie diverse groepe wat eens in 'n groot mate van mekaar geïsoleer was, is al hoe meer aan mekaar blootgestel. Woon- en werksomgewings het drasties verander wat betref die samestelling van gemeenskappe. Die snel ontwikkelende elektroniese kommunikasiemedie wat tot almal se beskikking geraak het, het die afstand tussen mense verder vernou. Suid-Afrika het 'n tyd van ekonomiese welvaart beleef. Dit is deels toe te skryf aan nuwe plaaslike geleenthede en inisiatiewe, maar ook aan geld wat van die groter en sterk wêreld ekonomie die land ingestroom het. Tegnologiese ontwikkeling en gevolglike industriële groei het baie werksgeleenthede gebied en die algemene koopkrag het gebloom. Dit het die markomgewing laat gedy en krediet was vrylik beskikbaar. Mense het hulleself behoorlik in die skuld gedompel ten einde mee te doen aan 'n uitspattige lewenstyl. 'n Vrugbare basis vir morele agteruitgang is hierdeur geskep. Godsdienstige vervlakking het ingetree en mense het meer op hul persoonlike behoeftes gefokus as op dit wat goed en reg is. Tradisionele kerke en ander godsdienstige instellings oor die hele religieuse spektrum moes ruimte maak vir mensgesentreerde bedienings en instellings waar daar nie vaste norme geld nie.

Die uitgediende en oorwonne apartheidsstelsel moes vanweë die onbeholpe toepassing van regstellende aksie plek maak vir wat deur sommige genoem word: *nieu-apartheid*. In bepaalde gevalle is kundiges onregmatig uit diens gestel en vervang deur onbekwame persone. Hierin het nepotisme en korrupsie 'n merkbare rol gespeel. Die gevolg daarvan was nie net oneffektiewe lewering van goedere en dienste nie, maar ook 'n gevoel van weersin, mislukking, aggressie, vyandigheid en teleurstelling. Baie mense het hulleself uitgerangeer en in 'n emosionele vakuum gevoel. Dit het 'n verlamme uitwerking op



gemeenskapsbetrokkenheid en bring soms die gevolg mee van koers- en wetteloosheid. Voordeeltrekkers van dié nuwe wêreld maak hulle op hul beurt weer skuldig aan 'n meerderwaardige houding en traak-my-nie-agtigheid. Dit het eweneens onbetrokkenheid by die gemeenskap en die belange van ander tot gevolg.

2.5 OPROEP UIT TALLE OORDE

Genoemde moraliteitskrisis wek nie net kommer by talle lede van die breë gemeenskap nie, maar roep ernstig om morele herstel. Die groot voorkoms van moreel onaanvaarbare gedrag het noodwendig wantroue en agterdog tot gevolg. Mense word teleurgestel in hul verwagtings en raak bekommerd oor hul toekoms en dié van hul nageslag. Soos reeds by 2.2 aangetoon, word die moraliteitskrisis en gevolglike hoë voorkoms van misdaad telkens deur persone wat emigreer as substansiële rede vir hul besluite vermeld. Ter plaatse is daar gereelde verslaggewing in die media oor onreg en korrupsie. Morele agteruitgang het al sodanige afmetings aangeneem dat ernstige misdrywe soos moord en gewapende roof dikwels nie eens meer vermeld word nie. Tog speel die media steeds 'n belangrike rol in die bewusmaking van aangeleenthede en tendense wat in belang van die gemeenskap is. Etiese kwessies trek altyd aandag veral omdat dit gewoonlik sensasioneel van aard is.

Openbare druk was só intens op die regering om misdaadstatistieke wat eers verbloem was, bekend te maak dat daar uiteindelik voor geswig is. In die kantore van talle groot maatskappye hang die betrokke maatskappy se etiese gedragskode geraam teen die muur om werknemers en kliënte bewus te maak van die interne poging om die maatskappy op 'n moreel gesonde pad te plaas. Daar word van werknemers en voornemende werknemers verwag om dié kodes te onderskryf en daarvolgens te presteer. Ontevredenheid met swak gehalte dienslewering deur plaaslike owerhede lei van tyd tot tyd tot gewelddadige optrede deur veral lede



van vooraf benadeelde gemeenskappe. Soms herinner dit aan die aggressie waarmee hulle eens teen die vorige politieke bedeling opgetree het. Die wyse waarop protes aangeteken word, is netso onaanvaarbaar as die saak waarteen geprotesteer word. Tog spreek dit die onderliggende probleem van onregmatige posbeksleërs deur onbevoegde amptenare en selfverryking van sommige hooggeplaastes aan. Dit op sigself is weer 'n simptoom van die misbruik van mag en posisie.

Die algemene verkiesing van 2009 is voorafgegaan deur die stigting van verskeie nuwe politieke partye, sommige met 'n religieuse inslag. Baie van die verkiesingspraatjies en -beloftes het op morele kwessies gefokus ten einde die ontevrede publiek se stemme te lok. Die boodskap wat vandaar uitgegaan het, moes eventueel by die regerende party en die regering as sodanig tuiskom. Ten minste moes daarvan kennis geneem word met die verwagting dat die kwessies ter sake op die een of ander wyse aangespreek sou word.

Die gemeenskap verwag dat daar op die kerk en ander godsdienstige instellings 'n morele verantwoordelikheid rus in dié sin dat die getuienis wat moet uitgaan, rigtinggewend ten opsigte van algemene lewenspraktyke moet wees. Dit geld nie net ten opsigte van persone wat op die een of ander wyse tot 'n bepaalde godsdiens verbind is nie, maar ook van die breë publiek. Dit is dus gepas en noodsaaklik dat godsdienstige instellings profetiese stemme sal laat hoor met betrekking tot etiese kwessies. Dit geskied by wyse van amptelike standpuntinname, verklarings, dialoog en bepaalde projekte. Kerke, interkerklike organisasies en ander religieuse instellings identifiseer en organiseer programme ten opsigte van morele opbou en herstel. Bewusmakingsveldtogte en opleiding op terreine soos gesinsgeweld, seksuele vergryp en MIV/Vigs vind deurlopend plaas. Al is die vertrekpunt op die besondere instansies se teologiese of filosofiese basisse geskoei, is die uitkomstige gemeenskaplik. Hoewel diversiteit in terme van

godsdien en kultuur gehandhaaf word, word gedeelde ideale en doelwitte nagestreef.

Suid-Afrika neem deel aan die wêreld ekonomie waar dit 'n rolspeler en kompeteerder is. Om hieraan te voldoen, moet daar op aanvaarbare wyses sake gedoen word en moet die interne beleid en sake-etiek ook in plek wees. Internasionaal word daar druk en kontrole op die land uitgeoefen nie net wat sake-etiek betref nie, maar ook wat die algemene moraliteit in die land betref. Isolاسie met betrekking tot internasionale handelsbetrekkinge en selfs sport tydens die apartheid era het aan Suid-Afrika eerstepandse ervaring verleen ten opsigte van morele aanvaarbaarheid op internasionale front. In die huidige tydsgewrig, ná apartheid is 'n hoë etiese standaard nog netso belangrik. Wanneer nou terugskouend ingesien word dat die apartheidbeleid ten diepste 'n eties onaanvaarbare wyse van die hantering van diversiteit was, moet die duur les geleer word dat diversiteit besondere morele eise aan 'n land en sy mense stel. Daar moet seker gemaak word dat die foute wat in die verlede gemaak is, nie herhaal word nie.

2.6 AKSIESTAPPE GENEEM TEN EINDE DIE MORALITEITSKRISIS AAN TE SPREEK

Omdat moraliteit altyd en in alle gemeenskappe in mindere of meerdere mate problematiek oplewer, is verskeie instansies op 'n deurlopende grondslag daarmee besig.

Regerings- én nieregeringsorganisasies het ten regte op die onlangse en huidige morele verval in die land begin reageer. Eersgenoemde het in 1996 na aanleiding van die al groter wordende misdaadprobleem die *National Crime Prevention Strategy* (NCPS) in die lewe geroep. Van meet af is besef dat, hoewel dit die oogmerk was om misdaad te beperk, dit oor 'n veel omvattender probleem,

naamlik morele verval en disintegrasie gaan. Die volgende aanhaling uit dié organisasie se beleidsdokument kom hier ter sprake:

The transition to democracy has understandably served to emphasise new freedoms in the South African society, in the absence of adequately engaging with residual cultures of violence and intolerance, and frequently failing to anticipate the expectations or sense of entitlement associated with these new-found freedoms. The necessary culture-change is a slow and gradual process and demands a targeted focus on the development of the norms and values needed to underpin any orderly democratic society.

In sy poging om misdaad te bekamp, het die NCPS vier fokusareas geïdentifiseer waarvan die belangrikste sekerlik dié ten opsigte van openbare waardes en opvoeding is – ‘with the intention of tackling the prevailing moral climate within communities’ (Rauch, 2005:12). Volgens Rauch was dié inisiatief nie volhoubaar nie weens gebrek aan kundige bestuur en samewerking tussen rolspelers.

Die Mandela regering van die negentigerjare het gou ná die inwerkingstelling van die nuwe demokrasie kennis geneem van grootskaalse morele verval in die land. Hieruit is die sogenaamde *moral regeneration initiative* gebore. Later het mnr. Mandela se opvolger, mnr. Thabo Mbeki dié inisiatief verder gepromoveer en aan sy adjunk, mnr. Jacob Zuma toevertrou.

The origins of the moral regeneration initiative date back to a meeting between then-President Nelson Mandela and key South African religious leaders in June 1997. At that meeting, Mandela described the ‘spiritual malaise’ underpinning the crime problem as “a lack of good spirit, as pessimism, or lack of hope and faith. And from it emerge the problems of greed and cruelty, of laziness and egotism, of personal and family failure.



It both helps fuel the problems of crime and corruption and hinders our efforts to deal with them". Mandela then called on religious leaders to get actively involved in a campaign, subsequently to become the moral regeneration initiative.

(Rauch, 2005:5)

Met bogenoemde agtergrond en 'n groot mate van paniek oor die hoë voorkoms van kinderverkragting en -molestering en seksuele geweld voor en gedurende 2002 is die *Moral Regeneration Movement* as 'n nie-winsgewende, nieregerings-organisasie (NGO) gestig. Die motief vir die stigting en ontwikkeling van so 'n beweging was beide om misdaad te bekamp en nasiebou in 'n diverse samelewing te stimuleer. Die verwagting dat dié inisiatief 'n merkbare ommeswaai in die gees van die land teweeg sou bring, is egter beskaam. Weereens het swak bestuur en 'n gebrek aan samewerking met staatsdepartemente en ander rolspelers die onderneming grootliks laat misluk. Die ontkenning van die president jeens die HIV probleem asook die aanklagte van korrupsie teen mnr. Zuma, die destydse adjunk-president en aangestelde bewaker oor moraliteit in die land het verder bygedra tot die onvermoë om die morele krisis effektief aan te spreek.

Morele opbou is wat sommige gestaltes daarvan betref meer religieus van aard, maar in ander adem dit 'n sterk Afrika-nasionalistiese ideologie. Vanweë die groot mate van toleransie ten opsigte van diversiteit wat eie is aan die Suid-Afrikaanse diverse samelewing, het die soeke na morele herstel tog behoue gebly en hoog op 'n verskeidenheid uiteenlopende belangegroepes se agendas gebly – konserwatiewe godsdienstige groepe, die sakegemeenskap, politieke partye, regeringsorganisasies en intellektueles. Dit is die bewys daarvan dat belangrike morele rolspelers steeds die moed van hul oortuiging het om die morele onsekerheid en wanorde sodanig aan te spreek dat daar drastiese veranderings verwag kan word. In haar reaksie op die vraag na die toekoms in terme van morele waardes, spreek prof. Louise du Toit die verwagting uit dat daar hoop is



vir 'n openbare bedeling wat meer verantwoordbaar en aanspreeklik is teenoor die gewone mense. Sy meen dat dit egter ook die taak van gewone mense en miskien ook opposisiepartye, kerk- en ander siviele leiers, openbare intellektuele, ensovoorts is.

Die uitdaging bestaan steeds: of die ideologiese veldtog van morele herstel enige betekenisvolle resultate gaan oplewer ten opsigte van die daarstel en versterking van die sosiale onderbou (sogenaamde "*social fabric*") in 'n diverse samelewing. (Rauch, 2005:7).

2.7 DINAMIKA IN MORALITEIT

Waardes en norme bly nie vir altyd dieselfde nie. Selfs in geslote geloofsgemeenskappe soos die Christelike of Moslem geloofsgemeenskappe waar daar van 'n eksterne normatiewe bron (Die Bybel; die Qurān) gebruik gemaak word om 'n etiese raamwerk daar te stel, is daar ontwikkeling en verandering. Die hermeneutiese uitgangspunte waarmee mense die bronne hanteer sowel as nuwe omstandighede bewerkstellig veranderinge. Nederduitse Gereformeerde Kerk het byvoorbeeld pas aangekondig dat daar 'n studie gedoen gaan word oor die verskynsel van saamwoon buite die huwelik. Die tradisionele standpunte hieroor is skynbaar nie meer absoluut relevant in die huidige tydsgewrig met nuwe omstandighede nie.

Tradisionele sosiale gedragskodes bly dikwels in die slag as gevolg van kragte soos verstedeliking, tegnologiese ontwikkeling en die blootstelling aan ander sisteme en lewenstyle. Dit gebeur ook dat ou waardes nuwe vorme aanneem wat meer relevant is in 'n nuwe tyd.

Baie kenners is dit eens dat die drastiese politieke transformasie in Suid-Afrika in die vroeë 1990's van 'n outoritêre na 'n demokratiese bestel die sosiale



waardesisteme in die land ingrypend beïnvloed het. Tydens die oorgangsonderhandelinge was daar 'n vakuum wat gesagvolle sosiale leiding betref. Die sekuriteit wat 'n vaster orde in die vorige bedeling teweeg gebring het ten opsigte van die arbeidsfeer en duidelik omlýnde sosiale sisteme, het verbrokkel. Tesame met ontwrigte familielewe, gebrek aan nasionale kohesie en 'n groot mate van twyfel oor die toekoms het dit Suid-Afrikaners in onsekerheid en met 'n gebrek aan rigting gelaat. Met die nuut-verworwe politieke vryheid na 1994 was baie mense onbeholpe. Dit wat vir hulle nuwe lewensmoontlikhede moes skep, het anargie en bandeloosheid meegebring.

Die essensiële kultuurverandering is moeisaam en benodig steeds gefokuste doelwitte wat waardes en norme betref ten einde 'n ordelike demokratiese bestel daar te stel. Kulturele en godsdienstige diversiteit maak dit nie makliker nie, maar bring mee dat daar 'n aandrang op begrypende inklusiwiteit moet wees. Dié aspek maak die komplekse Suid-Afrikaanse samelewing soveel te meer uitdagend waar dit kom by 'n algemeen aanvaarbare morele oriëntasie.

2.8 'N GELUKKIGE EN SUKSESVOLLE GEMEENSKAPSLEWE

Suid-Afrikaners jaag steeds die droom van 'n gelukkige samelewing na. Tog wil dit voorkom asof ou morele waardes al hoe swakker funksioneer. Nuwe omstandighede vra na nuwe kontemporêre vorme van lewenswaardes wat die gemeenskap effektief kan dien.

Prof. Marinus Wiechers, een van die respondente identifiseer die volgende ideale as kern beginsels wat mense graag nastreef: 'n Versterking van bestaande waardes soos medemenslikheid, eerlikheid en eerbaarheid, sedelike beskerming en omgewingsbewustheid. Die gemeenskap vra nie noodwendig na nuwe waardes nie, maar 'n nuwe kleed wat pas by die tyd en omstandighede van die dag.



Die wesenstheorie waarmee hierdie studie hom besig hou, impliseer immers die vraag of Suid-Afrikaners daarin kan slaag om 'n gelukkige en suksesvolle samelewing te geniet ten spyte van die historiese verloop en gevolglike diversiteit wat in die huidige gemeenskap weerspieël word.

Aartsbiskop Desmond Tutu voorsien 'n blink toekoms vir Suid-Afrika en sy mense: "Our country can become one of the most prosperous and almost secure, happy places if we encourage everyone to realise that they have a stake in the future of the country." (Hoofstuk 5). Daar is dus 'n voorwaarde aan verbonde.

Prof. Louise du Toit meen mense moet rykdom vind in lewenskwaliteit, verhoudings, liggaamlike gesondheid en in ervarings, eerder as net in materiële goed. Met die nodige leiding en regte lewensingesteldheid is dit 'n realiseerbare droom (Hoofstuk 5).

Uit die navorsingsresultate soos in Hoofstuk 5 hanteer, is dit duidelik dat 'n gelukkige samelewing op die volgende pilare gebou kan word:

- Waardering vir die lewe en die geleenthede wat die lewe bied.
- Respek vir alle mense ongeag diversiteit.
- Weerstand teen geweld en misdaad in alle vorme.
- Aanvaarding van die mandaat wat aan die owerhede toevertrou is.
- Aanvaarding van individuele en kollektiewe verantwoordelikhede.
- Weerspieëling van 'n gees van welwillendheid.
- Gedeelde ideaal om van die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n sukses te maak.
- Volgehoue nasietrots en kritiese lojaliteit.

Om bogenoemde ideale te laat realiseer is dinamiese, effektiewe en volgehoue leierskap nodig. Gedagtes oor leierskap kom later in die hoofstuk aan die orde.

3. TEKENS VAN 'N NUWE MORELE BEWUSSYN

3.1 'N MEER 'OOP' GEMEENSKAP

Die historiese verloop in Suid-Afrika sedert die tyd voor kolonialisasie is gekenmerk deur segregasie. Inheemse Afrika bevolkingsgroepe het tot 'n groot mate outonoom naas mekaar gefunksioneer en dikwels het botsende belange en insidente op konflik en selfs bloedvergieting uitgeloop. Hoewel koloniste van Europese afkoms wat godsdiens en kultuur betref, veel gemeen gehad het, het hulle vir lank hul afsonderlike identiteite gehandhaaf. Hoewel die sogenaamde beleid van *afsonderlike ontwikkeling* van die apartheidsregering op rasseverskille ingestem was, is daar ook voorsiening gemaak vir die handhawing van kleiner groepe en kulture se unieke eiesoortigheid. Daar was talle eksklusiewe gemeenskappe soos byvoorbeeld Joodse, Griekse, Afrikaanse, Zulu, Xhosa, Nederlandse, Duitse en ander groepe in die land. Hierdie groepe was nie regtig vir buitestaanders toeganklik nie. Waar daar verbintenisse soos huwelike oor grense plaasgevind het, het dit dikwels onmin en verwydering meegebring veral wanneer godsdiens en sterk kulturele gebruike in die gedrang gekom het.

Demokratisering van die politieke, sake- en die gemeenskapslewe het mense eventueel baie nader aan mekaar gebring. Onderlinge skakeling is deurlopend en meer intiem deurdat interaksie tussen mense uit wyd uiteenlopende leefwêreldes en agtergronde daagliks plaasvind. Almal geniet onbeperkte vryheid van beweging en assosiasie. Dit word nie net grondwetlik gereël nie, maar ook in die praktyk beleef. Hierdie toedrag van sake plaas druk op mense om ander as gelykes te aanvaar. Gevolglik is mense genoodsaak om vir mekaar ruimte te maak. Hoewel daar baie vooroordele bestaan, wil dit voorkom asof aanvaarding en akkommodasie onderling met al hoe meer spontaneïteit plaasvind.

3.2 DIE ERKENNING VAN DIVERSITEIT

Die voorkoms van diversiteit kon nog nooit ontken word nie, want dit is 'n gegewe werklikheid. Tog is dit in 'n land soos Suid-Afrika meer merkbaar vanweë die besondere kompleksiteit van die bevolkingsamestelling, verskillende kulture, subkulture en godsdienste wat hier voorkom. Geografiese en demografiese diversiteit aksentueer die verskynsel nog meer. Prof. Willem Landman wys in sy navorsingsrespons op die feit dat diversiteit in Europese lande meer sekondêr van aard is as hier. Daarom is die problematiek rondom dié verskynsel ook groter hier, meen hy.

Wanneer daar in 'n komplekse bevolking die illusie by een groep mense bestaan dat hulle meer superieur as ander is, raak dit problematies. Tog gebeur dit wêreldwyd. Waarskynlik lê die grootste uitdaging van die demokratiese proses in Suid-Afrika op hierdie vlak. Die sogenaamde reënboognasie gedagte van oud-president Nelson Mandela was 'n moedige poging om kort na die demokratiese verkiesing van 1994 'n nuwe en akkommoderende speelveld vir die nuwe Suid-Afrikaanse nasie wat uit talle bevolkingsgroepe saamgestel is, te skep. Mandela wat as ikoon vir vryheid en vrede beskou is, het sonder twyfel besondere momentum aan die versoeningsproses en aanvaarding van onderlinge diversiteit verleen. Hoewel daar tans nog heelwat vooroordeel en negatiewe persepsies tussen individue en groepe ten opsigte van mekaar bestaan, het die Suid-Afrikaanse gemeenskap teen hierdie tyd in alle waarskynlikheid die brug oorgesteek waar dit kom by die erkenning van diversiteit

3.3 HERWAARDERING VAN MENSWEES

In samehang met die erkenning van diversiteit soos hierbo bespreek, is daar 'n oplewing in die herwaardering van mense, hul waarde en kwaliteite. Dit gebeur veral wanneer mense hul eie grense oorsteek en daar 'n ontdekking van die ander



plaasvind. Mense kom agter dat ander se belange, behoeftes, probleme en drome nie veel van hul eie verskil nie al vind mens jouself tuis in 'n totaal andersoortige milieu as hulle. Hierdie is 'n baie belangrike insig waartoe 'n groot deel van die huidige Suid-Afrikaanse bevolking oor die afgelope paar jaar gekom het. Die gevolg daarvan is 'n gesindheidsverandering wat meebring dat baie mense nie meer soveel op hulleself en hul eie belange gerig is nie. Ongeag onderlinge verskille word ander al hoe meer as gelykes beskou en waardeer. Dit beteken 'n groot wins vir 'n positiewe morele oriëntasie.

Prof. Louise du Toit maak die volgende opmerking in haar respons:

“Die samelewing integreer al hoe meer, en die diversiteit word meer tasbaar vir elkeen – dit het sowel positiewe as negatiewe gevolge, afhangend van hoe goed mense toegerus is om diversiteit en kompleksiteit te hanteer.”

Na haar mening rus daar 'n verantwoordelikheid op die gemeenskap om by die punt uit te kom waar diversiteit eerder positief as negatief op die gemeenskapslewe kan inwerk. Hierin speel die aanvaarding van mekaar en die herwaardering van mense 'n deurslaggewende rol. Dit is egter 'n voortgaande proses en moet deurentyd bestuur en gestimuleer word, voeg sy by.

Die nuwe samelewingsbestel waar daar geen diskriminasie op grond van ras, geslag of enige ander vooroordeel behoort te wees nie, het ook 'n nuwe dimensie aan menswees verleen. Wanneer mense in beginsel of daadwerklik beleef dat hulle ander se gelykes is, bring dit 'n gevoel van eiewaarde en wanneer 'n mens jouself respekteer, kan jy dit ook met ander doen. Daarom is die opheffing van tradisioneel agtergeblewenes so hoog op die openbare agenda.



4. DIE WAARDE VAN 'N ETIESE NALATENSKAP

4.1 GEEN MORELE VAKUUM

Die geweldige impak wat die nuwe demokrasie in Suid-Afrika teweeg gebring het, kan nie onderskat word nie. Dit kan as die mees betekenisvolle draaipunt in die geskiedenis van dié land beskou word en het nie slegs op politieke gebied 'n fundamentele verandering gebring nie. Dit het ons wat die ekonomie, sport, akademie, tegnologie en industrie betref, op die wêreldkaart geplaas. Daarmee saam het dit die inwoners van die land selfrespek en 'n nuwe sin vir integriteit gegee. Dit beteken egter nie dat die sogenaamde Nuwe Suid-Afrika uit 'n morele vakuum verrys nie.

Prof. Willem Landman wys op die belang van die rol wat tradisionele godsdienste en kulture in die verlede gespeel het en die nalatenskap daarvan :

"Ek dink dit het 'n deurslaggewende invloed op die denke, besluite en handeling vir diegene wat tradisionele godsdienste aanhang of lede is van tradisionele kulture, maar nie vir diegene wat buite daardie tradisionele raamwerke staan nie. Dit vorm hulle denke en handeling."

Nie alles uit die verlede was sleg of verkeerd nie. Daar was nog altyd goeie bedoelings ten opsigte van onderlinge respek, deernis en omgee. Verskillende samelewingsverbande het daaraan betekenis verleen. Die volgende voorbeelde spreek mee:

Die Romeins-Hollandse regstelsel is nog altyd in die howe gehandhaaf en regspleging is deur 'n effektiewe polisiemag hanteer. Militêr is die land deur 'n wêreldklas weermag beskerm. Hoewel die staat op Christelike grondslag bedryf is, was daar nog nooit beperkings op godsdienstvryheid nie. Selfs die mislukte



tuislandbeleid van die vorige bestel wou op 'n manier erkenning gee aan die ryke diversiteit van verskillende bevolkingsgroepe in die land, al het dit mank gegaan aan billikheid, integriteit en lewensvatbaarheid. Godsdienstige en kulturele feeste was ook in die verlede deur die regering en die gemeenskap gerespekteer. Hoewel daar wat onderwys- en gesondheidsdienste betref, vorme van diskriminasie was, was dit nogtans tot almal se beskikking. Die boodskappe en getuienisse wat van kerke en ander godsdienstige instellings oor dekades uitgegaan het, het deurgaans gepoog om 'n atmosfeer van liefde, aanvaarding en diens te kweek. Daar is dus talle elemente uit die verlede wat as kosbare nalatenskap die basis is om voortaan beter op te bou. Daarmee word allermins geïmpliseer dat die verlede 'n morele Utopia was.

Die negatiewe kant is dus ook waar. Diversiteit in die samelewing en diskriminerende gedrag soos dié onder apartheid en ander vergrype het moreel 'n verlamme invloed op die bevolking uitgeoefen. Die winspunt is sekerlik die wil om daarvan los te kom en nuwe inhoud te gee aan dit wat nie goed was nie. Dit wil tog voorkom asof baie mense die proses verstaan en reeds daarmee op koers is. Die uitdaging om uit dit wat moreel nie goed was nie iets beters te laat voortkom, is op sigself sinvol.

4.2 MORELE VERLEENTHEID

Die stelling dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap hom in 'n moraliteitskrisis bevind, is reeds breedvoerig genoeg bespreek en gemotiveer. (Sien 2.2). Dit is egter meer as 'n stelling.

Eerstens plaas dit al die mense van die land in 'n slegte lig in die sin dat hulle nie altyd daarin slaag om in vrede en met goeie gesindhede met mekaar saamlewe nie. Daar is steeds te veel rassspanning, wedywering, agterdog, wantroue, jaloesie, haat, geweld, misdaad en vyandskap. Ongekwalfiseerde vooroordele



bestaan en dikwels word daar onregmatige aannames jeens ander gemaak. Korrupsie, nepotisme, materialisme en 'n honger na selfverryking kom vryelik voor. Gapings tussen die verskillende sosio-ekonomiese groepe is te groot en dit neem steeds toe.

Tweedens word die internasionale beeld van die land al hoe meer geskaad. 'n Gebrek aan persoonlike veiligheid op straat kniehalter die toerismebedryf. Wanneer vlugpersoneel van Suid-Afrikaanse lugrederye in die buiteland as dwelmkoeriers betrap word, kyk Suid-Afrika op sy neus. Wanneer 'n land se polisiehoof en presidentskandidaat weens korrupsie aangekla word, kan mens maar net raai wat die buitewêreld daaroor dink. Veral wanneer die aanklagte teen die presidentskandidaat kort voor die verkiesing teruggetrek word en hy dan suksesvol tot staatshoof verkies word.

Prof. Piet Strauss, moderator van die N G Kerk plaas 'n groot premie op aanspreeklikheid. Op die vraag na die grootste morele probleem reageer hy soos volg :

"n Gebrek aan individuele en groepsaanspreeklikheid. Mense aanvaar moeilik verantwoordelikheid vir standpunte of rigtings wat dalk nie breed aanvaar word nie. Hulle is ook geneig om gou te kapituleer of van standpunt te verander."

Ten spyte van soveel goeie dinge en astronomiese vordering op talle gebiede het Suid-Afrika vir homself en vir die wêreld tot 'n groot mate 'n morele verleentheid geword.

4.3 NUWE GELEENTHEDE BIED NUWE UITDAGINGS

Ten spyte van die wolk van onsekerheid en agterdog wat oor die aanstelling van die huidige president, mnr. Jacob Zuma gehang het, is baie politieke ontleders



sowel as 'n groot deel van die publiek beïndruk met sy vertoning as staatshoof tot dusver. Dit is selfs op moreel-etiese vlak merkbaar al stel die president teleur waar dit by sy persoonlike lewenstyl kom. Sommige boodskappe wat vanaf sy kantoor uitgaan, is egter opbouend en spreek oor die algemeen van integriteit al pas dit vanweë diverse waardesisteme nie noodwendig mooi in almal se etiese raamwerke in nie.

As bogenoemde opmerkings 'n aanduiding is van dit wat moontlik is, het Suid-Afrikaners rede om self in te spring en mee te werk aan 'n beter samelewing. Negatiewe ervarings kan slegs sinvol wees wanneer dit as motivering omskep word om die toekoms beter te maak.

Dit is veral die omvattende diversiteit in die land wat 'n uitdagende en opwindende omgewing skep waar nuwe verhoudings gebou moet word. Hoewel die beroepswêreld uiters kompleks van aard is, veral met regstellende aksie wat soms ongenaakbaar toegepas word, is dit tog 'n unieke tyd en milieu wat besondere eise aan mense se innoverende vermoëns stel. Almal in die werksplek se arbeidsetiek is immers nie dieselfde nie. Wanneer mense vanuit verskillende kulturele agtergronde deur die werklikhede van hul omgewing genoodsaak word om gemeenskaplike doelwitte na te streef, skep dit geleenthede vir interaksie. Dit verbreed horisonne en akkommodeer mense uit vreemde omgewings. Noodgedwonge sal daar blootstelling wees aan mekaar se gebruike, gewoontes en gelowe wat ook waardes en norme insluit. In Hoofstuk 7 word meer breedvoerig hierop ingegaan.

Die nuwe demokrasie is dus nie net 'n meer regverdige en billike staatsbestel en gevolglik moreel meer korrek nie, maar open terselfdertyd nuwe moontlikhede waar mense interaktief baie nader aan mekaar beweeg en wedersyds daardeur verryk word.



5. LEIERSKAP EN DIE ROL VAN LEIERS

Tydens 'n radio-onderhoud op Radio Sonder Grense op 20 Mei 2007 het die bekende sakeleier, dr. Brand Pretorius die volgende oor goeie leierskap te sê gehad:

'n Goeie leier moet visioenêr kan dink en optree. Dit wil sê hy moet tydens die hede die toekoms kan voorsien en dienooreenkomstig progressief en innoverend te werk gaan. Hy moet mense kan saambind rondom 'n gedeelde visie en hulle kan inspireer en motiveer. Hy moet integriteit openbaar en nederig wees. Hy moet nie net morele intelligensie openbaar nie, maar ook vanuit goeie morele oortuigings die koers vorentoe aandui deur self die voorbeeld te stel. Sonder om emosioneel te betrokke te raak, moet daar tog plek in sy mondering vir emosionaliteit wees. Daar moet empatie by hom wees vir ander. Sy waardestelsel moet die volgende elemente insluit: respek, vertrouwe, openheid, eerlikheid en lojaliteit.

Hierdie is nie 'n omskrywing van morele leierskap as sodanig nie. Tog figureer die etiese baie sterk daarin. Dit gaan dus oor die wyse waarop gelei word sowel as die inhoud van leierskap en is van toepassing op alle leierskapsterreine. Hoewel daar baie op die gebied van leierskapontwikkeling gedoen word, gebeur dit gereeld dat leierskap nie altyd na wense is nie. Dit het bepaalde negatiewe invloede op die funksionering van die groep. Vanweë die baie diverse groepe in die land, hul verhoudings met mekaar en die konflikte wat van tyd tot tyd voorkom, word daar sterk op effektiewe leierskap gesteun. Leiers is vir die mense belangrik.

5.1 POLITIEKE LEIERSKAP

Polities was Suid-Afrika nog altyd 'n kookpot. Polarisasie was en is nog steeds aan die orde van die dag. Vanweë verskillende redes word daar maklik nuwe partye



gestig, veral in die tyd kort voor 'n verkiesing. Gewoonlik speel die magstryd tussen leiers 'n beduidende rol. Elke party beskik oor 'n bepaalde ideologie wat hulle van ander onderskei en uniek maak. Dié sake kom gewoonlik sterk in hul verkiesingsmanifeste aan die orde en word deur die leiers gepromoveer. Die aansien wat die leiers by die publiek geniet, het 'n beduidende invloed op die sukses wat by die stembus behaal word. Leë verkiesingsbeloftes plaas dikwels 'n vraagteken oor die intensies en integriteit van politieke leiers. Daarteenoor is dit tog belangrik dat diegene met hul doen en late die politieke arena sodanig in te rig dat die invloed wat daarvan uitgaan sal meewerk om 'n aanvaarbare gemeenskapslewe vir almal daar te stel.

In Suid-Afrika is die *African National Congress (ANC)* tans aan bewind. Hoewel dit 'n gerespekteerde party is, is daar kommer wat sy leierskap betref. Baie druk word van die kant van sy alliansie vennoot, die *SAKP* en die vakverbond, *Cosatu* uitgeoefen. Onder die leierskorps is daar baie binnegevegte en spanning en dit wil voorkom asof die party nog nie sy bevrydingsmentaliteit afgeskud het nie. Daar is baie onderlinge bevoordeling en dit maak regtig nie saak wie jy is nie, maar wie jy ken om persoonlike voordeel te trek. Daar is reeds gewys op die wolk van verdenking bo die kop van die president, mnr. Jacob Zuma. Die grootste en vernaamste politieke party in die land vertoon beslis nie 'n beeld wat spreek van morele integriteit nie, veral nie wat sy leierskap betref nie. Selfs die president erken dat sy party nie is wat dit behoort te wees nie:

Zuma agrees too that the ANC is in a crisis, alienated from its people by power and riches. "The success of liberation ... tests the clarity of even the best African revolutionaries", he says. "Many liberation movements have turned into something else and abandoned what they were. The ANC came to that point ... where we might have fallen."

(Time 7/12/2009: 27)



Verskeie ANC leiers het oorgeloop na die nuwe gestigte *Congress of the People (Cope)* wat nie genoeg steun by die stembus kon wen om selfs die amptelike opposisie te wees nie. Leierskap blyk ook hierin een van die haakplekke te wees.

Oor die algemeen gaan politieke leierskap mank aan integriteit, geloofwaardigheid en volhoubare bestuursvaardighede. Die eertydse bevrydingstryd en sentimente wat daaraan gekoppel is, bring verder mee dat posisies in baie gevalle op grond van lojaliteit eerder as kundigheid en vermoëns gevul word. Uit eie geledere erken die ANC dat die party te groot en te kragtig is. Dit kan die rede wees waarom hy te selfversekerd en selfs traak-my-nieagtig geraak het. Dit is waarskynlik ook die rede waarom 'n groot deel van die bevolking wat politiek betref, belangeloos geraak het tesame met 'n groot mate van wantroue in die leierskap.

5.2 STAATKUNDIGE LEIERSKAP

By 'n demokratiese staatsmodel is dit die sterkste politieke party wat die regering oorheers, met rolspelers uit minderheidspartye wat in 'n beperkte mate deel daarvan uitmaak. Die persoon van die staatshoof is egter van deurslaggewende belang aangesien hy die prominente figuur in die proses is en ook die verpersoonliking van die regering. Die regering van die dag kom nader aan die mense as partypolitiek aangesien hy hom nie net met ideologiese standpunte besig hou nie, maar getaak is om gemeenskapsdienste daar te stel. Of dit gebeur al dan nie en die wyse waarop dit gedoen word, weerspieël die inherente vermoë van die regering en staatsdepartemente sowel as die gerigtheid en erns waarmee dit plaasvind. Dit is dus 'n morele verantwoordelikheid ten opsigte van die totale bevolking sowel as die internasionale gemeenskap.

In die huidige Suid-Afrika staan regerings- en staatsinstellings wat leierskap betref, in 'n groot mate onder verdenking. Talle persone in verantwoordelike posisies misbruik hul mag en maak hulleself skuldig aan 'n veelheid vorme van

korrupsie. Hierin speel die onderlinge verskille wat diversiteit teweeg bring waarskynlik 'n beduidende rol. Vir een laag uit die samelewing is dit byvoorbeeld onaanvaarbaar dat 'n hoë amptenaar sy familie op staatskoste met vakansie neem. Vir ander is dit klaarblyklik geen probleem nie.

Demokrasie is inderwaarheid 'n vreemde begrip in die tradisionele Afrika. Leierskap word in die Afrika kultuur gereël volgens stamsenioriteit en bepaalde posisies wat sekere families in die gemeenskap beklee. Daarom sit die huidige bestel wat demokraties saamgestel is, met 'n probleem wat die posisie van die sogenaamde tradisionele leiers betref. Hoewel hulle ter wille van billikheid iewers in die leierskapskorps geakkommodeer moet word, pas hulle nie in by die moderne konsep van demokraties verkose leiers nie.. Enersyds is daar sekerlik begrip vir dié soort van rangordes wat eerbiedig moet word, maar andersyds gebeur dit dat effektiewe leierskap dikwels ingeboet word en dat sekere persone gewoon te ná gekom word. Dit is moeilik om leiers te volg wat nie aan verwagte standaarde voldoen nie.

5.3 GEESTELIKE LEIERSKAP

Suid-Afrika het van 'n Christelike staat oorgegaan na 'n sekulêre staat. Hoewel dit godsdienstvryheid sonder enige voorskrifte of enige dwang veronderstel, beteken dit nie dat geestelike of godsdienstige leiding nie meer van belang is nie. Mense assosieer op grond van hul geloofsoortuiging met 'n bepaalde godsdienst en dit is rigtinggewend vir die wyse waarop hulle inhoud aan hul lewens gee. Die waardes wat sodanige godsdienst voorstaan, is die riglyne waarvolgens hulle hul gedra.

Die belang van leierskap kom daarby in dat godsdienstige waarhede by mense tuisbring moet word. Leiers moet hul volgelingen deur moeilike tye en probleemsituasies help om die omstandighede sinvol te deurleef.



Op die vraag: wat is die geheim van 'n suksesvolle samelewing? – antwoord prof. Willem Landman soos volg:

Sterk morele leierskap is nommer een. Daarsonder kan ons nie suksesvol wees nie. Morele leiers moet onder andere die volgende doen:

- *Die "toon" aangee;*
- *Moet etiese rolmodelle wees;*
- *Moet etiek/morele waardes eksplisiet maak;*
- *Moet morele diskoers legitimeer;*
- *Moet etiek in ander aanmoedig;*
- *Moet ander aanspreeklik hou vir die etiek van hul gedrag.*

Hoewel dit nie eksplisiet hier oor godsdienstige leiers gaan nie, word dit tog geïmpliseer. Dit is die persone wat etiese raamwerke daarstel en moreel rigting aandui en dit het betrekking op alle leiers van watter aard ookal.

Godsdienstige instellings beklee nie meer die plek wat hulle vroeër in die gemeenskap ingeneem het nie. Sekularisme laat tog ruimte vir formele religie. Dit is egter die verwagting van binne en van buite die godsdienstige gemeenskap dat godsdienstige instellings die morele waghond vir die gemeenskap sal wees en bly. Sodanige instellings moet steeds hieraan voldoen. Om binne die huidige tydsgewrig te midde van ingrypende veranderinge in die samelewing relevant te wees en moreel leiding te gee, is 'n enorme en uiters moeilike taak.

In 'n artikel in Beeld van 11 Desember 2009 raak die redakteur, Tim du Plessis die saak van morele leiding deur die kerk rondom die debat oor saamwoon buite die huwelik aan.



Dit kan nie maklik wees om in vandag se tye 'n dominee of 'n kerkleier te wees nie.

In die ou dae was dit maklik.

As jy nie presies gedoen het wat die kerk sê nie, is jy doodgemaak of weggejaag.

Die aarde was plat, by wyse van spreke. Gewone mense het maar min geweet. Die reëls was eenvoudig en die keuses was beperk.

Dit was reg of weg.

Maar toe begin dinge verander; die leefwêreld van die lidmate vinniger as dié van die kerk. Skielik is daar duisende nuwe keuses en opsies. Dinge word nie meer so maklik gereduseer tot reg en verkeerd nie. Daar's baie grys en selfs skakerings van grys.

Nuwe denke en waardestelsels uit ander wêrelddele kom aangewaaï op die handelswinde van globalisering. En natuurlik die internet, die groot gelykmaker wat hiërargieë, ook dié van die kerk, so skouspelagtig platgedruk het.

Baie kerke pas aan by die nuwe leefwêreld van hul lidmate, maar kan dit eenvoudig nie vinnig genoeg doen nie. Die "wêreld daarbuite" hou net meedoënloos aan om te verander teen 'n immer versnellende tempo.

Die kerk kan ook nie net sy oog hou op sy lidmate wat doer voor loop nie, hy moet ook dink aan dié wat wil hou by die voorskrifte en tradisies van gister en eergister.

Dis presies hoekom daar nou so 'n lewendige debat woed oor saambly sonder om amptelik te trou.

Du Plessis gebruik die teologiese, maar ook emosionele gesprek oor saamwoon as illustrasie van die kompleksiteit van morele leiding deur godsdienstige instellings soos die Christelike kerk. Dié kragte is ook ywerig aan die werk in al die ander tradisionele godsdienste soos die Islam, Afrika Tradisionele Godsdiens en so meer.



(’n Onderzoek oor saamwoon buite die huwelik word tans deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedoen.)

5.4 KULTURELE LEIERSKAP

In die Afrika konteks was leierskap tradisioneel in monargieë gevestig. Sekere magte en funksies was aan stamleiers toevertrou. Daar was ’n duidelike hiërargie van leierskap wat inklusief was ten opsigte van die hele gemeenskapslewe met vaste tradisionele waardes en gebruike. Voorvaders het ’n belangrike rol gespeel veral ten opsigte van ou tradisies, besluite wat geneem is en dissipline wat afdedwing is. Dit het ’n veilige omgewing geskep waar elkeen geweet het waar hy staan en wat van hom verwag word. Die koning is die belangrike skakel met die afgestorwe voorvaders wat steeds die seggenskap oor almal se doen en late het.

The king holds his position in the first place as representative in the direct line of the tribal ancestors, and he is the only man who can approach them for their blessings for the tribe as a whole. In addition to this, the king is the chief medicine man of the tribe, the centre of all agricultural and war ritual and representative of the unity of the tribe.

(Krige, 1977:233)

Ander plaaslike inwoners stam uit Europa waar die Westerse kultuur hulle gevorm het. Hoewel onderlinge verskille voorgekom het, kan daar tog van ’n homogeniteit ten opsigte van gebruike en gewoontes gepraat word. Tale is van Romeinse afkoms. Wat leierskap betref, was daar monargieë sowel as demokrasieë wat almal wat Suid-Afrika betref, koloniale praktyke gebesig het. Op grondvlak is plaaslike en kulturele bedrywighede deur verkose leiers georganiseer. Die Afrikanervolk wat uit verskeie kolonistiese groepe gegroei het, is deur sterk leiers op verskillende terreine voorgegaan. Dit het dikwels gelei tot onderlinge



versplintering. Hiervan is die geskiedenis van die Groot Trek gedurende die 19de eeu 'n goeie voorbeeld.

Daar het ook mense uit die Ooste na die land gekom. Indiërs het in die destydse Natalia 'n tuiste gevind, meestal as plaaswerkers. Daar was ook Chinese en Maleiers. Met die ontdekking van diamante en goud in die Vrystaat en destydse Transvaal tussen 1880 en 1890 het talle fortuinsoekers en persone wat oor die wêreld heen geswerf het op soek na 'n bestaan, hierheen gekom.

Die verskillende kultuurgroepe in die land het hulleself oor tyd ten opsigte van geskiedkundige gebeure en oorgelewerde gebruike en gewoontes georganiseer. So het daar byvoorbeeld 'n sterk Afrikaner kultuur ontwikkel wat ten nouste met die bevrydingstryd rondom die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog gewentel het. Volksfeeste het ontstaan, volksliedjies is geskryf en verhale is oorvertel. Sterk kulturele leierskap het gesorg dat dit oor geslagte voortgedra is

Die huidige Suid-Afrikaanse kultuur is meer as net 'n sameflansing van genoemde geskiedkundige kulture. Suid-Afrikaners besig 'n unieke Suid-Afrikaanse lewenstyl wat met wortels in diverse kulture uit hierdie bodem gegroei het. Wanneer 'n mens egter vra na leierskap in dié relatief jong kultuur, kry jy nie maklik antwoorde nie. Daar kan dalk eerder gepraat word van 'n spontane ontwikkeling as van doelbewuste leiding deur individue of instansies.

5.5 LEIERSKAPSKRISIS

Die laaste opmerking in die vorige paragraaf veronderstel 'n toestand wat as 'n leierskapsvakuüm beskryf kan word. Dit beteken egter nie dat daar geen leiers of leierskap bestaan nie, maar dat dit grootliks onbevredigend voorkom. Enkele moontlik redes word hier aangestip:



Leierskap word soms geassosieer met vaste reëls en rigiede maniere van doen. Die huidige post-modernistiese tydsges beveg weg van vastighede. Daar is groter vryheid en ook 'n groter mate van normloosheid. Elkeen wil graag doen wat vir hom reg en goed is. Mense funksioneer meer individualisties en wil nie voorgeskryf word nie. Dit maak leierskap baie moeilik veral waar dit kom by morele aangeleenthede.

Die industriële en hoogs tegniese omgewing waarin ons leef en die verstedeliking met al sy nuwe invloede druis in sommige gevalle lynreg in teen tradisionele waardes en lewenswyses. Mense wat noodgedwonge hieraan blootgestel word, is dikwels moreel verward.

Blootstelling vind ook al hoe meer ten opsigte van diverse kulture en godsdienste plaas. Dinge is nie meer duidelik afgegrens nie. Hierdie toedrag van sake maak dit vir leiers baie moeilik om standpunt in te neem en presies te weet watter koers om in te slaan. Fundamentaliste beskuldig leiers dat hulle tradisionele norme laat vaar en liberaliste op hulle beurt, dat leiers nie bereid is om aan te pas by die tye nie.

Daar is reeds gewys op die onderstrominge in die geledere van die ANC. Dit is waarskynlik te wyte aan leiers wat mekaar nie rondom 'n gedeelde ideaal kan vind nie. Ander partye maak hulleself aan dieselfde onversoendheid skuldig.

6. MENINGSVORMERS

Mense reageer op persepsies en die openbare mening is vir almal van groot belang. Niemand wil "uit" wees of voel nie. Daarom is modes en giere so belangrik. Verder is mense sosiale wesens wat deur die groter groep aanvaar wil word en kollektief funksioneer. In alle sosiale sisteme is daar kragte wat opinies vestig en gedrag stimuleer en morele betekenis het.



6.1 RELIGIE AS RUGSTEUN VAN MORALITEIT

Br. Peter Just van die Nan Hua Buddhist Temple by Bronkhortspruit sien ten spyte van sy skeptisisme jeens religie raak dat dit op morele gebied 'n vormende invloed uitoefen.

"... I believe religions have largely passed their 'sell by' date. In some instances they are still being clung to out of sheer desperation and hope for something better, but often that ultimately just does not materialise. And then the fall and the resultant disappointment are great indeed. But while our social ills and disparities are allowed to perpetuate, religion will always be turned to for assistance.

If religions can change their message, from ultimate salvation regardless, to rather focusing on immediate conduct leading to ultimate salvation, then things may have a chance of changing, or beginning to improve. It is not a matter of purely going to church, mosque, synagogue or temple once a week, or as in many instances only on the very special occasions, but rather trying to live a worthy and 'righteous' life each and every living moment. So once they manage to get that message across, and preferably also adhered to, then maybe ultimately religions will be doing what they should be doing. (Reaksie op vraag 8 : Gespreksriglyn)

Wat die Christelike geloof betref, is en was die kerk nog altyd die instituut wat eties leiding moes bied. So is dit ook in die Islam en Judaïsme dat die teologie etiese kodes moes uitspel wat persoonlike en openbare gedrag bepaal het. Die bron is eksterne goddelike openbarings in die vorm van antieke geskryfte wat gesagdraend en streng afgedwing word. Dié geskryfte moet geïnterpreteer word vir die tyd en omstandighede waarin dit tuiskom. Ander godsdienste het op die een of ander wyse ook hul grense vir eties aanvaarbare gedrag.

6.2 INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die elektroniese tegnologie het aan die inligtingsindustrie 'n fenomenale hupstoot gegee. Daarmee saam die verwerwing en verspreiding van kennis en vermoëns. Gevolglik het die ganse wêreld vir almal toeganklik geraak en tendense en menings in ander lande beïnvloed gou plaaslike denke.

Kommunikasie is ook makliker en meer effektief. Nuwe terme en begrippe het ontstaan wat taal en kreatiwiteit beïnvloed. Mense vind hulle maklik tuis in die sogenaamde '*cyber*' omgewing sonder fisiese kontak of persoonlike betrokkenheid by mekaar. Hulle identifiseer met 'n '*virtual reality*' wat hulle in 'n groot mate vreemd aan hul fisiese omgewing en sosiale verbintenisse maak. Aan die ander kant maak die elektroniese inligtingstegnologie dit vir mense moontlik om al hoe meer te ontwikkel in terme van sekere vaardighede en vermoëns. Mense wat andersins nie eens bewus sou wees van mekaar nie, smee daaglik nuwe verbintenisse al is dit oor die algemeen meer oppervlakkig en dikwels van korte duur.

As kommunikasiemedium word die inligtingstegnologie reeds tot 'n groot mate benut ten einde mense aan te moedig tot meer verantwoordelikheid ten opsigte van die omgewing en sosiale verantwoordelikhede. As onderrigmedium bring dit onbeperkte kennis tot in mense se woon- en werkplekke. In baie gevalle is dit kennis wat aangewend word vir 'n beter en meer sinvolle lewe. Daar is talle rekenaarprogramme wat daarop gemik is om 'n positiewe en gesonde lewenstyl te kweek.

6.3 DIE MEDIA

Die media is te alle tye 'n gedugte meningsvormer. Dit is deur bykans al die respondente in hul response op die vraag na meningsvormers bevestig. (Vraag 7



van die gespreksriglyn). Berigte, artikels en programme dra nie net inligting oor nie, maar vestig oortuigings en ontlok reaksie. Wanneer gedrag wat voorheen onaanvaarbaar was, in die media as aanvaarbaar oorgedra word, verander dit maklik mense se oortuigings en lei hulle om dit as normatief te aanvaar en op hul beurt ook dienooreenkomstig op te tree. Omdat 'n groot deel van die media se dekking sensasiesoekend is, fokus dit op die buitengewone wat dikwels die grense van behoorlikheid oorskry. Op die lange duur kan dit afbrekend op die moraliteit van diegene wat aan die media blootgestel is, inwerk. 'n Verdere onderafdeling van die mediawese wat hom soms skuldig maak aan twyfelagtige inhoud, is die advertensiewese wat sodanig op bemarking ingestel is dat dit etiese norme tot die uiterste toets of selfs aantast.

Die media dra dus in 'n besondere sin groot verantwoordelikheid ten opsigte van die moraliteit van die breë gemeenskap. Deur middel van nuusblaaië, nuusbuletins en dokumentêre programme verkry mense kennis en insig oor baie onderwerpe wat dan ten goede aangewend word. Die media gee ook dekking aan godsdiens- en opvoedkundige programme waardeur daar groot getalle mense bereik word. Gewoonlik speel dit effektief in op die morele vorming van mense uit verskillende agtergronde. Die Amerikaanse televisie gesinsreeks, *Seventh Heaven*, is byvoorbeeld in opdrag van hul regering vervaardig en gebeeldsend met die uitsluitlike doel om behoorlike gesinswaardes te vestig. Dit is later in verskeie lande, onder andere ook Suid-Afrika uitgesaai. Op die Suid-Afrikaanse tydskrifrakke verskyn daar weekliks verskillende publikasies met positiewe én negatiewe inslag wat betref waardes, beginsels en lewenstyle. Dit word op 'n wye lesersmark gerig. Selfs die media weerspieël op sigself onbeperkte diversiteit.

6.4 DIE VERMAAKLIKHEIDSBEDRYF

Vermaak het vir die moderne mens baie belangrik geword. In 'n hoogspanningsamelewing is dit noodsaaklik dat mense geleentheid sal hê om te



ontspan. Die filmbedryf en ander media voldoen aan dié behoeftes en buit dit ook uit ten einde eie doelwitte na te streef. Wat vir die media as sodanig geld (6.3), geld ook hier. Rolprente, teater en musiek slaag uitmuntend daarin om mense wat hul waardes betref, te beïnvloed. In sommige gevalle is dit moreel afbrekend wanneer daar byvoorbeeld banale verhoogstukke op die planke verskyn. Wanneer die motiewe op die opbou van die samelewing en die beoefening van goeie kuns gerig is, is die waarde daarvan onskatbaar. Soms word die vermaaklikheidsbedryf benut om aan kritiek teen onreg en vergryp in die samelewing uiting te gee. In ander gevalle soos byvoorbeeld die kinderteater word 'n groter wêreld vir deelnemers en toeskouers oopgemaak waar daar gegroei en ontwikkel word. Dit het terapeutiese waarde en word ook as sodanig aangewend.

6.5 OPVOEDING EN ONDERWYS

Opvoeders beskik oor gulde geleenthede om die karakters en waardesisteme van kinders en jongmense te help vorm. Beter onderwysgeleenthede wat in al hoe groter mate beskikbaar raak, behoort die weg te baan vir positiewe insette in die lewens- en wêreldbeskouing en gevolglike waardesisteme en gedrag van jongmense. Dit word reeds in 'n groot mate in skole op formele én informele wyse gedoen. Balans ten opsigte van akademiese onderrig, kulturele aktiwiteite en sport word nagestreef. Oor die afgelope dekades is daar sukses behaal, maar ook baie foute gemaak. Dit wil voorkom asof daar 'n groter erns en nuwe entoesiasme aan die kant van die owerheid bestaan om hierdie belangrike hulpmiddel al hoe meer te verbeter en uit te bou.

In die debat oor multireligieuse onderwys maak prof Cornel du Toit 'n saak uit vir die vestiging van waardes deur middel van godsdiensonderrig op skool. Nogtans kies hy vir 'n deskriptiewe benadering terwyl hy waarsku teen voorskriftelikheid wat uit onderrig oor moraliteit mag voortspruit. (Du Toit & Kruger 1998 : 58) Tog verleen hy erkenning aan die onderwys as meningsvormer op moraliteitsvlak.



6.6 INDIVIDUE

Individue kan ook meningsvormers wees. In die empiriese ondersoek is daar doelbewus gevra na meningsvormers in ons samelewing en die volgende name is genoem: Aartsbiskop Desmond Tutu, mnre. Nelson Mandela, Jacob Zuma, ander politici, kerklui, akademici, sport- en ander sterre en openbare figure (*'celebrities'*) in die algemeen.

Uitsprake deur hierdie persone het groot impak op die wyse waarop mense dink en reageer. As uitlatings deur gesaghebbende leiers invloed op ekonomiese markte kon hê soos wat gereeld gebeur, hoeveel te meer nie op mense se waardesisteme en lewensfilosofieë nie. Dit is veral op die polities-ideologiese terrein dat uitsprake van prominente individue maak of breek. 'n Leier soos mnr. Julius Malema, die leier van die jeugvleuel van die ANC het byvoorbeeld in die onlangse verlede geweldige reaksie deur sy uitlatings ontlok.

7. DIE INVLOED VAN WÊRELDETIK OP DIE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING

Beter kommunikasie en tegnologiese ontwikkeling het die wêreld so klein gemaak dat wedersydse beïnvloeding oor internasionale grense al hoe makliker word en al hoe meer toeneem. Lewenswaardes en -style word dus sonder veel moeite van een land na die ander oorgedra. Dit gebeur spontaan, maar word ook deur organisasies beplan en bevorder.

7.1 BYDRAE DEUR DIE *PARLIAMENT OF WORLD RELIGIONS*

Die bekende Katolieke teoloog, Hans Küng, het 'n grondige ondersoek na die ooreenkomste tussen godsdienstige oortuigings en veral morele waardes tussen godsdienste in sy boek, *Global Responsibility: In Search of a New World Ethic* onderneem. Hierin glo hy dat 'n nuwe wêreldetiek al hoe sterker aan die ontwikkel



is. Dit het meegebring dat Küng 'n beduidende invloed op die *Parliament of the World's Religions* in 1993 in Chicago uitgeoefen het. Twee honderd en vyftig godsdienstige leiers uit al die beduidende gelowe het meegewerk aan 'n dokument, by name *Declaration of a Global Ethic* waarin die volgende sake aan die orde kom: oorlog, armoede, seksisme, kapitalisme, Sosialisme en omgewingsaangeleenthede. Dit was nie 'n poging om 'n nuwe godsdienstige bedeling daar te stel of die verskille wat bestaan te negeer nie, maar om te soek na fundamentele konsensus oor gedeelde waardes, standarde en persoonlike houdings. Die kern van die gevolgtrekking waartoe die *Declaration* gekom het, kom neer op die universele goue reël: doen aan ander wat jy graag aan jouself gedoen wil hê. Dit vind neerslag in die volgende vier breë riglyne vir algemeen aanvaarbare morele gedrag:

- Jy mag nie doodmaak nie (Respekteer lewe)
- Jy mag nie steel nie (Wees eerlik en billik)
- Jy mag nie lieg nie (Praat die waarheid en handel daarvolgens)
- Jy mag nie seksueel immoreel optree nie (Respekteer ander en betoon liefde aan almal).

Al vier bogenoemde riglyne kom behoorlik tot hul reg in die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996. Dus kort ná genoemde vergadering. Die "ideaal" waarvan Diener praat, is nie net deur die Suid-Afrikaanse regering aanvaar nie, maar ook op die land se wetboek vasgelê. Daarmee saam talle bepalinge wat dié gees van morele bewustheid ondersteun. Die oorgang van een problematiese bedeling na 'n volgende wat beter en meer inklusief behoort te wees, was die gulde geleentheid om goeie gedeelde tradisionele waardes in die breë gemeenskap te help vestig. In Hoofstuk 7 sal nader hierop ingegaan word.

Dit is veral op die algemene ekologiese terrein dat die groot wêreldmoondhede tans konsentreer en ooreenkomste sluit. Die vernietiging van die osoonlaag en



atmosferiese verwarming as gevolg van die verbranding van fossielbrandstof noop regerings en ander organisasies om besluite te neem en aksiestappe te doen. Onderliggend daaraan is die morele verantwoordelikheid om die natuurlike hulpbronne van die aarde spaarsamig te benut tot voordeel van die mensdom. Reg moet ook geskied teenoor die toekoms en die volhoubaarheid van lewe. Geen land, nasie, volk of groep is hiervan uitgesluit nie.

8. DIE ETIESE WAARDE VAN 'N SIN VIR VERANTWOORDELIKHEID

Die mensdom se sin vir verantwoordelikheid strek veel verder as die krisisbestuur waarmee daar tans naarstiglik gepoog word om huidige en toekomstige ekologiese katastrofes af te weer of te oorleef. Verantwoordelikheid is die sleutel tot sinvolle en suksesvolle lewe hetsy persoonlik of kollektief. 'n Sin van verantwoordelikheid is 'n lewenswaarde wat tuis behoort te kom in die wye spektrum van lewens-en wêreldbeskouings, al bestaan daar talle onderlinge verskille wat die inhoud en aard daarvan betref.

8.1 INDIVIDUELE VERANTWOORDELIKHEID

Elke volwasse persoon wat oor normale menslike denke en vaardighede beskik, behoort verantwoordelikheid vir sy eie welsyn te aanvaar. Dit impliseer dat hy geen las vir ander sal wees nie en ook op geen onregmatige wyse sy eie voordeel sal nastreef nie. Hoewel hy deel van 'n groter geheel uitmaak en vir baie van sy behoeftes van ander afhanklik is, aanvaar hy die verantwoordelikheid dat hy na sy eie heil sal omsien.

8.2 SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

Individue het benewens bogenoemde verantwoordelikheid ook 'n bemoeienis met en plig ten opsigte van die verhoudings waarin hulle met ander staan. Dit kan



teologies benader word. Oor die Christelike lewenswandel adviseer Paulus in navolging van Christus die gelowiges om mekaar lief te hê en in vrede met alle mense saam te leef (Rom. 12). Ekwivalente van dié liefdesgebod word in alle bekende godsdienste aangetref. Hoewel medemenslike liefde sekerlik die kernwaarde is, gaan dit oor die manier waarop dit in samelewings tuiskom. Uiteindelik kom dit neer op die verantwoordelikheid om nie net na jou eie belange om te sien nie, maar ook na dié van ander.

Sosiale verantwoordelikheid berus ook op kulturele gronde. Om in Afrika as Afrika-mens te leef, beteken om mee te doen aan die groot lewensingesteldheid van *ubuntu*. Hiervolgens gaan dit met 'n mens goed indien dit ook goed gaan met die sosiale groep waarvan jy deel uitmaak. Dus behoort almal daarop ingestel te wees dat dit met almal goed sal gaan. Dit strek dus tot almal se voordeel, ook tot dié van myself.

Daar kan ook vanuit 'n sosiologiese hoek gekyk word. Vir Westerlinge wat meer individualisties georiënteer is, is bogenoemde 'n vreemde konsep. By diesulkes werk dit eerder andersom: wanneer dit met my goed gaan, behoort dit ook met ander goed te gaan, want dan kan ek 'n bydrae tot hul welsyn lewer. Dit lyk asof die uitkomst van beide sienswyses naasteby dieselfde resultaat behoort op te lewer. In ieder geval gaan dit om die feit dat niemand individueel kan bestaan nie en gevolglik 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die groter geheel het. Gelukkige en suksesvolle samelewings maak hierop staat.

Samelewings beskik egter ook oor kollektiewe verantwoordelikhede wat nie in die hande van individue as lede van die groep lê nie, maar in dié van die geheel.

8.3 'N GEES VAN VERANTWOORDELIKHEID

Een van die grootste uitdaging vir enige gemeenskap is waarskynlik om hul individuele sowel as gemeenskaplike verantwoordelikhede te aanvaar en prakties daaraan uiting te gee. In 'n diverse gemeenskap soos dié in Suid-Afrika is dit soveel te meer noodsaaklik maar ook besonder moeilik. Dit is van die uiterste belang dat leiers op al die terreine van die samelewing dieselfde doelwit sal nastreef om die breë gemeenskap, individueel sowel as kollektief mee te neem in die najaag van 'n eenheidstrewe waar elkeen en almal hul verantwoordelikhede ernstig sal opneem. Waarskynlik het rev. Cedric Mayson juis dit gedagte wanneer hy in die onderhoud sê:

“Humanity succeeds by compassion, cooperation and commitment.”

Uit die groot mate van sukses wat oor soveel grense heen in ons land behaal is, is dit duidelik dat baie mense ongeag hul betrokkenheid en affiliasies reeds daarin slaag om verantwoordelik op te tree. Die ander kant is egter ook waar. Daar is baie wat ter wille van eie gewin of ander motiewe die eenheidsdroom in die land teëwerk. Hiervan is genoemde misdadysfers 'n stawende bewys.

Met bogenoemde uiterstes in ag genome, wil dit voorkom asof 'n algemene gees van verantwoordelikheid 'n elementêre, maar enorme verskil in ons samelewing behoort te maak. Die vraag is of ons daarin gaan slaag en of ons kan identifiseer wat die dinge is wat nodig is om dié ideaal te verwesenlik.

9. SAMEVATTING

Tot dusver het dit duidelik geword dat die nuwe demokrasie wat sedert 1994 in Suid-Afrika geld, 'n draaipunt in die land se geskiedenis is, maar ook wat betref die wyse waarop mense sedertdien leef. Vanuit 'n morele beoordeling het dit positiewe sowel as negatiewe gevolge waarop daar in breë trekke verwys is. Beide



kante het egter 'n soeke na 'n nuwe morele bewussyn ontketen. Ongeag of mense nou deel in die goeie óf in die kwade is die oorwoë mening dat daar meer medemenslikheid, vrede, welwillendheid, aanvaarding, respek en samewerking moet kom. Die land en sy mense behoort die geleentheid te benut en mee te werk om dié nuwe morele bewussyn tot wasdom te stimuleer. Dan behoort die algemene moraal tot 'n veel hoër vlak te groei. Hoewel dit in 'n diverse samelewing soos dié van Suid-Afrika 'n uiters moeilike aangeleentheid is, is dit nie genoeg rede om daarvoor mismoedig te raak nie. Die teendeel is eintlik waar. Vanuit die veelkantige verskeidenheid kan daar iets positiefs groei wat uniek is aan die besondere omstandighede in die land. Elke individu of groep beskik immers oor die potensiaal om 'n betekenisvolle bydrae te lewer. Ten slotte is die belangrike aspek van verantwoordelikheid hanteer.



HOOFTUK 7

DIE INVLOED VAN KULTURELE EN RELIGIEUSE DIVERSITEIT IN BEPAALDE SAMELEWINGSVERBANDE

1. INLEIDING

Kulture en religieë bestaan nooit in isolasie van mekaar nie. In die diverse Suid-Afrikaanse samelewing gebeur dit daagliks dat mense uit verskillende groepe en agtergronde aan mekaar blootgestel word en gevolglik met mekaar kommunikeer. Wedersydse beïnvloeding vind spontaan én doelbewus plaas. Daar is egter ook afstand en verwydering. Hierdie hoofstuk hanteer dié neigings en vra na die gevolge daarvan vir die moraliteit in die land. Verskillende lewensfilosofieë word hanteer waarna daar sonder om in fynere besonderhede verstrengel te raak, gekyk word na praktiese omstandighede en gevolglike reaksies. Verder word gepoog om uit te maak in watter mate die invloed van diversiteit problematies van aard is en in watter mate verrykend. Daarom word aspekte uit die praktyk van die gemeenskapslewe geïdentifiseer en bespreek ten opsigte van die plaaslike omstandighede. In die proses word gesoek na betekenisvolle waarhede en insette wat die welsyn van die gemeenskap kan dien. Die verwagting bestaan dat hierdie hoofstuk 'n bydrae behoort te lewer in die gesprek oor moraliteit oor die algemeen en in die besonder en wel ten opsigte van die komplekse Suid-Afrikaanse samelewing. Die invloed wat kulturele en religieuse diversiteit op die samelewing het, word onder die loep geneem. Die dinamika wat inherent aan religie en kultuur is, word ook in ag geneem. Die bydraes van navorsingsrespondente word deurgaans in ag geneem.



2. VERSKILLENDE GRONDLIGGENDE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUINGS

Dit het tot dusver in die studie duidelik geword dat daar 'n wesenlike fundamentele verskil tussen die Afrika belewenis van die lewe en die Westerse en ander belewenisse van die lewe bestaan. Hierdie is 'n saak waaroor daar in die verlede dikwels en intens oor 'n wye front debat gevoer is. Die meeste deelnemers is dit eens dat sodanige onderskeid regverdiging geniet. Daar kan dus met vrymoedigheid van verskillende filosofieë of wêreldbekouings gepraat word en wel vanuit 'n antropologies-filosofiese perspektief. Dit is menslike inhoude wat diep in die gees van die mens ingeprent is met kulturele en religieuse oorsprong en betekenis. Nie een van hierdie verskillende belewenisse van die werklikheid is superieur tot die ander nie al bestaan daar enorme verskille en wedersydse vooroordele. Verskillende werklikheidsbelewenisse word in die breë Suid-Afrikaanse bevolking verteenwoordig en erken. Dus is dit van die uiterste belang om hierdie verskille ernstig in ag te neem wanneer daar oor morele kwessies en ander lewensgewoontes besin word.

Benewens die twee grootste en mees voor die hand liggende denkrigtings, dié uit die Weste en Afrika, is daar 'n derde belewenis van die lewe, naamlik dié van die Afro-Arabiese oorsprong. Hoewel in mindere mate is dit tog 'n beduidende faktor in die Suid-Afrikaanse samelewing wat grootliks deur die Islam godsdiens en kultuur verteenwoordig word. 'n Vierde groep, wat kulture soos dié van Chinese, Koreane, Japannese en enige ander minderheidsgroepe insluit, kan die 'kleiner marginale komponent' genoem word.

Dit is egter ook belangrik om daarvan kennis te neem dat dié vier breë rigtings nie net as sodanig in die Suid-Afrikaanse omgewing verteenwoordig word nie, maar dat daar oor tye interaksie bewerkstellig is met bepaalde gevolge. Hoewel daar dus steeds tradisionele waardes en gebruike geld, het daar terselfdertyd 'n nuwe gemeenskapheid met eie, unieke inhoude (*'hybrid culture'*) ontwikkel. Wanneer

daar na die geskiedenis van die land gekyk word, is die gevolgtrekking dat dié nuwe unieke inhoude deur prosesse gegaan het wat dikwels traumaties en veeleisend was en dat baie van die prosesse nog steeds voortgaan.

Die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestellings soos in Hoofstuk 2 beskryf, word hier in gedagte gehou. Vervolgens word die breë lyne getrek ten opsigte van bogenoemde vier lewens- en wêreldbeskouings ('paradigmas') wat in die Suid-Afrikaanse samelewing verteenwoordig word.

2.1 AFROSENTRIESE PARADIGMA

Die begrip 'Afrika' omvat veel meer as die geografiese gebied en die voorkoms van bepaalde bevolkingsgroepe op sy bodem. In Hoofstuk 2 is die Afrika Tradisionele Godsdiens in besonderhede bespreek. Hoewel dit 'n verantwoordelike oorsig van Afrika denke bied, is die totale Afrika belewenis groter as dit, siende dat daar talle mense uit Afrika is wat ander geloofsoortuigings huldig, maar steeds op soortgelyke wyses dink en leef. Gevolglik word daar by bogenoemde bespreking aangesluit, maar met 'n meer algemene en wyer perspektief. Met die term 'afrosentries' word die unieke filosofie wat eie aan Afrika is, bedoel.

Een van die kundige boorlinge uit Afrika, prof. William Makgoba verbonde aan die *South African Institute of Medical Research*, verduidelik soos volg:

The African reality reveals that there is, first, part of a tradition in Africa that has remained largely intact and continues to survive, in spite of modern influences. Then there is a tradition that has been altered by Western influence, and finally there is a tradition that is largely European and Islamic. The traditions of Africa are, as such, multiple, complex, interlinked and interacting both to remain distinct and to adopt to modernity. Equally, they impose their own specificities to remain largely



intact rather than subsumed. With this background, I believe there is merit in the argument for something specific and particular about African thought processes and their place in the modern world. After all, we still have traditional healers with enormous impact on our health system; the African is still wedded and intimately linked to nature in his belief systems. This something comes from first our environment (Africa), our culture, our civilisation and our socialisation as a people as well as interacting with other peoples, their cultures and civilisations. So African thought is born out of, develops and evolves from intrinsic and extrinsic factors that form a continuum.

(Du Toit, 1998:100)

Hy vervolg deur daarop te wys dat, hoewel Afrika as kontinent 'n groot eenheid vorm, sy bevolking saamgestel is uit diverse groepe mense met diverse kulture. Tog is daar ten spyte van diversiteit ook homogeniteit wat tipies 'Afrika' genoem kan word. Die belangrikste identifiseerbare gemeenskaplikheid is dié van *ubuntu* wat Makgoba *die 'humanism of Africa'* noem. Om dié verskynsel duidelik te maak, gebruik hy die volgende vier voorbeelde:

Wanneer een persoon na 'n ander roep al is hy die enigste persoon binne hoorafstand, sal laasgenoemde vra: "Het jy my geroep?"

Wanneer getalle gebruik word, sal dit soos volg gedoen word: in plaas daarvan om die syfer '8' te sê, sal gesê word: '10 minus 2'.

Afrika mense kyk holisties na dinge en soek vir betekenis in simbole eerder as in feite.

Konsensus en groepsidentiteit staan voorop in die Afrika-manier om dinge mee te benader.



Die kerngrondslag van *ubuntu* is die sosiale sisteme van Afrika en die wyse waarop individue daarop reageer en deel daarvan uitmaak. Vir dié mense is dit ondenkbaar vir enkelinge om in isolasie te probeer leef. Sonder die groep is jy sonder identiteit en lewensdoel. Wanneer dit met die groep voorspoedig gaan, gaan dit met die individu ook so en andersom. Die groter sosiale sisteem is dus die vertrekpunt in die nadenke oor menswees. Die volgende aanhaling uit 'n referaat deur dr. Nokuzola Mndende van die *Icamagu Institute* gelewer tydens 'n seminar op 11 en 12 Mei 2006 te Unisa wys die wesenlike kenmerke van *ubuntu* uit:

In African Religion individualism is discouraged. It is regarded as inhuman. The communal way of life is central and allows people to share joys, blessings, sorrows, and burdens together. That is why it is said 'Umntu ngumntu ngabantu'. Harmony within oneself, clan, society, nature and the spiritual world forms the basis of a healthy society. To achieve harmony, respect is fundamental – respect for oneself, other people, the elderly and the spiritual world. What is right and wrong is assessed by its impact on other people.

Oor die moraliteitskrisis in die land maak sy die volgende opmerkings:

The shift from a communal way of life to individualism has resulted in the moral decay in our country. The focus on individual rights more than communal rights has made people to ignore the moral principles and only think about what one would achieve for his or her own interests irrespective of the effects of his actions to other people. Individual rights, though they are fundamental for the social, economic, physical, and spiritual life of each individual, they do not hang in the air, they are shaped up, developed and strengthened by various factors around other people, circumstances during growth, and the environment where one



grows. Individual rights, if not monitored could jeopardize the rights of other people. Individual rights, if not based on the laws and taboos that are prescribed by the spiritual world whose foundation is communal rights, could result the violation of the rights of the whole community. When a criminal is arrested, the law dictates that the police must make it a point to dramatize this statement 'You have got a right to remain silent, you have a right for a lawyer'. They even advise the criminal that 'anything that s/he says may be used against him/her', that is another right. This means that during arrest the first thing to consider is not the crime committed and the rights of the community affected, but only the rights of the criminal. If the rights of the criminal are not dramatized before the arrest the lawyers whose job is mainly to defend the lawbreakers make a mountain out of the mole and the criminal may go free. Again here the shift is on an individual's rights and not on the community rights.

Dit is dus nie net basiese menseregte wat in gevolge die welsyn van die groter gemeenskap geïnterpreteer word nie, maar ook die hele aangeleentheid van 'n moreel aanvaarbare lewenswyse. Wanneer die voordeel van die groot groep gesoek en gevind word, word die individu ook bevoordeel. Dit is die sin van die lewe en die doel van die mens se bestaan.

Rituele en simbole eerder as objekte en feite maak 'n eiesoortige dimensie van die belewenis en verstaan oop. Simboliek is 'n intuitiewe manier om die beperkinge van logiese en analitiese breinfunksies te oorkom. Dit verbrei die sinne deur 'n verdere dimensie tot die vyf klassieke sintuiglike funksies te wete sig, reuk, gehoor, proe en gevoel, toe te voeg. Op 'n kreatiewe manier bewerkstellig dit 'n nuwe verhouding tussen innerlike ervaring en eksterne analitiese inligting. Dit is 'n onsigbare, spirituele dimensie van die lewe en staan teenoor die logiese liniêre denke van tipiese Westerlinge. Daar is dus 'n besondere wyse waarop Afrika

menslike funksies soos kommunikasie, numerering, denke, interpretasie en estetiese waardering benader wat merkbaar verskillend is van tradisionele Europese of ander style.

"... we see not the effects, but the cause ; we experience non-polarised expression of the will or spirit, not mere sequential sense-reports based only in the limited perceptions of the human." (Mndende, in Du Toit, 1998:101)

Soos by ander kulture is daar by die tradisionele Afrika bevolking 'n eiesoortige karakteristieke en unieke denk- en ervaringsraamwerk. Hierdie paradigma beklemtoon die kritieke rol wat kultuur en godsdiens asook sosiale verbande in die ontwikkeling van mense en gemeenskappe speel.

2.2 WESTERSE PARADIGMA

Die Westerse beskawing het vanweë kolonialisasie uit Europa sedert die 17de eeu na Afrika en ook in die besonder na Suid-Afrika oorgespoel. Hoewel 'n relatiewe klein deel van die bevolking hul oorsprong in dié kulture het (sien Bevolkingsamestelling: Statistiese gegewens in Hoofstuk 2, 3.8), is die invloed daarvan op ons land enorm. Belangrike redes hiervoor is waarskynlik die feit dat die politieke en ekonomiese mag sedert die kolonialisasie tot met die totstandkoming van die nuwe demokrasie (en selfs tot 'n mate daarná) in die hande van Westerlinge was. Dit was ook die tyd van tegnologiese opbloei en die gevolglike ontwaking van die industriële revolusie.

Omdat die Westerse beskawing baie oud is en regoor die hele Europa en ander wêrelddele ontwikkel het, is dit op sigself kompleks. Die Westerse kultuur (oftewel die Westerse beskawing) verwys na kulture met 'n Europese oorsprong hoewel daar nie eenstemmigheid is oor die feit of alle Europese kultuurvorme as Westers beskou kan word nie.



Die term 'Westerse kultuur' word omvattend gebruik om te verwys na 'n nalatenskap van sosiale norme, etiese waardes, tradisionele gebruike, godsdienstige kodes, politieke sisteme en selfs besondere artefakte en tegnologiese vaardighede. Die Westerse kultuur veronderstel:

- 'n Grieks-Romeinse klassieke kulturele invloed betreffende kuns, filosofie, letterkunde, geregtelike temas en tradisies. Die Hellenisme, Skolastisisme, Humanisme, Aufklärung en wetenskaplike revolusie het momentum aan 'n nuwe vrye manier van dink, gelykheid en demokratiese waardes verleen.
- 'n Bybels-Christelike kulturele invloed op spiritualiteit, etiese en morele tradisies gedurende die post-klassieke era.
- Westers-Europese kulturele invloede wat betref kuns, musiek, etiese en mondelingse tradisies wat in die Romantisisme verder ontwikkel is.

Die konsep van Westerse kultuur is allerweë verbind aan die klassieke definisie van die Westerse wêreld. Volgens hierdie definisie bestaan die Westerse kultuur uit literêre, wetenskaplike, politieke, artistieke en filosofiese prinsipes wat dit van ander kulture onderskei.

Die Westerse kultuur soos hierbo gedefinieer, is deur skakeling en immigrasie na ander lande soos Australië, die VSA en Suid-Afrika oorgedra en is dus nie meer beperk tot Europa nie.

Sekere tendense wat deur die Westerse kultuur gekenmerk word en in sodanige gemeenskappe voorkom, is politieke ontwikkelinge, diverse subkulture en toenemende kulturele sinkretisme wat alles die gevolg is van verskynsels soos globalisasie en menslike interaksie op internasionale terrein.

Basiese elemente van dié beskawing soos wat dit in Suid-Afrika voorkom, is onder andere die dryfkrag om te ontwikkel en te presteer op terreine soos die kunste, tegnologie, wetenskappe, akademie, staatkunde, ekonomie en filosofie. Dit sluit dissiplines soos wiskunde, natuurwetenskappe, sosiale wetenskappe,



ingenieurswese, landboukunde, taalkunde, musiek, teologie, geografie en die hele wetenskaplike spektrum in. Effektiwiteit en doelmatigheid is van die grootste belang. Westerse ekonomie word gedryf deur kragte soos vraag en aanbod en die ontginning en bestuur van hulpbronne. Die kapitalistiese stelsel wat deur verreweg die meeste Westerse lande bedryf word, berus op die beginsel van 'n vrye mark. Hoewel die welsyn van die groter geheel nagestreef word, berus die verantwoordelikhede by individue wat bepaalde posisies beklee waartoe hulle bekwaam is en waarin hulle aangestel is. Vir hulle kennis, vaardighede en diens word hulle dienooreenkomstig beloon.

Volgens Westerse denke val die klem dus op die individu. Mense is self vir hul eie lot verantwoordelik en pluk uiteindelik die vrugte van hul besluite, keuses en handeling. Dit neem egter nie weg nie dat hulle enersyds 'n sosiale verantwoordelikheid het en andersyds in die voordele wat 'n sosiale sisteem inhou, deel. Waar die filosofie van *ubuntu* leer dat 'n mens 'n mens is in jou verhouding met ander mense, leer die Weste dat 'n mens vanuit sy menswees 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die mense om jou. Daar is dus 'n fundamentele verskil ten opsigte van die benadering wat gevolg word.

Bogenoemde poging om die breë lyne van die Westerse beskawing te omskryf, bied 'n konsep van die raamwerk waaruit Westerlinge dink en optree.

Oor die algemeen handel Westerlinge individualisties. Elkeen is geregtig op sy eie opinie al word mense soms deur ander se menings en oortuigings beïnvloed. Selfstandigheid, privaatheid en onafhanklikheid is belangrik. Ontwikkelde Westerlinge is krities in hul beoordeling van dinge. Daarteenoor is die tipiese Afrika-mens absoluut kommunaal verbonde. Die massa bepaal die norm en dit word sonder veel teenkanting aanvaar. Klaarblyklik word daar 'n redelike fatalistiese lewenshouding by laasgenoemde aangetref en 'n oorwegend pragmatiese by die Westerse manier van doen.



Westerlinge is daartoe verbind om vanuit hul eie besondere etiese raamwerk moreel op te tree. Tog bestaan daar vir prof. Nic Wiehahn sewe basiese lewenswaardes wat die produk is van etiese denke en ontwikkeling vanaf die vroegste tye, te wete *menslikheid, eerlikheid, beskeidenheid, ywerigheid, deugdelikheid, sindelikheid en selfbeheersing* (Wiehahn, 2005: 83) Hoewel dié waardes 'n uitvloeisel van Christelike denke is, is dit versoenbaar met die algemene Westerse lewensbeskouing en waardesistiem. Ander waardes wat in ontwikkelde Westerse samelewings tuis hoort, is aangeleenthede soos getrouheid, egtheid, mededeelsaamheid, goedhartigheid, lojaliteit, opregtheid, hardwerkendheid en respek vir ander. Prof. Willem Landman voeg waardes soos *verantwoordelikheid* en *aanspreeklikheid* by bogenoemde lysie in sy navorsingsrespon.

(www.exclusives.co.za/western)

2.3 AFRO-ARABIESE PARADIGMA

'n Beduidende komponent van die Suid-Afrikaanse samelewing vind hulle tuis in die kultureel-religieuse sfeer van die tradisioneel Arabiese wêreld vanwaar 'n unieke beskawing ontwikkel het. Hul religieuse oriëntasie wat die spil is waarom alles wentel, is dié van Islam. In elke stad en dorp is daar moskees waar Moslems daaglik aanbid en vanwaar 'n besondere lewens- en wêreldbeskouing uitgaan. Onderstaande aanhaling uit 'n artikel getiteld: *The Islamic Way of Life* deur Sayyid Abul a'la Mawdudi op die amptelike webblad van Islam in Suid-Afrika verduidelik dié lewenswyse vanuit 'n morele vertrekpunt soos volg:

The chief characteristic of Islam is that it makes no distinction between the spiritual and the secular in life. Its aim is to shape both individual lives as well as society as a whole in ways that will ensure that the Kingdom of God may really be established on earth and that peace, contentment and well being may fill the world. The Islamic way of life is thus based on a unique concept of man's place in the universe.



All those persons who thus surrender themselves are welded into a community and that is how the 'Muslim society' comes into being. It is an ideological society, radically different from those which are founded on the basis of race, colour or territory. It is the result of a deliberate choice, the outcome of a 'contract' which takes place between human beings and their Creator. Those who enter into this contract undertake to recognize God as their Sovereign, His guidance as supreme and His injunctions as absolute Law. They also undertake to accept, without question, His word as to what is good or evil, right or wrong, permissible or prohibited. In short, freedoms of the Islamic society are limited by the commandments of the Omniscient God. In other words, it is God and not man whose will is the primary source of Law in a Muslim society. When such a society comes into existence, the Book and the Messenger prescribe for it a code of life called the Shari 'ah, and this society is bound to conform to it by virtue of the contract it has entered into. It is, therefore, inconceivable that a real Muslim society can deliberately adopt any other system of life than that based on the Shari 'ah. If it does so, its contract is ipso facto broken and it becomes 'un-Islamic'. But we must clearly distinguish between the everyday sins of the individual and a deliberate revolt against the Shari 'ah. The former may not mean a breaking up of the contract, while the latter most certainly would. The point that should be clearly understood is that if an Islamic society consciously resolves not to accept the Shari 'ah, and decides to enact its own constitution and laws or borrows them from any other source in disregard of the Shari 'ah, such a society breaks its contract with God and forfeits its right to be called 'Islam'.

The main objectives of the Shari 'ah are to ensure that human life is based on ma 'rufat (good) and to cleanse it of munkarat (evils). The terms ma 'rufat denotes all the qualities that have always been accepted



as 'good' by the human conscience. Conversely, the word munkarat denotes all those qualities that have always been condemned by human nature as 'evil'. In short, the ma 'rufat are in harmony with human nature and the munkarat are against nature. The Shari 'ah gives precise definitions of ma 'rufat and munkarat, clearly indicating the standards of goodness to which individuals and society should aspire. It does not, however, limit itself to an inventory of good and evil deeds; rather, it lays down an entire scheme of life whose aim is to make sure that good flourishes and evils do not destroy or harm human life.

Islam is monoteïsties van aard en die kenbron oor die opperwese en sy wil is die *Qurān* wat oor die algemeen voorskriftelik geïnterpreteer word. Die kern van etiese denke is om God tevrede te stel in alles wat jy doen. Dit word nie altyd op dieselfde wyse geïnterpreteer nie en daarom is daar soos by ander godsdienste en denkskole ook verskil in benadering en gedrag

In Suid-Afrika word die deel van die samelewing wat hul etiese wortels in die tradisioneel Arabiese denke vind, as behoudend beleef. Dit is oor die algemeen mense wat 'n positiewe bydrae in die gemeenskap lewer en wat hardwerkend en toegewyd is. Hulle word in al die sosio-ekonomiese lae van die gemeenskap aangetref en kom uit 'n wye verskeidenheid etniese agtergronde. Voorbeelde hiervan is mense uit Indië, Maleisië en die groter Arabië wat oor geslagte heen hier gevestig het.

2.4 DIVERSE MARGINALE PARADIGMAS

Volledigheidshalwe mag ander, kleiner gemeenskappe in die land nie oor die hoof gesien word nie. Hoewel daar wesenlike verskille tussen godsdienste soos byvoorbeeld Hindoe, Islam en Boeddhiste en verskillende kulture soos dié van Portugese, Grieke, Libanese en Chinese en ander groepe in Suid-Afrika bestaan,



lewer elkeen 'n besondere bydrae tot die gemeenskapslewe. Eiesoortigheid ten opsigte van morele denke mag ook konflikterende en problematiese omstandighede skep net soos die geval mag wees by groter en meer beduidende groepe soos hierbo omskryf. Om verder tot die kompleksiteit van dié verskynsel by te dra, is daar 'n al groter wordende groep onwettige immigrante uit buurlande en ander wêrelddele in die land wat eweneens uit diverse groepe bestaan. Dié mense leef en werk in die land, verwek 'n nageslag en neem deel aan die gemeenskapslewe.

Vanweë die beduidende verskille wat tradisionele identiteit, waardes en gedrag van die afsonderlike groepe betref, word hier slegs deeglik kennis geneem van dié komponent van die samelewing. Invloede wat vandaar uitgaan, sal wel in die bespreking wat volg, aan die orde kom waar dit van toepassing mag wees.

3. INTERAKTIEWE SOSIALE DINAMIKA

3.1 TOENEMENDE BLOOTSTELLING

Een van die hoof kenmerke van die 21ste eeu is dat geen gemeenskap in absolute isolasie van ander bestaan nie. Selfs nie eens die Hadza stam in die noorde van Tanzanië wat as een van die mees primitiewe gemeenskappe ter wêreld beskou word nie. Al leef hulle vrywilliglik sonder bykans enige blootstelling aan die moderne beskawing of ander plaaslike bevolkingsgroepe, ruil hulle heuning vir tabak van hul bure en dra hulle verslete Westerse klere.

In Suid-Afrika het die San bevolking wat beskou word as een van die laaste primitiewe tradisionele groepe, as gevolg van ontwikkeling op baie terreine hul uniekheid ingeboet. Vanweë hoogs tegniese kommunikasiemedie en 'n effektiewe vervoersisteam, het mense oor die hele aarde daagliks kontak met mekaar. Die nywerheid, wetenskap, akademie, sport en nog vele ander bedrywe is

internasionaal interaktief. Meer as vier uit elke honderd mense woon nie in hul land van geboorte nie en kom dus ook fisies baie naby aan ander van wie hulle verskil ten opsigte van baie aspekte van die lewe.

In die Suid-Afrikaanse gemeenskap is dit waarskynlik die diversiteit op soveel terreine wat naasbestaan dikwels bemoeilik. Dit is egter nie slegs die verskynsel van andersheid nie, maar ook die wanverstaan en wanbegrip van die andersheid wat soms konflik en verwydering bring. Daar bestaan ook 'n stryd om oorlewing wat meebring dat mense al hoe meer na binne gerig en selfgesentreerd leef. Dan word die eie waardes en lewenswyses die norm sonder om aan ander genoegsame ruimte te gun.

3.2 SEKULARISASIE

Die proses van verwêreldliking word *sekularisasie* genoem. Baie gemeenskappe wat eens 'n noue band met religieuse tradisies gehad het, transformeer weg van hul religieus-gemotiveerde waardes en norme. Sosioloë soos Karl Marx, Max Weber, Sigmund Freud en Emile Durkheim was almal dit eens dat die proses van modernisering van die gemeenskap 'n degenerasie in religieusiteit tot gevolg sou hê. Dit impliseer egter nie noodwendig 'n volslae godsdiensloosheid nie, maar eerder 'n ongebondenheid aan bepaalde godsdienslike inhoud. Vir dié proses is daar baie redes.

Staatkundig kan Suid-Afrika beskryf word as 'n sekulêre land. Enersyds bring dit godsdiensvryheid teweeg wat dan ook grondwetlik bevestig is. Andersyds laat dit ruimte vir die verwatering en gevolglike verdwyning van morele waardes wat op religieuse norme gegrond is.

In die Suid-Afrikaanse gemeenskap is dit reeds duidelik dat die proses van sekularisasie al ver op dreef is. Dit is 'n produk van die nuwe demokrasie en het



godsdienstvryheid ten doel. Die prys wat egter daarvoor betaal word, is die groot leemte van normatiewe dissipline.. 'n Verdere probleem is die verwydering wat ontstaan tussen groepe mense wat steeds vashou aan godsdienstig gemotiveerde waardes teenoor ander groepe wat dit nie handhaaf nie, veral wanneer dit oorgaan in wetteloosheid en misdaad.

Sekularisasie kan bydra tot materialisme, individualisme en geestelike vervlakking. Selfs ten spyte van die Afrosentriese benadering soos wat dit in dié hoofstuk omskryf is, het dit onder die moderne Afrika bevolking al hoe meer begin posvat al druis dit in teen die tipiese Afrika-waardesisteen wat uit die gedagte van *ubuntu* voortkom. Die ekonomiese welvaart die afgelope paar jaar het 'n verbruikersmentaliteit by mense losgemaak en baie gaan die weg van 'n hedonistiese lewenstyl. Vermorsing van materiële hulpbronne en lewensmiddele is aan die orde van die dag. Wanneer daar nie meer uit die goedheid van 'n Opperwese geleeft word nie, verloor dié dinge hul dieper, geestelike waarde. Dan leef mense net vir die oomblik sonder om die groter geheel van goddelike voorsienigheid en menslike verantwoordelikheid in ag te neem. (Sien navorsingsresponse van proff Piet Strauss, Louise du Toit, Willem Landman, br Peter Just)

Dit is egter nie net ten opsigte van die omgewing dat mense onnadenkend en sonder waardering optree nie, maar ook in hul verhoudings met ander. Sekularisasie bring mee dat mense al hoe minder verstaan dat alle mense gelyk, waardevol en 'n besondere deel van die skepping van 'n Opperwese is. Die verskynsel van diversiteit speel dus ook hierin 'n rol. Mense word gevolglik as kommoditeite wat voordeel mag inhou, beleef. Dit is waarskynlik een van die belangrikste oorsake van vergryp aan ander wat dinge soos bedrog, kindermishandeling, roof en moord insluit. Sekularisasie bring ook verskuiwings teweeg wat sake soos seksuele kuisheid betref. In sy navorsing onder ongetroude



Afrikaanse jongmense tussen die ouderdomme van agtien en dertig jaar het Jan van der Merwe die volgende bevindings gemaak:

Jong Afrikaners se prioritisering van waardes het in 'n post-apartheid Suid-Afrika drasties verander. Ekonomiese welvaart en materiële sukses is die oorheersende prioriteit en nie meer 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing nie. Wat seks betref, is dit persoonlike behoeftes en praktiese reëls wat waardes bepaal en nie meer die tradisionele siening van seksualiteit en die huwelik nie. Jong Afrikaners is besig om hul eng konserwatiewe Christelike waardes en norme te ontgroei. Dit beteken nie dat hulle minder Christelik-georiënteerd is nie, maar dat hul persepsies en waardeoordele oor Christenskap sedert 1994 'n metamorfose ondergaan het. (Beeld: 27/1/2010 – Van der Merwe is 'n doktorsale kandidaat in Antropologie aan die Universiteit van die Vrystaat.)

Prof. Marinus Wiechers meen egter dat godsdienste ten spyte van die proses van sekularisasie steeds 'n beduidende invloed in die samelewing het en ook in die toekoms sal hê. Daarmee plaas hy die waarde van godsdiens as rigtinggewende krag op die morele ontwikkeling en identiteit van mense in perspektief. Dit wil dus nie impliseer dat waar streng, rigiede etiese reëls nie meer so invloedryk is, godsdiens glad nie meer ter sake is nie.

Hoewel sekularisasie wat moraliteit betref, vanuit 'n religieuse perspektief deur sommiges negatief beoordeel word, is dit nie noodwendig die geval nie. Daar is talle mense wat hul leefwêreld sekulêr ervaar en nogtans sterk en goeie morele waardes handhaaf. Dit dui op die kompleksiteit van dié besondere fenomeen en die gevaar dat dit eensydig benader kan word. Na my mening lê die grootste winspunt van sekularisasie in die verruiming van denke en belewenisse asook die openheid wat dit skep ten opsigte van verhoudings.



3.3 SINKRETISME

’n Verdere verskynsel wat die morele orde in die samelewing versteur, sou sinkretisme genoem kon word wat op sy beurt die gevolg kan wees van verskillende godsdienstige invloede. Dit is dus ’n vermenging van religieuse inhoude wat uitloop op ’n nuwe soort godsdienst wat bestaan uit elemente van bestaande godsdienste (Schreiter, 1995:1440). Voorstanders van die Afrika Tradisionele Godsdienst verkwalik byvoorbeeld die Christendom omdat dié deur sendingwerk Christelike inhoude en waardes by Afrika mense tuisgebring het en dit verweef geraak het met tradisionele lewens- en geloofstyle. Dieselfde argument geld vir taal, musiek, eetgewoontes, kleredrag, fisiese voorkoms en baie ander kulturele gebruike.

Benewens praktiese aangeleenthede het sinkretisme ’n besondere invloed op morele waardes wat as gevolg van wedersydse interaksie nie meer duidelik identifiseerbaar is nie. Dit laat mense onseker en uiteindelik tree elkeen maar na eie goëddunke op. Soms loop dit egter op botsende belange uit. ’n Swart Boeddhistiese groep wou byvoorbeeld by geleentheid gedurende 2009 ’n tradisioneel Afrika ritueel uitvoer waar daar diere geslag sou word. Dit is vir Boeddhistiese onaanvaarbaar en gevolglik het dit ’n hewige onderlinge konflik veroorsaak. Op hierdie soort verwarring word later in die hoofstuk in meer besonderhede gefokus.

3.4 ATEÏSME EN AGNOSTISISME

Hierdie twee quasi-godsdienstige lewensfilosofieë is nie in Hoofstuk 2 bespreek nie aangesien dit nie as gedefinieerde religieë naas ander beskou word nie. Tog was daar van die vroegste tye af in bykans alle gemeenskappe tekens daarvan. Daar kom selferkende ateïste en agnostici voor sowel as mense wat, hoewel hulle hulleself as deel van ’n godsdienstige groep beskou, inderwaarheid eerder by bogenoemde twee rigtings tuishoort. Sonder om diskriminerend te wees of mense



lukraak in kategorieë te plaas, is hul woorde en daade genoegsame bevestiging daarvan. Dit bring sodaniges binne die kader van dié studie aangesien moraliteit gaan oor gedrag wat onder andere die uitvloeisel van bepaalde oortuigings is.

Vervolgens word daar kortliks gelet op wat presies met *ateïsme* bedoel word:

Die term *ateïsme* kom van die Griekse ἄθεος (*atheos*) wat letterlik 'sonder God' beteken. Daarmee word die bestaan van 'n godheid verwerp. Dit kan ook beteken: die afwesigheid van geloof in 'n god. Soos by die geval van sekularisasie, gaan die voorkoms van ateïsme hand aan hand met vryheid van denke, skeptisisme en 'n kritiese houding jeens enige vorm van godsdiens.

Ateïsme as erkende religieuse verskynsel kom al sedert die 18se eeu voor. Tans beskou 2,3% van die wêreldbevolking hulleself as ateïste. 'n Verdere 11.9% beskou hulleself as non-teïste wat beteken dat hulle geen ruimte vir die bestaan van 'n godheid laat nie (www.atheists.org).

Hoewel sommige ateïste aanklank vind by filosofiese denke soos die humanisme, rasionalisme en naturalisme, is daar geen vaste vorm van ideologie wat rigtinggewend vir denke en gedrag is nie.

Ateïsme veronderstel nie noodwendig 'n gebrek aan moraliteit of waardes nie. Sommige ateïste handhaaf goeie waardes vanuit veral die humanisme of selfs een of meer religieë. Hul oortuigings is egter nie ekstern vanuit 'n goddelike openbaring of religieuse oortuiging geïnspireer nie. Dit is gewoonlik relativistiese-ontologies van aard, maar ander gronde vir denke en oortuigings is oop en wyd.

Min of meer dieselfde argument geld vir *agnostisisme* wat deur sommige navorsers in dieselfde kategorie as ateïsme en non-teïsme beskou word. Vir sommiges gaan dit eerder oor die feit dat agnostici mense is wat nêrens hul toewyding ('*commitment*') gee nie. Hulle sal hul houding jeens God en godsdiens min of meer soos volg verwoord: Weens die feit dat die bestaan van 'n godheid



nie bewys kan word nie, mag daar dalk so iets wees of nie. Dit maak nie regtig saak nie.

Moraliteit onder agnostici is ongedefinieerd. Diesulkes is eweneens nie immoreel nie, aangesien daar tog vorme van reg en verkeerd, aanvaarbaar en onaanvaarbaar bestaan. Die oorwoë argument is: in soverre daar 'n godheid erken word, word daar omgesien na religieus-etiese kwessies. Indien daar geen godheid teenwoordig is nie, word daar op die logika van menslikheid staat gemaak. Die welsyn van die samelewing word op grond van humanistiese oorwegings benader soos in die geval van die ateïsme. Dit is dus relatief.

By beide hierdie religieus-filosofiese denkskole is daar na my mening min morele vastigheid of sekerheid aangesien daar vanuit die vryheid van die mens gedink word. Dit kan moontlik die deur open vir onsekerheid en verwarring. Oor die algemeen is dit egter ook waar dat die welsyn van die individu en die gemeenskap nagestreef word.

Dit is moeilik om die mate van voorkoms van beide ateïsme en agnostisisme in Suid-Afrika te bepaal. Volgens godsdiens sensussyfers in die *South African Christian Handbook* is die getal vir *geen godsdiens/nie aangedui* 7 352 875 wat 16,41 % van die bevolking uitmaak (Hoofstuk 1, par. 4). Daar kan dus afgelei word dat verreweg die grootste hoeveelheid van dié mense óf ateïste óf agnostici sou wees. Selfs uit diegene wat hulleself in een of ander erkende godsdienskatégorie op die sensusdokument sou intel, mag daar mense wees wat in wese eerder in dié groep sou tuishoort. Dit gebeur byvoorbeeld al hoe meer dat waar paartjies vir huweliksluiting aanmeld, een of selfs beide van hulle 'n selferkende 'ongelowige' is. In baie gevalle is dit iemand wat wel binne godsdiensverband opgegroeï het, maar nou anders glo en leef.

Bogenoemde bespreking wil geen beoordeling van die betrokke religieuse verskynsels wees nie, maar bloot 'n aanduider van die gegewe verskeidenheid wat daarin na vore kom.

Wanneer daar teruggehoop word op die pad van dié hoofstuk tot dusver is die belangrikste indruk naas dié van die ryke diversiteit die feit dat al bogenoemde groepe of denkrigtings interaktief by mekaar betrokke is. Alle individue wat deel van die groter geheel uitmaak, is produkte van die groter geheel al het elkeen meer belang by die een groep as by die ander. In die taalkunde word gepraat van 'erfgoed' en 'leengoed'. Op religieus-etiese gebied is dit ook waar veral wanneer dit kom by morele kwessies. Verskille kom egter ook voor en kan selfs fundamenteel en konflikterend wees.

4. DESTRUKTIEWE INTERNE PROSESSE

Daar is tot dusver in hierdie studie kennis geneem van verskillende wêreldgodsdienste, kultuurgroepe en filosofiese denkrigtings wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskap aangetref word. Hierdie eenhede beskik elkeen oor gedefinieerde waardestelsels wat oor tyd en aan die hand van bepaalde bronne ontwikkel het. Hoewel dit onderling in baie opsigte verskil, word daar ook oor baie dinge saamgestem.

Dit is egter noodsaaklik om daarvan kennis te neem dat waar dit by die praktyk van die lewe kom, nie een van hierdie godsdienste, kulture of filosofieë absoluut funksioneer nie. Nie een Christen of Moslem of Westerling of Zulu leef in absolute terme ten opsigte van die waardes van die groep of individu self nie. Hoewel elke persoon oor 'n locus van kontrole, hetsy ekstern of intern beskik, word die grense daarvan gereeld oorskry. Gedrag is dus nooit heeltemal gelyk aan die ideaal van vaste norme en waardes nie.

Benewens menslike swakheid en gebrekkige oordeel, speel situasie-etiek ook 'n beduidende rol. Wat in een omstandigheid reg en goed blyk te wees, is nie noodwendig in 'n volgende omstandigheid dieselfde nie, al is die grondliggende waardes onveranderd.



Vervolgens word daar gekyk na die praktiese Suid-Afrikaanse situasie en aan die hand van bepaalde werklikhede en insidente by 'n beter verstaan van diversiteit en die invloed daarvan op moraliteit uitgekom. Religie en kultuur is deurentyd die uitgangspunte.

5. ETIESE WAARDEKONSEPTE IN BEPAALDE SAMELEWINGSVERBANDE IN DIE DIVERSE SUID-AFRIKAANSE OMGEWING EN HUL INVLOED OP MORALITEIT

5.1 GEMEENSKAPSLEWE

5.1.1 DIE WAARDE VAN LEWE

Naas die biologiese verstaan van lewe, bestaan daar by die meeste denkrigtings 'n groot mate van eenstemmigheid oor 'n bonatuurlike of goddelike oorsprong en instandhouding van lewe. Wanneer onreg teen die mens, oordrewe materialisme, magmisbruik, wraaksug en sieklike eibelang intree, verander sommige se gesindheid ten opsigte van lewe. Dit hou verband met kulture waar brutaliteit nie 'n ongewone verskynsel is nie. Suid-Afrika se geskiedenis van vergryp aan mense en ontstellend hoë insidensie van geweldsmisdaad bevestig dié argument. Almal dink eenvoudig nie dieselfde oor lewe en respek ten opsigte daarvan nie. Aartsbiskop Desmond Tutu handhaaf 'n sterk mening ten opsigte van die geweldige invloed wat menslike vergrype gedurende die apartheidsera op die psige van mense gehad het. Hy beweer dat dit so diep lê dat dit steeds die enkele groot motief vir gewelddadigheid in die swart gemeenskap is. Tydens die onderhoud met hom het dit aan die lig gekom dat selfs die bevoorregte blankes tans vanuit 'n onverwerkte skuldgevoel oorgaan tot die vergryp aan ander.

Hoewel Christene byvoorbeeld op grond van 'n teologiese oortuiging bely dat alle mense na die beeld van God geskape is, handel sommige van hulle dikwels nie hiervolgens nie. Dieselfde geld vir persone en instansies uit ander godsdienstige



oortuigings. Nogtans waag prof Willem Landman dit deur te sê dat individue met sterk godsdienstige bande meer geneig is tot die waardering van menswees en gedrag wat daarmee strook. Dit plaas die kerk en ander godsdienstige instellings op die speelveld om mee te werk aan die vestiging van die herwaardering van menswees.

5.1.2 SOSIALE SISTEME

Daar is reeds in dié hoofstuk verwys na die Afrika-georiënteerde kommunale gemeenskapslewe naas die Westerse individualistiese oriëntasie. Daarnaas is groepering binne rasse-, godsdienstige en ander groepe ook 'n werklikheid. Mense verstaan hul sosiale betrokkenheid en verantwoordelikhede verskillend en daarom vind interaksie nie sonder haakplekke plaas nie. Wanneer 'n swartman byvoorbeeld vir die vierde keer verlof by sy werkgewer vra om sy ouer se begrafnis by te woon, word dit bevraagteken. Vir hom is ander senior familieledes egter in dieselfde kategorie as sy eie ouers en het hy 'n familiale verpligting jeens hulle (Krige, 1977:25). Wanneer sodanige toegewings wel aan werknemers gemaak word, vind dit soms plaas ten koste van die betrokke onderneming se doelwitte. Dit is dan wanneer dit vir beide partye moeilik raak om mekaar te akkommodeer. In 'n Westers-gedrewe organisasie bestaan daar min begrip vir sodanige sosiale verpligtinge terwyl die ander kant ook nie maklik eersgenoemdes se argument kan insien nie. Dit wek spanning en bring ongelukkigheid mee. In die werksplek is dit soms nodig om konflikte deur middel van arbeidswetgewing te besleg wat op sy beurt in 'n Suid-Afrikaanse omgewing ter bevrediging van almal gestruktureer moet wees.

Suksesvolle sosiale sisteme maak staat op verstaan van en begrip vir diversiteit. Prof Willem Landman beweer met reg dat sosiale groepe in Suid-Afrika voor 1994 so ver van mekaar ontwikkel het dat daar bitter min kennis oor mekaar of begrip vir mekaar moontlik was. Hoewel die gapings tans kleiner is, is daar nog lank nie



gekom by 'n bevredigende mate van interaksie ten einde 'n voldoende deursigbaarheid te kweek nie.

5.1.3 STAATKUNDE

Die eerste demokratiese verkiesing in die geskiedenis van Suid-Afrika het in 1994 as eerste groot gevolg van die nuwe staatsbestel plaasgevind. Dit was die voor die hand liggende staatkundige model ná apartheid en het 'n opwindende hoofstuk in die geskiedenis van die land ingelui. Vyftien jaar later blyk dit dat die konsep van demokrasie nie op dieselfde wyse deur almal verstaan word nie. Vir sommiges beteken demokrasie die billike behandeling van alle inwoners van die land en inspraak op alle vlakke van regering. Vir party beteken dit die herstel van die samelewing waar wegbeweeg word van onregmatige bevoordeling van sommiges in die verlede. Vir ander beteken dit egter die regmatige of onregmatige bevoordeling van bepaalde persone en groepe onder die mantel van regstelling.

Br Peter Just lewer in sy navorsingsrespons kritiek op persone wat op grond van nepotisme en ander wanpraktyke in posisies aangestel word en dus nie bevoeg is om die werk wat daarmee gepaard gaan, te doen nie. Hy meen dat sommiges van oordeel is dat hulle op loon geregtig is bloot omdat hulle vir werk opdaag.

Die demokratiese proses in Suid-Afrika word dus positief én negatief beleef na aanleiding van die betrokkenes se punt van oriëntasie.

5.1.4 LEIERSKAP

Leierskap in die nuwe bestel word gekortwiek deur vergrype soos nepotisme en politiek-gedrewe aanstellings in poste waar tegniese kundigheid en vaardigheid vereis word. Baie leiers is magsbehep sonder om veel verantwoordelikheid of integriteit te openbaar. Sterk leiers uit die vorige bedeling het vanweë teleurstelling in die hede van die toneel verdwyn of is blatant uit die sisteem



geweer. Baie van die huidige politieke en ander leiers is nie op die publiek of hul ondersteuners se belange gefokus nie, maar op eie belang en die instandhouding van hul magsbasis. Dit wil voorkom of 'n groot deel van die bevolking gewoon daarmee verlies neem sonder teenkanting. Waar protes aangeteken word, val dit op dowe ore. Godsdienstige leiers soos emeritus aartsbiskop Tutu probeer om morele herstel te bewerkstellig, maar maak klaarblyklik nie veel indruk nie. Godsdienstige leiers blyk nie meer invloedryk of relevant te wees in die nuwe Suid-Afrika nie. Hoofstuk 8 gee in meer besonderhede hieraan aandag. Meningsvormers is eerder radikale politici soos die omstrede Julius Malema, leier van die ANC Jeugliga en sogenaamde 'celebrities'. In haar navorsingsrespons openbaar prof Louise du Toit die moed om name in dié verband te noem. Sport- en filmsterre wat op hul terreine vaardig is, het as rolmodelle op moreel-etiese gebied 'n platform waarvoor hulle op morele gronde nie noodwendig bevoeg is nie. Onder 'n besonder groot laag van die bevolking word hulle beskou as invloedryke leiers.

In die Afrosentriese gedeelte van die samelewing geniet tradisionele leiers saam met geestelike leiers soos sangomas 'n stewige staanplek. Dit hou verband met insprake van voorouers wat rigtinggewend is vir die lewe van elke dag. Dit maak nie deel uit van die werklikheidsbeleving van Westerlinge nie en daarom is dié aspek van leierskap vir hulle problematies. Dit bring konflik mee. In die Zulu gemeenskap is die hoofman die leier op alle terreine van die lewe en word as 'n goddelike persoon beskou. Hy het dus bykans onbeperkte mag en voordele. Reste van dié tradisionele siening vind ook in die moderne samelewing neerslag (Parrinder, 1981:67)

5.1.5 DIENSLEWERING

In aansluiting by bogenoemde twee paragrawe is die gevolge van die huidige staatsbestel en demokratiese prosesse 'n grootskaalse gebrek aan dienslewering op

nasionale, provinsiale en plaaslike vlak wat die owerhede betref. Dit lê nie net die praktiese funksionering van dienste lam nie, maar het ook 'n demoraliserende invloed op die gees van die breë bevolking. Twee onderliggende oorsake word geïdentifiseer:

- Owerhede se agendas is in baie gevalle nie in lyn met hul funksies nie daar politiekery meer tyd en aandag geniet as die betrokke werksaamhede waarmee hulle veronderstel is om mee besig te wees. Waar onregmatighede en onbekwaamheid voorkom, kortwiek dit hul effektiwiteit en dit is 'n tendens wat al hoe meer voorkom.
- Ampsdraers en amptenare se werksetiek en gevolglike werkywer voldoen nie te alle tye aan 'n produksie- en dienstegedrewe arbeidskonsep nie. Dit hou grootliks verband met verskillende uitgangspunte en verwagtings van diverse kulturele groepe in die land. Dié aangeleentheid word by 5.7.1 in groter besonderhede hanteer.

Baie werknemers in die openbare sektor vertoon 'n traak-my-nieagtige houding ten opsigte van hul eie beroep sowel as die verwagtinge wat aan hulle gestel word as diensverskaffers. Dit is vinnig besig om ook na die privaatsektor uit te kring. In teenstelling met lande soos Japan, China en Singapoer waar daar 'n eenheidstrewende is om die land te ontwikkel en op te hef, bring die diverse benaderings ten opsigte van effektiwiteit en produktiwiteit 'n merkbare mate van onvermoë in Suid-Afrika teweeg. Dit mag voorkom asof die pogings om 'n nuwe nasionale bewussyn te skep deur die diversiteit en gepaardgaande uiteenlopende waardes en handelswyses gekortwiek word.

5.1.6 GESLAGTELIKHEID EN SEKSUALITEIT

Oor hierdie onderwerp kan daar nie enkelvoudig gedink word nie, aangesien dit op sigself, maar ook in die lig van verskillende uitgangspunte en benaderings uit verskillende agtergronde en oortuigings 'n baie komplekse aangeleentheid is. Wat Westerse denke betref, het daar oor die afgelope dekade of twee fundamentele verskuiwings plaasgevind. Wat voorheen as afwykend beskou is, het al hoe meer aanvaarbaar geword. Die tradisionele tipiese manlikheid en vroulikheid word nie meer verabsoluteer nie en ook nie die gekte rolle wat voorheen aan beide geslagte toegeken is nie. Dit is nie net op die gebied van die arbeidsmark waar beide geslagte nuwe posisies inneem nie, maar ook ten opsigte van hul eie geslagtelike belewenis en lewenstyl

Onder opkomende swart Suid-Afrikaners is daar 'n doelbewuste beweging na 'n meer Westerse lewenstyl. Polities word daar nie meer teen vroue gediskrimineer nie. In hul geledere is daar talle wat uitvoerende poste beklee. Dit staan dikwels in skrilte kontras met tradisionele gebruike. Tog is daar enkele etniese groepe wat uit 'n materliniêre agtergrond kom soos byvoorbeeld die Vendas.

Bogenoemde tendense werk soms verwarrend in op mense wat meebring dat hul optrede nie strook met hul oortuigings en die normale gang van hul lewens nie. Dit is in sekere gevalle in alle waarskynlikheid die rede waarom mense hulle skuldig maak aan seksuele vergryp ongeag die etiese beginsels van die groep waarvan hulle deel is. Omdat verskeie van die godsdienste nie meer duidelike oortuigings oor seksualiteit het nie, werk dit verdere verwarring in die hand.

Daarbenewens kommunikeer die media soms twyfelagtige inligting oor seksuele gedrag aan kykers, hoorders en lesers. Omdat daar nie altyd duidelike maatstawwe is om dit teen te beoordeel nie, raak persepsies oor seksualiteit al hoe meer riskant. Geweld teen vroue (en in sommige gevalle teen mans) bly dus



nie uit nie. Br Peter Just wys op die ondergeskikte rol van die vrou in die tradisionele Afrika kulture. Dit het meebring dat vroue nie die geleentheid gehad het om hulleself na behore vir professionele en ander uitdagende posisies te bekwaam nie. Dié probleem geniet volgens hom steeds nie genoegsame aandag nie.

Onlangse negatiewe reaksie op die seksuele gedrag van die president van die land laat die lig val op die sosiale verantwoordelikhede van leiersfigure selfs wat hul privaatlewe en kulturele en etiese oortuigings betref. Hierdie en soortgelyke sensitiewe aangeleenthede verdien om diskreet hanteer te word in 'n land waar daar baie verskil van gebruike en menings bestaan.

5.1.7 REGSPLEGING EN MISDAAD

Suid-Afrika beskik oor die mees omvattende en billike grondwet, in so 'n mate dat dit al deur verskeie lande as konsep vir hul eie grondwetsamestelling gebruik is. Vanuit 'n sekulêre vertrekpunt poog dit om so inklusief as moontlik te wees ten opsigte van die besondere bevolkings- en godsdienstige samestelling van die bevolking. Dit is egter op die terrein van die uitvoering en afdwing van die wetgewing waar dinge soms skeefloop. Daar die regstelsel op die deurwinterde Romeins-Hollandse regsbeginnsels geskoei is, moet dit enersyds getrou aan homself bly en andersyds ruimte maak vir die waardes en verwagtinge van uiteenlopende kulture. In die landelike Zulu gemeenskap word wetgewing byvoorbeeld deur hoofmanne uitgeoefen op grond van dit wat as 'n ongeskrewe publieke tradisionele regstelsel beskryf kan word. Dit loop dikwels op konflikte uit waar dit kom by die optrede van die polisie en gevolglike klagstate en regsgedinge. Tradisionele howe oorspeel dikwels hul hand en is in elk geval nie wettig nie, al word dit steeds bedryf. In 'n sekere mate het ons dus met 'n dualisme te doen waar dit by regspleging kom en dit werk demoraliserend as gevolg van dubbele standaarde en gepaardgaande verwarring. Wanneer br Peter

Just op misdaad reageer, verwys hy na die ontstellende groot mate waarin korrupsie voorkom. Volgens hom is een van die hoof oorsake die dubbele standarde op grond van verskillende waardestelsels. Alvorens laasgenoemde nie in lyn kom nie, is daar nie hoop vir herstel hiervan nie.

Vanweë die groot omvang van misdaad is dit vir die Suid-Afrikaanse Polisie diens haas onmoontlik om in alle opsigte effektief op te tree. Daar is vermoedelik ook interne probleme ten opsigte van bekwaamheid en werksetiek. Die negatiewe beeld van die polisie skaad vertroue en dit laat sommige mense teruggryp na die verlede toe alles kwansuis in orde was. Die besondere geskiedenis van die land werk dus steeds in 'n mate polariserend in die gemeenskap en het meer misdadigheid en onbetrokkenheid tot gevolg.

Onlangse kontroversie in die geledere van die land se regters sowel as politiek gedrewe regstellende aksie het bygedra tot wantroue onder die publiek. Rasse- en kulturele vooroordele speel steeds hierin 'n belangrike rol en moet met omsigtigheid bestuur word. Dit is die mening van die regskenner, prof Marinus Wiechers.

5.1.8 OPVOEDING EN ONDERWYS

Opvoeding is veel meer as onderwys en sluit ouers, familie, skole, kultuurorganisasies, geloofsgemeenskappe en die hele samelewing in. Omdat dié instellings asook persone se eie belewenisse rondom dié sake se benaderings en waardes uit 'n rykdom van verskeidenheid bestaan, maak dit die hele proses kompleks en soms problematies. Die historiese agtergrond van polarisasie ten opsigte van taal, onderwys en die opvoedingsomgewing sukkel om oor te gaan in 'n meer verteenwoordigende en gestandaardiseerde opvoedingspraktyk. Benewens sodanige verskille is opvoeding, onderwys en godsdiens ook nog ineengestremel en kan dit moeilik op 'n sekulêre basis funksioneer, al word dit

tans as die mees uitvoerbare basis beskou. Oor multireligieuse onderwys dink professor Cornel du Toit van die *Research Institute for Theology and Religion, University of South Africa* soos volg:

The aim of religious education should not be the exclusive transmission of religious information, but the development of religious, spiritual and moral capacities within pupils. Education is concerned with the widening of horizons of understanding. This entails a concern to foster mutual understanding of different faiths rather than reinforcing an 'orthodoxy' in the pupil's own belief.

Multireligious education is a viable and promising option to be considered in religious education. It can significantly contribute to the development of skills concerned with understanding of the self and the other, learning to interpret and cope with differences; learning what tolerance involves; acquiring the ability to formulate your own point of view and relating it to that of others; acquiring critical skills and linking religion with societal matters of concern.

(Du Toit, 1998:55, 56)

Hiermee word die tafel gedek vir 'n sinvolle model van multireligieuse (en multikulturele) opvoeding en onderrig. Ter wille van beter verstaan van die self én ander sou hierdie model pro-aktief kon meewerk ter wille van 'n toekoms waar mense in 'n komplekse samelewing soos hierdie met mekaar oor die weg kan kom. Du Toit omskryf 'n teoretiese model.

5.2 SOSIALE VERHOUDINGS

5.2.1 ETNIESE EN RASSEVERHOUDINGS



Etniese en rassediversiteit is een van die belangrikste werklikhede waarmee rekening gehou moet word in die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit impliseer ook verskillende etnies-verwante kulture wat in skrilte kontras met mekaar staan wat sekere aangeleenthede betref. Om dit te probeer ontken sou die miskennings van die herkoms en identiteit van mense en groepe, asook die ontduiking van verantwoordelikhede ten opsigte van jouself en ander. Aartsbiskop Tutu openbaar 'n realistiese siening ten opsigte van etniese diversiteit in Suid-Afrika en benader dit vanuit 'n bybelse oogpunt :

“In many respects the diversity is a reality. When you look at something like Ubuntu, it is a South African concept. It is also a Biblical concept. The Hebrews themselves had this understanding of what you call ‘corporate personalities’ and you know how they were concerned with being part of what the Bible calls the ‘bundle of life’. Maybe initially you might consider there are many aspects on what we differ, ethnic, racial, religious and even theological. But we share – or hold in common – many things.”

Daar rus dus 'n onus op almal om saam te werk ten opsigte van goeie en aanvaarbare etniese verhoudings. Dit is egter 'n ideaal wat tot op hede nog nie ten volle verwesenlik is nie en waarskynlik nooit sal wees nie, hoewel daar oor die afgelope twee dekades ver op die pad gevorder is. Die belangrikste struikelblokke is waarskynlik wanpersepsies en vooroordele wat die gevolg is van onkunde en negatiewe ervarings uit die verlede. Weerstand teen die erkenning en aanvaarding van diversiteit kortwiek die pogings om sinvolle verhoudings te bewerkstellig. Dit is egter ook waar dat opvattinge oor die blote andersheid van mense en hul gevolglike eiesoortige wyses van optrede verhoudings kan skaad. Daar bestaan byvoorbeeld die mening dat persone van Ierse en Duitse afkoms in die algemeen korter van humeur is as baie ander. In 'n werksopset waar produktiwiteit en diens van groot belang is, sou dit gewoon spanningsvol wees waar sodanige persone in toesighoudende hoedanigheid moet optree teenoor mense uit landelike

omgewings waar 'n andersoortige konsep van tyd en werkywer geld. Verder is dit gewoon waar dat swart Afrika mense baie meer luidrugtig verbaal kommunikeer as Westerlinge wat meer gereserveerd in hul gesprekke met ander oorkom. Wanneer persone uit dié twee groepe in klaskamers en woon- en werkplekke saam moet funksioneer wek dit wedersydse irritasie wat in konflik en rusie kan ontaard. Daar is nog talle voorbeelde om hierdie argument te staaf. Dit is ongelukkig so dat velkleur en ander tipiese gelaatstrekke waarneembare onderskeidingskenmerke is tussen groepe uit verskillende etniese agtergronde en rasse. Dit maak die verwydering soveel makliker en groter in gemeenskappe waar sodanige kragte 'n rol speel.

5.2.2 HUWELIK, GESIN EN FAMILIE

Die Westerse idee van 'n huwelik berus bykans ongekwalifiseerd op monogame verhoudings tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag. Anders as in sekere ander lande is homoseksuele huwelike nog nie hier wettig nie hoewel daar groot aanspraak daartoe uit dié geleedere kom. In die Afrika milieu is poligame huwelike 'n algemene verskynsel solank dit bestaan uit een man met verskillende vroue en nie andersom nie. Oor die algemeen handhaaf Christene monogamie terwyl daar in sommige Moslem kringe poligamie toegelaat word. In die Zulu gemeenskap word daar onderskeid gemaak tussen 'formele' en 'informele' huwelike met gepaardgaande rituele om dit mee te bevestig. 'n Groeiende tendens is dié van saamwoon regoor die spektrum van die gemeenskap. Dit is opmerklik dat daar ongeag die formaat van huwelike oor die algemeen 'n groot saak uitgemaak word vir huweliks- of verhoudingstrou. (Krige, 1977:120)

'n Gesonde en gelukkige gesinslewe is 'n verdere gedeelde waarde in die ryke diverse Suid-Afrikaanse samelewing. Dit word egter geskaad deur werklikhede soos ongunstige werksomstandighede, middelafhanklikheid, twyfelagtige lewenswaardes, ouerskapsonbevoegdheid, gebroke gesinne, enkelouerskap,



materiële nood en dergelike struikelblokke. Dieselfde geld vir groter en uitgebreide families.

5.2.3 VRIENDSKAP

Hoewel vriendskapsbande tradisioneel eerder binne homogene groepe gevorm word, gebeur dit toenemend dat dit oor etniese grense plaasvind. Die besondere gedeelde belang wat mense bymekaar uitbring, is gewoonlik die bepalende motief vir die verhouding. Ons kontemporêre leefstyl bring egter mee dat vriendskappe al hoe meer op die korttermyn gerig word. Mense beweeg al hoe makliker van een beroep of werkplek, sowel as woonplek na 'n ander. Dit is 'n algemene verskynsel dat mense vir 'n redelik kort tydperk iewers in die buiteland, selfs in verskillende lande, gaan werk, terugkeer en weer vertrek.

Wanneer mense nie godsdienstig en kultureel verbonde voel nie, smee hulle ook nie maklik volhoubare vriendskapsbande nie. Dit werk isolasie in die hand wat inpas in 'n individualistiese lewenstyl. Verstedeliking soos wat dit in Suid-Afrika drasties aan die toeneem is, verleen momentum aan dié tendens en al hoe meer mense bevind hulleself eensaam te midde van massas mense. Daar is gevolglik 'n groter ingesteldheid op oorlewing en eie belange. Wanneer daar wel vriendskapsbande gesmee word, is dit in baie gevalle op eie voordeel gerig en in die proses kan daar misbruik van, en selfs geweld teen ander plaasvind.

5.2.4 VREEMDELINGE

Die Suid-Afrikaanse nasie bestaan uit elemente uit lande regoor die aarde wat oor 'n lang tydperk sedert 1652 van oraloor deel van hierdie besondere bevolking geword het. Selfs in die tyd van Paul Kruger se presidentskap in die ou Transvaal is vreemdelinge verwelkom solank hulle by die huidige bestel ingeskakel het en 'n positiewe bydrae tot die land gelewer het. (Kemp, 1942:59) Later is 'n instansie



genaamd die Maatskappy vir Europese Immigrasie totstand gebring om persone uit Europa en selfs ander lande te werf om na Suid-Afrika te kom. Hierdie en ander projekte het akademiese, tegnologiese en kulturele ontwikkeling tot gevolg gehad. Die mynbou- en nywerheidsektor put al oor dekades mannekrag uit ander lande.

Daar is egter ook die negatiewe kant in die sin van grootskaalse onwettige immigrasie uit veral buurlande waar mense as gevolg van interne probleme hierheen uitgewyk het. Die bydrae wat hulle lewer, is gering daar hulle in 'n stryd om oorlewing gewikkel is en oor min vaardighede beskik. Gedurende 2008 het dit 'n breekpunt bereik toe geweld as gevolg van xenofobie in baie dele van die land uitbreek het. Dit maak die kompleksiteit van die diversiteit in Suid-Afrika nog groter en plaas nog meer druk op die hulpbronne van die land

Die teenwoordigheid van groot getalle mense uit buurlande maak die gemeenskap wat reeds deur diversiteit gekenmerk word, nog meer kompleks. Hulle kom ook nog uit verskillende lande en agtergronde en is dus op sigself 'n diverse groep mense met vreemde gelowe, gebruike en gewoontes. Dus is hul morele waardes eie aan hulleself en hulle omstandighede. Wanneer hulle met die plaaslike bevolking in aanraking kom, kom konflik dikwels voor. Hulle bydrae tot die morele waardestelsel wat op sigself kompleks en in baie gevalle problematies van aard is, is 'n verdere versterking van vreemde en dikwels, onaanvaarbare gedrag.

5.2.5 GEWELD EN MISDAAD

Op twee ná is al die navorsingsrespondente dit eens dat geweld en misdaad die grootste morele probleem in Suid-Afrika is. In die ondersoek het dit telkens uitgekom dat verskillende waardestelsels meebring dat individue en groepe op wyses optree wat nie vir ander of volgens die reg aanvaarbaar is nie.



Voor die totstandkoming van die demokrasie in 1994 was die grootste deel van die geweld teen die destydse sisteem en die draers daarvan gemik. Teen die verwagting in het dit egter ná 1994 voortgegaan en ook toegeneem. (Sien navorsingsrespons van br Peter Just). In dié tydperk wat vyftien jaar lank is, was daar tweeduisend geslaagde plaasmoorde aangemeld wat bykans sonder uitsondering deur swart op wit gemik is ongeag die aard van die motiewe. Soortgelyke aanvalle waar daar nie moorde gepleeg is nie, maar waar daar 'n groot mate van brutaliteit aanwesig was, is nog baie meer. Geweld is egter nie net rassisties van aard nie. Kindermishandeling en molestering, gesinsgeweld en verkragting sowel as ander vorme van geweld teen vroue kom daaglik voor.

Hoewel almal behoort te besef dat geweld onaanvaarbaar is en misdadig op grond van regspleging strafbaar is, is die hoë voorkoms daarvan onaanvaarbaar. Hierdie studie vra na die invloed van diversiteit op dié landsprobleem. Die volgende onderskeiding word getref:

Ten eerste bestaan daar verskillende kultureel en godsdienstig gedrewe waardesisteme ongeag die openbare mening óf wetgewing. In die Xhosa gemeenskap vind daar sporadies tydens inisiasie seremonies praktyke ten opsigte van jong seuns en dogters plaas wat vanuit 'n andersoortige perspektief as intimiderend of selfs as gewelddadige aanranding beskou kan word. Die praktyk van die sogenaamde *lobola* by huweliksluiting onder sekere bevolkingsgroepe kan tegnies as mensehandel beskou word. Hindoes beskou die eet van vleis en daarmee gepaardgaande slagting van diere as dieremishandeling. Sodanige en talle ander praktyke kan verabsoluteer word en op ander mense afgedwing word met die gevolg dat dit wat binne 'n bepaalde groep toelaatbaar is, vir die breë gemeenskap 'n groot probleem word. Veral wanneer dit vernederend, wreed, genadeloos of brutaal raak.



Tweedens wil dit voorkom asof daar 'n beduidende mate van gewelddadigheid en brutaliteit in 'n besondere laag van die bevolking bestaan. Dit is haas onmoontlik om dit bevredigend te definieer of om die oorsake daarvan te bepaal. Tog wil dit voorkom asof skuldiges laag geskoolde mense is wat uit swak sosio-ekonomiese omstandighede kom. Voorbeelde hiervan is plaasmoorde waar slagoffers gemartel en op die mees wreedaardige maniere doodgemaak word, sowel as verkragting en daaropvolgende moord op weerlose mense in plakkerskampe. Die gevolge daarvan strek egter wyer as die aanvanklike skade wat berokken word, in die sin dat dit ontmensliking in die gemeenskap teweeg bring. Op sy beurt bring dit weer 'n vervlakking en selfs 'n ontkenning van tradisionele en geestelike waardes na vore. Dit kalwe die morele onderbou wat op kultuur en godsdiens berus, uit. Baie mense het weinig of geen vertroue in die behoudende elemente van die samelewing oor. Daar is min gedeelde waardes en elkeen bevind hom in 'n selfgesentreerde oorlewingstryd.

Die volgende aanhaling uit die navorsingsrespons van Peter Just, 'n kenner van etiek uit Boeddhistiese agtergrond probeer om lig te werp op die misdaad- en geweldsprobleme in die land :

“ There are certain ‘values’ which are universal, and then some which are culturally dictated. Due to the extensive diversity there are also not only a myriad of different values, but even greater difference in terms of interpretation of those different values. In some instances one would think that due to the larger scope of values one should also have much greater value preservation, though this does not seem to be the case. Due to the diversity of values it seems that in some instances all, or most, values have either been ignored, or otherwise due to each person having their own interpretation ultimately end up cancelling each other out.



Of much greater concern, though, would be the fact that in very many instances there is such a gross level of intolerance that we are getting closer to a state, or society, created dictatorship. And possibly the ever increasing violence also indicates a society of not accepting diversity. A rainbow nation it may be, but it is neither one of general agreement nor acceptance of that diversity. This is most noticeable in terms of economic difference, with the have-nots using almost any means at their disposal to change their level of lacking, and imposing their lot or situation upon all the rest of society, regardless of economic status or position."

5.3 GODSDIENS

5.3.1 DIE GODHEID

Hoofstuk 2 behandel die diverse godsdienste in die land, elkeen met sy eie godskonsep en moreel-etiese inspraak in die lewens van volgelinge. By monoteïstiese godsdienste soos die Judaïsme en Islam is die inspraak oorwegend direk en gebiedend van aard waar dit by ander godsdienste soos Boeddhisme en Hindoeïsme meer vrydenkend is. Mense uit die Afrika Tradisionele Godsdienste leef onder dwang van voorouers en lewende geestelike leiers teenoor Christene wat vry uit die liefde en genade, maar tog in gehoorsaamheid aan hul God leef. Tog is daar by sommige Christene wankonsepte vanuit 'n Ou Testamentiese gods- en wêreldbeskouing wat in breë trekke met dié van Judaïste en selfs Moslems ooreenkom. In sommige gevalle word die Godheid streng, gebiedend en bestraffend beleef en in ander gevalle weer vergewend en akkommoderend. Die navorsing maak dit duidelik dat al hierdie en vele ander diverse belewenisse van God of 'n godskonsep en sy/hulle besondere handeling met die mense bepaalde invloede in hul morele oriëntasie het. Dit word gevolglik in die gedrag van die mense en groepe gereflekteer.

Prof Piet Strauss vereenvoudig die invloed van godsdiens na sy siening van die Christelike geloof se rol in dié verband : *"Ek glo dat die Christelike benadering die diepste vertrekpunt en oplossing vir lewensprobleme en -waardes moet wees. Dit gaan immers om die herstel van mense wat as Beeld van God geskep is. Dat mense lewe soos God dit bedoel het. Hy weet immers beter..."*

Dit sou na my mening meer billik wees om eerder te soek na raakpunte en gedeelde godskonsepte met ander godsdienstige instellings.

5.3.2 SPIRITUALITEIT

Spiritualiteit handel oor die geestelike belewenis en gedrag van mense na aanleiding van hul ervaring van die God wat hulle dien. Dit is met ander woorde die tuiskom van hul religieus-etiese oriëntasie in hul daaglikse doen en late asook in hul wyse van aanbidding. Op grond van die diverse beskouing oor God soos hierbo uiteengesit, is die morele gedrag van mense net so divers. Wat die aangeleentheid nog verder kompliseer, is die feit van wedersydse morele beïnvloeding sowel as morele vervlakking ten spyte van hul religieuse gebondenheid. Alle Moslems (en enige ander godsdiens se mense) glo en tree nie op dieselfde wyse op nie, al deel hulle geloof in dieselfde Godheid en verwante etiese bronne en oortuigings.

Die invloed van religie as sodanig op die morele oriëntasie van die Suid-Afrikaanse bevolking is dus enersyds verwarrend. Morele kwessies is dus selde glashelder.

Duidelike voorbeelde hiervan is die Sabbats- en Sondagbeskouing en bepaalde voorkeure en taboes waar dit by eetgebruik kom. Hoewel Christene die Ou Testament as deel van die Bybel erken, handhaaf hulle nie die *kosher* voorskrifte soos Judaïste wat streng Ou Testamenties lewe nie, vanweë die vernuwende boodskap van die Nuwe Testament. Eersgenoemdes vier die Sondag op grond van



Jesus se opstanding teenoor die Ou Testamentiese Sabbat wat op die Saterdag val. Nog 'n voorbeeld is dié van poligamie teenoor monogamie wat beide gedurende verskillende tye wat deur die Bybel beskryf is, voorkom. Moslems verskil ook onderling daaroor. Daar word tans deur die NG Kerk studies oor die verskynsel van saamwoon buite die huwelik om gedoen. Dit wil voorkom asof dit in besondere gevalle nie meer 'n voor die hand liggende morele taboe is nie. 'n Verdere vraag is of al die lidmate van die kerk die uitkoms van die studies sondermeer gaan aanvaar. 'n Ander vraag is: in watter mate eerbiedig die lidmate van die kerk tans die huidige kerklike beskouing van dié saak.

Andersyds kan die diverse religieë juis 'n samebindende invloed op die gemeenskap hê. Daar is baie gedeelde waardes soos dié van die waarde van lewe, liefde, barmhartigheid, diensvaardigheid, eerlikheid en toewyding. Verder bestaan daar 'n atmosfeer van geestelikheid ongeag verdelende verskille. Dit op sigself het 'n heilsame uitwerking op die mense van die land.

5.3.3 ESKATOLOGIESE VERWAGTING

Mense met 'n eskatologiese perspektief leef normaalweg hoopvol en doelgerig. In hul verwagting op die onbekende toekoms vind hulle betekenis vir die hede waaruit hulle dan juis die toekoms benader. Uit die navorsing blyk dat al die belangrikste godsdienstige oortuigings in die land 'n sterk eskatologiese verwagting het wat onderling van mekaar verskil, maartog almal inspeel op die waarde van menslike lewe en 'n hoopvolle toekomspektief. Hierdie gedeelde geestelike waarde behoort 'n positiewe element te wees in die saamleef van mense uit verskillende religieuse agtergronde. Dit is nie net toekomsgerig nie, maar verleen ook betekenis aan die hede vanuit die toekomspektief.



5.4 KULTUUR

5.4.1 BEELDENDE KUNS

Geeneen van die kultuurgroepe wat in die land verteenwoordig word gaan mank aan 'n rykdom beeldende kuns nie. Dit is dan juis dié terrein waarop die besondere kulturele inhoude uitdrukking vind. Verder versinnebeeld kuns die morele raamwerk van 'n bepaalde kulturele eenheid. Kunstenaars beeld uit dit wat in die harte en sinne van hul tyd- en geesgenote leef. Waar diverse gemeenskappe mekaar se kuns waardeer en geniet, is dit 'n bewys daarvan dat daardie gemeenskappe mekaar erken en waardeer. Kuns het nie net estetiese waarde in die sin dat artefakte 'n weerspieëling van die werklikheid is nie. Dit het veral simboliese waarde. Objekte soos maskers, dromme, matte en kralewerk uit Afrika vertel gewoonlik die verhale van volke, gebeurtenisse en gebruike. Dit is 'n treffende medium waarmee die dinge wat saakmaak gekommunikeer word. Die waardes van 'n samelewing kom dikwels treffend op hierdie manier tot uitdrukking. Kuns beskik oor die potensiaal om mense se leefwêreld en belewenisse vir mekaar oop te maak sodat daar beter begrip en verstaan kan kom. Dit bied ook 'n platform vir religieuse inhoude wat sin aan menslike bestaan en saambestaan gee.

5.4.2 UITVOERENDE KUNS

Teater en musiek uit eie bodem verwoord die dinge wat vir die gemeenskap saak maak. Dit gee uitdrukking aan afkeure, voorkeure, vrese en vreugdes. Kunsfeeste wat nie net in die Afrikaner gemeenskap nie, maar ook in verskeie ander oor die afgelope klomp jare in gewildheid toegeneem het, is 'n uitstekende bron om eie identiteit te bou en ruimte te skep vir kreatiewe ontwikkeling. Dit is vertoonvensters om aan mekaar te openbaar wat in die hart en gees van gemeenskappe leef. In die lig van die diversiteit in die land moet die uitvoerende



kunste mense nader aan mekaar bring deur begrip en erkenning eerder as om verwydering te bewerkstellig. Beide moontlikhede is egter ter sake. Daarom is dit belangrik om die kunste sodanig aan te wend dat die regte uitkomst bereik word. Die uitvoerende kunste is 'n besonder nuttige hulpbron om morele waardes wat ter bevrediging van die hele gemeenskap mag dien, te verwoord en te help vestig. Indien die kunste as element van die media beskou word, meen respondente dat dit een van die groot meningsvormers uitmaak en gevolglik 'n belangrike rol te speel het in die vestiging van waardes.

5.4.3 RITUEEL EN SIMBOLIEK

Verskillende groepe beskik elk oor hul eie rituele en simbole wat betekenis aan hul lewe gee. Sommige hiervan word natuurlik met ander gedeel en daar is reeds ook gewys op die dinamika in die ontwikkeling van nuwe vorme daarvan. Benewens die feit dat rituele en simbole uitdrukkingswyses is van interne konsepte, is dit ook die kommunikasie daarvan onderling en na buite. Daar is min rituele of simbole wat nie 'n moreel-etiese betekenis het of uitdrukking aan religieuse inhoud gee nie. Daarom is die bestaan en verstaan daarvan maar ook die invloed wat daarvan uitgaan, van groot belang. Diversiteit moet egter erkenning geniet.

Wyle Steve Biko, eertydse apartheidsaktivis wat steeds deur baie mense as 'n ikoon van die bevrydingstryd beskou word, het iets hiervan probeer deurgee in 'n bydrae oor godsdienstig-kulturele konsepte:

All people agreed that Africans are a deeply religious race. In the various forms of worship that one found throughout the southern part of our continent there was at least a common basis. We all accept without any doubt the existence of a God. We had our own community of saints. Another aspect of religious practices was the occasion of worship. Again we did not believe that religion could be featured as a separate part of



our existence on earth. It was manifest in our daily lives. We would obviously find it artificial to create special occasions for worship. Neither did we see it as logical to have a particular building in which all worship would be conducted.

(Coetzee & Roux 2000:29)

Biko gaan voort deur te wys op die diskrepanse van Westers-Christelike gebruike vanuit wetenskaplike denke teenoor die meer aardse rituele van Afrika religie. Hy verkwalik die oordra van die Christelike boodskap deur sendelinge en beskuldig dié proses daarvan dat dit Afrika kultuur en gepaardgaande rituele en simbole vernietig. Volgens hom word die waarde en betekenis van simboliek in die religieuse en leefwêreld van swart mense aangetas deur Westerse en Christelike invloede. Hiervolgens werk diversiteit afbrekend in op die simboliek van 'n bepaalde bevolkingsgroep.

5.5 LEWENSWAARDES

Daar is 'n verskil tussen waardes wat 'n individu as belangrik vir homself ag en dié van 'n groep. Godsdienstige groepe se waardes word gebou op gedeelde oortuigings oor dit wat volgens norme reg en aanvaarbaar is.

Vir een van die respondente, prof. Willem Landman is die volgende ses lewenswaardes noodsaaklik vir 'n suksesvolle samelewing:

- Respek vir andere, diere en die natuur;
- Vryheid van kwalitatiewe keuses (belangrik: nie vryheid van kwantitatiewe keuses nie, maar vryheid as bemagtiging, as ontwikkeling van menslike potensiaal);



- Gelykheid van die omstandighede of voorwaardes vir die ontwikkeling van menslike potensiaal (nie gelykheid van uitkomstebon 'n sekere basiese vlak van menswaardigheid nie);
- Eerlikheid/integriteit;
- Verantwoordelikheid; en
- Aanspreeklikheid.

Prof. Marinus Wiechers sonder op sy beurt die volgende uit:

“n Versterking van bestaande waardes soos medemenslikheid, eerlikheid en eerbaarheid, sedelike beskerming, omgewingsbewustheid. Kortom, 'n bevestiging van al daardie morele waardes wat beskawings deur die eeue onderskraag en verstewig het.”

In dié verband maak Cedric Mayson die volgende sinvolle opmerking:

“Humanity succeeds by compassion, cooperation and commitment.”

5.6 EKONOMIESE AANGELEENTHEDE

5.6.1 ARBEID EN ARBEIDSETIEK

In Suid-Afrika speel arbeidsbetrekkinge in 'n multikulturele en multireligieuse omgewing af wat dit uiters ingewikkeld maak. Soos by 2.1 en 2.2 bespreek, is daar van veral twee groter uitgangspunte te wete die Westerse en die Afrosentriese paradigmas sowel as enkele kleineres sprake. Eersgenoemde is veral produksie-, tegnologie- en suksesgedrewe. Daarom is stiptelikheid, effektiwiteit en verantwoordelikheid belangrik. Laasgenoemde is kommunaal-holisties gedrewe waar die sake soos by eersgenoemde vermeld, nie van groot belang is nie. Westeringe werk meer individualisties en taakgeoriënteerd en Afrika mense meer geïntegreerd en mensgeoriënteerd. Bogenoemde argumentasie wil egter nie

veralgemeen nie, maar slegs enkele waarneembare tendense uitwys wat die aandag vestig op problematiek wat deur diversiteit meegebring kan word.

5.6.2 EIENDOMSREG

In aansluiting by die sensitiwiteit oor die grondkwessie verdien besinning oor eiendomsreg om hier bespreek te word. Die wyse waarop mense oor vaste en roerende bates dink, bepaal hul morele gedrag ten opsigte van aangeleenthede waar eiendom ter sprake kom. Die besit van eiendom is in die Grondwet verskans en speel af volgens die sogenaamde kapitalistiese ekonomiese beginsels. (Art 25, Wet 108 van 1996) Hierdie situasie was nie altyd so nie, aangesien daar voorheen sekere beperkings gegeld het waar dit kom by die besitname van vaste bates deur mense van kleur. Dit is opgehef, maar dié geskiedenis het steeds 'n psigologiese invloed op sommige mense se denke daaroor. Daarbenewens het sommige landelike etniese groepe 'n meer holistiese benadering ten opsigte van hulle woonplek en lewensnoodsaaklikhede. Besitreg vestig in die groot groep en word deur leiers bestuur. Almal deel in alles. Gedrag deur mense met dié ingesteldheid kom dus vir ander vreemd voor en in uiterste gevalle maak hulle hul onbewustelik skuldig aan misdad soos diefstal. Dit gebeur ook dat mense hulle willens en wetens aan ander se eiendom vergryp onder die dekmantel van kommunale besitreg. In die onlangse verlede het daar stemme opgegaan vir die nasionalisering van myne en ander bates. Dit wek onsekerheid en spanning binne die sakesektor en sekere dele van die politieke spektrum. Eiendomsreg is soms 'n netelige kwessie en moet met omsigtigheid en begrip bestuur word terwyl daar die nodige aandag aan diversiteit in dié verband verleen word.

5.6.3 TYD

Verskillende mense uit bepaalde kulturele agtergronde se konsep van tyd verskil van mekaar. Moderne Westerlinge meet hul tyd in terme van vergoeding wat hulle

daarvoor kan ontvang. Vir hulle is tyd dus 'kosbaar' en skaars. Dagboeke en horlosies bepaal hul lewensprogramme en hulle het min informele tyd vir ander oor. Hul lewens is gejaagd. Dus raak hulle gou geïrriteerd en is kortaf met ander. Mense uit Afrika kulture se tydskonsep is nie so afgemete en georganiseer nie. Hulle ervaar die lewe eerder as een lang uitgerekte proses met min wisseling. Wat nie vandag gedoen word nie, staan oor tot môre. Daar is meer tyd vir mekaar en hulle voel nie skuldig wanneer hulle niks doen nie. Hulle is waarskynlik meer op mense en verhoudings gefokus as op take en verpligtinge. Dit is voor die hand liggend dat mense uit dié twee teenoorgestelde idees oor tyd maklik in konflik met mekaar kan kom. Hul verwagtinge van mekaar stem dikwels nie ooreen nie

5.7 VERANTWOORDELIKHEID

In 'n beduidende groot mate handel moraliteit oor verantwoordelikheid wat 'n inherente menslike eienskap is. Dit beteken egter nie dat alle mense te alle tye verantwoordelik optree nie. Verder is die konsep van verantwoordelike optrede relatief van aard. Die een persoon meen dat hy in 'n bepaalde omstandigheid uiters verantwoordelik optree terwyl iemand anders meen dat dit hoegenaamd nie die geval is nie. Een van die grootste uitdagings is dus om gedeelde verantwoordelikhedskonsepte te ontwikkel. Dan moet persone en instansies daarby inkoop en dit ook nog ten uitvoer bring. In 'n diverse samelewing bly dit 'n onbereikbare ideaal, maar tog betekenisvol om na te strew.

5.7.1 PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Ongeag 'n persoon se morele agtergrond en denkraamwerk is hy uit hoofde van sy menswees 'n verantwoordbare individu. Daarbenewens is hy aan 'n bepaalde groep of groepe verbonde ten opsigte waarvan hy bepaalde verantwoordelikhede het en wat aanspraak op sy besluite, keuses en gedrag het. Die volgende opsomming raak die kern van dié aangeleentheid aan:



It is your individual duty to ensure your good character and behaviour irrespective of how you were brought up and what kind of conditioning you have received. Whether you like it or not, you must accept personal accountability for the mess and disorder that you have created in your life. Life always gives you the consequences related to your actions or inaction. The onus is on you to amend your mistakes and negligence.

As an adult, you hold several roles, functions and responsibilities; that of a parent, an employer or employee, a spouse, a consumer, a citizen etc. It is unavoidable that you'll face relationship issues and other problems. Your strengths, emotions, and character may be challenged or tested. As a responsible person, you should be able to determine what's right or wrong, what's good or bad and what's within your control.

Individual responsibility also includes being accountable for the degree and level of your health, wealth, success and happiness.

(www.about-personal-growth.com/personal-responsibility.html)

Die verskynsel van diversiteit het nie bogenoemde verwagtinge van enige persoon ongeag sy herkoms of morele oriëntasie op nie. Hierdie is basiese lewensvaardighede wat van enige normale en regdenkende mens verwag kan word. Daarmee word kulturele en godsdienstige verskille nie verontagsaam nie.

5.7.2 KOLLEKTIEWE VERANTWOORDELIKHEID

Daar bestaan ook iets soos gemeenskaplike verantwoordelikheid waar lede van 'n groep as geheel verantwoordelikheid vir die gedrag van die groep sowel as dié van die lede aanvaar.

The notion of *collective responsibility*, like that of *personal responsibility* and *shared responsibility*, refers to both the causal responsibility of moral



agents for harm in the world and the blameworthiness that we ascribe to them for having caused such harm. Hence, it is, like its two more purely individualistic counterparts, almost always a notion of *moral*, rather than purely *causal*, responsibility. But, unlike its two more purely individualistic counterparts, it does not associate either causal responsibility or blameworthiness with discrete individuals or locate the source of moral responsibility in the free will of individual moral agents. Instead, it associates both causal responsibility and blameworthiness with *groups* and locates the source of moral responsibility in the collective actions taken by these groups understood as *collectives*.

Since the notion of collective responsibility is part of what many contemporary philosophers refer to as *group morality*, it has undergone a great deal of scrutiny in recent years by methodological and normative individualists alike. Methodological individualists challenge the very possibility of associating moral agency with groups, as distinct from their individual members, and normative individualists argue that collective responsibility violates principles of both individual responsibility and fairness. Defenders of collective responsibility set out to show that the majority of critical arguments made about collective responsibility are unfounded and that collective responsibility, along with its assumptions of group intentions, collective actions, and group blameworthiness, is both coherent as an intellectual construct and fair to ascribe in at least some, if not all, cases.

(www.plato.stanford.edu/entries/collective-responsibility/)

In die Suid-Afrikaanse gemeenskap kom daar talle kultuurgroepe voor wat op grond van groepsgebondenheid funksioneer (*ubuntu* en andere). Daarom bestaan daar die verwagting dat die soort van verantwoordelikheid maklik in die gemeenskap behoort tuis te kom. In kontras hiermee bestaan die lewenstyl van



individualisme ook. Dit maak die idee van kollektiewe aanspreeklikheid moeilik uitvoerbaar. Of dit die staat is, politieke partye, kultuurorganisasies of religieuse groepe, die kweek van individuele, gedeelde en kollektiewe verantwoordelikheid is 'n uitdaging wat aangespreek móét word ten einde by 'n betekenisvolle morele oriëntasie uit te kom. Soveel te meer in 'n diverse samelewing soos dié van Suid-Afrika.

6. ETIESE GEVOLGTREKKING

Hierdie studie wil graag deel uitmaak van die diskoers oor moraliteit en dan in die besonder vanuit die uitgangspunt van diversiteit op kulturele en religieuse gebied. Die slotsom waartoe gekom word, is tweeledig van aard in die sin dat daar positiewe sowel as negatiewe invloede vanuit die verskynsel van diversiteit op die samelewing se moraliteit inwerk.

Eensyds is die voorkoms van diversiteit negatief. Daar is gesien dat homogene gemeenskappe makliker funksioneer as diverse gemeenskappe. Godsdienstige verskille bring soms situasies na vore wat onversoenbaar is. Dit veroorsaak dat mense van een oortuiging kan terugtrek in hul eie religieuse omgewing en dat hulle uit hoofde daarvan op wyses optree wat vir ander onaanvaarbaar is. Godsdienstige eetgebruike kan as voorbeeld beskou word. Kulturele verskille bring ook verwydering. 'n Poligame siening van die huwelik deur een groep het teenoor 'n monogame siening deur 'n ander het byvoorbeeld bepaalde implikasies op mediese- en pensioenfondse.

Andersyds is die voorkoms van diversiteit positief. Op beide religieuse en kulturele terreine word dit wat sekere aspekte betref, verrykend beleef. Wanneer mense al hoe meer blootstelling ten opsigte van ander se oortuigings en lewenstyle beleef, kom hulle gou agter dat dit dikwels meer in het as wat hulle sou dink. Dit het betrekking op gedeelde lewenswaardes vanuit religieuse sowel as kulturele



agtergronde. Dit behels waardes soos eerlikheid, hulpvaardigheid, medemenslikheid, opregtheid en respek.

Omdat daar 'n doelgerigte strewe is om die Suid-Afrikaanse gemeenskap in sy volle omvang op te bou, bestaan die verwagting dat diverse kulture en religieë almal afsonderlik en tesame besondere bydraes kan en moet lewer om die gedeelde ideale van 'n moreel bevredigende gemeenskap te help verwesenlik. Die volgende ses aspekte word beskou as hoekstene waarop 'n stabiele samelewing waar bevredigende morele waardes uitgeleef word, gebou kan word:

6.1 BEGRIP VAN DIE SITUASIE

'n Meer deursigtige gemeenskap wat deur die nuwe demokrasie teweeggebring is sowel as groter blootstelling van die diverse kulturele en religieuse groepe aan mekaar, open 'n meer ingeligte bewussyn van die ryke diversiteit in die land. Dit maak 'n beter verstaan van mekaar moontlik sonder om die eie identiteit in te boet. Dit moet verstaan word dat verskille dieper lê as waarneembare werklikhede soos voorkoms, taal, woonplek, vermoëns en so meer. Verder moet almal deel in die wete dat daar uit die besondere situasie van diversiteit 'n werkbare sisteem tot bevrediging en voordeel van almal geskep moet word.

6.2 RESPEK VIR MEKAAR

Nadat daar kennis geneem is van die situasie van diversiteit, moet dit oorgaan tot erkenning en respek. Mense moet besef dat geen groep op grond van watter kriterium ookal superieur bokant ander staan nie. Eers wanneer daar respek vir die eie bestaan, kan daar ook respek vir die ander ontwikkel. Die basis van respek is 'n voorvereiste vir sinvolle naasbestaan.

6.3 TOLERANSIE TEN OPSIGTE VAN ANDER

Begrip en respek negeer nie verskille en moontlike gevolglike konflikte nie. Daarom is dit noodsaaklik dat botsende belange goed deurdag hanteer behoort te



word. Dit bring mee dat daar tye en geleenthede sal voorkom wanneer begrip en respek verdraagsaamheid sal eis. Sodanige sensitiewe aangeleenthede moet verkieslik deur middel van goeie kommunikasie bestuur word. Wedersydse inagneming van mekaar se unieke eienskappe en gebruike is noodsaaklik.

6.4 GEDEELDE WAARDES

Dit is nie die doel van die studie om op die besonderhede van diverse kulture en religieë se oortuigings en gebruike in te gaan nie. Tog het dit duidelik geword dat daar ooreenkomste op vele terreine van veral morele kwessies bestaan. Een van die grootste probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing is byvoorbeeld dié van misdaad wat deur alle verteenwoordigende kulture en godsdienste veroordeel word. Daarteenoor is almal dit eens dat welwillendheid en wetsgehoorsaamheid nagestreef behoort te word.

6.5 DOELGERIGTE DEELNAME

Isolasie van ander bevoordeel nie die gemeenskap nie. Daarom behoort diverse groepe saam te staan en met doelgerigte projekte en programme vorendag te kom wat die moraliteitskrisis in die land kan aanspreek. Leiers moenie net protesaksies onderneem nie, maar kom met daadwerklike probleemoplossings en geleenthede skep en benut om saam met ander die verskil te maak.

6.6 HOOPVOLLE VOORUITSIGTE

Vanweë sy besondere geskiedenis en die gepaardgaande ervaring wat oor meer as drie en 'n half eeue opgebou is, beskik Suid-Afrika oor die nodige kennis, insig en hulpbronne om kreatief mee te werk aan 'n gelukkige en geslaagde gemeenskapslewe ten spyte van soveel probleme en spanning wat diversiteit teweegbring. In soverre al die rolspelers op die terrein van moraliteit eenstemmig vanuit hul eie en unieke vertrekpunte meewerk, bestaan daar 'n hoopvolle vooruitsig om die nodige verskil te kan maak. Hoewel sukses op die terrein van

moraliteit van die bydraes en insette van talle instansies afhang, word daar in die volgende hoofstuk gekyk na die rol van die Christelike kerk in dié verband.

7. SAMEVATTING

Dié hoofstuk erken vier lewens- en wêreldbeskouings wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig word : Afro-Arabiese, Afrosentriese, Westerse en Diverse marginale gemeenskappe. Gevolglik word morele gedrag vanuit genoemde werkliheidsbelewenisse wat godsdienstige en kulturele inhoude het, beïnvloed. Daarbenewens vind voortdurende interaktiewe skakeling plaas wat verdere dinamika aan die gedrag van mense heg. Verskynsels soos sekularisasie, sinkretisme, ateïsme en agnostisisme kom ook voor. Nie een van bogenoemde fenomene is egter absoluut nie, maar beïnvloed menslike denke en gedrag fundamenteel. Sekere belangrike lewensterreine wat direk of indirek deur genoemde diversiteit geraak word, is aangedui en bespreek. Ten slotte is die belangrike aangeleentheid van verantwoordelikheid hanteer. Dit funksioneer op persoonlike- sowel as kollektiewe vlak.



HOOFSUK 8

‘N UITDAGING VIR DIE KERK

1. INLEIDING

Wanneer daar vanuit Christelike perspektief oor moraliteit besin word, word in gedagte gehou dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap veel wyer strek as die Christendom of kerk. Dit is ook waar dat die sekulêre bewussyn tans die etiese onderbou uitmaak wat die staatsbestel betref. In die voorafgaande is daar onder andere erns gemaak met ander religieë en filosofiese denkrigtings wat almal moreel-etiese implikasies vir hul betrokkenheid in die wêreld inhou. Dus word die morele grondslag in die land deur ’n groot verskeidenheid denke en oortuigings beïnvloed.

Desnieteenstaande is dit betekenisvol om in gedagte te hou dat Christene volgens die jongste amptelike sensusstatistieke bykans 76% van die bevolking uitmaak. Enersyds plaas dié syfer ’n beduidende klem op die verwagte morele oriëntasie in die land daar die Christelike geloof so ’n groot verteenwoordiging geniet. Andersyds is die omvang irrelevant aangesien daar van Christene verwag word om ongeag hul getalle volgens Christelike norme en waardes te leef en dienooreenkomstig ’n invloed op die morele omgewing uit te oefen.

Wanneer daar in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan die uitdaging aan die kerk ten opsigte van sy roeping rakende moraliteit, wil dit allermins eksklusief gedoen word.

Eerstens bevind die kerk homself as ’n mede-rolspeler tussen ander rolspelers wat ’n gemeenskaplike opdrag deel.



Tweedens gee die kerk erkenning aan mede-rolspelers deur saam te soek na aanvaarbare waardes en insette wat 'n sinvolle bydrae kan lewer.

Derdens maak die kerk dit vir homself uit oor hoedanig sy eie morele ratwerk inmekaar steek.

In hierdie hoofstuk word op die kerk as invloedryke meganisme gefokus. Daar word gesoek na die besondere bydrae wat op innoverende en kreatiewe wyse ten opsigte van die breë gemeenskap gelewer kan word om morele waardes te kweek en te vestig. Alvorens daar by gevolgtrekkings en voorstelle uitgekóm word, word die aard, roeping en taak van die kerk bespreek. Dit dien as motiverende vertrekpunt om by die wesenlike bydrae wat hierdie studie wil lewer, uit te kom. Hoewel ruimte en aandag aan bogenoemde sake afgestaan word, is dit nie bedoel om 'n teologiese uiteensetting van die wese en werk van die kerk te wees nie. Die bespreking geskied teen die agtergrond van die morele verantwoordelikheid van die kerk.

Aangesien daar in hierdie hoofstuk gefokus word op die kerk se rol ten opsigte van morele oriëntasie in die Suid-Afrikaanse samelewing, word gekies vir 'n preskriptiewe wyse van hantering van die diskoers. Daar word vanuit die gereformeerde kerkbeskouing gedink.

2. DIE CHRISTENDOM EN DIE KERK

Hierdie twee begrippe is nie sinoniem nie. Met *Christendom* word die globale Christen-gelowige gemeenskap ongeag hul denominasionele verbintenisse of credo's bedoel. Christene is mense wat in 'n geloofsverbintenis met Jesus Christus leef. Hulle aanvaar sy onderrig soos in die Evangelies omskryf en in die res van die Nuwe Testament uiteengesit word. Christene kies dus vir 'n leefstyl waar die waardes en norme geld wat Jesus geleer het. In watter mate dit realiseer, is



debatteerbaar. Tog het die Christendom as sodanig 'n besondere rol te speel ten opsigte van morele vorming in die wêreld. Naas ander oortuigings neem dit 'n standpunt in ten opsigte van kwessies rakende menslike lewe en saamlewe in alle verbande.

Die Christendom word egter gekenmerk deur interne diversiteit op terreine soos kultuur, taal, demografie, teologiese en ander voorbehoude, hermeneutiese verskille, invloede van elders en verskille in werklikheidskonsepte. Daarom is die stemme wat die Christendom laat hoor, nie altyd eenders nie. Ten spyte hiervan bestaan daar tog 'n groot mate van eenheid in die koers na binne en die invloed na buite.

Die Christelike kerk kan beskou word as 'n bepaalde uitdrukkingsvorm van geloofswaarhede, waardes en beginsels uit die Christendom wat in 'n sisteem georganiseer word. Die volgende aanhaling sluit hierby aan en behandel die verskynsel van die kerk in meer uitgebreide terme:

The concept of the Church is basically influenced by the form of the Church at any given time. All too easily the Church can become a prisoner of the image it has made for itself at one particular period in history. Every age has its own image of the Church, arising out of a particular historical situation; in every age a particular view of the Church is expressed by the Church in practice, and given conceptual form, *post hoc* or *ante hoc*, by the theologians of the age. At the same time, there is a constant factor in the various changing historical images of the Church, something which survives however much the history of mankind, the Church and the theology may vary, and it is on this that we must concentrate. There are fundamental elements and perspectives in the Church which are not derived from the Church itself; there is an "essence" which is drawn from the permanently decisive origins of the



Church. This constant factor in the history of the Church and of its understanding of itself is only revealed in change ; its identity exists only in variability, its continuity only in changing circumstances, its permanence only in varying outward appearances. In short, the "essence" of the Church is not a matter of metaphysical stasis, but exists only in constantly changing historical "forms".

(Küng, 1981:4)

Volgens hierdie insig is die kerk 'n dinamiese organisme wat deurlopend aan die verander is ten einde in die wêreld tuis te kom en die wêreld op 'n kontemporêre wyse te dien. Die kerk moet dus die goddelike evangelieboodskap op 'n relevante wyse leef en uitdra. Ingeslote hierby is die insette op moreel-etiese gebied wat nooit dwingend, maar eerder illustratief en uitnodigend inwerk. Die kerk kan dus as 'n georganiseerde verskyningsvorm van die Christendom beskou word. (Bright 1981 : 255)

3. DIE KERK IN VERHOUDINGS

Die kerk is verhoudingsmatig waar die volgende drie verhoudinge primêr van groot belang is :

(Heyns 1977 : 66 ev)

3.1 IN VERHOUDING MET GOD

Die Christelike kerk bely 'n persoonlike God wat Homself openbaar in drie persone, Vader, Seun (Jesus Christus) en Heilige Gees. Vanweë sy liefdevolle genade tree God met die mens in 'n verhouding met die belofte dat God op grond van sy almag en genade vir die mens (sy kerk) 'n versorgende Vader sal wees. Die mens se aandeel bestaan in geloof en gehoorsaamheid wat in die navolging van Jesus

Christus tot uitdrukking kom. Dit het betrekking op die mens se totale lewe in alle verbande. Vandaar die etiese voorveronderstelling waarmee Christene leef.

3.2 IN VERHOUDING MET HOMSELF

Die kerk vind sy identiteit in Jesus Christus deur wie hy geroep is tot volgelingskap en diens. Om uitdrukking daaraan te gee, gebruik die Bybel verskillende metafore wat onder andere die diversiteit binne die kerk omskryf. Een van die uitdrukkingsvorme van diversiteit binne die kerk is die bestaan van verskillende Christelike kerkgenootskappe. Elkeen vind sy bestaansreg in eie, unieke leerstellings, historiese agtergrond, eiesoortige spiritualiteit, diensterrein, besondere roeping of ander eiesoortigheid. Dit hef nie die eenheid van die kerk op nie, maar aanvaar die verskeidenheid wat op meervuldige terreine bestaan. Dit is die manier hoe die kerk in 'n diverse leefwêreld tuiskom. Verhoudings binne die kerk moet egter die gees van broederlike liefde en eensgesindheid adem. Die getuienis wat daaruit voortkom, moet dus die veelkantigheid, maar ook die eenheid van die kerk uitbeeld. Organisasories staan die kerk in ekumeniese verhoudings onderling. Hierdie verband moet daarop gerig wees om die boodskap van die kerk eenstemmig ten spyte van onderlinge verskille uit te dra.

3.3 IN VERHOUDING MET DIE WÊRELD

Die kerk bestaan ter wille van God, homself, maar ook die wêreld in dié sin dat hy na die wêreld gestuur is met 'n taak. Om sy taak te kan uitvoer, veronderstel 'n bepaalde soort verhouding en dié verhouding is een van solidariteit. Nooit mag die kerk dus neersien op die wêreld of voorskriftelik of gebiedend optree nie. Met dieselfde problematiek waarmee die wêreld worstel, worstel die kerk ook en dieselfde dinge wat die wêreld bedreig, bedreig ook die kerk. Kollektief noem die kerk sommige van dié bedreigings "sonde" daar dit volgens die kerk se morele standaard wat deur die Bybel bepaal word, as sodanig beskou word.



Benewens die solidêre aard van die verhouding tussen kerk en wêreld, is die verhouding egter ook krities in dié sin dat die kerk nooit dinge soos onreg, wreedheid, misdaad, vergryp of watter ondeug ook al mag goedkeur nie. Die kerk moet dit met hand en tand beveg en die wêreld aanspoor om dit ook te doen.

4. DIE ROEPING EN TAAK VAN DIE KERK

Daar word doelbewus gekies vir die term 'roeping' omdat die kerk glo dat dit God is wat as eksterne bron die kerk beklee met 'n goddelike missie. Dit is terselfdertyd ook 'n dringende aardse opdrag wat hier volvoer moet word. In navolging van Jesus Christus, die Hoof van die kerk, is dit 'n omvattende roeping wat op alle lewensterreine inwerk. (Küng, 1981: 388)

Primêr word die kerk in die wêreld uitgestuur om mense aan die koninkryk van God bloot te stel en daartoe op te roep. Dit impliseer geloof in die God van die Bybel. Sekondêr is die kerk geroep om lewensveranderend op te tree in die sin dat die kerk self, maar ook die wêreld moet verander. Daar moet afstand gedoen word van bose en vernietigende gedrag en die goeie en positiewe moet bevorder word. Hiervan vorm die waardes en norme van die Bybel die grondslag. Dit moet egter nuut geïnterpreteer word in aansluiting by die tyd en omstandighede waarin kerk en wêreld hulle bevind. Daarom is 'n goed wetenskaplike hermeneutiese model waarvolgens Bybelse beginsels geïnterpreteer word, noodsaaklik. Verder moet die kerk die moed van sy oortuiging hê om kwessies onverskrokke, maar ook weldeurdag, diskreet en relevant aan te spreek. Die kerk het dus 'n profetiese taak wat na binne sowel as na buite gerig word.

Die kerk se sekondêre taak lê op die terrein van diens. Dit is inherent aan die Christelike lewens- en wêreldbeskouing dat die nood van die wêreld deur liefdesdiens aangespreek moet word. Dit gaan dus nie net om woorde nie, maar

ook om dae. Hierdeur toon die kerk sy empatiese solidariteit met alle mense ongeag wie of wat hulle is. (Küng, 1981 : 393)

5. DIE EENHEID VAN DIE KERK

Die eenheid van die kerk vind sy begroning veral in die *volk* metafoer in die Ou Testament en die *liggaam* en *gebou* metafore in die Nuwe Testament. Een van die sentrale temas in die gebed van Jesus volgens Johannes 17 is ook dié van eenheid.

Daar is waarskynlik geen twyfel oor die eenheidsgedagte onder Christene waar dit by die kerk kom nie. Waar dit egter by die praktiese gestalte van die kerk kom, is daar baie verskillende oortuigings. Daarom word daar onderskeid getref tussen die sogenaamde *wesenlike eenheid* en die *institusionele eenheid*.

Vanweë die voorkoms van diversiteit, individualisme, pluralisme en selfs fragmentisme in die wêreld én die kerk kan die vraag tereg gevra word of praktiese eenheid in die kerk enigsins moontlik is en of dit werklik nodig is. Dit is die vrae waarop professor Dirkie Smit in 'n lesing oor eenheid in die kerk en die gemeenskap reeds op 14 Maart 2003 op Stellenbosch gereflekteer het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat sigbare eenheid vanweë die wese en eie aard van die kerk wel hoë prioriteit geniet. Daar is egter 'n voorbehoud wat betref die motief van 'n eenheidsproses. Dit moet vir die kerk gaan oor diep spirituele, geestelike koinonia en geloofsgemeensamheid teenoor 'n pragmatiese en polities-gedrewe noodsaaklikheid. Hy beskou dit teen die agtergrond van die moeisame herenigingsproses van die familie van NG Kerke. Werklike eenheid gaan nie oor uniformiteit nie, maar oor opregte deelgenootskap wat betref geloof, versoening, getuienis en diens. Dit is op hierdie terreine waar die wêreld die geloofwaardigheid van die kerk soek.



6. DIE KERK EN MORALITEIT

Bogenoemde twee fundamentele take van die kerk is moreel-eties gegrond. Hoewel die Bybel nie as 'n wettiese reëlboek beskou mag word nie, het dit besliste etiese implikasies vir die lewe van elke dag.

6.1 HISTORIESE AGTERGROND

Die kerk vind sy bestaansreg so ver terug as God se verhouding met die mense van die antieke Israel waarvan die vroeë Christelike kerk 'n voortsetting was. In Jesus Christus het die verhaal van God met die mense 'n nuwe vlak bereik. Met dié oortuiging as motivering het die vroeë Christene in die evangelie van Jesus omvattende implikasies vir die lewe ontdek wat 'n omwenteling in die etiese denke van hul tyd ontketen het. Dit is later deur Paulus in die lig van die sterwe en opstanding van Jesus sowel as die werking van die Heilige Gees gherinterpreteer vir die mense van sy tyd. (Grenz, 1997:97-128) Die vroeë kerk van die 2de en 3de eeue n.C. het die etiese implikasies daarvan aanvaar en gaandeweg het dit in die tye wat sou volg, Christelike lewenspraktyk geword wat deur die kerk uitgeleef is.

6.2 MORELE INTEGRITEIT

Alvorens die kerk sy morele verantwoordelikheid in die wêreld opneem, moet hy eers vir homself uitmaak waar hy ten opsigte van sy eie oortuigings en belydenisse staan. Tye en omstandighede verander. Wetenskaplike kennis neem toe. Mense se leefwêreld verander. Sodanig ook hul behoeftes en ervarings. Daarbenewens ontwikkel Bybelse insigte na gelang daar gevorder word op die pad van teksontleding, argeologiese navorsing en die verstaan van die antieke teenoor die moderne. Die tydsgees en werklikheidsbelevensisse van mense verskil ligjare

van dié van die mense in antieke tye. Die kerk werk dus midde-in 'n diverse en dinamiese omgewing.

Nogtans erken die Christelike kerk die Bybel as die Woord van God. Dit is die bron van kennis oor God en sy skepping wat sy wil vir die mense wil uitspel ongeag talle veranderlikes. Dit impliseer egter nie dat etiese beginsels gewoon vanuit hul omstandigheid van herkoms op huidige kwessies ongeïnterpreteer oorgedra mag word nie. Die grootste uitdaging lê juis daarin om inhoud aan die hede te gee vanuit die kennis en ervaring van die verlede. Maar dan op 'n relevante en kontemporêr aanvaarbare manier. (Jonker, 1994 : 29)

Met bogenoemde twee argumente in gedagte het die kerk die taak om baie omsigtig met sy verstaan van moraliteit vanuit Bybelse perspektief om te gaan. Dit omvat sieninge oor fundamentele kwessies sowel as die oënskynlik nietige. Die kerk moet dus eerlik wees met die Woord, met homself en met sy omgewing. Die Bybel en verwante geestelike literatuur is dus nie die enigste rigtinggewende bronne waaruit die kerk sy morele gerigtheid bepaal nie. Werklikhede soos die ekologie, ekonomie, sosiologie, psigologie en ander dissiplines ontlok op hul beurt reaksie by die kerk om mee te spreek in die daaglikse lewensprosesse van mense en sake. Die verhouding tussen die kerk en die teologie is natuurlik van die allergrootste belang terwyl dit onthou word dat die teologie homself as wetenskap met Bybelse en buite-bybelse kennis besig hou.

Hierdie argumente voorveronderstel die morele gerigtheid van die kerk na buite en is die ononderhandelbare basis vir sy geloofwaardigheid.

6.3 DIE MORELE STEM VAN DIE KERK

Die kerk het oor die eeue heen 'n erkende staanplek in die breë gemeenskap geniet waar hy op die morele vlak gerespekteer is. Daar was tye dat die rol van



die kerk meer op die voorgrond was as in ander tye. Dit was afhanklik van die betrokkenheid van mense se lewens by die kerk sowel as die prominensie wat deur die owerhede, media en so meer aan die kerk verleen is.

Namate die sekularisasieproses al hoe meer toegeneem het, het die statuur wat die kerk in die oë van die wêreld beklee het, begin kwyn. In al hoe mindere mate word daar gevra na die kerk se standpunt oor morele aangeleenthede en wanneer die kerk van sy kant insette probeer maak deur voorstelle of besware, word daar nie met dieselfde aandag en sensitiwiteit as in die verlede daarna geluister nie. Wanneer besluite oor dié sake geneem word, word dit dikwels sonder inagneming van die kerk se standpunte of insette gedoen. Die terrein waar dié toedrag van sake die duidelikste uitstaan, is dié van sensuur wat om alle praktiese redes nie meer in Suid-Afrika bestaan nie.

Die diverse werklikheid wat godsdiens en kultuur betref is nou reeds 'n deurtrapte tema. Dit het wat die morele invloed van die kerk betref, uit die aard van die saak besondere implikasies. Vanaf 'n alleenmandaat (om dit so sterk uit te druk) in die vorige politieke bedeling wat morele uitsprake betref, het die kerk nou een van vele rolspelers geword. Naas ander godsdienste is daar byvoorbeeld ook nog die media wat met sensasiesoekende materiaal dikwels by algemeen aanvaarbare norme verbygaan. Verskillende kulture en kontemporêre lewensgewoontes lê ongeskrewe gedragsreëls neer wat soms maar twyfelagtig van aard is en beslis nie strook met die morele waardes wat die kerk huldig nie.

7. BESONDERE EIETYDSE UITDAGINGS

7.1 HOOPLOSE KRISIS?

Suid-Afrika se moraliteitskrisis is meer omvattend en ernstig as wat op die oog af beskou word. Elke terrein van die samelewing word intens daardeur geraak. Elke persoon wat in die land woon, word ook daardeur geraak. In 'n artikel oor die

bydrae van die Afrikaanse kerke ten opsigte hiervan skryf professor Etienne de Villiers:

Die morele krisis in ons samelewing lê veel dieper en is veel meer omvattend as die hoë voorkoms van misdaad. Die misdaad is slegs die punt van die ysberg van ons morele krisis. Die gebrekkige morele kwaliteit van baie huweliks- en gesinsverhoudings (die hoë voorkoms van egskedings, buite-egtelike verhoudings, geweldsaanwending teen huweliksmaats en kinders en die seksuele misbruik van kinders) maak ook deel uit van die morele krisis. So ook die baie voorbeelde van laksheid by onderwysers, verpleegsters en ander beroepsgroepe in die uitoefening van hulle beroepspligte waarvan ons in die koerante lees. Die groeiende aantal mense wat HIV geïnfekteer is, hang onlosmaaklik saam met grootskaalse losbandige seksuele gedrag.

Wend 'n mens 'n poging aan om die morele krisis te ontleed, kom 'n mens gou onder die indruk hoe 'n ingewikkelde verskynsel dit eintlik is. Die morele krisis bestaan deels daarin dat Suid-Afrikaners uiteenlopende opvattinge huldig oor wat moreel reg en verkeerd is. Dit bestaan ook in die opvallende onvermoë van baie om dit wat hulle as moreel juiste optrede sien, ook daadwerklik uit te leef. Daarby kom die bewustelike verset van sommige teen die oorgelewerde moraal van die kulturele of godsdienstige groepe waartoe hulle behoort. Wat ook opvallend is, is die toenemende onsekerheid wat baie mense ervaar oor wat nou eintlik moreel reg of verkeerd is.

(De Villiers, 2000:442)

Prof. de Villiers staan 'n paragraaf af aan die oorsaaklikheid van die moraliteitskrisis en sonder die volgende sake uit: armoede, ekonomiese ongelykheid, verstedeliking, trekarbeid, ontwrigting van tradisionele waardes, kultuur van geweld in veral die swart woonbuurtes, opskorting van morele

oortuigings, gevolg van die transformasieproses in die land, waardes van 'n vrye mark ekonomie, die grondwetlike skeiding tussen kerk en staat.

Hierdie (en baie ander) oorsake en gevolglike voorkoms van grootskaalse morele verval kan mens radeloos en moedeloos laat. Sommige mense gooi handdoek in en verlaat die land. Ander open vir hulleself egter 'n nuwe perspektief en slaag daarin om uit die morele ruïnes op te staan en met nuwe moed, hoop en daadkrag iets wat nuut en beter is, te skep. Die kerk as die gestalte van God se koninkryk staan in 'n gunstige posisie om hierin die voortou te neem. Dit is steeds waar ten spyte van foute uit die verlede, die onvolmaaktheid van die kerk of die minder gunstige plek wat die kerk tans in die samelewing bekleed. Om daaraan uitvoering te gee, moet die kerk aandag aan die volgende sake gee:

7.2 HERWAARDERING VAN DIE KERK SE IDENTITEIT, ROEPING EN TAAK

Die kerk is God se verteenwoordigers op die aarde. As navolgers van Jesus Christus heers die kerk saam met Hom oor die bese. Daarom is daar niks te vrees nie. Om te heers beteken egter nie net om te wees nie, maar ook te doen. Die kerk kan min uit sy eie doen, maar saam met Christus doen die kerk mee aan baie dinge. Dus moet die kerk met nuwe ywer en entoesiasme erns maak met sy godgegewe roeping deur al hoe meer te wees wat hy reeds is. Dan kan die taak van die kerk eers effektief tot sy reg kom. Hierdie is die noodsaaklike vertrekpunt van die kerk se werk wat vanuit die Bybel as God se Woord begrond word. (Küng, 1981 : 125)

Enkele aanhalings uit die Pauliniese geskrifte wil bogenoemde menings bloot bevestig:



- TEOLOGIESE BEGRONDING volgens Efesiërs 1:3-5

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.

- CHRISTOLOGIESE BEGRONDING volgens Efesiërs 5:1-2

Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja 'n offer wat vir God aanneemlik was.

- PNEUMATOLOGIESE BEGRONDING volgens Efesiërs 4:30

En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.

- SOTERIOLOGIESE BEGRONDING volgens Kolossense 3:1-4

Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewen na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlijkheid deel.

- ESKATOLOGIESE BEGRONDING volgens 1 Tessalonisense 5:1-5

Oor die tyd en omstandighede wanneer hierdie dinge gaan gebeur, is dit nie nodig om aan julle te skrywe nie, broers. Julle weet self maar alreeds goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag. Wanneer die mense sê: "Alles is rustig en veilig," sal die ondergang hulle skielik oorval soos



geboortepyne 'n swanger vrou, en niemand sal ontkom nie. Maar, broers, julle leef nie in die duisternis nie; dié dag sal julle nie soos 'n dief oorval nie. Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.

- EKKLESIOLOGIESE BEGRONDING volgens Efesiërs 4:25

Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

7.3 DIE BEHOUD VAN WESENLIKE OORTUIGINGS

Die kerk werk met 'n belydenisgrondslag wat in belydenisskrifte en ander kerklike dokumente verwoord word. Dit is nie blote geskrifte wat maar net iewers op 'n rak staan nie, maar wat daagliks in die lewe van die kerk prakties moet funksioneer. Verder word die praxis van die kerk by kerkvergaderings bespreek en deur goedgekeurde besluite ten uitvoer gebring. Die manier waarop die kerk die Bybel verstaan, en hoe dit in die daaglikse kerkwerk neerslag moet vind, word op hierdie wyse hanteer. (Jonker, 1994 : 8)

In 'n poging om relevant te wees in 'n snel veranderende omgewing, bestaan die gevaar dat die kerk hierdie fundamentele onderbou kan prysgee. Benewens dié argument, hang die kerk se geloofwaardigheid ook af van sy substansie. Dit is dus ter wille van die getuienisgeleentheid noodsaaklik dat die kerk homself vertoon as dit wat hy inherent is. Verder is dit waar dat die wêreld teenoor wie die profetiese stem en die medemenslike hulpverlening uitgaan, die insig openbaar om die kerk te respekteer vir wie hy is. Wanneer die kerk homself beskikbaar stel om 'n bydrae te lewer in die morele oriëntasie van die Suid-Afrikaanse nasie, moet die motief inderdaad ook 'n morele motief wees. Die kerk moet dit doen omdat hy dit vanuit 'n eerlike oortuiging van hart doen en geen ander bymotief nie. In die Suid-Afrikaanse opset is dit van groot noodsaak omdat daar steeds 'n mate van

agterdog jeens die kerk in die gemeenskap te bespeur is. 'n Eerlike motief maak die insette wat die kerk lewer van soveel meer waarde omdat dit so vreemd aan die wêreld en eie aan die kerk voorkom. (Heyns, 1977 : 165)

7.4 AANVAARDING VAN 'N NUWE SPEELVELD

Dit is waarskynlik vanweë omvangryke veranderinge in die leefwêreld van mense dat hul morele gedrag ook deurentyd verander. Die psigiese, sosiale, godsdienstige en etiese omgewing waarin mense tans funksioneer, verskil in baie opsigte hemelsbreed van dié van die vorige geslag. Dié enersyds ontstellende, maar andersyds opwindende werklikheid is reeds breedvoerig genoeg bespreek. Wat hier van belang is, is om te verstaan dat die kerk nie bloot moet kennis neem van die tyd waarin hy leef en van al die kragte wat werk nie, maar dat hy daarmee sal identifiseer en dit ook sal omarm as 'n besondere omstandigheid en geleentheid. Die kerk moet daarin tuiskom. Die kerk moet kind van sy tyd wees en die kinders van sy tyd verstaan. Verder moet die kerk insien dat hy ter wille van die wêreld bestaan en nie andersom nie. (Niemandt 2007 : 87)

Wat ewe belangrik is, is dat die kerk hom sal herposisioneer ten opsigte van sy godgegewe rol. Wat eens meer op die terrein van die bewaking van die sedes geval het, moet oorgaan in die gestaltegewing van die koninkryk van die hemel. Daar is 'n fundamentele verskil tussen die twee benaderings. Eersgenoemde laat die klem val op 'n kritiese beoordeling (of selfs veroordeling) van mense se doen en late. Laasgenoemde benader die werklikheid vanuit 'n deelnemende perspektief waar Christene in die wêreld meeleeft as navolgers en diensknegte van Jesus. Dan leef mense oorwinnend en word die wêreld ten goede verander deur die wyse waarop omstandighede en probleme hanteer word.

Die kerk kan vanweë goeie redes homself uitgerangeer beleef as gevolg van die mindere aansien wat hy in die samelewing geniet. Tog kan die kerk hierdie

negatiewe belewenis benut deur al hoe meer te word dit wat hy inderwaarheid is en behoort te wees. Die ou Bybelse beelde van sout, lig en suurdeeg moet nuut geklee word.

Dit is belangrik dat die kerk sal besef dat hy nie die enigste rolspeler op die terrein van moraliteit is nie. Daar is medewerkers, maar ook opponente. Medewerkers is ander godsdienste met wie sekere morele waardes gedeel word, sekere regerings- en nieregeringsorganisasies, opvoedkundige instellings, bepaalde sektore van die media, publikasies en nuusblaaië, die nywerheid en sakesektor en so meer, Daarom is kontak en kommunikasie na buite verskriklik belangrik.

Hierdie nuwe speelveld is van 'n meer diverse aard as ooit tevore. Baie meer etniese, taal-, kultuur-, godsdienstige en ander groepe geniet erkenning as voorheen. Voorbeelde hiervan is homoseksuele organisasies, vakbonde, politieke drukgroepe en omgewingsbewustes. Almal poog om hul besondere sake te dien en invloed te uitgeoefen te kry waarvan almal op die een of ander wyse morele kwessies aanspreek en standpunte huldig. Hoewel die kerk hom in 'n eiesoortige kategorie beleef, is hy in die oë van ander net nog 'n organisasie tussen baie ander. Desondanks het die kerk na aanleiding van sy aard 'n besondere rol om te speel en moet hy dit besef.

7.5 BEREIDHEID TOT VERNUWING EN AANPASBAARHEID

Die volgende fundamentele veranderings raak die morele omgewing in Suid-Afrika intens:

- 'n Splinternuwe staatsbestel waar daar dramaties oorbeweeg is van 'n apartheidsregering na 'n demokratiese regering.
- 'n Gevolglike paradigmaskuif vanuit 'n Westers-Christelik georiënteerde gemeenskapslewe na 'n oorwegend Afrosentriese benadering.
- 'n Sekulêre staatsbestel teenoor 'n Christelike staatsbestel.



- Volledige integrasie in werkplekke, woonplekke, skole en openbare plekke.
- 'n Post-moderne tydsgees waar onsekerheid in die plek gekom het van die sekerhede van die modernisme.
- Die oplewing van kulturele diversiteit op sekere terreine te midde van die verwatering op ander.
- Al hoe groter wordende gaping tussen ryk en arm met ingewikkelde gevolge.
- Ongekende toename in geweld, misdaad, materialisme en vervlakking van morele waardes.
- Degenerasie van infrastruktuur in die land.
- Grootskaalse verstedeliking en onbeheerde toename in onwettige immigrante uit buurlande met enorme ekonomiese en sosiale probleme.
- Ongekende ekonomiese groei gevolg deur deelgenootskap aan 'n ernstige internasionale resessie.
- Aanhoudende magstryde op politieke en ander gebiede soos die politieke en sportomgewing met gevolglike leierskapskrisisse.

'n Kombinasie van bogenoemde veranderinge skets die prentjie van die omgewing waarbinne die kerk sy taak moet volvoer. Dit bring mee dat die kerk hom al hoe meer ten opsigte daarvan sal moet oriënteer. 'n Belangrike sleutelwoord is 'aanpasbaarheid'. Die invalshoek waarmee en die vlak waarop die kerk in die wêreld moet inspeel, moet by die nuwe leefwêreld van mense aansluiting vind. Dit beteken dat die styl van die kerk daarmee in pas sal wees. Die kwessies wat die kerk aanspreek, moet relevant wees. Dit moet verklank word in die idioom wat die wêreld verstaan.

7.6 NOODSAAK EN DRINGENDHEID

Die tyd toe die staat enkelvoudig vanuit 'n Christelike grondslag die morele koers in die land by wyse van wetgewing en ander middele beplan en bestuur het, is verby. Tans laat die staat baie dinge in die naam van demokrasie toe. Dit bring



mee dat daar nie meer duidelike riglyne bestaan nie. Die gemeenskap is meer 'oop' wat beteken dat mense in 'n veel groter mate oor hul eie wel en weë beskik. Gevolglik word waardes op lossere gronde gebou wat meebring dat daar ook in die waardestelsels van verskillende mense en instansies 'n groot mate van diversiteit bestaan. Dit wil egter ook nie impliseer dat alles in die vorige bedeling altyd moreel in plek was nie.

Hoewel die kerk een van vele rolspelers op die morele front is, neem dit niks weg van die dringende noodsaak van sy unieke profetiese rol nie. Inteendeel, dit bevestig dit en bring 'n veel groter verantwoordelikheid teweeg. Ten spyte van die feit dat die kerk hom soms alleen en in die koue mag bevind wat sekere sake betref, sal hy juis as gevolg daarvan sterker standpunt moet inneem. Daar is reeds gewys op die behoud van wesenlike oortuigings waaraan die kerk te alle tye getrou moet bly. Dit bevestig nie net sy taak nie, maar verleen geloofwaardigheid aan sy posisie en rol. Dit is gegrond in sy godgegewe opdrag, liefdevolle bewoënheid oor die gemeenskap waarvan hy deel uitmaak en besorgdheid oor die nood van 'n groter wêreld.

8. TOEKOMSPERSPEKTIEF

Die kerk is altyd toekomsgerig aangesien hy die medebouer is aan die koninkryk van God. Daar word dus nie teruggegaan op ou weë nie. Die toekoms word telkens met nuwe passie en toewyding betree met die verwagting dat dit beter moet wees as die verlede. Gestaltes daarvan is reeds sigbaar en moet deur die kerk al hoe meer sigbaar gemaak word. Daardeur neem die kerk ander rolspelers sowel as die onregpleërs en slagoffers van die morele benouendheid mee op die pad van 'n hoopvolle toekoms.



8.1 INNOVERENDE UITSIG

Hoewel die kerk homself op bekende bane tuis voel en hy in die verlede aan die hand van bepaalde werkswyses sukses behaal het waar dit by sy taak van morele leiding kom, sal hy wat die toekoms betref, sekere drastiese paradigmaskuiwe moet maak. Hy sal byvoorbeeld minder veroordelend en meer akkommoderend te werk moet gaan. Hy sal minder na binne, maar meer na buite gerig moet wees. Hy sal oor baie dinge nuut en vars moet dink. Hy sal ook moet toelaat dat nuwe teologiese insigte sy denke verlig al druis dit in teen ou opvattinge. Ook wat sy *modus operandi* betref, sal hy moet improviseer. Gemeentelike bedieningstyle sal moet aanpas by die omstandighede van die tyd. Om dieselfde resultate as in die verlede te behaal, sal sy manier van dink en doen vars en nuut moet word. Die kerk sal nuwe brûe moet bou wat hy moet afbrand nadat dit oorgesteek is. Volgens prof. Nelus Niemandt sal die kerk al hoe meer verbeeldingryk moet dink en doen. Hy skryf : "Verbeeldingskrag is die beeld van God (imago Dei) in ons." (Niemandt, 2007 : 112) Op die gebied van kerklike en gemeentelike vernouing is daar oor die laaste twee dekades baie gepraat, geskryf en gedoen. In baie gevalle het dit reeds oorvloedige vrug afgewerp.

8.2 ONTDEKKING EN ONTGINNING VAN GELEENTHEDE

Die kerk mag dalk verstom staan oor die magdom geleenthede wat bestaan. 'n Verandering in benadering soos hierbo beskryf, behoort die kerk by nuwe vennote en geleenthede uit te bring. Solank die kerk op sy morele verantwoordelikheid fokus en besef dat dit 'n fundamentele verskil in die moreel van die lewens van die hele land se mense moet en kan maak, sál die deure daarvoor oopgaan. Tans bestaan daar baie welwillendheid en 'n verwagting dat die kerk sy plek sal volstaan en sy invloed sal laat geld. Verrassend genoeg bestaan dit ook op lewensterreine waar die kerk dit die minste verwag. Bestaande kanale soos die

media, verklarings, studiestukke en amptelike besluite moet benut word. Kommunikasie na binne en buite is uiters belangrik. Die meeste Christelike kerke beskik oor departemente vir openbare betrekkinge wat ook met die owerhede skakel. Dit moet op 'n effektiewe manier benut word.

Te midde van teologiese verskille op bepaalde tegniese punte en werksywes doen kerke baie moeite met navorsing op die wye spektrum waarop die teologie betrekking het. Die sentrale fokus daarvan moet 'n beter verstaan van Bybelse waarhede en aardse werklikhede wees. Behoorlik gegronde argumente wat in die daaglikse lewens van mense realiseer, skep helderheid en nuwe insigte wat positief op hul lewens inwerk.

8.3 SKEPPING VAN GELEENTHEDE

Die kerk moet die waagmoed aan die dag lê om geleenthede wat nie bestaan nie, te skep. Dit kom selde of ooit vanself. Dus moet die kerk by wyse van sy leierskap, maar ook elke lidmaat op sigself op grond van die kerk se goddelike opdrag hom nie opdring nie, maar met selfvertroue en integriteit laat geld. Die kerk hét oplossings en antwoorde vir etiese vraagstukke. Dit mag nie ongehoord bly nie. Nuwe kanale moet daarvoor oopgemaak word. Die kerk leef in 'n opwindende tyd wat die tegniese kommunikasiemedia betref. Saam met die sekulêre wêreld moet die kerk op die voorpunt daarvan wees.

Die grootste uitdaging van die kerk in hierdie verband is om in 'n kerkvreemde omgewing hoorbaar te word. Die mees effektiewe wyse waarop die kerk dit kan doen is deur die woorde en dade van die kerk, met ander woorde deur die lewens van die lidmate. Hulle is die mense wat hulleself daaglik op hierdie vreemde plekke bevind en wat persoonlik in navolging van Christus al hoe meer diensbaar moet word.

8.4 HOOPVOLLE VERWAGTING

Die kerk is die draer van hoop omdat die hoop vir die wêreld in die evangelieboodskap gevind word. Dit is ten diepste 'n eskatologiese hoop wat ook die bron van hoop vir die hede en die onmiddellike toekoms word (Moltmann, 1994:131). Hierin lê die motief vir die kerk om ten spyte van diversiteit met sy lewensveranderende taak voort te gaan en dit ook op nuwe en opwindende wyses te doen. Sonder om in 'n waan van illusie te leef, moet die kerk oorwinnend sy bestaan en roeping vier. Daar moet kennis geneem word van sukses wat behaal is sowel as mislukkings. Regstellings moet gemaak word te midde van 'n voortdurende proses van aanpassing en vernuwing.

8.5 'N NUWE NUWE SUID-AFRIKA

Die studie het uitgewys dat die sogenaamde nuwe Suid-Afrika toe nie so nuut is nie, veral nie ten opsigte van sy moraliteit nie. Die teendeel is eintlik waar. Daar word toegelaat dat die diversiteit wat betref godsdienste en kulture, maar ook op ander terreine negatief op die moraliteit inwerk. Die nuwe Suid-Afrika smag dus daarna om moreel nuut te word. In 'n groot mate rus die 'nuut word' van die land in die hande van die kerk. Dit maak aanspraak op die kerk se verantwoordelikheid om dié uitdaging te aanvaar. Daarom moet die kerk lewensveranderend ingestel wees. Sogenaamde regstellende aksie moenie net polities van aard wees nie, maar ook moreel van aard. Die kerk behoort die voortou daarin te neem.

9. ALTERNATIEWE BENADERINGS TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE KERK

9.1 PUBLIEKE TEOLOGIE

Volgens Clive Pearson se artikel op die webblad van die *Public and Contextual Theology Strategic Research Centre*, kan ons Publieke Teologie soos volg verstaan:

Dit is 'n relatief jong dissipline wat hom besig hou met die invloed van die Christelike geloof op sosiale aangeleenthede. Dus gaan dit oor die openbare relevansie van Christelike oortuigings en leerstellings. Waar dit kom by die kerk se betrokkenheid, val die klem nie op sy evangeliese of missionêre gerigtheid nie, maar op sy deelname aan die gemeenskapslewe as sodanig. Dit vind op intellektuele en praktiese grondslag plaas en aanvaar dat die diskoers wat hanteer word, vir die ganse mensdom relevansie inhou. Die Publieke Teologie dink vanuit die Christelike geloofsperspektief met alle bestaande en deelnemende dissiplines as vennote in ag genome (www.csu.edu.au/faculty/.../theology).

Publieke Teologie se speelveld is dus wyer en veel meer omvattend as dié van sosiale teologie wat grootliks op die nood van mense ingestel is of enige ander beperkte teologiese denkrigting. Wanneer die kerk vanuit hierdie perspektief dink, neem dit die ganse wêreld as sy 'agenda' sonder om sy eie welsyn of oorlewing voorop te stel. Die kerk moet gevolglik daarop ingestel wees om op alle terreine van die samelewing tuis te kom en dáár diensbaar te wees.

Wanneer die kerk kies vir hierdie paradigma vir sy bediening, mag hy daarin slaag om die gemeenskap op 'n uitsonderlike wyse te dien en ook op morele vlak invloed uit te oefen. Dit mag egter geskied teen die verlies van sy evangeliese roeping wat volgens Matteus 28:16-20 tot die wese van die kerk behoort.

9.2 POST-RELIGIEUSE SEKULÊRE SPIRITUALITEIT

Een van die navorsingsrespondente, rev. Cedric Mayson, is 'n voorstaander van wat hy noem, *post-religious secular spirituality*. Daarmee bedoel hy 'n geestelike



bewussyn wat die produk is van verskillende religieuse invloede en uitloop in 'n sinvolle etiese en aanvaarbare wêreldse milieu, gestroop van alle historiese konfessionele verbintenisse. Dit moet volgens hom die gemeenskap help om 'n nuwe en sinvolle morele koers in te slaan wat vir almal deug.

Beskou teen die agtergrond van die diversiteit wat religie en kultuur betref, bied Mayson se idee relevante stof tot nadenke. Hy erken dat die land in 'n moraliteitskrisis verkeer en dat die oplossing nie eensydig in die religie óf die sekulêre wêreld gesoek moet word nie. Vir hom gaan dit oor 'n totale nuwe benadering waar religie tot die verlede behoort en daar nou na 'n nuwe geestelikheid gesoek word.

Die onderskeid moet egter gemaak word tussen die totale opneem (*dissolvement*) van godsdiens in 'n groter etiese atmosfeer en die beïnvloeding vanuit bestaande religieuse en kulturele sisteme op 'n groter etiese atmosfeer. Waar dit kom by die eie aard en roeping van die Christelike kerk, bly die laaste moontlikheid die gewenste te wees. Dit beteken egter dat die kerk baie sensitief sal wees ten opsigte van die wyse waarop hy in die moreel van die land inspeel. Hy moet dit nie selfgeldend en afdwingend doen nie, maar deelnemend en oortuigend. Die morele roeping van die kerk moenie verwar word met sy missionêre roeping nie. Beide behoort tot die wese van die kerk, maar verskil wat hul uitgangspunte en doelwitte betref van mekaar.

10. DAADWERKLIKE BYDRAE VAN DIE KERK TOT DIE MORELE GENESING VAN DIE SAMELEWING

Om oor die kerk se morele verantwoordelikhede en geleentheid te idealiseer en te filosofeer is beslis nie sonder waarde nie. Dit moet egter tot daadwerklikheid oorgaan alvorens daar 'n bydrae tot morele genesing kan plaasvind. Vervolgens word sodanige prosesse bespreek met die verwagting dat dit enersyds 'n bydrae

tot die kerklike gesprek oor moraliteit sal lewer, maar andersyds by die doen en late van kerke sal uitkom waardeur die land met die genesende hand van God self aangeraak sal word. Die bespreking word tweeledig gedoen:

10.1 DIE KERK SE GERIGTHEID NA BINNE

Prof Louise du Toit plaas 'n groot premie op die interne moraliteit van die kerk in samehang met die huidige sekulêre bewussyn : *"Mense moet rykdom vind in lewenskwaliteit, verhoudings, liggaamlike gesondheid en in ervarings, eerder as net in materiële goed. 'n Sekulêre of net eg menslike spirituele belewenis kan gekultiveer word as teenvoeter vir dogmatiese godsdiensoorloë en konserwatiewe sosiale agendas, en 'n terugkeer na die rykdom en diepgang van die godsdienstige tradisies kan 'n soortgelyke rol speel (dink outydse katkisasie!)."*

- Die beste vertrekpunt vanwaar die kerk sy interne morele aksie kan benader, is dié van bewoënhed. Dit beteken dat die kerk sy eie skuld ten opsigte van die moraliteitskrisis in die land sal erken. Alle kerke het in mindere of meerdere mate deel aan dié ongewenste toestand vanweë 'n verskeidenheid redes. As voorbeeld hiervan dien die sanksionering en selfs Bybelse regverdiging van die apartheidsbeleid deur die Afrikaanse en sommige ander kerke. Daar is ook talle voorbeelde van versuim op verskillende terreine. Voorbeelde daarvan is die versuim om te waarsku teen 'n materialistiese lewenstyl en uitbuiting van werkers en gevolge van die enorme afstand tussen ryk en arm, die oorsake van HIV en die verheerliking van menslike rolmodelle. Op daardie pad moet teruggegaan word en regstellings gedoen word waar dit nog nie gedoen is nie.
- Die kerk moet die immorele gedrag van sy eie lidmate identifiseer en sterk veroordeel. Dit gaan gepaard met 'n pastorale plig om nie te skroom om lidmate op te roep tot bekering van vergryp wat in die kerk 'sonde' genoem word nie. Alle



moreel onaanvaarbare optredes is natuurlik nie sonde nie. Tog moet daar morele dissipline geld selfs ook ten opsigte van die nie-so-ernstige vergrype. Hoewel dit vra vir eerlikheid en beslistheid, moet dit ook met die nodige sensitiwiteit gepaard gaan. Korrupsie deur kerkmense en gesinsgeweld, hoe subtiel dit ookal in gelowige huise mag voorkom, moet uitgewan word. Lidmate moet begelei word om te verstaan dat hulle persoonlik én kollektief aandadig is aan sosiale wanorde en dat hulle nie net die verantwoordelikhede daarvoor moet aanvaar nie, maar ook daarvan afstand moet doen.

- Aangesien morele waardes veral tydens kinderjare gevestig word, moet kategetiese onderrig en opvoedingsprogramme aan kinders en ouers daarin slaag om Bybelse norme in die lewens van kinders te vestig. Toerustingsmateriaal moet die ontwikkelings- en bevatlikheidsvlakke van die onderskeie ouderdomsgroepe deeglik in ag neem. Daar moet ook begrip wees vir die besondere omstandighede van kinders. Dit is ongelukkig 'n werklikheid dat baie kinders in gebroke of saamgestelde huishoudings opgroei en gevolglik 'n groot mate van ontwrigting beleef. Waar daar nie begrip is vir dié besondere lewensomstandighede nie, sal die invloed van die kerk nouliks tot sy reg kan kom. Dit is verder noodsaaklik om te verstaan dat die kerk met sy kategetiese materiaal en wyse van aanbidding in kompetisie met die vermaaklikheidsmedia verkeer. Daarom moet dit van hoogstaande en toepaslike aard wees en werklik in die leefwêreld van moderne kinders kan inspeel. Bybelse literatuur verleen vanweë die besondere aard daarvan hom uitstekend daartoe om narratief en verbeeldingryk Bybelse waardes te kommunikeer en vas te lê. Die kerk sal ook 'n manier moet vind om ouers te inspireer om kinders by kategeses in te skakel en self daarby betrokke te wees. Die gesinsjaar wat die NG Kerk gedurende 1994 geïmplementeer het, was 'n geslaagde poging om kinders en ouers in gesinsverband geestelik en moreel te begelei. Daar is moontlik ook ander voorbeelde. In die jongste tyd het daar nuwe innoverende jeug- en kategeseprogramme die lig gesien wat deur gemeentes met groot vrug gebruik word. Geestelike musiek wat op kinders en tieners gerig is, spreek hulle



beter as baie ander pogings aan om hulle geestelik te laat groei en waardes tuis te bring.

- 'n Verdere vaardigheid wat help om mense moreel beter te laat funksioneer, is die aksie van dienslewering. Benewens die feit dat dit in die meeste gevalle hulpverlening aan ander is, bewerkstellig dit 'n gees van omgee en om goed te doen. Vir die persoon self hou dit groot voordeel in wat betref sy eie morele mondering.
- In 'n omgewing waar lidmate blootgestel word aan diverse invloede ook op morele vlak, het die kerk die geleentheid om hulle toe te rus om nie net as Christene te oorleef nie, maar ook selfstandig verantwoorde en eties korrekte keuses te maak en invloed uit te oefen. Hulle moet nie napraters van 'n kerklike dogma of argument wees nie, maar geestelik-moreel volwasse genoeg om self goed verantwoorde keuses uit te oefen bydraes te lewer. Hulle moet, sonder om tradisionele waardes summier oorboord te gooi, daarin kan slaag om vanuit hul leefwêreld by nuwe en behoudende oplossings vir morele kwessies uit te kom wat Bybels verantwoordbaar en moreel bevorderlik is. Tans is die netelige kwessie van saamwoon buite die huwelik (en seksuele verkeer buite die huwelik) nie net op die kerk se agenda nie, maar ook 'n gewilde onderwerp in gesprekke. Die kerk doen ook moeite om nie ondeurdagte of fundamentalistiese antwoorde te gee oor vrae rondom homoseksualiteit nie.
- Die kerk se Godsbegrip, Skrifbeskouing, kerkbegrip, wêreldbeeld en lewensbeskouing moet weldeurdag en gefundeerd wees en die lidmate van die kerk moet dit verstaan. Daarmee saam moet die kerk sy lidmate deur die erediens, Bybelstudies, gespreksgeleenthede en ander toerustingsprogramme bemagtig om vanuit 'n etiek van geloof en verantwoordelikheid voluit aan die lewe deel te neem. Die erediens wat na bykans almal se mening die hartklop van die gemeentelike bediening is, moet sodanig ingerig word om die lidmate te begelei in 'n ware ontmoeting met God. Wanneer alle geloofsinhoude in die erediens behoorlik tot hul reg kom, sal die morele verantwoordelikhede wat daaruit voortspruit, ook tot hul



reg kom. Die reddende genade van God sluit nie menslike verantwoordelikhede uit nie, maar bevestig dit juis.

- Die kerk moet wees wat hy reeds is: kerk, en ook sodanig optree. Konkreet beteken dit byvoorbeeld dat die kerk nie 'n sakeonderneming is wat op besigheidsbeginsels bedryf word nie, al moet die kerk fondse hanteer. Die barmhartigheidsdiens van die kerk staan in diens van die evangelie en word nie uit humanistiese oorwegings gedoen nie. Daarom voed die kerk honger mense al is dit nie sy primêre taak nie. Kerklike geskille en probleme word op 'n kerklike manier hanteer. Dis anders as in die sekulêre wêreld omdat die kerk 'n eiesoortige instelling is.
- In aansluiting by bogenoemde moet die kerk die lidmate begelei om alle mense, ongeag diversiteit ten opsigte van religie en kultuur of watter ander diversiteit mag voorkom te respekteer as gelykes. Dit is immers 'n praktiese Christelike deug wat ononderhandelbaar is en van alle Christene vereis word. In Suid-Afrika is dit van die allergrootste noodsaak. Eksklusiwiteit pas nie in die Christelike geloofstradisie nie. Wanneer die kerk seker is van sy eie identiteit in terme van teologiese en sosiale verbande, word dit moontlik om homself nie net te handhaaf nie, maar ook deur goeie betrekkinge met ander in 'n diverse omgewing uit te leef.

10.2 DIE KERK SE GERIGTHEID NA BUIITE

Die regsgeleerde en grondwetkenner, prof Marinus Wiechers benader sy siening oor die vorming van morele waardes vanuit sy godsdiensbegrip : "*Godsdienst het beslis 'n deurslaggewende rol in die vorming van morele waardes, ook in die breë sekulêre gemeenskap. Die belangrike is dat godsdiensbeoefening nog groter klem op algemene dankbaarheidsgevoelens en verootmoediging moet plaas, in plaas van dreigemente van straf en vergelding – omdat die moderne mens al hoe meer homself beskou as die normeerder van sy eie morele waardes en (ongelukkig) nie meer geneig is om Hoëre veroordeling in sy lewe te aanvaar nie.*" Hieroor is rev Cedric Mayson meer skepties. Hy meen dat godsdiensinstellings min invloed



uitoefen ten opsigte van morele vorming. Vir hom gaan dit eerder oor die voorkoms en invloed van individuele profetiese stemme. Die oplossing van die land se moraliteitskrisis lê vir hom dus eerder in 'n nuwe profetiese visie as in die instandhouding of herstel van godsdienstige instellings.

Vervolgens word daar op navorsingsresultate voortgebou ten einde 'n gestruktureerde siening van die rol van die kerk na buite uit te kom.

- Aanvaarbare gerigtheid na buite vereis ook ongekwalfiseerde bewoënheid van die kerk. Dit is eie aan die kerk om hand in eie boesem te steek wanneer morele verval ter sprake is. Soms is die prys groot soos in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat sy aandeel aan apartheid by verskeie geleenthede teenoor verskeie persone en instansies bely het. Dit het 'n dramatiese kerkskeuring tot gevolg gehad. Maar dié kerk het daarmee sy integriteit in 'n groot mate herwin. Die kerk moenie net teenoor God nie, maar ook teenoor die wêreld bely.
- Daar is reeds aangetoon dat die kerk nie meer sy bevoorregte posisie in die samelewing beklee nie. Om steeds 'n invloed te kan uitoefen, is een van die innoverende tegnieke om jou stem by dié van ander te voeg. Daarom sluit die kerk vennootskappe in ekumeniese en ander verbande. By geleentheid is dit ter wille van sekere sake selfs nodig om in samewerking met instansies te tree met wie daar op ander terreine hemelsbreed verskil word. Daar is reeds op gewys dat daar veral op morele gebied talle raakvlakke met ander godsdienste bestaan.
- Die profetiese roeping van die kerk sluit ook samewerking en ondersteuning van instansies soos die regering en nieregeringsorganisasies in. Waar daar positiewe werk gedoen en resultate behaal word, behoort die kerk die nodige erkenning te gee en dit verder aan te moedig.
- Met die rykdom van hulpmiddels waaroor die kerk beskik, moet hy al hoe meer die oorsake van morele agteruitgang aanspreek. Dit sluit verskynsels soos drank- en dwelmmisbruik, verskillende vorme van geweld en misdaad, werkloosheid,



armoede en epidemies in. Die kerk sal moet kom met prakties werkbare modelle en programme waarvolgens daar doelgerig gewerk kan word om dié komplekse problematiek aan te spreek. Om dit nog meer effektief te maak en ook relevant, moet dit in samewerking met ander rolspelers gedoen word. Dit sal die geloofwaardigheid van die kerk in die oë van die groter bevolking versterk.

- Die kerk mag hom nooit isoleer nie. Daarom moet sy lidmate steeds aan die politiek, kultuur, sport en openbare debat op 'n Christelike manier deelneem en op daardie en ander terreine positief inspeel in die morele genesing van die land. Daar is al by talle geleenthede gewys op die kerk se grootste bate naas die geloof in God, naamlik die hoë kwaliteit mensemateriaal waaruit sy lidmate bestaan. Hul deelname en getuienis bly tog maar die beste manier waarop die kerk in die wêreld 'n verskil kan maak. Dit is die manier hoe God dit doen.
- 'n Term wat al hoe meer in kerklike gesprekke en by vergaderings gehoor word, is die 'gestuurdheid' van die kerk. Daar word ook veel gewag gemaak van die uitdaging wat die kerk in die oë staar om 'oor grense' te beweeg. Hierdie positiewe energie kom tuis in bedieningsmodelle en kerklike projekte wat daarop gerig word om gemeentes te organiseer en toe te rus sodat lidmate doelgerig en met entoesiasme en effektiwiteit missionêr aktief kan wees. Met 'n holistiese benadering word daar nie net gefokus op die kerstening van mense nie, maar ook op die invloed wat die kerk ten opsigte van moraliteit kan uitoefen. Waar hierdie geleentheid met die nodige sensitiwiteit en integriteit aangegryp word, behoort die kerk 'n enorme verskil in die samelewing te kan maak.

10.3. DIVERSE BEDIENINGSMODELLE

Kerklike en gemeentelike bedieningsmodelle word oor die algemeen op Bybelse en veral Nuwe Testamentiese metafore vir die kerk gebou. Daar word gedink aan die *uitverkore volk*, *koninklike priesterdom*, *nasie wat vir God afgesonder is*, *eiendomsvolk van God*, *volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig* van 1 Petrus 2:9. Die kerk



word ook die *sout vir die aarde* (Mat. 5:13), *brief van Christus* (2 Kor. 3:3), *nuwe suurdeeg* (1 Kor. 5:6), *wingerdlote* (Joh. 15:5), *gebou van God* (1 Kor. 3:9), *uitverkore vrou* (2 Joh. 1:1), *bruid van Christus* (2 Kor. 1:11), *draers van wit klere* (Openb. 7:9-11), *medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God* (Efes. 2:19), *liggaam van Christus* (Rom. 5-8). Benewens genoemdes is daar nog baie ander beelde (Minear, 1960:28-66, 173-180). Gemeentes en kerke gebruik graag die betekenis van 'n bepaalde metafoor as kernbeginsel waarop hul bedieningsmodel gebou word. Hiermee word uitdrukking gegee aan die unieke karakter van so 'n gemeente, asook die mees sentrale bedieningsarea(s).

Daar is ook buite-bybelse bedieningsmodelle wat neig om eerder by die sekulêre omgewing of ander werklikhede kers op te steek. In die meeste gevalle word dit strategies ontwerp ten einde die bediening van 'n kerk of gemeente op die mees effektiewe wyse in terme van die besondere doelwitte en praktiese omstandighede te reël. Dit is veral makrogemeentes wat hiervolgens bedryf word. Daar vind gewoonlik 'n klemverskuiwing vanaf Bybelse-dogmatiese beginsels na prakties-kontemporêre lewenskwessies plaas.

Die diversiteit in bedieningsmodelle onderskryf die diversiteit in wêreld en kerk. Ons leef nou eenmaal nie in 'n homogene of enkelvoudige omgewing nie. Om relevant te kan wees, moet die kerk daarmee in pas wees. Dit wil nie die eenheid ophef nie, maar maak erns met diversiteit te midde van eenheid.

11. SAMEVATTING

Diversiteit op veral religieuse en kulturele terreine het ongetwyfeld 'n invloed op die moraliteitskrisis in Suid-Afrika. Dan gaan dit nie net oor sigbare en maklik identifiseerbare verskille nie, maar ook oor dieperliggende menslike aangeleenthede. Sommige daarvan is fundamenteel en ander van minder belang of van verbygaande aard. Ten einde 'n beter samelewing te skep, het verskeie



rolspelers bepaalde verantwoordelikhede wat relevant is in hul veld. Een van die kern rolspelers is die kerk vanweë die feit dat godsdienste onder andere op die terrein van die etiese beweeg.

Nuwe, en in baie opsigte moeilike omstandighede skep nuwe uitdagings vir die kerk. Talle daarvan word reeds suksesvol aangespreek, maar ander wink nog om aanvaar en uitgeleef te word. Die post-moderne tydsges met sy klem op individualisme, materialisme en sekularisme bring die kerk voor unieke en uitdagende werklikhede te staan. Dit geld nie net vir die evangelies-missionêre taak van die kerk nie, maar ook vir sy moreel-etiese verantwoordelikheid. Dit is nie 'n selfopgelegde verantwoordelikheid nie, maar een wat in die kerk se wese gesetel is.

Die kerk vind sy bestaansmoontlikheid slegs vanuit 'n koninkryksperspektief. In soverre die kerk aan die koninkryk van God gedienstig is, in soverre is daar rede voor, en betekenis in die bestaan en werk van die kerk. God se koninkryk ($\beta\alpha\sigma\iota\lambda\epsilon\iota\acute{\alpha}$) is 'n werklikheid, maar word 'n groter werklikheid na gelang sy wil al hoe meer gestalte in die wêreld vind. Daarop is die kerk gerig, ook wat betref sy morele oortuigings en die uitleef daarvan.

Het die kerk 'n invloed op die morele oriëntasie van die religieuse en kulturele diverse Suid-Afrika?

Ja, beslis !



LITERATUUR

- Allport G W 1950. *Individual and His Religion*. McMillan. New York
- Angrosino M V 2001. *Thinking about Cultural Diversity in Your Church*. Rowman & Littlefield. Walnut Creek
- April K & Shockley 2007. *Diversity. New Realities in a Changing World*. Palgrave Macmillan. Hampshire & New York
- Arndt W F & Gingrich 1973. *A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature*. University of Chicago Press
- Ayisi E O 1988. *An Introduction to the Study of African Culture*. Heineman. Portsmouth / James Currey. London
- Back L & Solomos J et al 2000. *Theories of Race and Racism. A Reader*. Routledge. London
- Barnes M 1989. *Christian Identity and Religious Pluralism*. Abington. Nashville
- Beaver R P 1982. *The World's Religions*. Lion Publishing. London
- Berkman J & Cartwright M 2001. *The Hauerwas Reader. Stanley Hauerwas*. Duke University Press. Durham & London
- Birch B C & Rasmussen L L 1989. *The Bible and Ethics in the Christian Life*. Augsburg. Minneapolis
- Bright J 1988. *The Kingdom of God*. Abington. Nashville
- Bujo B 2001. *Foundations of an African Ethic. Beyond the Universal Claims of Western Morality*. The Crossroad Publishing Company. New York
- Byrne P 1998. *The Moral Interpretation of Religion*. Eerdsman. Grand Rapids
- Caputo J D 1993. *Against Ethics*. Bloomington. Indiana University Press
- Carmody DL & Carmody JT 1988. *How to Live Well – Ethics in World Religions*. Wadsworth. Belmont California
- Coetzee P H & Roux A P J et al 2000. *Philosophy from Africa*. Oxford University Press. Cape Town



- De Kruijf G G 1994. *Waakzaam en Nuchter – Over Christelike Ethiek in een Democra tie*. Ten Have. Baarn
- Devett M & Sterelny K 1986. *Language and Reality. Introduction to the Philosophy of Language*. Eerdmans. Grand Rapids
- De Klerk J Ongedateer. Healing a torn society : Is value education an answer for South Africa? *Ongepubliseerde artikel*
- De Villiers DE 1999. Die NG Kerk en die oorgang na 'n nuwe Suid-Afrika. *Skrif en Kerk* 20(1), 15-38
- 2000. Suid-Afrika in die jaar 2000 : Watter morele leiding kan die NG Kerk gee? *Skrif en Kerk* 20(1), 15-37
 - 2000. Die morele genesing van die Suid-Afrikaanse samelewing : Die bydrae van die Afrikaanse kerke, *HTS* 56(2 en 3), 440-455
 - 2003. A Christian Ethics of Responsibility: Does it provide an adequate theoretical framework for dealing with issues of public morality? *Scriptura* 82, 23-38
 - 2004. Die Bybel en die openbare morele diskoers. In *NGTT DI 45 No 3 & 4*, Sept en Des 2004, 223-241
 - 2005. The vocation of the Reformed ethicist in the present South African society, *Scriptura* 2005 (3)
- Diener P 1997. *Religion & Morality. An Introduction*. Westminster John Knox Press. Louisville, Kentucky
- Dinoia J A 1992. *The Diversity of Religions*. The Catholic University of America Press. Grand Rapids
- Dreyer P S 1978. *Hoofstrome van Sedeleer*. HAUM. Pretoria
- Du Toit B 2000. *God ? Geloof in 'n Post-moderne Tyd*. CLF Uitgewers. Bloemfontein
- Du Toit C W et al 1998. *Faith, Science and African Culture*. Unisa. Pretoria
- 2004. *The Integrity of the Human Person in an African Context : Perspectives from science and religion*. Unisa. Pretoria
- Du Toit C W & Kruger J S 1998. *Multireligious Education in South Africa*. Unisa. Pretoria

- Eagleton T 2000. *The Idea of Culture*. Blackwell. Massachusetts
- English P & Kalumba K M 1996. *African Philosophy : A Classical Approach* Prentice Hall. New Jersey
- Featherstone M 1990. *Global Culture. Nationalism, Globalisation and Modernity*. SAGE Publications. London
- Fenton S 2003. *Ethnicity*. Polity Press. Cambridge
- Fletcher J 1966. *Situation Ethics. The new morality*. SCM. London
- Forrester D 1997. *The True Church and Morality : Reflections on Ecclesiology and Ethics*. WCC Publications. Geneva
- Friedman T L 2005. *The World is Flat*. Farrar, Straus & Giroux. New York
- Fukuyama F 1995. *Trust. The Social Virtues and the Creation of Prosperity*. The Free Press. New York
- Gill R 1999. *Churchgoing and Christian Ethics*. Cambridge University Press. U.K.
- Giliomee H & Mbenga B 2007. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Tafelberg. Kaapstad
- Green R M 1988. *Religion and Moral Reason*. Oxford University Press. London
- Grenz S J 1997. *The Moral Quest – Foundations of Christian Ethics*. Inter Varsity. Illinois
- Gross R M 2009. Religious diversity : Some implications for Monotheism. *Crosscurrents ; The International Muslim Matrimonial Site*. (www.crosscurrents.org)
- Hale F 2000. *South African Baptist Social Ethics – The Captivity of the Church in a Multiracial Society*. S A Baptist Historical Society. Cape Town
- Hall S & Du Gay P 1996. *Questions of Cultural Identity*. (<http://books.google.com/books?id=i-w9eYtIsrsC>) London : Sage. ISBN 0803978839
- Haselbarth H 1976. *Christian Ethics in the African Context*. Daystar Press. Ibadan
- Henrard K 2001. The accommodation of religious diversity in South Africa against the background of the centrality of the equality principle in the new constitutional dispensation. *Journal of African Law*. 45,(1), 2001 p 51-72

- Hauerwas S 1974. *Vision and Virtue. Essays in Christian Ethical Reflection.* Fides/Claretian. Notre Dame. Indiana
- Hebblethwaite B 1997. *Ethics and Religion in a Pluralistic Age.* T & T Clark. Edinburgh
- Hefner P 1993. *The Human Factor. Evolution, Culture and Religion.* Fortress Press. Mineapolis
- 1981. *A Community of Character. Toward a Constructive Christian Social Ethic.* University of Notre Dame. London
- Heyns J A 1977. *Die Kerk.* NGK. Pretoria
- Hick J & Askari H et al 1985. *The Experience of Religious Diversity.* Gower. Aldershot
- Holley H, Kromkowski J, & Magliola R et al 2004. *Religion, Morality and Communication between Peoples : Religion in Public Life. Volume i.* The Council for Research and Philosophy Library of Congress Cataloging-in-Publication. USA
- Jonker W D 1994. *Bevrydende Waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis.* Hugenate. Wellington
- Kekes J 1996. *The Morality of Pluralism.* Princeton University Press. New Jersey
- Kelly P et al 2002. *Multiculturalism Reconsidered.* Polity Press. Cambridge UK
- Kemp J C G 1942. *Vir Vryheid en vir Reg.* Nasionale Pers. Bloemfontein
- Koopman N & Vosloo R 2002. *Die ligtheid van die lig – Morele oriëntasie in 'n post-moderne tyd.* Lux Verbi. BM. Wellington
- Kretschmar L & Hully L 1998. *Questions about life and morality. Christian Ethics in South Africa today.* J L van Schaik. Pretoria
- Krige E J 1977. *The Social System of the Zulus.* Shuter & Shooter. Pietermaritzburg
- Küng H 1981. *The Church.* Search Press. London
- Küng H et al 1993. *Yes to a Global Ethic – Voices from Religion and Politics.* Continuum. New York
- Lothead D 1988. *The Dialogical Imperative. A Christian Reflection on Interfaith Encounter.* Orbis Books New York

- Mangaliso N A 1994. *The South African Mosaic. A Sociological Analysis of Post-Apartheid Conflict*. Westfield State College. London
- May J D 1998. *Pluralism and the Religions. The Theological and Political Dimensions*. Cassel. Herndon
- McIntyre 1985. *After Virtue. A Study in Moral Theory*. Duckworth Press. London
- Mazama A et al 2003. *The Afrocentric Paradigm*. Africa World Press. Trenton / Asmara
- Mbiti J S 1977. *Concepts of God in Africa*. SPCK. London
- Meiring P et al. 1996. *Suid-Afrika, land van baie godsdienste*. Kagiso. Pretoria
- Minear P S 1960. *Images of the Church in the New Testament*. Westminster. Philadelphia
- Mndende N 2006. *African Spiritual Journey*. Icamagu Institute. Cape Town
- Modood T 2007. *Multiculturalism. A Civic Idea* Polity. Cambridge
- Moltmann J 1994. *Jesus Christ for today's world*. SCM Press. London
- Morgan P & Lawton C 1996. *Ethical Issues in Six Religious Traditions*. Edinburgh University Press
- Mudge L S 1998. *The Church as Moral Community. Ecclesiology and Ethics in Ecumenical Debate*. WCC Publications. Geneva
- Mungazi D A 1996. *The Mind of Black Africa*. Praeger. London
- Nation MT & Wells S 2000. *Faithfulness and Fortitude. In Conversation with the Theological Ethics of Stanley Hauerwas*. T&T Clark. Edinburgh
- Niemandt C J P 1997. *Sosiale modelle vir die hantering van multikulturaliteit in die Suid-Afrikaanse samelewing in Christelik-etiese perspektief*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Universiteit van Pretoria
- 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n post-moderne wêreld*. Lux Verbi.BM. Wellington (RSA)
- Owen J et al 2004. *The Illustrated World Atlas*. Fog City Press. San Francisco



- Pannenberg W 1962. *What is Man? Contemporary Anthropology in Theological Perspective*. Translated by Duane A Priebe. Fortress Press. Philadelphia
- Parekh B 2006. *Rethinking Multiculturalism. Cultural Diversity and Political Theory*. Palgrave Macmillan. Hampshire
- Parrinder E G 1981. *African Traditional Religion*. Sheldon Press. London
- Poole R 1994. *Morality and Modernity*. Routledge. London and New York
- Rauch J 2005. *Crime Prevention and Morality. The campaign for moral regeneration in South Africa*. ISS Monograph Series. No 14
- Ray W 2001. *The Logic of Culture. Authority and Identity in the Modern Era*. Blackwell. Massachusetts
- Robra M 2001. *Engagement, Moral Formation and the Nature of the Church*. WCC Publications. Geneva
- Runzo J 1986. *Reason, Relativism and God*. Macmillan. London
- Runzo J & Martin N M et al 2001. *Ethics in the World Religions*. Oneworld. Oxford
- Runzo J & Martin N M et al 2000. *The Meaning of Life in the World of Religions*. Oneworld. Oxford
- Schneider H W 1956. *Three Dimensions of Public Morality*. Indiana University Press. Bloomington
- Schreiter R J 1995. *Constructing Local Theologies*. Orbis Books. New York
- Seligman C G 1978. *Races of Africa*. Oxford University Press. London
- Serequeberhan T 1991. *African Philosophy. The Essential Readings*. Paragon House. New York
- Shutte A 1994. *Philosophy for Africa*. UCT Press. Cape Town
- Smit D J & Lategan B 1992. Oor 'Nuwe Testamentiese Etiek', die Christelike lewe en Suid-Afrika vandag – *Scriptura. Spesiale Uitgawe S9a*
- Smit D J 2003 Unity in church and society? Theological reflections on an ongoing challenge in South Africa today. Systematic Theology, Stellenbosch, 14 March 2003

Smit D J 2004 *Lex orandi, lex credendi, lex (con)vivendi?* – Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek. *NGTT DI 45 No 3 & 4* Sept en Des 2004

Spencer S 2006. *Race and Ethnicity*. Routledge. London And New York

Swanepoel F A et al 2001. *Religion, Morality and Transformation*. Unisa. Pretoria

Thorpe S A 1993. *African Traditional Religions. An Introduction*. University of South Africa. Pretoria

Tomlinson J 1999. *Globalisation and Culture*. University of Chicago Press
Warner M & Joynt P et al 2002. *Managing Across Cultures. Issues and Perspectives*. Thomson Learning. United Kingdom

Watson C W 2000. *Multiculturalism*. Open University Press. Buckingham & Philadelphia

Wegener G S 1965. *Die Lewende Kerk*. Human & Rosseau. Kaapstad

Wells D F 1999. *Losing Our Virtue. Why the Church Must Recover Its Moral Vision*. Eerdmans. Cambridge U.K.

Wiehahn N E 2005. *Lewenswaardes – Onveranderlike Voorskrifte vir die Lewe*. Havenga. Johannesburg

Wolfe R W & Gudorf C E et al 1999. *Ethics and World Religions – Cross Cultural Case Studies*. Orbis Books. New York

Zahan D 1970. *The Religion, Spirituality, and Thought of Traditional Africa* University of Chicago Press. Chicago and London

WEBBLAAIE

- www.gcis.gov.za/docs/
- www.diversitymatters2007.org
- www.crosscurrents.org/gross.hmt
- www.mg.co.za.mokabadoc
- <http://plato.stanford.edu/>
- <http://en.wikipedia.org/wiki/Cultural>
- www.csu.edu.au/faculty/.../theology
- www.africa-ata.org/sa

www.hsrcpress.ac.za

www.questia.com

www.cssr.uct.ac.za

www.jstor.org

www.anc.co.za

www.sahrc.co.za

www.unesdoc.unesco.org

www.exclusives.co.za/

Aanhalings uit en verwysings na teksgedeeltes uit die Bybel kom uit die 1983 Afrikaanse vertaling deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

ABSTRACT

The theme of this study is formulated as follows:

The Influence of Religious and Cultural Diversity on the Moral Oriëntation of the Current South African Society – a Challenge for the Church.

The presupposition of the discourse of the theme is that South Africans experience a moral crisis no matter what one's ethnic background, social-economic level, education, gender, profession, living conditions or whatever is.

Chapter One deals with the matter of ethics in terms of its origin, necessity and purpose. It takes the issue further as it describes the moral situation nationally and abroad. As for other countries, South Africa needs to deal with materialism, individualism, consumerism, criminality, violence and the abuse of power. The spirit of the day in terms of the post-modern ideology implies both positive and negative influences in the well being of the society.

Chapter Two describes the complexity of diversity as such. It takes note of the occurrence of this phenomenon as it is experienced through all the ages all over the world, but in particular in our country. We have to respect our historical background even if it is so clear that there were many incidents and processes of misfortune. A major issue is the political system of apartheid and the process of changing it into a new democratic dispensation. Religious diversity is another reality which has an impact on the lives of the people especially in terms of morality. Along with religious diversity, cultural diversity also occurs. It is an extensive practical, emotional and spiritual experience.

Chapter Three focuses on culture and religion. These two human phenomena bring about experiences such as identity and morality. The development of new religious



and cultural systems is taken into account in describing a new order in terms thereof. Along with traditional and diverse social perspectives, the post-religious way of thinking place new emphasis on being moral.

Chapter Four tries to make something of the dynamics of religious and cultural diversity. It is important to understand the underlying energy of conflict, accommodation and unity of different entities. Difficulties like race, racism, exclusivism, inclusiveness, respect, tolerance and contemporary lifestyles are discussed. The dynamics of religious diversity also comes to a point.

Chapter Five is set aside for empirical research. It was done on the qualitative basis. Interviews either in person, telephonically or by means of a questionnaire were conducted with the following persons: Prof. Louise du Toit, Br. Peter Just, Prof. Willem Landman, Rev. Cedric Mayson, Prof. Piet Strauss, Archbishop Desmond Tutu and Prof. Marinus Wiechers. Their contributions were compiled for further use.

Chapter Six explores the possibility of a new moral consciousness which should contribute to a better moral understanding of our social environment as well as the development of new and acceptable moral fabric. It incorporates the issue of leadership, opinion formers, individuals, world ethics and the importance of individual and shared responsibility.

Closer to the point, Chapter Seven takes the phenomenon of religious and cultural diversity to the influence that it has on certain social levels and orders. Morality is a very practical thing which is present in all forms of human existence and function.

Chapter Eight concludes with the discussion of the Christian church's influence on the morality in South Africa. The church should on the one hand stick to its theological roots and prophetic calling, but on the other hand adapt to the new world in which it has a very important role to play. In its God-given task the church should live up to



its destiny by being futuristic, creative, innovative and opportunistic. The ongoing process of secularisation of the world within which the church dwells, should be taken as a serious challenge for consistent and enduring moral healing.



SLEUTELTERME

PROEFSKRIF TITEL

Die invloede van die kulturele en religieuse diversiteit op morele oriëntasie in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing: 'n Geleentheid vir die kerk.

INVLOED

Die samelewing word blootgestel aan allerlei kragte wat inwerk ten einde 'n besondere produk tot stand te bring. Dit word invloed genoem.

KULTUUR

Dié begrip kan in enger sowel as wyer sin verstaan word. In engere sin dui dit grootliks op bestaande tradisionele kulture van bepaalde bevolkings- of ander groepe, byvoorbeeld dié van die Sotho's of stadsmense. In wyer sin gaan dit oor minder duidelike denksisteme of leefstyle wat nie maklik af te baken is nie, maar tog in die samelewing funksioneer. As voorbeelde dien verskynsels soos die inkopiesentrumkultuur of bepaalde sportkulture of handelsnaamkulture.

RELIGIE

Dit het 'n breër verstaansbasis as 'n woord soos godsdienst. Laasgenoemde kan maklik verstaan word as 'n besondere godsdienst of selfs meer godsdienste. Religie sluit dit uiteraard in, maar strek verder deurdat dit die verskynsel van om-te-glo ook akkommodeer. Religie omvat die hele bo-natuurlike wêreld en alle geloofsfeer en word as 'n omvattende term gebruik hoewel geïnstitusioneerde religieë ook hanteer word.

DIVERSITEIT

Dit dui op die ryke verskeidenheid van mense en menslike denkrigtings. Dié term impliseer ook die andersheid wat met die verskeidenheid gepaard gaan. Diversiteit is



staties wat betref vaste gebruike en gelowe, maar dinamies ten opsigte van progressiewe ontwikkeling en die invloed van veranderlikes.

MORELE ORIËNTASIE

Hierdie term word gekies eerder as die term moraliteit omdat die moontlikheid bestaan dat laasgenoemde 'n vastigheid mag impliseer. Morele oriëntasie het 'n ingesteldheid in die oog. Dit gaan dus oor 'n lewenshouding wat onder meer waardes en norme bevat van waar uit 'n mens die lewe benader.

SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Die sisteem waarbinne al die mense van Suid-Afrika lewe.

GELEENTHEID

Alternatiewe terme sou uitdaging, struikelblok, verleentheid of iets dergeliks kon wees. 'Geleentheid' maak die moontlikheid oop om positief óf negatief te wees. Die kerk moet die situasie interpreteer en dit ook hanteer. Dit roep die kerk op om vanuit die werklikheid betekenis aan sy roeping te gee. Dit daag die kerk as't ware uit om die geleentheid in 'n proses met positiewe uitkomst te omskep.

KERK

Hiermee word die Christelike kerk in sy omvattende betekenis bedoel en nie net een of meer kerkgenootskappe nie. Dit impliseer alle Christelike kerke wat in Suid-Afrika bestaan.

ANDER TERME

Die volgende terme word kortliks in alfabetiese volgorde omskryf:



AFRO-ARABIESE PARADIGMA

’n Beduidende element van die Afrika bevolking bestaan uit groepe mense wat hul godsdienstige en kulturele wortels in die Ooste vind. Hulle is oorwegend deel van die Moslem geloof en volg dus sodanige kulturele gebruike na. Hoewel hulle in groot getalle in die noordelike gedeelte van die vasteland voorkom, is daar ’n beperkte populasie in Suid-Afrika. Hierdie titel word gebruik om dié besondere groep mense se lewens- en wêreldbeskouing mee aan te dui.

AFROSENTRIESE PARADIGMA

Die grootste gedeelte van die bevolking in Suid-Afrika kom uit die sogenaamde inheemse bevolkingsgroepe wat vanuit eie bodem oor eeue heen ’n eie lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel het. Hoewel dit op sigself divers van aard is, kan daar breë lyne tog waargeneem word.

ETIEK

Dit is die studie oor menslike waardes en norme. Etiek kan beskou word as ’n verstaanswetenskap.

ETNIES

Dit dui op die bestaan van bevolkingsgroepe wat op grond van sekere kriteria van mekaar verskil. Hierdie verskille manifesteer ten op sigte van verskillende menslike verskynsels soos herkoms, voorkoms, demografie, taal en kultuur.

MORALITEIT

Norme en waardes moet uitgeleef word. Moraliteit behels dus die praktiese kant van etiek. Hierdie twee terme hou verband met mekaar en word soms as sinonieme gebruik.



MORALITEITSKRISIS

Die feit dat daar nie aan die morele verwagtinge van die breë samelewing voldoen word nie, veroorsaak dat die gedrag van te veel mense onaanvaarbaar geword het. Die mate waarin dit voorkom is so groot dat dit as 'n krisis beleef word.

MULTIKULTUREEL

Multikulturaliteit is die verskynsel van diverse etniese en ander kultuurgroepe wat ten opsigte van sekere elemente van mekaar verskil en in een gedeelte geografiese gebied voorkom. Dit veronderstel die naasbestaan van sodanige groepe.

MULTIRELIGIEUS

Hierdie term hou verband met die bogenoemde, maar hanteer die naasbestaan van verskillende godsdienste en godsdienstige oortuigings in 'n bepaalde gemeenskap.

WESTERSE PARADIGMA

In die Westerse samelewing wat in Europa se oorsprong het, het daar 'n bepaalde vorm van lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel. Dit kan van ander soortgelyke beskouings onderskei word. Kolonialisasie het dié vorm van beskawing na Suid-Afrika gebring waar dit ter plaatse, maar in samehang met ontwikkelinge elders gevorm is tot wat dit vandag is.



ADDENDUM

NAVORSINGSRESPONSE

Die navorsingsbydraes van al die respondente word so volledig moontlik alfabeties volgens vanne geplaas.

PROF LOUISE DU TOIT

Dosent in Filosofie aan die Universiteit van Johannesburg

Erkende kenner op die gebied van geweld teen vroue en kinders

Datum van onderhoud : 19 November 2009

1. Suid-Afrika is 'n land met komplekse diversiteit op talle gebiede.
Hoe dink u oor dié stelling ?

Dit is heeltemal waar. Ons is geneig om die kompleksiteit te onderskat. Ons sit byvoorbeeld met 'n baie liberale grondwet wat die uitkoms van ons magsoorgawe-onderhandelings was, maar wat haaks staan op ons tradisioneel baie konserwatiewe kulture – konserwatief veral tov geslagsgelykheid, regte vir minderhede, ensovoorts. Ons kulture het 'n Afrika-erfenis, maar ook 'n sterk Christelik-godsdienstige inslag, en hierdie tradisionele invloede is dikwels vyandig of agterdogtig teenoor die liberale wêreldbeskouing waarin die grondwet gebed is. Dit beteken dat ons samelewing deur diep spannings gekenmerk word waarin mense fundamenteel onseker voel oor wie ons is en hoe ons met mekaar moet handel. Kriminele elemente buit hierdie onsekerheid en die swakheid van die burgerlike samelewing uit. Transformasie-agendas speel dikwels ongelukkig 'n negatiewe rol deurdat dit baie mense vanoor die spektrum se menswaardigheid ondermyn en hulle ongewaardeerd of uit hulle diepte laat voel. Suid-Afrikaners het hoë vlakke van psigiese spanning en word aan velerlei vorms van geweld blootgestel; ons kinders leer om konflik met geweld te hanteer. Terselfdertyd integreer die samelewing al hoe meer, en die diversiteit word meer tasbaar vir elkeen – dit het sowel positiewe as negatiewe gevolge, afhangend van hoe goed



mense toegerus is om diversiteit en kompleksiteit te hanteer. Ongelukkig het ons tradisionele kulture en die vorige politieke bedeling ons sleg voorberei – ons floreer op verdagmaking van andersheid, en die ontmensliking van ander (byvoorbeeld deur steeds rassisme te kultiveer in ons wit gemeenskappe en deur die wydverspreide seksuele geweld teen vroue en kinders).

2. Hoedanig meen u, is die invloed van dié komplekse diversiteit op ons morele waardes ?

Ek het reeds in die vorige paragraaf hieraan begin raak. Dis nie soseer die diversiteit op sigself nie, maar hoe (sleg) ons dit hanteer, wat maak dat Suid-Afrikaners verward, verlate, onthoem en so aan voel. Daar is natuurlik ook die gebrek aan vordering met sosiale transformasie (maar veral opheffing uit armoede) wat hoë frustrasievlakke onder Suid-Afrikaners tot gevolg het. Ek glo wêreldbeskouing en materiële omstandighede speel 'n baie groot rol in die morele waardes wat mense uiteindelik onderskryf. Wanneer mense se belewenis is dat die staat en regering, die magtiges, nie goeie morele waardes in stand hou nie (dat die polisie byvoorbeeld heul met kriminele, wanneer daar wydverspreide korrupsie voorkom, ensovoorts), dan ontstaan daar gou die indruk dat moraliteit 'n mens niks baat nie, of 'n teken van swakheid is. Mense begin dink die doel heilig die middele, en dis elkeen vir homself. Dit ondermyn die samelewing, want dit ondermyn eenheid en mense se gewilligheid om vir die groter saak of groter groep op te offer. Die samelewing raak vinnig al hoe meer individualisties, berekend en materialisties. Dit word aangebied as 'n soort 'realisme' teen die agtergrond van 'n wêreld waarin reg nie meer aan die kant van die wetsgehoorsames is nie. Baie mense met goeie leierskap en gesonde morele waardes onttrek hulle aan die openbare domein, en die ongestruktureerde samelewing laat toe dat opportuniste en vuurvreters wat haat en onmin saai, die politieke domein oorneem.



3. Hoe sal u die huidige tydsgees in ons land omskryf ?

Sinies, ontnugterd, pessimisties. Die aanvanklike droom vir die land, soos vervat in die grondwet en gemanifesteer tot 'n mate in die WVK en ander instellings, dreig om heeltemal te verdamp in die klimaat soos hierbo beskryf. Die situasie vra meer as ooit vir morele leiers om na vore te tree en 'n menslike saambestaan weer moontlik te maak. Op die oomblik blyk gewone Suid-Afrikaners die slagoffers te wees van 'n lomp en ongeloofwaardige politieke bestel wat 'n klein minderheid verryk en nie hulle mandaat behoorlik uitvoer om te regeer nie. Lg. behels veral dat die belastinggeld wat ingewin word, nie uitkom by die mense en infrastruktuur waarvoor dit bedoel is nie.

4. Wat is na u mening die grootste morele probleem in ons land tans ?

Soos hierbo beskryf- die openbare instellings verloor geloofwaardigheid, met die gevolg dat gewone mense beleef dat morele optrede onrealisties is, nie ondersteun word nie, en dus nie sin maak nie. Dan begin elkeen vir homself leef en beskou mense dit as 'moreel' om op verskillende maniere immoreel te leef en ander te na te kom.

5. Is daar na u mening nuwe euwels wat ons samelewing bedreig ? Noem dit.

Een van die nuwe euwels wat ons samelewing bedreig is godsdienstige fundamentalisme – sowel Christelik as Islam van aard. Hierdie is 'n anti-intellektuele beweging wat konserwatiewe kragte versterk wat gekant is teen die liberale bedeling en die grondwet wat (ondanks baie foute en beperkings) ons enigste leefbare opsie is binne 'n land met soveel komplekse diversiteite.

6. Hoe sien u die toekoms van ons land wat betref morele waardes ?



'n Mens kan net hoop en probeer werk na 'n openbare bedeling wat meer verantwoordbaar en aanspreeklik is teenoor die gewone mense. Hierdie is die taak van gewone mense en miskien ook opposisiepartye, kerk- en ander siviele leiers, openbare intellektuele, ensovoorts.

7. Wie is na u mening die belangrikste meningsvormers in ons land ?
(Individue en instansies)

Julius Malema, Jacob Zuma, Jonathan Jansen, Desmond Tutu en Nelson Mandela, Beeld, The Star, populêre media, TV-sepies

8. Watter invloed meen u het tradisionele godsdienste en kulture op ons algemene waardesisteem ?

Ek dink ek het dit reeds grootliks beantwoord. Daar is natuurlik baie goeie dinge ook wat uit daardie tradisies geneem kan word, maar my indruk is dat opportuniste die tradisies misbruik om beslag te gee aan 'n bepaalde politieke bedeling wat byvoorbeeld vroue en armes onderdruk en sekere elite-groepe mans bevoordeel.

9. Globalisering is 'n werklikheid van die 21st eeu. Dink u dat dit 'n nuwe wêreldkultuur tot gevolg kan hê en in watter mate beïnvloed dit reeds ons samelewing ?

Ek is nie seker wat met 'wêreldkultuur' bedoel word nie, maar dis dekades lank al welbekend dat die VSA en Europa die wêreldmedia domineer en daarmee 'n verwronge prentjie van die wêreld fabriseer wat deur 'n groot deel van die wêreldbevolking geabsorbeer word. Dit voed die toenemende materialisme van Suid-Afrikaners, tesame met 'n ongesonde swak selfbeeld wat deur die westerse wêreld na ons teruggekaats word. Soos in die apartheidsjare, blyk ons net een



verdedigingsmetode te ken teen buitelandse kritiek en dit is arrogansie. Swak selfbeeld onderlê myns insiens baie van die morele vergrype in ons land, insluitend ons materiële hebsug (korrupsie, diefstal, rooftogte, ens.) ons geweld teen veral vroue en kinders en ons haatspraak teenoor mekaar.

10. Noem 'n paar lewenswaardes wat u graag in die Suid-Afrikaanse samelewing sal wil sien funksioneer.

Ons moet 'n meer intellektuele en meer selfstandige Suid-Afrikaanse gemeenskap kultiveer waarbinne mense vir hulle self dink en vir hulleself verantwoordelikheid neem, en ook verantwoording eis van ander, veral in leierskapsposisies. Ons samelewing moet nog genees van die apartheidskade en daarvoor moet daadwerklike pogings aangewend word. Ons moet leer om kritiek te lewer en te kan hanteer op konstruktiewe maniere. Ons moet haatspraak openbaar straf. Ons moet baie meer daadwerklik die geweld teen vroue en kinders aanspreek, omdat ons nou besig is om toekomstige generasies en totale gemeenskappe te ondermyn deur die geweld. Die waarde van leef vir iets groters as jyself moet by mense gekweek word en eng materialisme moet afgewys word. Mense moet rykdom vind in lewenskwaliteit, verhoudings, liggaamlike gesondheid en in ervarings, eerder as net in materiële goed. 'n Sekulêre of net eg menslike spirituele belewenis kan gekultiveer word as teenvoeter vir dogmatiese godsdiensoorloë en konserwatiewe sosiale agendas, en 'n terugkeer na die rykdom en diepgang van die godsdienstige tradisies kan 'n soortgelyke rol speel (dink outydse katkisasie!).

11. Hoedanig beskou u die rol van godsdien as sodanig in die vorming van morele waardes in die breë samelewing ?

Dit is baie kompleks – ek dink nie daar is 'n sterk korrelasie tussen morele bewussyn en godsdiensoefening in SA vandag nie. Sewentig of tagtig persent



van ons bevolking noem hulleself Christelik, maar ons is terselfdertyd 'n ontsettend gewelddadige nasie, onverdraagsaam, materialisties en roekeloos teenoor ander mense, ons minag die swakkes en die weerloses.

12. Wat is na u mening die geheim van 'n suksesvolle samelewing in Suid-Afrika in die huidige tydsgewrig en konteks ?

Reeds uitgebreid bespreek onder vraag 10 – Ek het nie nou iets om by te voeg nie.



BR PETER JUST

Temple Secretary of the Nan Hua Buddhist Temple at Bronkhorstspuit

Buddhist representative at NRLF, NRASD, SAFCEI, IFRB, Freedom Park Committees, SABC RBP

1. South Africa is a country with complex diversities on various levels. Please comment on this statement.

Apart from a multicultural and multiracial society, it is also a multi-tribal society, in addition to consisting of inter-religious or multifaith representation. As well, of course, as the usual diversity of economic or material wealth, gender, and age spread. A substantial problem may be that apparently more than 50% of our society is under 21 years of age, un- or under educated, and at times even illiterate. Then only a minority is contributing to the tax that is used for the payment that a vast proportion of society is getting in the form of grants and pensions. Hence one can say that a very large portion of society is not contributing economically to the upkeep of the country, and most likely also never will.

The low level of literacy means it will take many years, and possibly even an entire generation, before one has a population majority which can hope to compete with many other parts of the world. The fact that some of the current leadership is itself lowly educated, and inevitably almost always inexperienced, means that they often do not see this (as a) problem, or at least do not view it as being such a big issue. Consequently not enough is being done to urgently address this imbalance.

The huge economic disparity in addition compounds matters, but possibly even more worrying is the fact that many of the uneducated and unskilled workers have



unrealistic expectations in terms of their earning potential or actual financial worth. Hence the tendency to believe that one gets paid for showing up at work, and not actually for doing work, will also still be prevalent for many years, if not generations to come. Unless, of course, it is addressed as a matter of urgency, starting at school level.

And a final concern may be that more than 50% is female. And with it being, or largely having been, predominantly an African cultural society, it is, or has mainly been, a patriarchal system, meaning that women have for centuries also been 'sidelined' or at least had less say. Consequently they have in the past been less able to further or better themselves in terms of education and work skills, and in fact before Europeans set foot on the continent, that system already largely existed. Sadly the Europeans did nothing but contribute to maintaining this gender discrimination and imbalance.

2. What is your perspective on the influence of the mentioned diversities on our moral values?

There are certain 'values' which are universal, and then some which are culturally dictated. Due to the extensive diversity there are also not only a myriad of different values, but even greater difference in terms of interpretation of those different values. In some instances one would think that due to the larger scope of values one should also have a much greater value preservation, though this does not seem to be the case. Due to the diversity of values it seems that in some instances all, or most, values have either been ignored, or otherwise due to each person having their own interpretation ultimately end up cancelling each other out.

Of much greater concern, though, would be the fact that in very many instances there is such a gross level of intolerance that we are getting closer to a state, or society, created dictatorship. And possibly the ever increasing violence also



indicates a society of not accepting diversity. A rainbow nation it may be, but it is neither one of general agreement nor acceptance of that diversity. This is most noticeable in terms of economic difference, with the have-nots using almost any means at their disposal to change their level of lacking, and imposing their lot or situation upon all the rest of society, regardless of economic status or position.

In other parts of the world there is naturally also an imbalance in terms of economic status, but largely the people are accepting of their lot in life. In South Africa the historical past gets blamed for this disparity, and though the apartheid years may certainly have contributed to the imbalance, in other countries there was not the issue of apartheid, and yet there is still a huge economic imbalance. And in spite of that material imbalance, individuals within society do not see it fit to justify committing crimes, especially such atrociously violent crimes, apart from the enormous level of corruption. And most significantly, the level of corruption within the various tiers of government, starting with local government, and stretching all the way up into national government.

And finally again with women, who usually are more spiritual and 'caring', having not had as much of an influence, as is the case in many other societies, they have also had less opportunity to instil some more 'gentle' and nurturing qualities on the youth, and thus the future of society. Accordingly it is seen as being manly and powerful if one is inconsiderate and ruthless, even at the expense of ones fellow citizens.

3. How would you describe the current spirit of the day in our country?

South Africa is currently on a pseudo-high. Everybody is gearing up towards 2010 World Cup Soccer, and accordingly there is once again a common goal. Since the struggle for liberation came to an end there has not been a common 'enemy' or goal. Hence the country had largely become fragmented, and it became a case of



each for them self, and 'God' for us all. Accordingly corruption increased proportionately to the level of opportunity for self-enrichment.

But it should also be appreciated that not everybody has the same intentions as far as 2010 WCS goes though, but ultimately everybody sees the value or worth (benefit, even if at times only individual benefit) and hence most will try to 'make it work'. The big question is though, what happens after the 2010 WCS? There are no more global events or conferences that can come to SA. Cricket, rugby, soccer, athletics, various Summits or conferences (economic, social, educational, etc.) have already been here, or are scheduled for elsewhere. Will SA be able to maintain the same 'level' of service and commitment, or will it go the route that most (probably about 95%) of countries north of the Limpopo went.

There is an excellent chance that if there are not contingency plans in place, then after the 2010 WCS the general level of commitment to a common good, and maintaining world-class service will deteriorate to levels of apathy common to most African countries, and inconsistent with what the international community is willing to tolerate.

4. What do you think is the major moral difficulty in the present South Africa?

An issue which does not really have so much to do with the diversity of our society, but which is probably the biggest contributing factor to the lack of morals, is the fact that South African society is largely fairly lawless. In addition there is the entire issue that we have some of the best laws or legislation in the world, but only on paper. Many laws are not being enforced, and then of course our high levels of corruption. Corruption is possibly to be blamed on the apartheid years, as many now believe that they have a 'right' to enrich themselves by whatever means, but it is certainly a deluded perception or understanding, and also has little to do with the social diversity, other than the economic disparity.



It begins with the fact that our law enforcement officers do not enforce even the small or mundane laws, and consequently it also becomes impossible to do anything about the 'bigger' or more significant ones. We have byelaws which forbid littering, as well as jay walking, yet South Africa must have among the dirtiest streets in the world among many other cosmopolitan countries or cities. In few places in the western or eastern world do you generally find people walking in the streets like cattle and goats, yet in South Africa it is common practise, to extend that we even have signs on the motorway cautioning motorists about pedestrians. Now that is insanity!

And a remnant from the apartheid years is the 'entitlement' attitude that is phenomenally prevalent in this country. A massive section of our society is not aware that all rights have duties, obligations, and/or responsibilities attached to them. No right just comes for free, and hence nobody should believe that they are entitled to anything, other than probably the right to not be harmed, to live in relative comfort and safety, and to not harm anything around them. Naturally aspects like health, education, and food and housing, are useful, but not necessarily a given. At least certainly in terms of Buddhism your particular lot in life now is dictated by Karma, which you created previously, either in this lifetime or in existences prior to this one. What is happening to you now is due to something you did in the past, and what you do now will determine what happens to you in the future.

5. Name any new evils that you consider threatening to our society.

The large prevalence of religious intolerance, and lack of accepting that others have a right to believe and think differently to one self. But at the same time the extensive selfishness which seems to be increasing daily. Although many talk



about the concept of Ubuntu, precious few actually adhere to it, nor particularly promote it through example.

As mentioned previously, corruption seems to be on the increase. It is not a new phenomenon, since during the apartheid era it already existed, though it seems to now really be thriving. In addition South Africans have always been a society of acceptors, instead of speaking out when reasonable, in an appropriate manner, and insisting on quality and/or service when they are entitled to it. To this end we need to learn to work together, but at the same time to do it appropriately, and not in the customary savage way that also seems to have become the norm.

Due to several of these issues we also fuel inflation, instead of making wholesome and beneficial contributions to society. A perfect example is the general conduct during strike actions and demonstrations. Although everybody has a/the right to express their dissatisfaction or to 'voice' their opinion, it should preferably never happen at the expense or inconvenience of the rest of society.

6. How do you see the future of our country with regards to moral values?

Not any different to the rest of the world, which is largely in an accelerating decline. But it will also continue to decline as long as we harp on morality, rather than focusing on ethics and ethical conduct. I think religions have largely passed their "use by" dates, and unless they do not restructure and reinvent themselves they will continue to fall into disfavour.

Instead of providing spiritual upliftment, many churches and religions have become big business, to the detriment of humanity, as well as the environment. People largely have become tired of being told what to do, instead of being offered wholesome and useful advice. Many have also begun questioning the nonsense that some religious leaders have been getting away with since the dark



ages, and people now perhaps need spirituality more than what they need religions per se. Though obviously if presented appropriately, then religion also still has a very useful role to play, and can even serve as a moral barometer.

A very small percentage of the population still blindly believes in some of the stuff they have been told, but the more educated, as well as the seriously questioning or searching ones, have come to realise that there is a lot of nonsense being spewed from the pulpit. There are still many who are inclined to want to believe in something 'greater' or 'divine', maybe just to be on the safe side, but that is not necessarily going to get them to behave or conduct themselves in a humane nor wholesome or beneficial way.

The fact that so many of our so-called celebrities and leaders, political, social, as well as religious, are constantly in the news because of breaking some or other law of the land, or by largely demonstrating selfish and socially unacceptable behaviour does, of course, not make the matter of instilling considerate and neighbourly behaviour any easier. And one also has to remind oneself that if it is true that more than 80% of South Africans believe in the divine, whatever that may be, then why are our prisons so full? The offenders are certainly not there from adhering to any significant moral values, whether of any South African social sphere, or even globally.

Finally, like the rest of the world, we need to become more aware that there is not a 'B' planet. There is not a second option that we can consider to start calling home. This is it, and we had better begin to look after it, and all that is on it, or else our children, and their children, may have a very difficult and unpleasant existence.

7. Who are the most influential opinion formers in our society?
(Organisations as well as individuals)



There is potentially a vast difference between who are, and who should be. And more than likely it is neither individual nor organisation, but a phenomenon. Thanks to electronics, 'modern media' is the most influential, or society shaping, but naturally the content, topic, or message, also has a lot to do with that. As such it can be any one of individual, organisation, or even product or concept.

Very concerning perhaps is that in many instances personalities are placed on (clay) pedestals, personalities like sportsman (gender non-specific), performers (actors, musicians, etc.), and then occasionally politicians (or wannabee politicians) who have the ability to shout the loudest. In some instances it is business people, and in all instances there are few who have gotten to where they are due to ethical conduct or necessarily exemplary 'moral' values. Even many/most of the mining tycoons and business magnates are where they are from exploiting either individuals, or else raw materials, which strictly speaking belong to all, and not just the elite few. (This does not mean that I am in any way promoting, nor necessarily even in favour of, nationalising the mines.)

In some instances this is known but overlooked, and in others it only comes out when those individuals fall (into disfavour), and society realises how they have been had. But seldom does much of consequence come out of the entire spectacle, and hence society does not learn much from the debacle. At least not much useful in terms of ethics and morality. And as long as there are human beings around, there will always be those who have a need or urge to control, or to 'own' more than they need. If it will ever come to the day that all humans realise that the day they die they have to leave everything material behind is highly unlikely. And so long there will be poverty, hunger, and a general uneven distribution of material wealth.



8. What do you think is the influence of the whole spectrum of traditional religions and cultures on our morality and value system?

As mentioned before, I believe religions have largely passed their 'sell by' date. In some instances they are still being clung to out of sheer desperation and hope for something better, but often that ultimately just does not materialise. And then the fall and the resultant disappointment are great indeed. But while our social ills and disparities are allowed to perpetuate, religion will always be turned to for assistance.

If religions can change their message, from ultimate salvation regardless, to rather focusing on immediate conduct leading to ultimate salvation, then things may have a chance of changing, or beginning to improve. It is not a matter of purely going to church, mosque, synagogue or temple once a week, or as in many instances only on the very special occasions, but rather trying to live a worthy and 'righteous' life each and every living moment. So once they manage to get that message across, and preferably also adhered to, then maybe ultimately religions will be doing what they should be doing.

And also instilling a message of tolerance, which is very largely lacking in society. We seem to not place particularly much value on goodwill nor on neighbourliness. Crime seems to be doing the exact opposite, from uniting society, and neighbours cooperating, to higher walls going up, and everybody in the area generally being treated with suspicion, if not outright contempt. This largely furthers the already much prevalent selfishness found among 'modern' humans.

9. Globalism is a reality of the 21st century. Do you think that globalism will lead to a so-called *world culture* and in which ways does it already influence our society?



It seems that we are on a course of heading towards a world culture, but I do not see it ultimately (fortunately) coming to that. I also do not believe it would do the human race a favour, only the politicians and economists/business moguls. In America (the so-called United states) have not really existed all that 'unitedly' nor peacefully, until the peace was forced upon them.

In Europe where one is also forcing a 'Union' on all the various and different cultures and nations, there are also already social and political cracks beginning to show. That is, aside from the fact that not all of Europe is either united, or particular keen to be united. And now one is also talking about wanting to have an African Union, which is probably least likely to ultimately happen, unless as in the America it is forced and legislated onto people.

But largely humanity, or the race of humans, has been a success because of the diversity, and not because of any unity. The so-called unity will only better enable politicians to control the masses, and industrialists to use or exploit the masses.

10. Please name a few life values that you would like to see being present in our society.

I am not entirely sure I know what is meant by life values, but I would certainly rank tolerance among the top values lacking. Especially religious intolerance is still a major issue! And of course also due consideration for all forms of life, but obviously most would say that human life ranks above all others. Not that many (most) humans necessarily very often behave or conduct themselves in a humane way.

Probably also patience, perseverance, diligence, neighbourliness, charity and goodwill. Finally perhaps reducing greed and stinginess, especially material greed, as well of course as abandoning selfishness.



11. What is your view on the role of religion in the formation of moral values in the whole South African society?

Though it seems to have a very high prevalence, personally I detest the entire concept of morality, simply because it has largely been religion driven. Possibly a better concept to promote is ethics and ethical conduct or values, as that does not so much have a religious agenda behind it. Religions globally, but perhaps especially in South Africa, have done themselves a grave injustice by being as prescriptive as they have been, instead of serving more as a guiding force or aspect.

Instead of demonstrating why certain conduct, or some criteria or behaviour leads to wholesome and worthy results, much of religion has relied on instilling fear and guilt in people. Both are extremely destructive and negative, certainly not the things that an exemplary society is built on or from.

12. What do you think is the key to a successful society in South Africa in our present time and context?

There is none, and possibly never can be one. As long as one has politicians who not only are, but who largely also are seen to be, corrupt, there will be problems. If on top of that they are incapable of adequately doing their duties, apart from largely incompetent at the best of times, there will largely always be problems.

As mentioned earlier, we also do not have particularly many 'decent' role models for the youth to emulate, apart from the fact that child-headed households are on the increase, and not only in South Africa, which is worse than the blind leading the blind. Changing the present or current situation is virtually impossible, but one could try to work at making it possible to have a future that may provide better



conditions. This may, and to many probably will, sound bleak and hopeless, but there is always hope. Change is the only constant, and it is up to us how we steer and utilise, or put that change, to wholesome use.

History has shown, if we are willing to observe and pay attention, that society can not only not be led or steered by political leaders, nor by industrialists or economists, nor by solely or mainly religious leaders. In all instances there is an ultimate demise. It is also no good relying purely on single ideologies, because there is not a single one which has been a run-away success. That does not mean the ideology or 'isms' are necessarily defective, but you are dealing with so-called human beings. A complex and confused being at the best of times, which on its own is already a problem, but place two or more together, and you only exponentially compound the potential for problems.

It will need proper cooperation between an even mix of the various spheres of our complex and divergent society, and that is unlikely to happen as long as personal interest and ideology is placed above the interest of the masses. And at the very moment we have a confused amalgamation of personal interest being on offer. As the Beatles sang: "I read the news today, oh boy!" And then John Lennon sang: "... when people living in this world agree there will be an answer!" and look where it got him. ;-)



PROF WILLEM LANDMAN

Hoof uitvoerende beampte : Etiek Instituut van Suid-Afrika

Buitengewone professor in Filosofie : Universiteit van Stellenbosch

Datum waarop skriftelike respons ontvang is : 29 Julie 2009

1. Suid-Afrika is 'n land met komplekse diversiteit op talle gebiede.

Hoe dink u oor dié stelling ?

Ons mense se diversiteit het vele aspekte – taal en kultuur, ras en etnisiteit, opvoedingsvlakke, rykdom en armoede, waardes en lewensooruigings, politieke ideologieë, sosiale bewussynne en lewenservarings, en dies meer. Hierdie verskille oorvleuel op komplekse wyses.

Mens kan dit kontrasteer met veel meer homogene lande, soos byvoorbeeld Frankryk, waar mens uiteraard ook diversiteit kry, maar die ooreenkomste tussen mense is baie groter en die diversiteit meer "sekondêr, as hier.

Die kombinasie van ons resente "bevryding" en ons diversiteit veroorsaak dat daar byvoorbeeld op politieke gebied wyd uiteenlopende oplossings aangebied word vir die wyse waarop ons die samelewing moet inrig en bou. Ons is voortdurend besig om grondvrae en radikale oplossings aan te bied, sommiges waarvan onvoorstelbaar in meer gevestigde demokrasieë sou wees. Een rede hiervoor is natuurlik omdat ons so afsonderlik van mekaar ontwikkel het voor 1994, toe ons denke nouliks deur die "ander helfte" getoets is.

2. Hoedanig meen u, is die invloed van dié komplekse diversiteit op ons morele waardes ?



Dis nie soseer dat ons verskillende waardes het nie, maar ons kleur hulle verskillend in, gee aan hulle verskillende interpretasies en aksente. Een voorbeeld. Aanspreeklikheid is 'n waarde wat waarskynlik universeel, en ook onder alle groepe in ons land, erken word. In die meer westerse of individualistiese gemeenskap is die neiging om aanspreeklikheid meer direk toe te pas of af te dwing. In die meer tradisionele of "communitarian" gemeenskap is die neiging om gebrek aan aanspreeklikheid meer te vergewe, om meer kans op verbetering te gee, om nie solidariteit te skaad deur individue af te sny van die gemeenskap nie.

Een probleem met laasgenoemde is dat dit dalk goed mag werk in 'n voor-industriële samelewing, maar dat dit allerhande spanninge en probleme in 'n kapitalitiese of gewoon moderne samelewing skep (soos swak dienslewering, toleransie vir swak werksetiek, frustrasie onder diegene wat nie daardie interpretasie van aanspreeklikheid deel nie).

Mens kan soortgelyke analises van ander waardes, soos eerlikheid, maak.

3. Hoe sal u die huidige tydsgees in ons land omskryf ?

Dis een van radikale herskikking van die fundamente van ons sosiale en politieke bestel waarin etiese waardes onder enorme druk verkeer. Ons is op soek na 'n inklusiewe identiteit, maar dit word bemoeilik omdat daar nog soveel bagasie uit die verlede is wat nog verdiskonteer moet word.

4. Wat is na u mening die grootste morele probleem in ons land tans ?

In terme van sigbaarheid en emosionele impak, is dit seker gewelddadige misdaad teen die persoon.

Maar ek sou twee morele probleme uitlig.



Eerstens, 'n veel meer kruipende morele probleem as misdadige geweld, met veel groter en meer wydverspreide gevolge vir die toekoms, spesifiek die sukses van ons samelewing, is korrupsie. Dis besig om interaksies en transaksies tussen mense te deursuur. Dit word al hoe meer aanvaarbaar en alledaags. Om dit om te keer, sal 'n haas onmoontlik taak wees, want dan moet voordele wat uit korrupsie bekom word, en wat reeds struktureel ingebed is, prysgegee word. Maar as korrupsie eers stuktureel ingebed is, word dit baie moeilik, indien hoegenaamd, omgekeer. Of ons soos Tanzanië gaan word, waar geen transaksie in die private of publieke sektore sonder korrupsie geskied nie, is 'n ope vraag.

'n Interessante vraag is wat die verklaring hiervoor is. Armoede is nie 'n bevredigende verklaring nie. Gierigheid? 'n Gevoel van eieberegtiging of historiese gefundeerde verwagting van regstelling? Of 'n breër kommodifisering van alle menslike verhouding wat dan in ons spesifieke historiese werklikheid (gegee ongeregtigheid in die verlede) op hierdie wyse uitdrukking vind?

Tweedens, is daar die probleem van die aanslag op die integriteit van die natuurlike omgewing, op legio wyses. Dis algemene kennis dat ons lug, riviere, grondwater, diere en plante en dies meer nou al onder soveel druk verkeer dat van die skade onomkeerbaar is en ons nageslag 'n gans ander wêreld gaan erf. Ons probleme in hierdie verband word vererger omdat ons soveel mense het wat 'n "subsistence" bestaan voer. Die eerste ding wat hul het om te eksploiteer is die natuurlike omgewing.

5. Is daar na u mening nuwe ewels wat ons samelewing bedreig ? Noem dit.

Korrupsie, omdat dit nou sigbaar word, is seker in daardie sin "nuut". Die misdadige aard van die geweld op die persoon is nuut in soverre dit meer



wydverspreid, meer uitdagend, en meer ekstreem as in enige ander plek op aarde is.

Al hierdie euwels is "nuut" in die sin dat hulle eksponensieel in ons resente verlede ontwikkel het.

Ander nuwe euwels, wat nie kriminele euwels is nie, is swak of afwesige werksetiek, en die versuim van amptelike plig en verpligtinge (wat uitloop op swak of afwesige dienslewering). Hierdie is "nuut" omdat mense wat onbevoeg is, aangestel is in posisies wat hul hoegenaamd nie kan behartig nie omdat hulle politiek korrek was.

Die misbruik van die natuurlike omgewing is "nuut" omdat dit hou verband met ontwikkeling binne 'n (nuwe) oop en moderne samelewing in omstandighede van skaarste.

Dalk is die groot onderliggende euwel een van onkunde – onkunde oor die gevolge van ons dae, onkunde oor wat dit verg om 'n suksesvolle en volhoubare samelewing te bou.

6. Hoe sien u die toekoms van ons land wat betref morele waardes ?

Dis 'n moeilike vraag om te beantwoord, want op die oomblik is daar radikale veldslae tussen waardes, of hulle relatiewe prioriteit, of hulle interpretasie, aan die gang. Verskillende waardes word in 'n smeltkroes gegooi in die soeke na 'n nuwe, inklusiewe sosiale bestel – een betekenis van die woord "transformasie" is hierdie skaaf van verskillende waardes aan mekaar op soek na 'n relatief stabiele ruspunt.



Maar as mens na die wêreldgeskiedenis kyk (die konsensus wat ontwikkel het rondom slawerny, die status van die vrou, rassediskriminasie, menseregte-manifeste, en dies meer), moet ons hoop dat daar 'n groter kovergensie van ons morele waardes sal wees soos ons mekaar beter leer verstaan. Na die 1994-verkiesing het ons mekaar se hope en vrese beter leer ken, en dit het byvoorbeeld op sekere vlakke meer onderlinge respek gegenerer.

Voeg hierby dat die Handves van Menseregte in ons Grondwet basiese etiese waardes as die boustene waarop 'n goeie samelewing in ons land gebou behoort te word, aan die orde stel (respek, vryheid, gelykheid/geregtigheid), dan is daar hoop dat dit ons openbare diskoers en handeling sal rig. Maar wette, insluitende die Grondwet, is net so sterk as die prosesse wat daaraan uitvoering gee, en daardie prosesse is net so sterk as die mense wat dit bevolk. As mense in magsposisies die Grondwet wil manipuleer en omseil, kan hulle dit doen. Die vraag is of ons instellings sterk genoeg is om dit te keer. Gegee onlangse gebeure, lyk dit glad nie goed nie.

7. Wie is na u mening die belangrikste meningsvormers in ons land ?

(Individue en instansies)

Individue – Mandela, Tutu, Zuma, prominente ANC-leiers, sekere "openbare intellektuele".

Instansies – die media, Cosatu, die kerke.

8. Watter invloed meen u het tradisionele godsdiens en kulture op ons algemene waardesisteem ?

Ek dink dit het 'n deurslaggewende invloed op die denke, besluite en handeling vir diegene wat tradisionele godsdiens aanhang of lede is van tradisionele



kulture, maar nie vir diegene wat buite daardie tradisionele raamwerke staan nie. Dit vorm hulle denke en handelinge.

9. Globalisering is 'n werklikheid van die 21st eeu. Dink u dat dit 'n nuwe wêreldkultuur tot gevolg kan hê en in watter mate beïnvloed dit reeds ons samelewing ?

Ek dink globalisering kan mense op sekere vlakke en in sekere opsigte uniform laat dink en optree, amper soos popmusiek mense oor die ganse wêreld op dieselfde wyse laat dans en sing, of soos die bevolking van die VSA sekere gemeenskaplike kenmerke het (soos respek vir die vlag en volkslied, 'n geloof in individue se vermoëns om 'n sukses van hul lewens te maak en vooruit te gaan) ten spyte daarvan dat hulle almal immigrante is wat hul eie kulture behou. Maar die punt is dat hierdie gelykstelling van kulture, of die gemene deler, net sekere aspekte van kulture sal raak, maar dat onderliggende kulture vir lank nog sal voortbestaan.

10. Noem 'n paar lewenswaardes wat u graag in die Suid-Afrikaanse samelewing sal wil sien funksioneer.

- *Respek vir andere, diere en die natuur;*
- *Vryheid van kwalitatiewe keuses (belangrik: nie vryheid van kwantitatiewe keuses nie, maar vryheid as bemagtiging, as ontwikkeling van menslike potensiaal)*
- *Gelykheid van die omstandighede of voorwaardes vir die ontwikkeling van menslike potensiaal (nie gelykheid van uitkomstebon 'n sekere basiese vlak van menswaardigheid nie);*
- *Eerlikheid/integritet;*
- *Verantwoordelikheid; en*
- *Aanspreeklikheid.*



11. Hoedanig beskou u die rol van godsdiens as sodanig in die vorming van morele waardes in die breë samelewing ?

Ons leer waardes op verskillende maniere – van ons ouers en ander modelfigure of gesagsfigure; van ons portiergroep; uit die sosiale konteks in die breë, ens. Georganiseerde godsdiens is een wyse waarop ons etiese waardes aanleer. Vir baie mense is dit nog een van die belangrikste wyses waarop waardes in hulle lewens ingebed word. Hoe belangrik dit relatief tot ander metodes is, weet ek nie. Georganiseerde godsdiens is onder druk, maar dis seker so dat die oorgrote meerderheid van ons bevolking – wit en swart – nog grootliks in hul morele opvoeding, ten minste in die vormingsjare, op formele godsdiens aangewese is.

12. Wat is na u mening die geheim van 'n suksesvolle samelewing in Suid-Afrika in die huidige tydsgewrig en konteks ?

Sterk morele leierskap is nommer een. Daarsonder kan ons nie suksesvol wees nie. Morele leiers moet onder andere die volgende doen:

- *Die "toon" aangee;*
- *Moet etiese rolmodelle wees;*
- *Moet etiek/morele waardes eksplisiet maak;*
- *Moet morele diskoers legitimeer;*
- *Moet etiek in ander aanmoedig;*
- *Moet ander aanspreeklik hou vir die etiek van hul gedrag.*



REV CEDRIC MAYSON

Coordinator of the Commission for Religious Affairs of the African National Congress and former minister of religion in the Methodist Church of South Africa

Date of interview :

My response to your questionnaire must begin with :

8. What do you think is the influence of the whole spectrum of traditional religions and cultures on our morality and value systems?

I perceive Seven faces of spirituality in the world :

- 1. Primal religion eg America indians, Inuits, Maories, African Traditional Religion especially.*
- 2. Scriptural institutions i.e. religions which developed institutions around written texts. (Hinduism, China, Zoroastrianism, Hebrew, Christianity, Islam etc).*
- 3. Colonial religions (Catholic, Anglican, Methodist, Reformed etc.)*
- 4. Corrupt religion – the development which led to individualism and dualism. Inter-faith ecumenism recognised this was wrong, but could not break out of it.*
- 5. Liberation Theology*
- 6. Fundamentalism in all major religions.*
- 7. Post-religious secular spirituality. This latest is normally seen in a negative light by religious institutions, but I believe is a godly move to reach out beyond the inhibited restrictions of our inherited colonial religions into a new spirituality for humanity.*

1. South Africa is a country with complex diversities on various levels. Please comment on this statement.



South Africa is unique in that all the Seven Faces of religion have a strong influence in different parts of our community today. The crucial question is not how they differ, but how they reflect one another. The statement about Unity in Diversity in our national Coat of Arms can be spelt out as Spiritual Unity in Religious Diversity.

2. What is your perspective on the influence of the mentioned diversities on our moral values ?

There is a profound difference between religious belief and religious institutions. I see little difference in the moral values of the various religious beliefs. The difference comes when people seek to promote the power and influence of religious institutions, with their structures, finances, and positions in society. Many of our institutional influences betray our moral values because they support violence, destructive competition, and heresy.

3. How do you see the future of our country with regards to moral values.

There is a struggle between those whose concept of morality arises out of an awareness of their common humanity, care and responsibility; and those whose concept of morality means promoting this or that institution. I believe the basic awareness of this common humanity will triumph. (Jesus and the basileia).

[Illustration: Most of white South Africa , supported by much of the western world, sincerely believed in the moral correctness of white Christian civilisation as in various apartheid practices (as they did of slavery, earlier). But the morality of our common humanity won through against all odds. A luta continua.]

4. What do you think is the major social difficulty in the present South Africa ?



The refusal or reluctance of our religious institutions or communities to unite in quest of a shared post-religious secular-spirituality is seen in the weakness of SACC, WCRP, NRLF, and world wide in WCC, WCRP, CPWR, all of whom are motivated primarily by institutional promotion, not spiritual or moral renewal.

This means that the moral leadership of the country must be taken by political, economic and academic leaders, many of whom are ill-equipped and ill-envisioned. This is the major social difficulty.

5. How would you describe the current spirit of the day in our country ?

We are in the interim between Liberation and Transformation, in which the struggle is being waged between the oppressive western spirit (subscribed to by many blacks) and the liberated African spirit (subscribed to by many whites.)

6. Who are the most influential opinion formers in our society ?

The Media, with its western funding and priorities appears to be most influential, but it is puffed up in its own conceits. Its influence is confined to those who read it or see it, and many of these are highly critical when you listen to them on the ground.

Poverty is the most influential opinion former, partly from the great majority in need, and partly from those who recognise that the dictators of South Africa's capital have designed an economic system which makes most people unemployable. The rich are thus the most influential opinion formers: but the physical challenge of the poor is actually the moral challenge to the rich: and all history shows that the poor are emancipated.



Society is not influenced and changed by opinions, but by pressures. Spiritually powerful people can only be part of those pressures once they have been liberated from colonial religions.

7. Name any new evils that you consider threatening to our society.

The wars, fundamentalism, terrorism, and consumerism being promoted in Africa by the United States Empire. This will be destroyed by internal collapse, because morality is power. It is a huge threat which must be confronted at all levels.

8. (See beginning of response)

9. Globalism is a reality of the 21st century. Do you think that globalism will lead to a so-called world culture and in which ways does it already influence our society ?

Globalism has no ideology, no spiritual vision, no human basis, and dehumanises culture. It is an invention of the western Empire to justify profit through oppression. It requires a major post-religious secular-spiritual reformation, probably from Africa, and led by South Africa.

10. Please name a few life values that you would like to be present in our society.

*See the agnostic Kader Asmal's exposition of the SA Constitution.
Humanity succeeds by compassion, cooperation and commitment.*

11. What is your view on the role of religion in the forming of moral values in the whole South African society ?

If the question means the role of religious institutions, experience indicates that they have little role in forming moral values (egs can be from any religion in any country in any age.) Values and visions came from prophets; their followers turned them into institutions and generally lost the way. It seems to me that the moral values the world and South Africa need today require a new prophetic vision, not attempts to revive religious institutions. This does not mean writing off religions, but calls for prophetic figures to arise everywhere, some of whom are in the various religious bodies, and can lead the movement into the godly post-religious secular-spirituality phase.

12. What do you think is the key to a successful society in South Africa in our current time and context ?

The move for South Africa to put on the seventh face of spirituality, that of the post-religious secular-spirituality, will presumably be led (like all other revolutions and reformations) by prophets at the centre of small groups. I suspect that those prophets and groups already exist, in fact or in embryo, and will respond when the trumpets sound – like your thesis maybe ?



PROF PIET STRAUSS

Voorsitter van die moderatuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
Hoogleraar in Ekklesiologie , Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat
Hoofleier van die Voortrekkers
7 JUNIE 2009

1.Suid-Afrika is 'n land met komplekse diversiteit op talle gebiede.

Hoe dink u oor dié stelling ?

Ja, Hierdie diversiteit raak geloof, taal en kultuur en mense met 'n aanslag/leefstyl vanuit die eerste en uit derde wêreld. Dit skep verskillende verwagtings en standaarde ten opsigte van byvoorbeeld die uitkoms van regeringsprosesse, style en middele van kommunikasie ens.

2. Hoedanig meen u, is die invloed van dié komplekse diversiteit op ons morele waardes ?

Ten spyte van 'n aanduiding in die afgelope sensus dat ons bevolking ongeveer 80% Christelik is, kry ons uiteenlopende beskouinge oor die lewe en morele waardes onder die bevolking. In die gees van ons menseregtegrondwet soos gebaseer op die Aufklärung van 1650 v.v., is daar die gedagte dat elke individu kan maak soos hy/sy wil, daar is gewone on-Christelike losbandigheid, Moslem-, Bybelse en ander beskouinge. Die Christelike het nog steeds 'n groot invloed.

3. Hoe sal u die huidige tydsgees in ons land omskryf ?



Daar meer as een "tydsgees" in Suid-Afrika. Drie prominente tydsgeeste is die algemeen Bybels-Christelike, die gelykheidstydsgees soos gedra deur die grondwet en die gees van misdaad en korrupsie of eie bevoordeling.

4. Wat is na u mening die grootste morele probleem in ons land tans ?

'n Gebrek aan individuele en groepsaanspreeklikheid. Mense aanvaar moeilik verantwoordelikheid vir standpunte of rigtings wat dalk nie breed aanvaar word nie. Hulle is ook geneig om gou te kapituleer of van standpunt te verander.

5. Is daar na u mening nuwe euwels wat ons samelewing bedreig ? Noem dit.

(Volstaan met antwoorde 3 en 4.)

6. Hoe sien u die toekoms van ons land wat betref morele waardes ?

Ek glo dat mense na 'n tyd besef dat 'n gebrek aan morele waardes of immoraliteit 'n gemeenskap verwoes. Daarom kan/sal daar 'n kentering in Suid-Afrika met sy hoë syfers vir korrupsie, verkragtings en oneerlikheid kom. Ek glo dat die kerk sterker moet uitkom vir morele waardes en op 'n eenvoudiger manier. Angus Buchan en sy groot byeenkomste illustreer die behoefte aan eenvoud, maar eenvoud hoef nie fundamentalisties te wees nie. Leraars en teoloë dra soms hulle eie twyfel en wroegings oor waardes in die openbare debat in en maak hulself irrelevant in hierdie stryd. Die "skares" soek eenvoud en sekerheid en sommige teoloë se onsekerheid trek hulle nie.

7. Wie is na u mening die belangrikste meningsvormers in ons land ?

(Individue en instansies)



Uit opnames blyk die tradisionele meningsvormers soos dominees, onderwysers en ouers steeds 'n groot invloed te hê. Hulle is groter in invloed as politici ens.

8. Watter invloed meen u het tradisionele godsdiens en kulture op ons algemene waardesisteem ?

Ek kan hieroor nie met gesag praat nie, maar dink hierdie godsdiens het onder swartes steeds groot invloed. Soos die reste van die Christendom onder Westerlinge.

9. Globalisering is 'n werklikheid van die 21st eeu. Dink u dat dit 'n nuwe wêreldkultuur tot gevolg kan hê en in watter mate beïnvloed dit reeds ons samelewing ?

Dit lê myns insiens veral in die groot kommunikasiemiddele. Maar, opnames wys dat die jeug tussen 16 en 30 byvoorbeeld graag met hulle eie kultuurgroepe en gebruike identifiseer. Dit is 'n wêreldwye tendens. Globalisering kan hierdie neiging moeilik neutraliseer.

10. Noem 'n paar lewenswaardes wat u graag in die Suid-Afrikaanse samelewing sal wil sien funksioneer.

Onderlinge respek vir mense en hulle eiendom, kultuurgoedere, tale en geloof.

11. Hoedanig beskou u die rol van godsdiens as sodanig in die vorming van morele waardes in die breë samelewing ?

Ek glo dat die Christelike benadering die diepste vertrekpunt en oplossing vir lewensprobleme en –waardes moet wees. Dit gaan immers om die herstel van mense wat as Beeld van God geskep is. Dat mense lewe soos God dit bedoel het. Hy weet immers beter...



12. Wat is na u mening die geheim van 'n suksesvolle samelewing in Suid-Afrika in die huidige tydsgewrig en konteks ?

(Volstaan met antwoord 11)



ARCHSBISHOP DESMOND TUTU

Leader of the Anglican Church of South Africa (emeritus)

Receiver of the Nobel Prize for Freedom

Chairperson of the Truth and Reconciliation Commission of South Africa

World renowned apartheid activist and expert on ethics

Transcription of telephone interview on 13 October 2009

1. South Africa is a country with complex diversities on various levels. Please comment on this statement.

In many respects the diversity is a reality. When you look at something like Ubuntu, it is a South African concept. It is also a Biblical concept. The Hebrews themselves had this understanding of what you call 'corporate personalities' and you know how they were concerned being part of what the Bible calls the 'bundle of life'. Maybe initially you might consider there are many aspects on what we differ, ethnic, racial, religious and even theological. But we share – or hold in common – many things.

2. What is your perspective on the influence of the mentioned diversities on our moral values ?

We as Christians differ from other religions such as Muslim and Hindu. But whatever your faith, there are many similarities as well. We all agree for instance that it is wrong to abuse women and children. Therefore I can say that the diversity enriches us all. Somebody can say for instance his culture allows him to marry many women. But you'll see that that is almost an audacity as many black people would say that they wouldn't want to be part of a bigamous arrangement. Belonging to a particular ethnic group does not mean that all its members would share the same views.



3. How would you describe the current spirit of the day in our country ?
4. What do you think is the major moral difficulty in the present South Africa ?

I myself would say that we have probably not taken serious enough the damage that was inflicted on all of us by the unjust policy of apartheid. When you are a victim, you develop certain attitudes. You will remember the children of Israel, when they have left Egypt, they experienced certain difficulties, they longed to go back to Egypt. They spoke about the flesh pots of Egypt. Where decisions were made for them – part of the breakdown on morality can be traced to where damage was done to the black self esteem. On the other side, it also effected white people. When you lorded over other human beings in the way that it happened it is not good for you either, because of our inter connectedness. You'll remember what mr Kruger said about the death of Steve Biko : it left him cold. You realise that when you de-humanise others, in the process you are yourself de-humanised. I think that we have not yet looked very carefully at what damage all of us suffered. How were we all traumatised by an unjust and demeaning policy. With regards to black people particularly, one can say that you see aspects of this in our declention of respect for life. You see it in the fact that one can for instance rape a baby. You can say that it is un-African. It didn't happen before, but it happens now. It is the result of the deep wound that was inflicted in the souls of the people. We didn't deal with that in a proper way yet. You sometimes find people kill for no real reason. To a considerable extent the Truth and Recociliation Commssion's work was successful. One of the big weaknesses of theTRC is the fact that so many whites did not take advantage of the opportunity. That means that people are carrying a burden that they needn't have carried. They carry a burden of guilt that is unnessary.

5. Name any new evils that you consider threatening to our society.



6. How do you see the future of our country regarding moral values ?

I hope we will come up to realise that if we do not have respect for another, we do not have respect for ourselves, then our country will go down the tube. If we are people who are law abiding where we respect the laws. One of the indictments on all of us is for instance the high number of road accidents we have. That must be because we do not obey the traffic regulations with regard to speed. We also drink whilst we are driving. We may frequently overtake where we should not. The fact that we have so many head-on collisions must be because our roads are still narrow. If you must overtake in a blind spot, we get many tragic accidents. But part of it is because we have not become disciplined. A good person will usually obey good rules.

7. Who are the most influential opinion formers in our society ?

(Organisations as well as individuals)

8. What do you think is the influence of the whole spectrum of traditional religions and cultures on our morality and value system ?

9. Globalism is a reality of the 21st century. Do you think that globalism will lead to a so-called *world culture* and in which ways does it already influence our society ?

10. Please name a few life values that you would like to see being present in our society.

11. What is your view on the role of religion in the formation of moral values in the whole South African society ?

12. What do you think is the key to a successful society in South Africa in our present time and context ?



I believe we should be a community that welcomes the contribution of all. There are very many people who have tended to be sidelined who made wonderful contributions in the struggle against apartheid – white people, people of different colours, people of different political affiliations. Unfortunately we tend to sideline people and do not say : do you have ability, but what is your political affiliation. Those who do not belong to the 'right' part, are usually excluded. Our country can become one of the most prosperous and almost secure, happy places if we encourage everyone to realise that they have a stake in the future of the country.

LW – Die vrae wat nie beantwoord is nie, is uitgelaat weens 'n beperking wat deur die administrasie van die aartsbiskop versoek is.



PROF MARINUS WIECHERS

Professor in die Regte en oud-rector van die Universiteit van Suid-Afrika
(emeritus)

Voorsitter van die Nasionale Grondwetkomitee

Erkende politieke- en regs-komentator

1. Suid-Afrika is 'n land met komplekse diversiteit op talle gebiede. Hoe dink u oor dié stelling ?

Suid-Afrika, soos meeste lande ter wêreld, vertoon 'n groot verskeidenheid. Taal-, ras, kultuur-, godsdiens-, materiële, kleur en etniese verskille maak dat die Suid-Afrikaanse verskille inderdaad kompleks is. Tydens apartheid is daar gepraat van verskillende "volke" wat 'n politieke ideologie en vooringenomenheid weerspieël het en nie meer aanvaarbaar is nie. Wel kan daar gepraat word van verskillende bevolkingsgroepe.

2. Hoedanig meen u, is die invloed van dié komplekse diversiteit op ons morele waardes ?

Dit is sekerlik so dat morele waardes afhangende van verskillende kultuuroorspronge, in ons komplekse diversiteit mag verskil (bv opvattinge oor korrupsie, selfverryking en behandeling van vroue en kinders), maar hierdie verskille moet nie oorskakel word nie want die kerstening van ons inheemse bevolking en die Europese agtergrond van ons onderwysstelsel het tot 'n mate eenvormigheid gebring.

3. Hoe sal u die huidige tydsges in ons land omskryf ?



Eenvoudig gestel, sou mens kon beweer dat ons huidige tydsges 'n oorgang van die tradisionalisme na 'n modernisme en post-modernisme vertoon. Meer konkreet, 'n toenemende verbruikersgerigtheid, liberalisme, individualisme, materialisme, sekularisasie, met nogtans sterk invloed van konservatisme en behoudenhed. Ook moet die invloed en afhanklikheid van moderne kommunikasie middele in al sy vorme van selfone, televisie en webwerwe nie onderskat word nie – dit het 'n tydsges van omvangryke maar ook tersefdertyd oppervlakkige algemene kennis geskep.

4. Wat is na u mening die grootste morele probleem in ons land tans ?

Myns insiens die grootste morele probleem is dat mense morele norme nie meer op religieuse oortuigings van sonde, skuld en Hoëre straf baseer nie maar op gemeenskapsdienstighede (dws bangheid wat die gemeenskap sal dink) en vrees vir strafregtelike vervolging met die oortuiging dat solank jy die gereg kan ontsnap, kan jy maar morele norme oorskry.

5. Is daar na u mening nuwe euwels wat ons samelewing bedreig ? Noem dit.

Nie juis *nuwe* euwels nie, want die mensdom oor die eeue het 'n arsenaal van euwels gepleeg en uitgeleef, maar wel 'n versteking van ou euwels, soos korrupsie, verduistering, diefstal (in baie nuwe vorme), besoedeling, verslawing en dwelms.

6. Hoe sien u die toekoms van ons land wat betref morele waardes ?

In die lig van voorafgaande antwoorde, kan daar beslis gesê word dat die toekoms nog 'n goeter vervlakking van morele waardes gaan toon. Andersyds moet beklemtoon word dat vervlakking en insinking beslis weer 'n teenreaksie in die vorm van soeke na en herontdek van tradisionele waardes bring. Die geskiedenis



toon dat daar altyd middelpuntsoekende kragte in 'n gemeenskap is omdat die gemeenskap homself teen verval wil verskans.

7. Wie is na u mening die belangrikste meningsvormers in ons land ?

(Individue en instansies)

Die media, in al sy vorme, is waarskynlik die belangrikste meningvormers. Daarby kom die uitlatings van politieke leiers en base van groot ondernemings en finansiëleinstellings. Stellings deur enkele godsdiensteleiers soos emeritus biskop Tutu beïnvloed ook algemene menings. Daar moet onderskei word tussen die menings van die verskillende segmente van die samelewing. Sportliefhebbers sal byvoorbeeld waarde heg aan die menings van sportsterre terwyl kerkmense sal luister na uitsprake van kerkleiers. Popsterre sal beslis die menings van hul aanhangers aanspreek. Mense met akademiese agtergronde sal beslis luister na die menings van vooraanstaande akademici. Ek glo nie dat daar 'n oorheersende groep meningsvormers is wat 'n algemene invloed het nie. Dit hou verband met die komplekse diversiteit van ons samelewing.

8. Watter invloed meen u het tradisionele godsdienste en kulture op ons algemene waardesisteem ?

Tradisionele godsdienste en kulture sal beslis steeds 'n invloed uitoefen op ons algemene waardesisteem. Maar dit moet beklemtoon word dat hierdie invloed gaan afhang van die evolusie van tradisionele godsdienste en kulture binne veranderende en ontwikkelende gemeenskapsopvattinge (sien die opmerking onder punt 3 hierbo).

9. Globalisering is 'n werklikheid van die 21^{ste} eeu.

Dink u dat dit 'n nuwe wêreldkultuur tot gevolg kan hê en in watter mate beïnvloed dit reeds ons samelewing ?



Moderne kommunikasie gaan al hoe meer 'n wêreldkultuur skep en gaan beslis 'n groot invloed op ons waardesisteme hê.

10. Noem 'n paar lewenswaardes wat u graag in die Suid-Afrikaanse samelewing sal wil sien funksioneer.

'n Versterking van bestaande waardes soos medemenslikheid, eerlikheid en eerbaarheid, sedelike beskerming, omgewingsbewustheid. Kortom, 'n bevestiging van al daardie morele waardes wat beskawings deur die eeue onderskraag en verstewig het.

11. Hoedanig beskou u die rol van godsdiens as sodanig in die vorming van morele waardes in die breë samelewing ?

Godsdiens het beslis 'n deurslaggewende rol in die vorming van morele waardes, ook in die breë sekulêre gemeenskap. Die belangrike is dat godsdiensbeoefening nog groter klem op algemene dankbaarheidsgevoelens en verootmoediging moet plaas, in plaas van dreigemente van straf en vergelding – omdat die moderne mens al hoe meer homself beskou as die normeerder van sy eie morele waardes en (ongelukkig) nie meer geneig is om Hoëre veroordeling in sy lewe te aanvaar nie.

12. Wat is na u mening die geheim van 'n suksesvolle samelewing in Suid-Afrika in die huidige tydsgewrig en konteks ?

Natuurlik al daardie faktore wat fisiese welstand sal verseker, uitwissing van armoede, siekte, onkunde, geweld en misdadigheid, ens. Ten diepste, egter, 'n herstel en onderhouding van 'n sisteem van morele waardes.

DANKBETUIGINGS

1. Die Universiteit van Pretoria wat hierdie studie sowel as verskeie studieprogramme in die verlede vir my moontlik gemaak het.
2. Die Fakulteit Teologie aan UP vir die voorreg om aldaar te kon studeer.
3. My promotor, Prof. Ettienne de Villiers vir sy kundige en volgehoue leiding.
4. Die verdedigingspaneel in die persone van Proff. Piet Venter, Danie Veldsman, Yolanda Dreyer en dr. Wim Dreyer.
5. Alle deelnemers aan my empiriese navorsing vir hul sinvolle en bruikbare insette.
6. My vrou, René en ons drie kinders vir hulle belangstelling en ondersteuning en dié van verskeie vriende en kennisse.
7. My vorige gemeente, die N G Gemeente Townsvie asook my huidige gemeente, die N G Gemeente Bethal-Oos vir die geleentheid gegun om te kon studeer.
8. Taalkundige versorging is deur me. Lynnette Posthumus gedoen.
9. Dank aan my hemelse Vader vir die voorreg om sy kind te wees en onverdiend deur Hom met liefde versorg te word, my hele lewe lank.